1982055 T35
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

# DIE MANIFESTASIE VAN STUDENTEMAG EN DIE WORTELS VAN STUDENTE-OPROER AAN DIE ENGELSTALIGE UNIVERSITEITE VAN SUID-AFRIKA SEDERT DIE JARE SESTIG — 'N EIETYDSE GEESTESGESKIEDENIS.

deur

N.L. COMBRINK

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
*19820597370122000019*

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

# DIE MANIFESTASIE VAN STUDENTEMAG EN DIE WORTELS VAN STUDENTE-OPROER AAN DIE ENGELSTALIGE UNIVERSITEITE VAN SUID-AFRIKA SEDERT DIE JARE SESTIG - 'N EIETYDSE GEESTESGESKIEDENIS

deur

N.L. COMBRINK

Die verhandeling is voorgelê op 15 Januarie 1982 om te voldoen aan die vereistes vir die graad Magister Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Departement Geskiedenis, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Studieleier: Prof. dr. M.C.E. van Schoor.

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

27 - 4 - 1982

KLAS
No. T 378.19810968 COM
BIBLIOTEEK

# INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD.......................................... (ii)

1. DIE UNIVERSITEIT AS MIKROKOSMOS VAN DIE SAMELEWING: 'N ORIëNTERENDE PERSPEKTIEF.

1.1 Studente-oproer as 'n wêreldverskynsel........... 1

1.2 'n Kultuurbotsing................................ 16

1.3 Die S.A. Universiteite as spieëlbeelde van die samelewing................................. 29

1.4 Studentewoelinge in die oorgangsjare na selfstandigheid................................ 52

2. DIE STRYD OM DIE BEHOUD VAN DIE OPE UNIVERSITEITE

2.1 Nasionale Party-druk vir akademiese apartheid....85

2.2 Akademiese nie-segregasie en die Engelse universiteite................................. 99

2.3 Die patroon van die verset...................... 105

2.4 NUSAS se orkestrasie van die versetveldtog...... 136

2.5 NUSAS se mobilisering van oorsese steun......... 157

2.6 Die ope universiteite se lot word beseël........ 178

3. DIE OMSKEPPING VAN NUSAS AS 'N BUITE-PARLEMENTêRE DRUKGROEP

3.1 'n Magsprofiel van die Nasionale Unie............ 197

3.2 Fort Hare in die branding....................... 203

3.3 Die krimpende aansien van NUSAS onder die nieblanke studente................................ 225

3.4 Die veldtog teen die Algemene Regswysigingswet van 1962......................................... 240

3.5 Enkele slotperspektiewe......................... 248

4. BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYS....................... 254

5. OPSOMMING...................................... 271

# VOORWOORD

Die onderneming om 'n omvattende geskiedenis van protes aan die Engelse universiteitskampusse in Suid-Afrika op 'n wetenskaplike wyse na te vors en te boekstaaf, het soos die meeste grandiose projekte wat in idealistiese oormoed aangepak word, byna verdrink in 'n oseaan van archivalia, koerantmateriaal en derglike. Soos dikwels met 'n eietydse projek die geval is, is die grootste probleem waarvoor die historikus te staan kom nie 'n gebrek aan bronnemateriaal nie, maar die oorvloedigheid daarvan wat telkens dreig om hom te verswelg. Derhalwe is die tema telkens afgeskaal tot minder hoofstukke oor 'n kleiner periode, eerder as om nóg oorsigteliker te werk en uiteindelik nooit tot die diepgang van die tema af te daal nie.

Nog 'n bepalende faktor wat tot die beperking van die tema bygedra het, is dat die hele terrein tot nou toe braak gelê het, sodat 'n verkenning van die grondslae van die aktuele verskynsel van studenteverset en -protes deeglik genoeg gedoen moes word om nie later weens 'n gebrekkige agtergrond, 'n vertekende beeld van die werklikheid te skets nie. Daar word dus beplan om in 'n volgende navorsingsprojek op hierdie tema voort te bou.

Aangesien die beleid van afsonderlike ontwikkeling, waarteen die dramatiese protes aan die Engelse universiteitskampusse gedurende die sestiger- en vroeg sewentigerjare primêr gerig was, tans duidelik in 'n proses van evolusie verkeer, ontstaan die vraag in hoeverre die knelpunte wat geleidelik deur beleidsaanpassings uitgestryk word, nie reeds twee of drie lustrums vantevore deur 'n verbonde, kritiese studentegemeenskap uitgewys is nie. Bloot op grond van hierdie aspek alleen, sal die tema sy aktualiteit behou vir die jare wat kom.

Sonder om die onderstaande name as skild vir my foute en ver-

gissings in hierdie werk voor te hou - waarvan daar sekerlik nog veel bly vassteek het - wil ek my gedeë dank aan prof. M.C.E. van Schoor, my studieleier, oordra vir sy geduld van Job en onbesweke vertroue in my vermoë om die werk aan te pak, aan my ouers vir hulle onderskraging in velerlei opsigte en aan Elsa vir begrip en bystand onder dikwels moeilike omstandighede.

N.L. COMBRINK

Januarie 1982.

# HOOFSTUK 1

## DIE UNIVERSITEIT AS MIKROKOSMOS VAN DIE SAMELEWING : 'N ORIëNTERENDE PERSPEKTIEF

### 1.1 Studente-oproer as 'n wêreldwye verskynsel

Die opkoms van die "New Student Left" of die nuwe militante studentebewegings dwarsoor die Wêreld, is een van die mees dramatiese verskynsels van die dekade sestig. Die aanslag van die opstandige student is op een of ander tydstip gedurende hierdie jare op elke vasteland van die aardbol ondervind. Etlike state in Noord- en Suid-Amerika, Europa, Asië en Afrika is op een of ander stadium gedurende die sestigerjare deur hierdie verskynsel geteister. Die VSA en Indië was veral onderhewig aan die ontwrigting van studente-oproere. Indië het in 1964 alleen sowat 280 studentestakings en -betogings belewe, terwyl in die VSA net vanaf Januarie tot Junie 1968, ongeveer 90 000 studente in 221 protesbetogings betrokke was. Volgens S.J.L. Gouws was daar in die akademiese jaar van 1969 - 1980 'n stortvloed van by die 9 000 betogings in die VSA wat bykans tweederdes van dié land se universiteite en kolleges in beroering gebring het.[1]

Om 'n vergelykende opgawe te verskaf van die redes waarom, en plekke waar studente-oproer gedurende hierdie dekade oor die aardbol uitgemasel het, lê nie binne die bestek van hierdie studie nie. Omvangryke monografiese sowel as algemeen-vergelykende studies hieroor is al vanuit 'n verskeidenheid vakwetenskaplike benaderingshoeke en dissiplines aangepak.[2] Tog kan die mag van die voorbeeld en die simbo-

1. S.L.J. Gouws, Studente-opstande in Pedagogiese perspektief, p. 2.
2. Vgl. P.G. Altbach, A Select Bibliography on Students, Politics and Higher Education (Cambridge, 1967); P.G. Altbach (red.), The Student Revolution: A Global Ana-

liese internasionale karakter van hierdie verskynsel, hoewel nie kwantitatief-berekenbaar nie, nie sonder meer geïgnoreer word nie.

Hoewel daar uit die voorstudie tot hierdie ondersoek, hoegenaamd nie sprake was van die ontwikkeling van 'n wêreldgemeenskap van studente op 'n variasie van die tema "werkers van die wêreld verenig" nie, en ewe min in terme van 'n internasionale komplot gedink kan word, is hierdie verskynsel nogtans gevoel vanaf Berlyn tot in Tokio, van New York tot in Peking, van Parys tot in Praag, en les bes van die Goudstad tot by Tafelberg. Dat daar stellig 'n diffusie van idees was wat konfrontasietaktieke, strategieë en protesstyle beïnvloed het, word geredelik deur kenners toegegee.[3]

Studente-betogings en -bewegings het 'n beduidende rol gespeel in o.m. die volgende voorvalle en 'n weerklank in studentegeledere dwarsoor die wêreld gevind: die massale onluste o.l.v. die Zengakuren-studentebeweging wat in 1960 in Japan uitgebreek het oor die Gemeenskaplike Veiligheidsverdrag tussen die VSA en Japan en die Kishi-regering tot 'n val gebring het;[4] die omverwerping van die Rhee-regering in Korea in dieselfde jaar; die versetbeweging teen Sukarno van Indonesië in 1966 en die omverwerping van die militêre junta in Ecuador in dieselfde jaar. In vyf ander Suid-Amerikaanse state - Argentinië, Brazilië, Venezuela, Colombië en Meksiko - het regeringstroepe opgeruk teen kampusse

lysis (Bombay, 1970); J.A. Califano, The Student Revolution. A Global Confrontation (New York, 1970).

3. Vgl. S.M. Lipset, Student Politics (New York, 1970) en S.M. Lipset en P.G. Altbach (reds.), Students in Revolt, pp. V-XXXIV

4. M. Shimbori, "The Sociology of a Student Movement - A Japanese Case Study", uit Lipset en Altbach, op. cit., pp. 299-301.

om opstande te onderdruk wat moontlik as verset teen die bepaalde onderwysbeleid van die gemelde state begin het, maar uiteindelik ernstige uitdagings teen die owerhede ingehou het. Studente het ook 'n aandeel gehad in die beweging om Tseggo-Slowakye van Russiese beheer te bevry in 1968 en in die val van die Ayub Khan-regering in Pakistan in 1963.[5]

Die gisting van idees en die nawerkende mag van die voorbeeld, word egter die duidelikste geïllustreer deur die 1964-opstande aan die Universiteit van Berkeley, Kalifornië, wat die aambeeld was waarop die opstande van 1967, '68, '69 en '70 in die Verenigde State gesmee was,[6] asook deur die wêreldwye studenteverset van 1968. In 'n hoofstuk getitel "Annus Mirabilis: 1968", van sy standaardwerk, An Infantile Disorder? The Crisis and Decline of the New Left, skryf Nigel Young dat die New Left-beweging, veral aangevuur deur studente-aksies aan die universiteite, geleidelik in Duitsland, Holland, Italië, Skandinawië, Tsjeggo-Slowakye en Amerika tot 'n plofpunt opgebou het. "During that year", skryf hy verder, "the N.L. became recognised in official circles as undeniably a serious movement; as it reached the zenith of its mass support, it moved to near revolutionary militancy in the spring and summer. This was true not only in America but in Europe - quite clearly in France, increasingly in Germany and with some signs of such growth in Britain. A growing awareness of the development in die American movement marked the European militancy of 1967 and 1968, not least the students revolts, just as the American movements absorbed the influences from Berlin,

5. Voorbeelde vermeld deur Lipset en Altbach, op. cit., p. V.

6. Vgl. S. Wolin en J.H. Schaar, The Berkeley Rebellion and Beyond (New York, 1970).

Paris, Prague and Amsterdam."[7]

Die invloed van die "Students for Democratic Society"-beweging en kampus-opstande in die VSA was só duidelik op die Duitse SDS en studente-opstande dat S.J.L. Gouws daarna verwys as "'n Duitse herhaling van die Amerikaanse oorspronklike."[8] Dit is ook moontlik om aan te toon hoe die opstandigheid aan die Wes-Duitse universiteite, veral onder aanvoering van die drifkoppige Rudi Dutscke, deurgesyfer het na Nanterre in Frankryk onder aanstigting van die stormvoël Daniel Cohn-Bendit; dat dit in dieselfde maand oorgewaai het na Sorbonne sodat dit teen die einde van Mei 1968 wou lyk of studente aan die speerpunt van 'n revolusionêre aanslag vir die eerste maal in die geskiedenis daarin sou slaag om 'n hoogs geïndustrialiseerde Westerse staat omver te werp.[9]

Die trilling van hierdie verset is ook opgevang aan Suid-Afrikaanse akademiese inrigtings. Daar bestaan genoeg gronde om te beweer dat die studente se besetting en barrikade van die universiteitsgeboue van die Columbia-universiteit van New York in April 1968, en die skepping van semi-permanente kommunes as 'n nabootsing van die hoogs suksesvolle "sit-in"-ontwrigtingstaktiek by Berkeley Universiteit in 1964, 'n nuwe fase in die ontwikkeling van kampusprotes in die Westerse lande ingelui het, waarvan die uitlopers ook in Suid-Afrika te bespeur is in 'n soortgelyke konfrontasie-strategie wat aan die Universiteit van Kaapstad gedurende die lente van 1968 gevolg is. Hoewel die strydpunte aanvanklik eg Suid-Afrikaans was, het dit teen die laat sestigerjare erg kunsmatig geword,

7. N. Young, An Infantile Disorder? The Crisis and Decline of the New Left, p. 205.

8. Gouws, op. cit., p. 2. et. seq.

9. Vgl. C. Posner (red.), Reflections on the Revolution in France: 1968 (Middlesex, 1970).

en al hoe sterker op die oorsese strategieë en metodes waarmee sukses behaal is, aangeleun.

In 'n sosiologiese ondersoek na studente-aktivisme in die VSA, het S.C.W. Duvenhage net meer as 'n honderd bladsye gewy aan 'n ontleding van die vernaamste strydpunte en dieperliggende agtergrondsfaktore. Die mees markante kenmerke van hierdie twee hoofstukke is die kompleksiteit en geweldige verskeidenheid van faktore wat aangewys kan word, en dat die beklemtoning letterlik van kampus tot kampus, tyd tot tyd, navorser tot navorser, kan verskil.

Die oortuiging word ook in die Report of the President's Commission on Campus Unrest herhaal. Die Scranton-kommissie het in sy hoofstuk oor die oorsake van studenteprotes tot die gevolgtrekking gekom dat kampus-onrus nie 'n enkelvoudige verskynsel is nie, maar eintlik die kollektiewe resultaat of die aggregaat van 'n magdom van individuele keuses ten aansien van bepaalde waarde-opvattings. "In the most immediate and operational sense", beweer die kommissie, "it is these choices - these commitments, to use a word in common usage among students - which are the proximate cause of campus unrest and which are the forces at work behind any physical manifestation of dissent."[10] Hierdie handelinge van individuele betrokkenheid moet egter gesien word teen die omstandighede waaronder studente lewe en kan die aanleidende oorsake van kampusonrus genoem word.

In die getuienis wat voor die kommissie gelei is, het die volgende aanleidende oorsake uitgekristalliseer:

(a) die knellende probleme van die Amerikaanse samelewing, veral dié van die oorlog in Suidoos-Asië en die omstandighede waaronder die Swart Amerikaanse minder-

10. W.W. Scranton (voors.), The President's Commission on Campus Unrest, p. 55.

heidsgroepe lewe;

(b) die veranderde status en houdinge van die jeug van Amerika;

(c) die besondere aard van die Amerikaanse universiteit gedurende die na-oorlogse jare;

(d) die groeiende spiraal van reaksie teen studenteprotes deur die openbare mening en die stygende spiraal van geweld.[11]

Verbandhoudende oorsake in 'n Suid-Afrikaanse samelewing, die veranderende houdinge van die studerende jeug en die besondere aard van die Suid-Afrikaanse universiteite, sal algaande in verrekening gebring word.

Hoewel die kommissie nie baie eksplisiet is oor die redes vir studente se "acts of individual commitment to certain values" nie, is die psigologiese aspekte van die verskynsel wel deeglik empiries ondersoek deur W.G. Perry in Forms of Intellectual and Ethical Development in the College Years waarin die ontwikkeling van adolessensie na volwassenheid by studente van Harvard en Radcliffe-kollege nagegaan is.[12]

Vir baie studente is die eerste universiteitsjaar ook die eerste maal wat die huis verlaat en die konformerende invloed van die skool agter gelaat word, en behels studentwees 'n fase van selfstandigwording, persoonlikheidsontplooiing en 'n soeke na 'n eie identiteit. Perry het bevind dat daar agter die individuele wyse waarop 'n student sy uitdagings hanteer, tog 'n bepaalde patroon in die intellektuele en emosionele rypingsproses te onderskei is. Baie vereenvoudig kan ons dit kortliks so opsom: 'n student sien normaalweg en aanvanklik die wêreld in polêre terme

11. Ibid., pp. 55-56.

12. W.G. Perry, Forms of Intellectual and Ethical Development in the College Years, pp. 9-10 et passim.

van reg vs. verkeerd. Regte antwoorde bestaan vir alles, en dit is die "gesaghebbendes" se taak om hierdie onderskeide uit te wys. Daarna volg 'n reeks oorgangsfases waarin hy of sy bewus word van onsekerhede en verskeidenheid van opinie; later word die legimiteit van onsekerheid (en 'n verskil in mening) erken, maar op die skouerophalende vlak van "elkeen het 'n reg op sy eie standpunt"; om nog later tot die besef te kom dat alle kennis en waardes (ook die van die "outoriteite") relatief tot 'n bepaalde samehangsverband is; vervolgens dat dit in 'n relativistiese wêreld nodig is om jouself een of ander standpunt toe te eien (teenoor die aanvanklike kritieklose en onbevraagtekende geloof in eenvoudige sekerhede); en uiteindelik die bevestiging van 'n eie identiteit te ervaar, wanneer die verantwoordelikheid van 'n eie keuse ooreenkomstig 'n eie beginselbesluit ("commitment") gemaak word.

Dit is op die vlak van 'n "initial Commitment" waar die student 'n verhoogde bewussyn van die bestaande morele of etiese ongerymdhede in die konvensioneel-aanvaarde samelewingspatroon ervaar, en die begeerte om deur daadwerklike optrede homself daaroor te betuig, selfs al dra die protestaktiek nie altyd by tot die oplossing van die werklike of vermeende ongerymdhede nie. Soos Perry aandui, ervaar studente "all such commitments as affirmations of themselves"[13] en is dit in die woorde van die Scranton-kommissie hoewel in hierdie stadium nog "primarily a stance", nietemin "central to an understanding of campus unrest, in part because it accurately describes why a demonstration happened when it did. In a very real sense, the answer is that it happened because, for whatever complex or even accidental reason, somebody or some group decided ... to commit himself ... to a particular act, in a particular place at a particular time. Thus a radical commitment is as much a commitment to the act of protest itself, as it is a commitment to certain positions on the issues and to a certain

13. _Ibid._, p. 34.

moral vision."[14]

Hieruit volg dat daar 'n soort generasiegaping kan ontwikkel deurdat die belydenis van 'n bepaalde betrokkenheid, dikwels gepaard gaan met 'n bevraagtekening van en ontnugtering in die eietydse samelewingswaardes. In 'n sekere opsig reflekteer dit die breuk wat dikwels tussen verskillende geslagte oor die vertolking van sake ontstaan. Hierdie dissolusie wat uit die konflik tussen ideaal en werklikheid ontstaan, lei dan tot 'n diskreditering van die ouer geslag as 'n morele mislukking, of dat hulle deur dadeloosheid die ideale van hul eie geslag verraai het. Die taak om nuwe oplossings te vind wentel dan op die skouers van die jeug af.

Sodra die basis van ontevredenheid met die bestaande verbreed om groot getalle in te sluit, ontwikkel 'n groepsidentiteit wat die weg baan vir 'n studentebeweging waarin die groepsbewussyn en gemeenskaplike idees gemonster kan word.

Dit was veral Lewis S. Feuer wat met sy indrukwekkende werk, The Conflict of Generations. The Character and Significance of Students Movements, generasiekonflik as die bronwel van studentebewegings en hul versetaksies gaan beskou word.

Feuer omskrywe 'n studentebeweging soos volg: "We may define a student movement as a combination of students inspired by aims which they try to explicate in a political ideology, and moved by an emotional rebellion in which there is always present a dissolusionment with and rejection of the values of the older generation; that their generation has a special historical mission to fulfil where the older

14. Scranton, op. cit., pp. 66; 79-80.

generation, other élites and other classes have failed."[15] Uit 'n verstommende arsenaal van gegewens oor studentebewegings oor die eeue heen, staaf hy sy standpunt dat studentebewegings gebore word uit 'n idealistiese dadedrang om die samelewing te hervorm waar die ouer geslag gefaal het.

Soos Seymour Lipset in byna al sy werke beklemtoon, vergemaklik die fisiese omstandighede aan die universiteite studente se politieke betrokkenheid omdat studente wat polities ingestel is geredelik gemobiliseer kan word.[16] Baie universiteite het duisende studente wat tot 'n klein area beperk is, en omdat studente van die mees geaktiveerde stratums van die samelewing verteenwoordig, is hulle meer ontvanklik vir politieke strominge, gedagtewendings en handelingsgeleenthede as byna enige ander samelewingsgroep. Studente kan dit ook meer as enige ander sektor van die samelewing bekostig om volgens die moed van hul oortuiging te handel sonder om die konsekwensies daarvan te vrees. "A university campus," beweer die Scranton-kommissie, "is an especially favorable (sic) place for those who wish to make such a commitment, for students and faculty can consider committing themselves in the almost certain knowledge that the act of commitment has no severe personal costs attached to it" o.m. omdat die gebruik om studente as adolessente te beskou nooit heeltemal uitgesterf het nie, of omdat studente kapitaliseer op die historiese idee dat die universiteit 'n sanctuarium is wat polisieoptrede op die kampus sal verhoed, en ook op grond van die anonimiteit van die individu in die groep.[17]

15. L.S. Feuer, The Conflict of Generations. The Character and Significance of Student Movements, p. 11.

16. J.H. Weaver (reds.), The University and Revolution, p. 33.

17. Scranton, op. cit., pp. 80-81.

Hierdie sosiologiese bevindings bevat veel wat verhelderend is oor die verskynsel van studenteprotesbewegings in die algemeen. Hoewel Feuer se teorie dat elke studentebeweging die uitvloeisel van 'n gesagsverlies van die ouer geslag impliseer, nie altyd steekhou nie - Lipset[18] en Richard Flacks[19] het bv. aangetoon dat ondersoeke na die agtergrond van studente-aktiviste dikwels eerder daarop dui dat hierdie studente ideologies dieselfde oortuigings as hul ouers koester - kan sy historiese spieël van studentebewegings oor die eeue heen, tog ter stawing van Perry se teorie aangewend word.

Vanweë die moderne kampus-opset en veranderde status van studente aan groot universiteite, mag die konflikpotensiaal wat in die etiese rypwordingsproses opgesluit is, tans veel meer opsigtelik en akuut wees as vroeër, maar juis die feit dat die verskynsel nie tot die resente verlede beperk is nie, aksentueer die belangrikheid van hierdie verklaringsteorie. Feuer het d.m.v. sy historiese ondersoek na studentebewegings afdoende aangetoon dat studente-aktivisme nie net 'n hedendaagse verskynsel is nie.

Geskiedenis van die middeleeuse universiteite in Europa, is deurspek met verslae waarin studente hulle teen die owerhede en die regerings van die dag verset het. Sidney Painter, die bekende middeleeuse historikus, se beskrywing van Oxford-studente se optrede in die 13de eeu, lees soos 'n sensasieberig in 'n Sondagkoerant.

"The students of the Middle Ages were not unlike those of today. Some studied and some did not. Many drank and wenched. Most were in perpetual need of money. We have some of the handbooks containing model letters for the

---

18. Lipset, Student Politics, p. 216.

19. R. Flacks, "Who Protests: The Social Bases of the Student Movement", in J. Foster en D. Long (reds.), Protest! Student Activism in America, p. 141.

use of students. Many of these letters are examples of different excuses for obtaining money from parents, relatives or patrons ... As the Middle Ages was a time of violence, both students and masters were inclined to be violent ... A professor at Oxford was charged with getting his students to kill a priest who had offended him. The Oxford rules forbade students to bring bows and arrows to class. Bloody riots between students and townsmen were fairly frequent."[20]

Oor die ongestadigde rol van Oxford gedurende die Engelse Burgeroorlog van 1640-1660, skryf Thomas Hobbes in sy werk, The History of the Causes of the Civil Wars, die volgende:

"The Universities have been to this nation, as the wooden horse was to the Trojans ... I despair of any lasting peace among ourselves, till the universities here shall bend and direct their studies to the settling of it, that is, to the teaching of absolute obedience to the laws of the king ...

The Core of the rebellion, as you have seen by this, and read of other rebellions, are the Universities."[21]

Martin Luther se onmiddellike en sterkste steun was afkomstig van die studente van Wittenberg en die ander Duitse universiteite. Dit was voor 'n byeenkoms van studente en professore wat Luther die pouslike bul verbrand het waardeur hy uit die Rooms-Katolieke kerk geban is. Dit kon verwag word dat die studente nie net sou toekyk nie, en met hul aanval op 'n Franciskaanse kerk op 4 Desember 1521, toe die altaar omgepluk is, het die studente o.l.v. Martin Luther se Witten-

20. S. Painter, A History of the Middle Ages, 248-1500, p. 475.

21. Aangehaal uit Lipset en Altbach, op. cit., p. V.

bergse kollega, Andreas Carlstadt, in 'n radikalistiese draaikolk van beeldstroming ingesuig geraak wat uiteindelik tot Carlstadt se afdanking en die skorsing van studente gelei het.[22]

Dit is egter veral die studente se prominente optrede in die 1848-opstande in Wenen en Berlyn, wat ewewel die scenario van die verskynsel in ons eie dag kon wees. Tydens die 1848-opstande het studente hul onwilligheid getoon om hulle aan die dissipline van die volwasse faksiegroepe te onderwerp en hul eie onafhanklike studentebewegings begin stig. Dit is 'n dikwels bewese waarneming dat jeugbewegings in tye van krisis of snelle maatskaplike verandering ontstaan. Daarvan getuig die geskiedenis van veral die Duitse en Oostenrykse studentebonde of Burschenschaften wat as die eerste manifestasie van 'n sg. "Student Left" getipeer kan word; d.w.s. studentebewegings wat links georiënteerd was en met groot dinamiek en doelgerigtheid hul oogmerke wou verwesenlik.

Die Burschenschaft aan die Universiteit van Jena, wat reeds op 12 Junie 1815 gestig is, het die voortou geneem om 'n pan-Duitse stryddag vir 9 Oktober 1817 te organiseer, oënskynlik ter herdenking van die Jubileumjaar van die Hervorming. Die Wartburg-fees het egter ook 'n openbare forum gebied aan die beweging se ideale van vryheid en nasionalisme vir Duitsland, asook die geleentheid vir 'n radikale minderheid onder invloed van Friedrich Ludwig Jahn wat teen die eeuwending aktief in die geheime studente-ordes werksaam was. Laasgenoemde groep het 'n dramatiese openbare verbranding van werke en anti-nasionalistiese groepe binne die staat onderneem, wat taamlike onsteltenis by die Berlynse regeringsowerhede veroorsaak het.[23] Die

22. O. Chadwick, The Reformation, pp. 58-59; H.G. Koenigsberger en G.L. Mosse, Europe in the Sixteenth Century, pp. 120-122.

23. E.H. Altbach, "Student Politics in Central Europe,

Wartburg-feesdag wat deur ongeveer 1 500 studente bygewoon is, kan as die eerste werklike beslote vergadering in die annale van studentebewegings beskou word. Lewis Feuer beskryf hierdie demonstrasie deur die Duitse studente-gemeenskappe te Jena, as die eerste bewustelike bevestiging van die studente-élite as 'n politieke mag in die moderne geskiedenis.[24] Met die herinnering van die Wartburg-feesdag nog vars in die geheue, is 'n Algemene Duitse Burschenschaft in 1818 gestig, maar nadat die student Karl Ludwig Sand die joernalis en dramaturg Kotzebue wat anti-liberaal en anti-nasionaal ingestel was en die studente-beweging fel gekritiseer het, vermoor het, is die Burschenschaft deur die Karlsbad-dekrete van 1819 verbied.[25] In die daaropvolgende dekades het die Burschenschaft-organisasies ondergronds geopereer.

Toe die 1848-opstande in Sentraal-Europa uitgebreek het, was die studente van die voorste golfryers. In 'n gespanne chaotiese vergadering by die Weense Universiteit op 12 Maart 1848, het die studente besluit om 'n petisie aan die keiser deur bemiddeling van die rektor en twee professore te stuur. Toe die studente van die keiser se verontagsaming van die petisie verneem, het hulle die volgende oggend 'n protesoptog na die Landhaus gereël waar die verteenwoordigers van die wetgewende vergadering byeengekom het. Hierdie vreemde verskynsel van 'n 2 000 plegtige studente wat deur die strate van Wenen masjeer, moes uiteraard groot gewees het, te meer omdat dit 'n vreemde gesig was. 'n Paar honderd werkers het hulle tot die geledere van die studente gevoeg en in 'n oomblik van paniek, het die soldate op die skare

1815-1848", in Lipset en Altbach, op. cit., pp. 452-454; Feuer, op. cit., pp. 54-58.

24. Ibid., p. 58.

25. E.H. Altbach, loc. cit., in Lipset en Altbach, op. cit., pp. 454-455.

losgebrand en vyf gedood, meestal studente. Die militêre ingrype het meegebring dat ook die middelklas hulle by die studente en arbeiders geskaar het, sodat Wenen teen die aand 'n nuwe aanskyn gehad het: Clement von Metternich het gevlug, die studente was gewapen en het hulself in die sg. Akademiese Legioen georganiseer.

Die nege geheime Weense Burschenschafte wat 'n afdruksel van die Duitse bewegings was, het deur middel van die Akademiese Legioen 'n bepaalde eenheid aan die studentebeweging verleen en 'n konstitusie vir Oostenryk geëis waarin o.a. die vryheid van die pers en 'n burgerlike leër gewaarborg sou word. Dit was egter van die staanspoor af duidelik dat die studentebeweging teensinnig was om hulle aan die volwasse groepe se dissipline te onderwerp en dat hulle 'n eie politieke magsbasis nagestrewe het. Hulle was dus hoofsaaklik verantwoordelik vir keiser Ferdinand I se abdikasie.[26]

Frederich Engels, Karl Marx se nouste bondgenoot, het hieroor die volgende opgemerk:

"(T)he students, about 4 000 strong, well armed, and far more disciplined than the national guard, formed the nucleus, the real strength of the revolutionary force ... (They) formed a sort of independent and rather turbulent body, deliberating for themselves in the 'Aula' ... preventing by constant agitation, things from setting down to the old, everyday tranquility and very often forcing their resolutions upon the Committee of Safety."[27],

26. Ibid., pp. 461-462.

27. Die Committee of Safety was die gesagsliggaam van die opstandsbeweging. Aangehaal deur Lipset en Altbach, op. cit., p. VI.

Die Russiese studente-versetbeweging gedurende die gedronge jare van Russiese geskiedenis tussen 1899-1905, verskaf seker die mooiste analogon met die verskynsel van studenteverset in die meer resente tyd.[28]

In 1899 het die demonstrasie van studente teen die ongewilde rektor van St. Pietersburg uitgeloop op 'n potjie met die Kosakke wat hulle met knuppels probeer breidel het. Die volgende dag het twee duisend studente byeengekom en besluit om te staak uit protes teen die wreedheid van die polisie. Weer eens het die Kosakke opgeruk en die universiteit omsingel. Die studente het egter verklaar dat hulle nie die klasse sal bywoon voordat die polisie nie die persoonlike onaantasbaarheid voor die gereg van alle Russiese studente gewaarborg het nie. Soos Duvenhage aangetoon het, was die generasiesolidariteit wat uit die meelewing met gearresteerde en beseerde mede-studente ontstaan het, en die verontwaardiging oor polisiegeweld, die hoofbron vir die uitwaaiering van die protesbeweging na al die Russiese universiteite.[29]

Hierdie versetveldtog het drie maande lank geduur waarin Moskou, Kiëv, Odessa, Kharkov, Kazan, Tomsk, Riga, Dorpat, Warschau en Nieu-Alexandrië verenig het in 'n landswye staking. Altesaam was daar ongeveer 13 000 studente wat gestaak het. Na die somervakansie is oor die drie duisend studente nie weer toegelaat om terug te keer na die universiteite nie. Moskou alleen het 1 089 studente verloor en 244 vierdejaars van Kiëv is geskors.

Die algmene staking van 1899 was die aankondiging van 'n era van onrus. Dit is opgevolg deur ander stakings in 1901, 1902 en 1904 en steeds het die lys van geskorste studente aangegroei. Gedurende Februarie 1902 het die Moskouse stu-

28. Vgl. veral Feuer, <u>op. cit</u>., hfst. 4.

29. Duvenhage, <u>op. cit</u>., p.146.

dente weer betoog om spraak- en vergadervryheid, asook vir die hertoelating van geskorste studente. Dit het gelei tot verskeie uitsettings deur die Minister van Binnelandse sake, D.S. Sipiagin, Die febriele gees van opstandigheid wat gedurende hierdie tydperk onder die studente merkbaar was, het waarkynlik aanleiding gegee tot die moord op Sipiagin deur 'n twintigjarige Kiëvse student, ene S.V. Balmshov. Met sy teregstelling het hernude opstande uitgebreek wat veroorsaak het dat 115 studente van Moskou en St. Pietersburg na Siberië verban is. Skaars twee jaar later is Von Plehve, Sipiagin se opvolger, deur 'n geskorste Moskouse student, G.S. Zazonof, vermoor. En in 1905 het Ivan Kalaiev, 'n veteraan in die studentebeweging van Kiëv, 'n bom gegooi wat die dood veroorsaak het van Sergei Alexadrovitch, die militêre bevelvoerder in Moskou en 'n oom van die Tsaar.[30]

## 1.2 'n Kultuurbotsing

Hierdie kort ekskursie in die geskiedenis van studente-oproer om aan te dui dat die patroon en ekspressiewe styl-elemente van studente-verset reeds deur die eeue her gedagteken is, kan as 'n illustrasie dien vir die gedagte dat Afrikaanse studente in hul geestesontwikkeling nie anders as die Engelssprekende studente daar uitsien nie, en dat die versetbeweging van die sestigerjare in Suid-Afrika wat alleen tot die Engelstalige kampusse beperk was, saamgehang het met die omstandighede eie aan die Suid-Afrikaanse blanke bevolking. Namate die onderhawige studie begin vorm aanneem het, het dit toenemend duidelik geword dat die verskynsel van kampusverset aan die Engelstalige universiteite gedurende die laat vyftiger- en die sestigerjare, histories nie te ontkoppel is van die breëre Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur waarin die universiteite en die akademiese gemeenskappe blywend gebed is nie. Hoe duideliker die patroon van studenteverset uit die verf begin kom het, hoe meer het

30. Feuer, op. cit., pp. 137-143.

dit geblyk dat dit nie enkel toe te skrywe is aan die mag van die voorbeeld van studenteversetbewegings elders wat juis gedurende hierdie jare wêreldwyd 'n hoogkonjunktuur beleef het nie, maar dat dit ook en in die eerste instansie 'n uitloper van historiese omstandighede in Suid-Afrika was, waarvan die wortels heelwat verder in die eie geskiedenis terugstrek. Verder, dat geen ondersoek na die dinamika van studenteprotes in Suid-Afrika, 'n bevredigende verklaring vir die aard en die patroon daarvan kan bied, sonder dat die historiese perspektief daarby geïnkorporeer word nie.

Indien die oogmerk is om nie slegs die manifestasie van studenteverset van die sestigs uit die vlegwerk van die verlede te wil lig nie, maar ook die wortels daarvan te wil blootlê van wanneer dit die eerste maal sigbaar vorm begin aanneem het, verg dit 'n verwysing na agtergrondsfaktore en die ideologiese beïnvloedingshaard, waarvan die oorspronge dikwels terug te vind is in die verder terugstrekkende grondlae van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit geld veral die redes waarom hierdie verskynsel hom gedurende die sestigerjare alleen aan die Engelstalige kampusse afgespeel het, terwyl die Afrikaanse kampusse in dieselfde tydperk grotendeels hiervan gevrywaar was en in vergelyking 'n betreklike rustigheid beleef het.

As die beredenering tot op hierdie punt suiwer is, deurloop alle studente een of ander etiese rypingsproses waardeur hulle hulself sekere lewenswaardes toe-eien. Voeg hieraan toe die argument dat die omstandighede aan universiteite bevorderlik is vir politieke stellingname, is die gevolgtrekking dat Afrikanerstudente in dié verband, in beginsel nie anders behoort te reageer as Engelse studente nie.

Derhalwe wil ons deur middel van hierdie hoofstuk, vanuit historiese perspektief verder probeer aantoon dat daar nie 'n afwesigheid van standpunt-toe-eiening by die Engelstalige

studente voor die sestigerjare was nie, ewe min as wat dit nā 1960 by Afrikanerstudente ontbreek het. Studenteverset is 'n verskynsel wat homself deurgaans in die Suid-Afrikaanse universitêre politiek gemanifesteer het. Watter sektor van die Suid-Afrikaanse Blanke studentegemeenskap "wanneer" en "waarom" sou agiteer, hang egter nou saam met welke strategie en beleidsprogramme die regering van die dag die vraagstukke waarmee dit te kampe gehad het, sou hanteer.

Die hoofstuk wil dus verder probeer aantoon dat die Blanke Suid-Afrikaanse universiteite in die breë die geestesgesteldhede van die Blanke samelewing weerspieël, en verder dat hierdie onderskeidende karakter van die Afrikaanse en Engelse universiteite ook hul stempel op die onderskeie studentebewegings, soos die ASB en NUSAS, afgedruk het.

Die Afrikaner, en daarom ook sy universiteite en studente, het gedurende die eerste vyf dekades van hierdie eeu die vrees vir politieke en ekonomiese oorheersing deur sy Engelssprekende landgenoot ervaar en het by tye driftig gereageer in 'n poging om herstel van onreg te bewerkstellig. Omdat die Afrikanerstudent veral aan die universteite die gevaar van kulturele verdringing van die volkseie ervaar het, het sy organisasies soos die ASB en die ANS hul op die statuserkenning van die Afrikaner se kulturele, taal- en politieke regte toegespits.

Na die Nasionale Party se oorwinning by die stembus in 1948, het die Afrikaner polities die dominante posisie in Suid-Afrika beklee. Wat die studentegemeenskappe aanbetref, is die bordjies net mooi verhang. Waar die Afrikanerstudent tot in hierdie stadium telkens oorhoops gelê het met die regering aan bewind, kon hy hom nou met die nuwe regering waarvoor hy hom beywer het vereenselwig, en het die stimulus vir protes grotendeels verdwyn.

Die Engelse student daartenteen het vanweë die voorrang en

krag van die Engelse kultuur gedurende die eerste vyf dekades van hierdie eeu, nooit die gevaar van 'n identiteitsverlies so lyflik ervaar as die Afrikanerstudent nie, wie se kultuur nog besig was om wortel te skiet in die teëlaarde van 'n jong nasionalisme, en was hy gedurende hierdie tyd veel minder polities bedrywig in protesoptredes as sy Afrikaanse eweknie.

Na 1948 het die Engelse student en die onderwysinrigtings wat hom bedien het, hulself vir die eerste maal in die Suid-Afrikaanse geskiedenis bedreig gevoel deur regeringsoptrede wat nie met hul uitkyk op sake gestrook het nie. Omdat die Engelssprekende uit die hoofde van sy wêreldwye kultuurinvloed en sy tradisionele politieke liberalisme egter veel minder etno-sentries as die Afrikaner is, is sy protesaksie veel meer toegespits op politieke en sosiale probleme buite sy persoonlike milieu.

Die vraag waarom daar gedurende die jare sestig slegs op die Engelse kampusse 'n protesbeweging op tou gesit is, en daar gedurende daardie jare geen vergelykbare beweging op Afrikaanse kampusse was nie, hang saam met twee duidelik uiteenlopende en gevestigde ideologieë onder die Blanke Suid-Afrikaners wat sy wortels het in die kultuurbotsing[31] tussen die Hollandssprekende Afrikaner van die neëntiende eeu en die Britse veroweraar wat in 1806 permanent die Kaap beset het. Twee kulture, die een 'n magtige wêreldkultuur, die ander 'n kultuur in sy kinderskoene, het teen mekaar te staan gekom. Hierdie kultuurbotsing het vrywel alle terreine van die Suid-Afrikaanse Blanke gemeenskap, nl. polities, militêr, opvoedkundig, taalkundig en ekonomies, omspan.

Dit is nie nodig om die hele geskiedenis van die Britse imperialisme versus Afrikaner-nasionalisme op voetspoor te volg nie. Daar kan volstaan word met die gedagte dat die

31. Die gedagte van 'n kultuurbotsing is afkomstig van G.D. Scholtz, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel II, 1806-1854, hfst. 6.

Afrikaner nie materieel, getalsgewys, opvoedkundig of militêr opgewasse was teen die soveel sterker en magtiger Britse kultuur nie, en telkens, maar veral na die Anglo-Boereoorlog, die gevaar geloop het om as verpletterde volk te verdwyn, was dit nie vir die geestelike veerkrag wat telkens 'n gees van verset en 'n politieke bewussyn gekweek het nie. Na die Anglo-Boereoorlog het dit duidelik geword dat hierdie twee kultuurelemente permanent in Suid-Afrika teenwoordig sou wees, en is die twee aparte kultuurpatrone al hoe dieper op die Suid-Afrikaanse samelewing afgestempel.

Hierdie ideologiese tweespalt onder Blanke Afrikaners sou hom veral manifesteer ten opsigte van die rassekwessie en die vraagstuk hoe verhoudinge in 'n land met 'n veelrassige bevolkingsamestelling gereël moet word.

Aan die eenkant is daar die Afrikanertradisie van segregasie waarvan die langste wortels terugstrek tot by die Afrikaner-pionier se stryd om voortbestaan aan die Oosgrens. In hul verafwonendheid, yl-verspreidheid en hul geringe getalsterkte, het hulle weerloos en bedreig gevoel teenoor die getalsoormag van 'n onbeskaafde heidendom. Daarom was bloed-, sosiale of politieke vermenging, waardeur die Christelike beskawingswaardes en andersoortigheid onderploeg kon word, ondenkbaar. Die Afrikaner-grensboer se groepsidentiteit en sekuriteit het 'n belangrike rol gespeel om die Groot Trek aan die gang te sit. Gelykstelling soos die grensboere dit gesien het, moes onvermydelik tot die verbrokkeling van die sosiale orde en verlies aan sekuriteit lei. Ordinansie nr. 50 (1828) en die vrystelling van die slawe, het die wetlike grense van onderskeid tussen Blank en Nie-Blank uitgewis. Daarom was die vrystelling van die slawe vir Anna Steenkamp, 'n goed ingeligte Voortrekkervrou, nie as sodanig 'n oorsaak van die Groot Trek nie, as die verskuilde implikasies van "gelykstelling met de Christenen" wat daarmee gepaard gegaan het.[32]

32. C.F.J. Muller (red.), <u>500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis</u>, p. 131.

Na 1836 en veral gedurende die republikeinse fase, sou rassedifferensiasie met die oog op nasionale selfhandhawing praktiese toepassing vind in die sosiale verhoudingspatrone van die Boererepublieke met die Swart gemeenskappe binne hul grense, en hoewel behoorlike riglyne vir die regulering van rassebetrekkinge afwesig was,[33] het die tradisionele rassegesindheid egter beslag gekry in die konstitusies van die Boererepublieke soos blyk uit artikel 9 van die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek: "Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met Blanke ingezetenen toestaan, noch in Kerk, noch in Staat."[34]

Die ander tradisie het sy ontstaan met die permanente Britse besetting van die Kaap in 1806, waardeur 'n Britse bevolkingselement met Britse denkbeelde, opvattings en kultuur op die Kaap oorgeplant is. By die Brit het dit gegaan om humanitêre en filosofiese denkbeelde waardeur die vryheid, gelykheid en broederskap van alle mense ooreenkomstig die revolusionêre leerstellings van Jean Jacques Rousseau vooropgestel is. In 1854 het hierdie gelykmakingstrewe van die Britse liberalisme uitgeloop op sir George Grey, die Kaapse goewerneur, se beskawings- en assimilasiebeleid ten opsigte van die Swartman in die Kaap-kolonie. Hierdie beleid moes langs tweërlei weg bewerkstellig word. Aan die eenkant, moes die Swartes hul eie instellings, tradisies en kultuur versaak, en aan die anderkant moes hulle die Britse instellings en gewoontes hul eie maak ten einde in een groot Britse gemeenskap opgeneem te word. Met die verkryging van verantwoordelike bestuur in 1872, is alle manspersone wat aan 'n beskawingstoets voldoen het, op 'n gemeenskaplike kieserslys sonder kleurslagboom geplaas.[35]

---

33. Scholtz, <u>op. cit.</u>, Deel IV 1881-1899, pp. 185-188.

34. A. v.d. S. Centlivres, R. Feetham (e.a.), <u>The Open Universities of South Africa</u>, voetnoot 18, p.31.

35. Scholtz, <u>op. cit.</u>, Deel III, 1854-1881, p. 219; Muller, <u>op. cit.</u>, p. 174.

Met Uniewording in 1910, is 'n poging aangewend om die ideologiese kloof tussen die "Cape liberal tradition" en die Afrikaner-benadering van die Republikeinse Noorde d.m.v. 'n kompromie te oorbrug. Elke provinsie of eertydse kolonie sou sy tradisionele stemregbedeling met betrekking tot anderskleuriges kon behou, maar Kleurlinge en Swartes sou nie langer die reg hê om tot die Blanke parlement verkies te word nie. D.m.v. artikel 35 van die Unie-grondwet is hierdie twee tradisies van rassedifferensiasie en rasse-integrasie dus in die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestendig.[36]

Daar moet toegegee word dat die opvatting wat Afrikaners en Engelssprekendes in die 19de eeu gehuldig het, sekere veranderings en klemverskuiwings in die 20ste eeu ondergaan het. Geen samelewing is staties nie, en opvattings wat in die 19de eeuse voorpos-milieu of die republikeinse era toepaslik mag gewees het, kan nie resloos op die 20ste eeuse samelewing getransponeer word sonder om 'n gevaarlike las op die strukture van hierdie studie te plaas nie. Tog moet dit uit die historiese navorsing wat tot dusver reeds oor die Suid-Afrikaanse Blanke samelewing gedoen is, duidelik blyk dat die divergerende kulturele omstandighede en lewensuitkyk van die twee Blanke kultuurgemeenskappe nie weg te redeneer is nie. Trouens die hele geskiedenis van die party-politieke groepering in Suid-Afrika, van Uniewording tot Republiekwording, weerspieël in breë trekke die etniese tweespalt in die Suid-Afrikaanse samelewing. Stanton Peale het in sy doktorale proefskrif, The Ethnic Basis of Political Behaviour in South Africa, juis hierdie eienskap geaksentueer:[37] "The basic fact of political life in South Africa," beweer hy, "is that Afrikaners vote for the Nationalist (sic) Party, while English-speaking voters back the United Party.[38] Party

36. Scholtz, op. cit., Deel V, 1899-1910, p. 557.

37. Aangehaal uit L. Pretorius, Partyvoorkeure van Studente; Stellenbosch 1970-1974, p. 3.

38. Dit was 1973 en vroeër.

preferences are based less on issues and policies than on cultural loyalties."

Uit sy ondersoek na Partyvoorkeure van Studente: Stellenbosch, 1970-1974, het L. Pretorius hierdie bevinding grotendeels onderskrywe en aangevoer dat politieke sosialisering waarskynlik één van die belangrikste faktore is wat onderliggend is aan die byna eenvormige steun wat Afrikaanssprekende studente aan die Nasionale Party gegee het, maar dat dit 'n relatief beperkte bydrae gemaak het tot die partyvoorkeure van die studente uit die Engelstalige segment van die samelewing.[39]

Een moontlike verklaring hiervoor word deur F. van Zyl Slabbert gesuggereer. Hy argumenteer dat die verklaring vir die Afrikaner se grootliks eenvormige voorkeur vir die Nasionale Party gesoek moet word in die ontwikkeling van Afrikanerstut-organisasies ("interlocking organisations"), waarvan die Nasionale Party die politieke arm uitmaak. Omdat kulturele strewe en politieke strewe by die Afrikaner nooit ver van mekaar gestaan het nie, het die sosialiseringsproses tot die integrasie van Afrikanerleiers oor die breë spektrum van organisasies gelei wat die formulering van kollektiewe doelstellings vir hierdie organisasies vergemaklik het.[40]

Volgens Pretorius kan "die relatief-heterogene verspreiding van Engelssprekendes daarenteen ... moontlik herlei word na die afwesigheid, in hierdie taalgroep, van organisasies met die eienskappe van die Afrikanerorganisasies."[41]

---

39. Pretorius, op. cit., pp. 160-161.

40. F. v. Z. Slabbert, "Afrikaner-nationalism, White Politics and Political Change in South Africa", in L. Thompson en J. Butler (reds.), Change in Contemporary South Africa, pp. 9-10.

41. Pretorius, op. cit., p.161.

Vanaf die stigting van die NP in 1914 tot die samesmelting met die Suid-Afrikaanse Party in 1933, het die Party voortdurend die appèl van Afrikanereenheid op sy ondersteuners gemaak. Na die samesmelting van die Nasionale Party onder leiding van genl. J.B.M. Hertzog met die Suid-Afrikaanse Party onder genl. J.C. Smuts, het die "gesuiwerde" nasionaliste onder dr. D.F. Malan weer hergegroepeer om die idee van Afrikanereenheid te beklemtoon en om dit teenoor die nasionale eenheid van die twee blanke taalgroepe te stel.[42]

Groepsidentifikasie vind die geredelikste plaas wanneer 'n gemeenskap homself bedreig, of verstoke van bepaalde regte en voorregte voel.[43] Naas die gevaar wat in rassegelykstelling gesien is, was taalhandhawing en die kultuureie die ander kernmomente van 'n eie volksidentiteit. Die sentrale tema in die geskiedenis van die Afrikaner bly sy strewe na selfbeveiliging en die behoud van groepsidentiteit, soos veral blyk uit sy vrees vir die kultuurmag en ekonomiese krag van die Brit, en sy vrees vir 'n verswelging deur die Swartman as gevolg van lg. se getalsoorwig. Afrikanernasionalisme en groepsidentiteit het deurgaans die beveiligingsmeganisme voorsien teen Britse imperialisme en die Britse rasse-gelykstellingsbeleid (later Britse liberalisme) wat as 'n gevaarsinjaal t.o.v. integrasie en uiteindelike verswelging van die Blanke voorgehou is.[44]

Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, waarskynlik deels omdat hy destyd volwaardig Afrikanervolksparty was, het dit Afrikanergroepsbelange gaan identifiseer met

---

42. N.M. Stultz, The Nationalists in Opposition, 1934-!948, pp. 36-39.

43. H. Giliomee, "The Growth of Afrikaner Identity", in H. Adam and H. Giliomee, The rise and Crisis of Afrikaner Power, p. 83.

44. Vgl. G.D. Scholtz, Het die Suid-Afrikaanse volk 'n toekoms? (Johannesburg, 1955).

staatsbelange, en deels as gevolg van hierdie gevoel van onsekerheid, sy voortbestaan deur wetgewing probeer verskans.

Twee lewensbeskouings wat lynreg teenoor mekaar opgestel is, het dus uiteindelik in Suid-Afrika uit hierdie omstandighede ontwikkel. Aan die een kant is die liberalistiese lewensuitkyk wat op politieke terrein tradisioneel geassosieer word met die idee van 'n meerderheidsregering waarin alle regsonderdane, ongeag hul ras, aanspraak het op gelyke politieke regte in 'n unitêre staatsbestel op die grondslag van universele stemreg. Daarteenoor is die opvatting dat die volk wat van oorwegend gemeenskaplike herkoms is en homself kollektief as die besitter van 'n aparte kulturele identiteit ag op grond van ras-, taal- en beskawingsverwantskap, die reg tot politieke selfbeskikking binne die staat moet hê.

In 'n insigryke hoofstuk in The Rise and Crisis of Afrikaner Power, beweer Heribert Adam dat die kultuur die emosionele verankering in die volksgemeenskap verskaf: "In times of anxiety and conflict, this bond offers relief and security, against which the liberal ... brotherhood with the stranger on the other side remains a doubtful promise."[45] Dit geld veral die Afrikaner met sy relatiewe jong nasionalisme en histories-onlangse verkryging van 'n eie republikeinse staat. Die altyd reële gevaar van mags- en sekuriteitsverlies wat met rassegelykstelling gepaard gaan, het die Afrikaner se groepsamehorigheid en groepsverbintenisse baie sterker as in die geval van die Engelse bevolkingsgedeelte te voorskyn laat tree.

Soos Adam en ook Nathan Glazer[46] aangetoon het, hang die

---

45. H. Adam, "The Failure of Political Liberalism", in Adam en Giliomee, op. cit., p. 55.

46. N. Glazer, "Individual Rights against Group Rights",

fundamenteel verskillende politieke uitgangspunte saam met die onderskeidende aard van homogene en plurale gemeenskappe binne die staat. In die Britse liberale demokrasie waar die bevolking oorwegend rashomogeen, en deelgenote van dieselfde volks- en kultuurgemeenskap uitmaak, kan politieke mag van een party na 'n ander oorgedra word, sonder dat die neerlaag van die regerende party 'n aantasting van sy burgervryhede en -regte impliseer. Hierdie uitwisselbaarheid van regerende partye voorveronderstel 'n relatiewe gelykheid wat nie fundamenteel deur die opponent se magsoorname bedreig word nie.

In 'n plurale gemeenskap met heterogene samelewingstrukture op grond van ras-, volks- en beskawingsverskille sou die toespitsing op individuele regte sonder erkenning van etniese groepslojaliteite binne die staat, op die lang duur tot die dominante groep se oorwoekering van alle ander groepe binne die staat kon lei. Adam is van mening dat, "politics between hostile ethnic segments in so-called divided or plural societies usually acquire the status of indefinite dominance and permanent subjugation ... The logic of the situation precludes rotation in office. The rulers unilaterally dictate how much they wish to accede to demands of the subordinates and only in their bargaining power in conjunction with objective exigencies will influence this process."[47] Die Engelssprekende Suid-Afrikaner as afstammeling uit die imperiale moederland het nooit die trauma van onderhorigheid wat gekoloniseerde volke moes deurmaak, ervaar nie en is dus veel minder ingestel op die beskerming van groepregte, maar veel meer bedag op die aantasting van individuele menseregte deur owerheidswetgewing.

---

in H.W. van der Merwe en R. Schrire (reds.), Race and Ethnicity; South African and International Perspectives, pp. 10-15.

47. Adam, loc. cit., p. 273.

Sonder om die Afrikaanse en Engelse lewensuitkyk te stereotipeer - want daar is 'n bepaalde eroderingsproses in dié verband, asook verskeie politieke en kulturele kruissnydings wat die gemeenskaplike basis vergroot en 'n te skerp omlyning ongeldig maak - kan ons beweer dat die Engelssprekende Suid-Afrikaner veral sedert 1948 byna altyd die vryheid van die individu wat die bousteen van elke liberale konstruksie vorm, bó die verbondenheid aan die groep verkies het. Omgesit in politieke terme, beteken dit dat daar telkens geagiteer word dat institusionele instrumente in die wet ingebou moet word, o.m. deur die sg. "rule of law", wat 'n beperking op owerheidsgesag moet plaas ten einde te verhoed dat die regte en vryhede van die individu binne die staat aangetas word.[48] Daarteenoor het die Afrikaner in sy onderskrywing van die owerheidswetgewing ná 1948, hom meestal van die stelreël, salus republica lex, laat bedien. Hierdie leer dat die veiligheid van die staat die hoogste wet is, impliseer dat groepsbelange in staatsverband, voorkeur sal geniet bó die individuele regte en aansprake van die individu, m.a.w. dat die voortbestaansmoontlikhede van die volk nie ondergrawe mag word ten einde sekere individue se belange of aansprake te bevoorreg nie.

Die byna endemiese stryd wat gedurende die sestigerjare rondom die reeks wette ter bevordering van staatsveiligheid in die parlement en die Engelse pers, en deur organisasies soos die South African Institute of Race Relations, Black Sash and NUSAS, teen die regering gevoer is,[49] illustreer

---

48. Die bekendste en mees onversaagde voorstander van hierdie beskouing is mev. Helen Suzman. Vgl. veral J. Strangwayes-Booth, A Cricket in the Thorn Tree; Helen Suzman and the Progressive Party of South Africa (Londen, 1976).

49. Vgl. veral die Wet op Onwettige Organisasies, nr. 34 van 1960; die Algemene Regswysigingswet (die sg. Sabotasiewetgewing) nr. 63 van 1961, nr. 76 van 1962,

die botsende opvattings wat deur die twee kulturele gemeenskappe oor die staatsfunksies gehuldig word. Die Engelse pers het bv. die byna jaarlikse wysiging van die sabotasiewet aangeval as sou dit die "Flame of Freedom" uitdoof en Suid-Afrika onverbiddelik in 'n polisiestaat omskep, terwyl die Afrikaanse pers daarop gesinspeel het dat die wye bevoegdhede wat hierdie wetgewing aan die staat verleen, noodsaaklik is om kommunistiese saboteurs aan die man te bring en te verhoed dat die veiligheid van die staat in gevaar gestel word.

Hierdie kulturele en ideologiese perspektiewe oor die sosiale strukture in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is noodsaaklik indien ons die wortels van die studente-oproer aan die Engelse kampusse na behore wil begryp.

Die studente-onrus en -spanning aan die Engels-medium universiteite van Suid-Afrika, wat sy kulminasiepunt in die vroeg-sewentigerjare bereik het, was 'n regstreekse uitvloeisel van hierdie studente se benadering van die Suid-Afrikaanse volkereverhoudingsproblematiek. Die regeringsparty se beleid van afsonderlike ontwikkeling, veral gedurende die vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare, en die volkere-verhoudingspatroon wat daardeur gevestig is, kan as 'n beslissende determinant in die ontwikkeling van 'n omvangryke studente-versetbeweging op die Engelse universiteitskampusse van ons land, beskou word.

Volgens M.J. Ashley en H.W. van der Merwe wat as 'n klein newestudie tot hul navorsingsprojek oor die Suid-Afrikaanse blanke-elite, 'n artikel oor akademiese kontraste in Suid-Afrika die lig laat sien het, het die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling 'n polarisering van gesindhede

---

nr. 37 van 1963, nr. 80 van 1964; die Wysigingswet op die Onderdrukking van Kommunisme, nr. 97 van 1965, nr. 24 van 1967; en die Wet op Terrorisme, nr. 83 van 1967.

oor Blank-Swartverhoudinge onder die blanke akademiese gemeenskappe tot gevolg gehad.[50] Die blanke universiteite het hulself in twee groepe gerangskik ooreenkomstig taal- en kultuurskeidslyne, met die Engelsmedium universiteite in die rol van 'n aktiewe teenstander van die regering, en die Afrikaans-medium universiteite hoofsaaklik as die ondersteuners van die politieke <u>status quo</u> . Hierdie gesindheidskontraste tussen die Afrikaans- en Engelssprekende studentegemeenskappe, hang ten nouste saam met 'n fundamenteel-verskillende uitkyk op rasse-aangeleenthede. Die Engelssprekende was, en is seker nog, oor die algemeen in 'n baie groter mate bereid om die idee van 'n veelrassige samelewing te aanvaar as wat die Afrikanerstudent voorasnog bereid was om te doen.

## 1.3 <u>Die S.A. Universiteite as spieëlbeeld van die samelewing</u>

Dit is nodig om in 'n voëlvlugbeeld aan te toon dat die blanke Suid-Afrikaanse universiteite wat in die eerste aantal dekades van hierdie eeu tot stand gekom het, oor die algemeen, die etniese en ideologiese tweespalt in die samelewing weerspieël. In 'n referaat oor <u>The University in Divided Societies</u> beweer D. Welsh en M. Savage dat "institutions such as universities, are nodal points in the society whose position reflects the structure of the social firmament in which they are encapsulated."[51] Gerrit Viljoen kom tot 'n soorgelyke gevolgtrekking. "The relative weakness and youthfulness of Afrikaans culture as against the rich and powerfully established English culture, and in particular the cultural 'imperialism' of the ruling English establishment, left the Afrikaners no option but to work towards universities

---

50. M.J. Ashley en H.W. van der Merwe, "Research Note. Academic Contrasts in South Africa", <u>Sociology of Education</u>, XXXXII (1967), pp. 286-287.

51. D. Welsh en M. Savage, "The University in a Divided Society", in H.W. van der Merwe en D. Welsh (reds.), <u>The Future of the University in South Africa</u>, p. 142.

with an Afrikaans particularism to counterbalance those with an English particularism ... Obviously, therefore, education was throughout a primary field of action ... it in many ways formed the coping stone of the Afrikaans cultural edifice."[52]

Viljoen wys daarop dat dit desnieteenstaande opmerklik is dat die meeste Afrikaanse universiteite as Engelstalige universiteite ontstaan het en op die Britse lees geskoei is, selfs in gevalle waar dit deur leiers in die Afrikaanse gemeenskap tot stand gebring en uitgebou is.

Universiteitsopleiding in Suid-Afrika het nie 'n baie lang geskiedenis nie. Die eerste stap in dié rigting was toe sir George Grey in 1858 sy steun toegesê het aan 'n wetsontwerp voor die wetgewende liggaam van die Kaap-kolonie, skaars vier jaar nadat dié kolonie met die status van verteenwoordigende regering beklee is, om 'n Raad van Openbare Eksaminatore in Lettere en Wetenskap in te stel.[53] Hoewel die Raad tot 'n hoër onderwyspeil van die Kolonie bygedra het, het dit nie die aansien van 'n volwaardige universiteit geniet nie en kon dit nie buitelandse erkenning vir sy eksamens verwerf nie. Die gevolg was dat daar vroeg in Maart 1873 'n veldtog van stapel laat loop is om 'n Kaapse universiteit tot stand te bring met bevoegdheid om kragtens oktrooi van die Kroon, grade toe te ken. In dieselfde jaar nog kom die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop tot stand as 'n eksaminerende universiteit geskoei op die lees van die Universiteit van Londen.[54]

---

52. G. Viljoen, "The Afrikaans Universities and Particularism", in van der Merwe en Welsh, op. cit., pp. 173; 176.

53. M. Boucher, Spes in Arduis. 'n Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika, pp. 5-9.

54. Ibid., pp. 26-27.

Die universiteit is aangevul deur 'n aantal bestaande kolleges en nuut ontwikkelende inrigtings vir gevorderde onderwys. Alle gevorderde werk aan hierdie inrigtings is egter uitsluitlik deur die universiteit geëksamineer.

Die universiteit was uiteraard uitsluitlik Engels georiënteerd. Nie alleen was die meeste raadslede uit die Engelse gemeenskap afkomstig en die kanseliers en prinsipale deurgaans Engelssprekend en van Brittanje afkomstig nie, maar die kandidate was ook verplig om in die eksamen net Engels te gebruik.

Die bekende South African College wat reeds in 1829 in Kaapstad, die destydse koloniale hoofstad, tot stand gekom het en bestem was om die Universiteit van Kaapstad te word, het 'n sterk Engelse inslag en tradisie gehad. Dieselfde kan van die Rhodes-universiteitskollege gesê word wat in 1904 te Grahamstad gestig is, asook die Transvaalse Tegniese Instituut in Johannesburg wat net voor Uniewording herdoop is tot die "South African School of Mines and Technology" en sedert 1920 as die Witwatersrandse Universiteitskollege bekend gestaan het. Die werklike gees van hierdie instellings teen die begin van die eeu, word die beste weerspieël in die woorde van die Rhodes Trusteesekretaris wat in 1904 beweer het dat die Rhodes-Universiteitskollege bestem is "to extend and strengthen the Imperial idea in South Africa."[55]

Soos te verstane was, het hierdie universiteitskolleges en veral die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop se uitsluitlike Engelse karakter, asook die gesindheid dat Hollands klaarblyklik minderwaardig teenoor Engels was deur dit nie vir die aflegging van eksamens te erken nie, meegebring dat die Afrikaners hierdie instellings met 'n groot mate van agterdog bejeën het.

---

55. Viljoen, op. cit., p. 173.

In teenstelling met gemelde inrigtings het die oudste Afrikaanse universiteit uit 'n heel ander geestesbodem ontwikkel. In 1857 het die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde kerk besluit dat die Teologiese Kweekskool waarvoor al dertig jaar geywer was, te Stellenbosch opgerig moes word. Die twee jong professore van die Seminarium, proff. J. Murray en N.J. Hofmeyr, was spoedig van mening dat die kweekskool nie alleen kon voortgaan sonder dat daar in die behoefte van 'n behoorlike vooropleiding van die voornemende evangeliedienaars voorsien is nie. Toe 'n veertigtal Stellenbosse Afrikaners onder die aansporing van die plaaslike predikant, ds. J.A. Neethling hulself bereid verklaar het om persoonlik in te staan vir die aanvanklike koste wat aan so 'n onderneming verbonde sou wees, het dit die stigting en feestelike opening van die Stellenbosse Gimnasium op 1 Maart 1866 moontlik gemaak.[56] Die Gimnasium het ontwikkel in die Victoriakollege wat vanaf 1894 sy studente vir toelating tot die eksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop ingeskryf het.

Dit is moontlik dat die voertaal van die Gimnasium, soos later ook van die kollege, Engels was hoewel die studente meesal uit Afrikaner-huise afkomstig was. Ook was die professore hoofsaaklik Engelssprekend terwyl die beheerraad hoofsaaklik uit Afrikaners saamgestel was.[57]

Van meet af aan was die inrigting dus gewikkel in 'n stryd om sy Afrikaanse karakter te bevestig teen die sterker Britse kultuurinvloed. Cecil John Rhodes, wat in Julie 1890 eerste minister van die Kaap-kolonie geword het, het 'n lieflingsideaal gekoester om een groot residensiële doserende inrigting vir Suid-Afrika in die skadu van Tafelberg op die model van

56. H.B. Thom (red.), Stellenbosch 1866-1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys, pp. 61-63.

57. Ibid., p. 67.

Oxford en Cambridge tot stand te bring.[58] 'n Terrein vir die voorgestelde inrigting is by Groote Schuur beskikbaar gestel en winste van die De Beers mynmaatskappy sou gebruik word om die skema te help finansier.

Die Victoria-kollege het alleen veel te verloor gehad met so 'n reëling aangesien Stellenbosch al sy post-matrikulante sou moes afstaan en dit die vernietiging van die kollege sou beteken. Van die Rhodes-plan het voorlopig niks gekom nie, maar in 1910 is aangekondig dat sir Julius Wernher en mnr. Otto Beit R1 000 000 ter verwesenliking van die Rhodes-ideaal geskenk het en is die idee van 'n enkele doserende universiteit te Groote Schuur, waarin alle hoër onderwys van die Unie saamgetrek is, deur 'n wetsontwerp in dier voege opnuut geopper.[59]

Vir die eerste maal het dit nou begin blyk wat 'n kosbare ideaal die Victoria-kollege reeds in die oë van die baie Afrikaners geword het en het Stellenbosch se verset teen inlywing al hoe sterker opgevlam. 'n Waaksaamheidskomitee wat saamgestel is om oor die Victoria-kollege se belange wag te hou, het in 'n memorandum in 1931 die posisie soos volg saamgevat: "Een dezer Inrichtingen, nl. die te Stellenbosch die wegens haar nabijheid aan Groote Schuur meer dan enig ander zwaar te lijden sal hebben, is sinds jaren innig verboden met het geestelik, zedelik, en nationaal leven van het Hollandssprekende gedeelte van het volk. Zij is de plaats waar het Afrikanervolk Zij idealen het best kan verwezenlijken en van waar uit het de grootste invloed op Zuid-Afrika kon uitoefenen. Zij is de beste vervulling, die het volk nog gevonden heeft van een diepgevoelde behoefte. Zij staat voor een idee: Zij is daarom voor het volk geworden, niet een blote opvoedingsinrichting onder andere, maar het symbool en die waarborg zij eigen krachtig, groei-

58. Boucher, *op. cit.*, p. 87.

59. *Ibid.*, pp. 133-134.

end uitdrukking zoekend nationaal leven."[60]

Dit het dus duidelik geword dat Stellenbosch hom nie 'n bedeling sou laat welgeval waarin die eie karakter onderploeg sou word nie. Hoe min simpatie die Botha-regering destyds betoon het met die ideale van die Afrikaner om die integriteit en aard van sy eie hoër onderwysinrigtings te bewaar, blyk o.m. uit die voorgestelde wetgewing van F.S. Malan, destyds Minister van Onderwys in die Botha-kabinet, dat die nuwe uniale residensiële universiteit tweetaligheid nie as 'n sine qua non aanvaar het nie. Die beste vergelyk waartoe Malan destyds met sy Engelssprekende landgenote oor dié aangeleentheid kon kom, was dat tweetaligheid bevorder sou word waar moontlik.[61] Gesien teen die agtergrond van die feit dat erkenning reeds in 1882 aan Hollands naas Engels as parlementsaal van die voormalige Kaap-kolonie verleen is en dat artikel 137 gelyke taalregte in die Unie-grondwet verskans het, was hierdie ongeërgdheid van die Botha-bewind met betrekking tot hoër onderwys verregaande.

Ook in die Noorde het die Afrikaner se hoër onderwysinrigtings uit 'n gans ander geestesklimaat gegroei as sy Engelse eweknieë. In die eertydse Boererepublieke was die teenstand teen die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop nog sterker as by Afrikaners in die Kaap-kolonie. Gedurende die laaste dekade van die bestaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek is die aangeleentheid van 'n eie universiteit waar die jeug van die land "naar landsaard en volksbehoeften" onderrig kon word telkens in die Volksraadsdebatte te berde gebring.[62] Die Regering het reeds in 1889 by die Volksraad aanbeveel dat R40 000 bewillig word vir die oprigting van so 'n universiteit, terwyl die Staatspresident, Paul Kruger,

60. Thom, op. cit., p. 65.

61. Boucher, op. cit., p. 132.

62. C.H. Rautenbach, Versamelde Geskrifte, geredigeer deur P.S. Dreyer, p. 90.

self opdrag aan die staat se onderwyshoof, S.J. du Toit, gegee het om gedurende sy reis na Europa volle inligting in te win, en skemas te laat optrek vir die stigting van 'n universiteit in die Republiek.

In 1892 het die energieke en bekwame Nicolaas Mansvelt, as Superintendent van Onderwys, gesorg vir wetgewing waardeur die Staatsgimnasium van Pretoria gestig is om studente te bekwaam vir toelating tot die Nederlandse Universiteite.

Op 10 Maart 1899 het die Volksraad verdere staatstudiebeurse wat sedert 1884 beskikbaar was vir studie in die buiteland, summier afgestem en die regering opdrag gegee om die besluit oor die oprigting van 'n universiteit in werking te stel. In die najaar van 1899 het die droom van 'n eie republikeinse universiteit, aangepas by landsaard en volksbehoeftes, egter skipbreuk gely omdat "den schendende hand des vijands" hierdie ideaal "ter aarde geworpen het" in die Anglo-Boereoorlog.[63]

Soos C.H. Rautenbach, voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria opgemerk het, het die Kruger-republiek "op die punt gestaan om oor te gaan tot oprigting van die allereerste doserende universiteit in gans Suid-Afrika",[64] as dit nie was dat die Anglo-Boereoorlog hierdie ideaal verydel het nie.

Ook in die Zuid-Afrikaansche Republiek se sustersrepubliek, die Oranje-Vrystaat, is gevoel dat 'n eie instelling die belange van die Republiek beter sal behartig. President F.W. Reitz het reeds in 1893 te kenne gegee dat die Vrystaat verplig sal wees om sy eie universiteit te stig, tensy daar tekens van 'n gesindheidsverandering by die owerhede van die eksaminerende universiteit kom en hulle dien ten gevolge bereid sou wees om hulle kragte aan die belange van die hele

63. Ibid., p. 91.

64. Ibid.

Suid-Afrika te wy. Grey-kollege is as 'n moontlike hoofsetel vir 'n eie Vrystaatse universiteit gesien.[65]

Dit was veral sy opvolger, pres. M.T. Steyn wat die pleitbesorger was vir 'n eie universiteit om die toekomstige leiers van die republiek op te lei. Tydens 'n byeenkoms van die Raad van Afgevaardigdes van die Boererepublieke in 1898 is die totstandkoming van 'n interrepublikeinse universiteit te berde gebring en het pres. Steyn en andere dit sterk by die Volksraad aanbeveel. Die gevolg was dat die Uitvoerende Raad opdrag gekry het om die voorbereidende stappe te neem en met die volgende jaarlikse sitting verslag te doen. Soos in die Transvaal, is hierdie planne die boom ingeslaan deur die oorlog.[66]

Die ondeurdagte Jameson-strooptog in 1895/96 het die tweespalt tussen Afrikaners en Engelssprekendes net verskerp, veral nadat Cecil John Rhodes se aandadigheid aan die komplot op die lappe gekom het. Aangesien Rhodes hom onvermoeid beywer het vir die omskepping van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in 'n enkele residensiële inrigting wat beide die Engelse en die Afrikanerstudent kon akkommodeer, het die Afrikaanse kolleges geglo dat hulle vermoede nou bevestig is dat hy 'n kultuur-imperialisme teenoor die Afrikaner beoog. Veral die Afrikaners wat gehoop het dat die Victoria-kollege te Stellenbosch mettertyd in 'n Afrikaanse universiteit omskep sou word, het 'n dwarsboming van hul ideaal in die gedagte van 'n ope residensiële universiteit te Kaapstad gesien.[67]

Hoewel die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop volgens

---

65. Boucher, op. cit., p. 83.
66. A. Kieser, President Steyn in die Krisisjare, 1896-1899, pp. 74-76.
67. Boucher, op. cit., pp. 87; 91.

M. Boucher blykbaar deurgaans onpartydig gebly het tydens die bitter jare van die Anglo-Boereoorlog,[68] asook gedurende die kroonkolonie-periode daarna toe doelbewuste pogings aangewend is om die eertydse Boererepublieke te verengels, o.m. deur 'n Engels-georiënteerde opvoedingstelsel en onderwysbeleid, het dit nietemin nie verhoed dat die tweespalt tussen die Engelse en Afrikaanse uitkyk op universiteitsake vergroot het nie.

Net soos die Suid-Afrikaanse kolonies ná die Anglo-Boereoorlog geleidelik voorberei moes word vir die gedagte van 'n groter staatkundige eenheid, is daar tegelykertyd gestrewe na 'n groter eenvormigheid op onderwysgebied. Waar die voormalige republieke volgens die program van die Britse hoë kommissaris, Alfred Milner, kroonkolonies moes bly totdat die Britse invloed verseker is, waarna hulle met die ander Suid-Afrikaanse state gefedereer kon word, is daar weliswaar op groter eenvormigheid op onderwysgebied besluit deur die Transvaalse en Vrystaatse inrigtings verteenwoordiging in die Universiteitsraad van die Kaap die Goeie Hoop te laat bekom, nog voordat hierdie kolonies verteenwoordigende bestuur verkry het. Soos Boucher egter aantoon, het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop eindelik in 1906 die erkende eksaminerende liggaam vir die hele Suid-Afrika geword hoewel dit wesenlik 'n Britse imperiale inrigting gebly het, geskoei op die lees van die Britse universitêre tradisie, kompleet met George V, Prins van Wallis, as kanselier.[69]

Vanaf 1910 het hoër onderwys onder die Unie-regering geressorteer. Dit was duidelik dat die bestaande opset van een eksaminerende universiteit, soos in 1906 bepaal, reeds die einde van sy bruikbaarheid bereik het. Die vernaamste probleem was die beperkte funksie van die universiteit as

68. *Ibid.*, pp. 91-93.

69. *Ibid.*, pp. 99-100; 166.

'n eksaminerende liggaam en die behoefte aan 'n volwaardige doserende universiteit.

Die voorgestelde terrein by Grootte Schuur wat Cecil John Rhodes bemaak het vir 'n nasionale doserende universiteit moet geldelik ruim bedeel word en geld was nie hiervoor beskikbaar nie. Die knoop is egter deurgehaak nadat 'n skenking van Rl miljoen van Otto Beit en Julius Wernher, veral danksy J.C. Smuts se bemiddelende rol in die onderhandelinge, verkry is.

Die voorstel vir die oprigting van 'n doserende universiteit by Groote Schuur, waarby al die kolleges ingelyf sou word, is met ernstige bedenkinge van Stellenbosch begroet. Aangesien die doserende universiteit 'n volledige reeks voor- en nagraadse kursusse sou aanbied, het dit die nodigheid van die voortgesette bestaan van die Suid-Afrikaanse Kollege en die Victoria-kollege wat as't ware op sy voorstoep was, opgehef, en was dit die gedagte dat hulle sou saamsmelt met die universiteit op Groote Schuur.[70] Die Suid-Afrikaanse Kollege en die Victoria-kollege het in dié stadium egter grotendeels reeds die onderwys-toneel oorheers op grond van gediversifiseerde studierigtings en groot studentegetalle van by die 300 elk, en het sterk aangedring op 'n oktrooi vir onafhanklike status as selfstandige universiteite.

Sake het wat Stellenbosch betref in hierdie stadium 'n besondere gunstige wending geneem. Deur bemiddeling van wyle mnr. J.H. Marais van Coetzenburg is 'n bedrag van ongeveer R1000 000 aan die kollege bemaak, wat Stellenbosch in staat gestel het om die toekenning van 'n eie oktrooi met groter oortuiging te bepleit.[71]

In 1961 het die Botha-kabinet daarin geslaag om wetgewing

---

70. <u>Ibid</u>., pp. 121-128.

71. Thom, <u>op. cit</u>., p. 67.

in te dien wat die verhouding van die bestaande kolleges teenoor die staat op 'n gemeenskaplike gelykvormige uniale basis kon plaas, en waardeur aan beide die Suid-Afrikaanse Kollege en die Victoria-kollege universitêre status verleen is. Die stap het meegebring dat Stellenbosch sy besondere karakter as 'n sentrum van hoër onderwys vir die Afrikaner behou het, en dat daar nou basies niks in die weg van die ideaal gestaan het dat "deze inrichting hare natuurlijke bestemming kan bereiken en een echte Hollands-Afrikaanse universiteit te zijn.[72]

Die res van die kolleges wat nog nie sterk genoeg was om aan onafhanklikheid te dink nie, is as konstituerende kolleges onder beheer van die nuwe federale Universiteit van Suid-Afrika geplaas wat die tradisies, bates, die koninklike oktrooi en wapen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop geërf het.[73] Die droom van eie volksgerigte universiteite wat die twee voormalige Boererepublieke gekoester het, het nou plek gemaak vir 'n federale universiteit wat vanuit die Britse universitêre tradisie ontwikkel het en baie ver verwyder was van die eens gekoesterde ideaal. Dit verklaar ook waarom hierdie inrigting 'n tweetalige inslag verkry het hoewel die oorgrote meerderheid van die studente van huis uit Afrikaanssprekende was en eers na 'n

---

72. Ibid.

73. Ses kolleges is onder die nuwe bedeling by die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer: Grey-Universiteitskollege, Bloemfontein (van 1935 af bekend as die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat); Hugenote-kollege, Wellington; Natalse Universiteitskollege, Pietermaritzburg (sedert 1931 ook in Durban); Rhodes Universiteitskollege, Grahamstad; Transvaalse Universiteitskollege, Johannesburg. Al hierdie kolleges behalwe die Hugenote-Universiteitskollege, het tot selfstandige universiteite ontwikkel.

lang taalstryd die oorwegend Afrikaanse karakter amptelik erken kon kry. Die destydse federale aard van die Universiteit van Suid-Afrika met sy verskillende konstituerende kolleges, het byna onvermydelik meegebring dat hierdie inrigting metteryd die bande met die moederinstelling kon knip om die weg van selfstandigheid in te slaan na hul onderskeie logiese bestemmings van óf Afrikaanse of Engelse universiteite te wees ooreenkomstig hul oorspronklike stigtingsoogmerke en werklike voedingsbodems. So het een na die ander die pad van selfstandigwording gevolg, beginnende by die Universiteit van die Witwatersrand (1922), gevolg deur die Universiteit van Pretoria (1930), die Universiteit van Natal (1949), die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1950) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in die daaropvolgende jaar (1951).

Die selfstandigwording van hierdie universiteite was die natuurlike ontvouing van, en innerlike groei uit die kunsmatige orde waarin hulle verkeer het. Die inrigting van die Witwatersrand en Rhodes wat in 'n oorwegend Engelse milieu tot stand gekom het, het 'n suiwer Engelse koers ingeslaan, soos die Universiteit van Kaapstad ook reeds vroeër sy Britse akademiese tradisie bevestig het. Dat die inrigtings te Pretoria en Bloemfontein mettertyd 'n Afrikaanse rigting sou inslaan, was histories bepaald. Met hul selfstandigwording in 1930 en 1950 onderskeidelik, het die inhiberende dwang van 'n vyftig-vyftigbeleid t.o.v. taalhandhawing toe te pas waar die studentekorpse oorwegend Afrikaanssprekend was, weggeval, en kon dié universiteite voortaan 'n geestelike tuiste bied waar die ideale van die Afrikaner vryelik tot uitdrukking kon kom. Die afwerping van die opgelegde Britse tradisie en die uitskakeling van Engels as algemene onderrigmedium aan hierdie twee inrigtings het egter met moeisame stryd gepaard gegaan waarin die studente geen geringe rol gespeel het nie.

Dat die Universiteitskollege van Potchefstroom nie dieselfde

probleme ondervind het nie, is hoofsaaklik daaraan te danke dat dit as 'n teologiese kweekskool vir Gereformeerde studente ontstaan het en eers in 1919 as 'n aparte universiteitskollege tot stand gekom het toe die Afrikaanse karakter daarvan reeds gevestig was. Tog, toe die Universiteitskollege in 1921 die noodgedwonge stap moes doen om inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika te soek ten einde sy finansiële probleme die hoof te probeer bied, moes dit tydelik die ideaal van 'n eie inrigting vir Christelike Hoër onderwys prysgee en die gewetensklousule aanvaar. Na 'n volgehoue veldtog van die kollegeraad en sy ondersteuners is 'n wetsontwerp egter in 1933 deur die parlement aanvaar dat die kollege "vir Christelike Hoër Onderwys" agter sy naam mag plaas en op 'n Christelike grondslag mag staan.[74]

Die universiteite in Suid-Afrika het hulself dus geleidelik begin orden ooreenkomstig die belange van die samelewingsgroepe waardeur hulle hoofsaaklik bedien is. Hoewel Afrikaanse studente aan die Universiteite van Kaapstad en Johannesburg gestudeer het by ontstentenis van mediese en ingenieursfakulteite op hul eie kampusse, was hulle in geen twyfel gelaat dat genoemde inrigtings duidelik Engels georiënteerd was met 'n sterk Britse akademiese inslag, terwyl veral die noordelike inrigtings van Bloemfontein, Potchefstroom en Pretoria in die oorgangsjare tussen 1930 en 1940 - in die woorde van David Welsh - al hoe meer in "vestings van Afrikaner-nasionalisme" omskep is.[75] Welsh gaan trouens so ver as om te beweer dat die politieke funksie van universitêre opleiding in hierdie jare, daarop gemik was om die rasse-ordening in Suid-Afrika te bevestig.[76]

74. P. Kruger, My dood kry is min, Studentehandboek vir die Jaar 1976, P.U. vir C.H.O., pp. 15-18.

75. Welsh en Savage, loc. cit., pp. 136-137.

76. D. Welsh, "Some Political and Social Determinants of

Die Universiteit van die Witwatersrand sou die "kragbron van die liberalisme"[77] in Suid-Afrika word. Toe die South African School of Mines and Technology in 1922 die vierde universiteit van Suid-Afrika geword het, het die jeugdige Jan Hendrik Hofmeyr die eerste hoof van die nuwe inrigting geword. Hoewel hy een van die begaafdste manne was wat die Afrikaner-volk opgelewer het, sou hy vanweë 'n volslae Britse opvoeding sommige van die vernaamste ideale van die Afrikanervolk afsterwe en uiteindelik as die groot apostel van die liberalisme bekend staan.[78] Voorts was daar 'n groep stewige akademici wat die beginsels van die liberalisme toegedaan was en in akademiese werke die saak van die liberalisme gepropageer het, o.a. W.M. MacMillan,[79] I.D. MacCrone[80] en R.F.A. Hoernlé, wie se werke, South African Native Policy and the liberal Spirit (1939) en Race and Reason (1945), dieselfde nablywende appèl op die Engelse student gehad het, as wat Geoff Cronje se Tuiste vir die Nageslag (1945) en Voogdyskap en Apartheid (1948) op die gemoedere van jong Afrikanerstudente gehad het.

Hoe groot die invloed was wat hierdie dosente op hul studente gehad het, blyk duidelik uit Hofmeyr se toesprake wat hy gehou het nadat hy tot die politiek as Volksraadlid vir die Suid-Afrikaanse Party toegetree het.

---

the Academic Environment", in H.W. van der Merwe en D. Welsh, Student Perspectives on South Africa, pp. 13-41.

77. Scholtz, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke...., Deel VI, 1924-1939, p. 114.

78. G.D. Scholtz, Die Bedreiging van die Liberalisme, p. 44.

79. W.M. MacMillan, The Cape Coloured Question (London, 1927).

80. I.D. MacCrone, Race Attitudes in South Africa (Johannesburg, 1937).

"There is a rising tide of liberalism in our country, especially in the universities today", het hy op 30 Oktober 1930 in 'n toespraak gesê wat hy in Johannesburg gehou het, en 'n paar maande later op 17 Maart 1931 het hy in Kaapstad hierop voortborduur:

"The young men and women ... are tired of racial appeals. They believe that our essential unity as South Africans overshadows racial differences. They are weary of appeals to colour prejudice and regard them as a sign of intellectual bancruptcy ... They want to know what this often-voiced cry means. They want to see these problems settled, not by appeals of that kind, but by honest, co-operative, constructive thinking. The result has been the birth among our university students of late a new spirit of liberalism quite independent of party applications, which is one of the most hopeful things in our national life today."[81]

Reeds gedurende die twintigerjare het die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand 'n dun stroompie Nie-Blanke studente toegelaat om aan hierdie universiteite in te skrywe, en teen 1957 toe die eerste maatreëls aan die parlement voorgelê is om 'n einde hieraan te maak, was die getalle van Nie-Blankes by Wits en Kaapstad onderskeidelik 214 en 454.[82]

Waar die Engelstalige universiteite dus al hoe meer 'n ope veelrassige aangesig begin vertoon het, het die Afrikaanse universiteite veral teen die laat dertigerjare 'n baie meer partikularistiese volksgerigtheid vertoon. Hierdie verskynsel kan alleen begryp word as dit geprojekteer word teen die

81. Scholtz, Die Ontwikkeling van die Politieke Denke...., Deel VII, pp. 114-115.

82. Table 1: Enrollment at South African Universities, 1952-1963, in M. Legassick, The National Union of South African Students, Ethnic Cleavage and Ethnic Integration in the Universities, p. 52.

breë doek van die Afrikaner se geskiedenis gedurende die eerste paar dekades van die twintigste eeu. Die herrysenis van die Afrikaner na die verguising en vertrapping onder die hiel van die Britse imperialisme gedurende die Anglo-Boereoorlog kon alleen plaasvind indien die Afrikaner oor die hele linie van sy volksbestaan kragte snoer en saambind. Dat die Afrikaner in 1948 aan bewind kon kom en in 1961 sy eie Republiek tot stand kon bring, kan alleen uit die krag van sy volksgebondenheid verklaar word. Uit die grondlaag van volkskap het sy politieke instellings soos die Nasionale Party gegroei, die Tweede Afrikaanse Taalbeweging gebloei, die erkenning van Afrikaans, moedertaal-onderrig, CNO-skole en die vertaling van die Bybel in Afrikaans plaasgevind. Op maatskaplike gebied is die Helpmekaar gestig om die Afrikaner uit sy Armblankedom uit te lig. In die handelswêreld het die Afrikaner se eie instellings soos Volkskas, Sanlam en die Afrikaanse Handelsinstituut tot stand gekom. Om hierdie kragtoer te bewerkstellig is organisasies soos die Afrikaner-Broederbond, die FAK en die Reddingsdaadbond in die lewe geroep en het volksleiers vanuit die hele kultuurfront, die kerk en die koerantwese, na vore getree.[83] Dit is derhalwe te begrype dat ook die universiteite in hierdie opsig 'n belangrike rol sou speel.

Met die selfstandigwording van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in 1950 het die rektor, prof. H. van der M. Scholtz, hierdie sentiment onderstreep:

"Die Universiteit behoort aan die volk en moet daarom uit die volk wees, 'n volksuniversiteit, geanker in die tradisies van die volk en aangevuur deur die ideale om die volk te dien ooreenkomstig sy lewens- en wêreldbeskouing, d.w.s. op 'n Christelik-Nasionale grondslag."[84]

---

83. Vgl. M.J. Swart en O. Geyser, Vyftig Jaar Volksdiens (Pretoria, 1979).

84. H. v.d. Merwe Scholtz, "Boodskap van die Rektor",

Die argument word ook deur David Welsh uitgebou. Waar die Engelssprekende gemeenskap deel van 'n gevestigde internasionale kultuur uitmaak, beweer hy, het hulle nie 'n coreenstemmende kultuurstryd as die Afrikaner deurgemaak nie. Verder het die bande met "home" meegebring dat die Engelse universiteite in terme van personeelvoorsiening nog altyd 'n hoë premie geplaas het op akademici wat van Brittanje afkomstig is of hulle opleiding aldaar geniet het, terwyl die Afrikaanse universiteite nog altyd byna uitsluitlik deur die Suid-Afrikaansgebore akademici beman is.[85]

"These different ideas about the university", som hy dan sy gedagtegang op, "reflected broadly the cultural predispositions of the two White linguistic groups. The close relationships between the volks universities and the Afrikaans movement reflected the widely held Afrikaner view that all community institutions must be harnessed together for the national struggle. The two aspects of the movement directly affected the Afrikaans universities: on the one hand it gave them a conservative, traditionalist bias because its central aim was the defence and development of a particular culture; on the other hand it involved them in the emancipation of Afrikanerdom from the imperial embrace."[86]

---

in G.J. Beukes, (red.), Die Universitiet van die Oranje-Vrystaat; 'n Feesblad gepubliseer by Geleentheid van die Selfstandigwording van die Universiteit, p. 3.

85. Welsh, "Some Political and Social Determinants...." in Van der Merwe en Welsh, Student Perspectives on South Africa, pp. 24-25.

86. Ibid., pp. 23-24; Vgl. ook M.J. Ashley, The Education of White Elites in South Africa, The Abe Bailey Institute of Interracial Studies, Reprint no. 6, s.p.; J. Degenaar, "The Concept of a 'Volksuniversiteit', in Van der Merwe en Welsh, The Future of the University....", pp. 152-156 et passim.

Hoe duidelik hierdie etniese tweespalt in die samelewing gestalte gevind het in die universiteite, en deurloop na die sewentigerjare toe, blyk onloënbaar uit die gesaghebbende Van Wyk de Vries-kommissie se verslag oor die Suid-Afrikaanse universiteitswese. Uit die vraelyste wat aan die universiteite gestuur is, en uit die voorleggings van gesaghebbende akademici wat op spesiale versoek aan die kommissie voorgelê is, het daar duidelik twee uiteenlopende sienswyses oor die wese van die universiteit uitgekristalliseer.

Die een omskrywing van die begrip universiteit wat vanuit verskillende oorde ontvang is, het almal in min of meer dieselfde woorde die universiteit omskrywe as 'n outonome inrigting, waar almal ongeag ras, kleur of geloof verenig is in 'n internasionale broederskap gebaseer op gemeenskaplike ideale in die soeke na waarheid, en wat nie op enige wyse deur die staat of die maatskappy in hul nastrewing van hierdie ideaal aan bande gelê mag word nie.[87]

As die osse net ietwat anders voor die ploeg ingespan kan word as in die kommissie se betoog, dien hulle verbatim aangehaal te word.

As bg. inderdaad 'n ware omskrywing van die begrip van die universiteit is, beweer die Kommissie, "dan sou dit 'n logiese konsekwensie wees dat die universiteit homself in gees en rigting teenoor die gemeenskap en maatskappy stel en wel omdat hy los van gemeenskap en maatskappy 'n outonome bestaan voer. Dit is dan 'n verdere logiese uitbousel dat die universiteite hom verbind aan internasionale ideale en leerstellings, homself op 'n platvorm buite die gemeen-

87. RP 25-74 Hoofverslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese. Voorsitter: J. van Wyk de Vries, par. 4.2, pp. 28-30 et passim. Vgl. ook par. 6.9, pp. 74-77 vir die oorspronklike voorlegging aan die Kommissie waaruit hierdie gedagtes afkomstig is.

skap en maatskappy plaas en daar vir hom 'n outonomie opeis, slegs begrens deur die internasionale ideale en leerstellings en onaantasbaar deur die gemeenskap, maatskappy (en staat) ... Die universiteit bestaan dus op 'n supra-nasionale platvorm met 'n selfstandigheid wat nie nasionaal gebonde is nie en enige bemoeiing met sy outonomie deur die staat, maatskappy of gemeenskap, is onbehoorlike inmenging ... Die gedagtegang word dan afgerond met die stelling dat die bg. outonomie aan die universiteit die vryheid verleen om in sy eie reg te bepaal wie as student mag toetree, wie sal doseer en wat gedoseer sal word, op die grondslag dat ras en kleur in dié opsig irrelevant is."[88]

Teenoor hierdie opvatting, het die Kommissie 'n ander stel getuienis voorgelê wat deur die meerderheid universiteite voorgestaan is. In hierdie opvatting is dit beklemtoon dat die universiteit nie supra-nasionaal is nie, maar in alle opsigte ingeweef is in die stramien van die gemeenskap waaraan hy sy ontstaan te danke het, asook in die breëre maatskappy van Suid-Afrika waarvan die aard en ontwikkelingsgang noodwendig 'n bepaalde stempel op die universiteite moes afdruk.[89] Die universiteit bestaan wel as selfstandige lewensverband tussen ander lewensverbande maar omdat dit tot stand gekom het uit 'n gemeenskaplike behoefte van belanghebbende elemente, o.m. ook die staat, het dit bepaalde funksies en verpligtinge ten aansien van die ander lewensverbande, soos elkeen van hulle ook teenoor die universiteit het.[90] Eers daarna, soek die universiteit bevrugtende wisselwerking op internasionale vlak.

Afgesien van watter gedagtes die Kommissie ookal daarop mag nahou, welke een van hierdie twee vertolkings nou die korrekte omskrywing van die wese van die universiteit mag

---

88. Ibid., par. 4.12-4.13, pp. 42-44.

89. Ibid., par. 4.3-4.4, pp. 30-35.

90. Ibid., par. 4.16, pp. 47-48.

wees, is die bevinding van die Kommissie dat eersgenoemde teorie "ondersteuning vind by ons Engelstalige universiteite, terwyl dit Afrikaanse universiteite is wat die beskouings in paragrawe 4.3 en 4.4 uiteengesit, huldig[91] (d.w.s. laasgenoemde standpunt) - vanuit historiese oorwegings belangrik.

Dit is immers hieruit duidelik dat die blanke universiteite in die breë dieselfde lewensbeskoulike tweedeling vertoon as die blanke Suid-Afrikaanse gemeenskap en dat daar klaarblyklik, aanvanklik altans, in die Suid-Afrikaanse konteks nie sprake was van Feuer se vervreemdingsteorie of van 'n verwerping van die sg. "Old Liberals" deur die "New Student Left" nie. Protesoptrede onder Suid-Afrikaanse studentegroepe het voor die berekende verradikalisering van die Engelse kampusse gedurende die sewentigs toe NUSAS 'n doelbewuste, maar grootliks abortiewe poging aangewend het om 'n studente-kontrakultuur en generasiekonflik te skep, nooit werklik tot die vlak van vervreemding tussen die jong geslag en die ouer garde uitgegroei nie. Voor die finale skeiding van weë tussen die Swart studente en die Engelse studente, wat versimboliseer is deur die stigtingskongres van Die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) gelyktydig met NUSAS se 49e jaarkongres in 1969, en NUSAS se gedeë ontnugtering in sy liberale beginsels en gevolglike radikale herstruktuering in 1970, was daar hoogstens 'n ongeduld met die tempo waarteen, en die graad waartoe die ouer garde bereid was om in die rigting van hul gemeenskaplike ideale met die jeug te beweeg.

Dit blyk onomwonde uit die belangrike rol wat dosente aan die Engelse universiteite gespeel het in die vorming van die politieke oortuiging van hulle studente. Dit sal veral uit die volgende hoofstukke na vore kom in welke mate die doserende personeel as die geestelike mentors van die ver-

---

91. Ibid., par. 4.14, p. 45.

setkampanje teen die rasseskeidingsbeleid wat die Regering op die ope kampusse afgedwing het, beskou kan word.

Dit sal ook na vore tree hoe dosente en studente saam opgetree het in straatoptogte en versetkampanjes om teen die beleid van rasseskeiding wat die Regering op die ope kampusse afgedwing het te protesteer. Dosente het dikwels as sprekers deelgeneem aan massavergaderings van studente wat betogings voorafgegaan het, en dan by dié geleenthede voorlesings oor die onderwerp gehou. Feitlik elke strydpunt waaroor 'n protesaksie van stapel gestuur is, is byna sonder uitsondering oor die boeg van akademiese vryheid gegooi. Maar omdat hierdie gemeenskap van studente en dosente hul elke keer op die standpunt beroep het dat die inkorting van akademiese vryheid bloot simptomaties is van dergelike onvryhede in die samelewing, is elke protesaksie en kritiek teen die inkorting van akademiese vryheid telkens teen die breër doek van die politieke, sosiale en ekonomiese bestel in Suid-Afrika geprojekteer.

Dieselfde verskynsel het hom ook ten opsigte van die studente-onrus in die VSA afgespeel. Seymour Martin Lipset, een van die gesaghebbendste sosioloë oor studente-aktivisme in die VSA, het in 'n artikel, The Politics of Academia, tot die gevolgtrekking gekom dat die vernaamste bydrae wat die doserende personeel tot die studente-aktivisme gelewer het, was "that a significant section of the faculty in the institutions which have been the largest centres of student radicalism, have encouraged the political values underlying such protest".[92] Hierdie bevindings word verder onderstreep

92. Aangehaal uit S.C.W. Duvenhage, Die Opstandige Student, p. 161; Vgl. ook W. Scranton, op. cit., p. 81. Volgens 'n omvattende ondersoek wat deur die American Council on Education gedurende die 1967-1978 geloods is, het dit geblyk dat bykans twee-derdes van die akademiese personeel betrokke was by die resolusies waarin die studenteproteste goedgekeur is.

deur 'n baie insiggewende artikel deur E. Joseph Shoben, jr., The Climate of Opinion wat mutatis mutandis net sowel kommentaar op die Suid-Afrikaanse studenteverset kon gewees het.

"There are significant indications", beweer hy "that the institutions where activists are visibly influential, are colleges and universities known for at least a degree of liberalism, ... traditions of vigorous support of academic freedom, and sources of outspoken student and faculty criticism of the nation's political, social and economic life."[93]

'n Verdere interessante bevinding wat deur 'n Amerikaanse sosioloog, Richard Flacks, gemaak is en ook lig werp op die houding van die studente-gemeenskappe aan die Engelstalige kampusse van Suid-Afrika, hang saam met die politieke oortuiginge van die ouers van aktiviste-studente wat hul kinders na erkende liberale universiteitsinrigtings in die VSA gestuur het. Terwyl die meerderheid van die studente aan die Amerikaanse kampusse van huis uit konserwatief en Republikeins-gesind is, het studies van studente-aktiviste aangetoon dat hûlle in die reël ouers het wat die Demokratiese Party aanhang. Meer nog, navorsing gebaseer op studente se verslae oor hul ouers; het aangetoon dat die ouers van die aktiviste geneig het om meer liberaal as die ouers van nie-aktiviste te wees. Hierdie bevindinge is verder bevestig met 'n studie waarin die ouers self ondervra is en 'n substansiële korrelasie ondervind is tussen die opvattings van die ouers en studente m.b.t. hulle politieke oortuiging, steun van groter burgerregte vir die Negers, toenemende geldbesteding vir welsyndoeleindes, ens.[94]

---

93. E.J. Shoben, "The Climate of Protest", in Foster en Long (reds.), op. cit., p. 578.

94. R. Flacks "Who Protests ...." in ibid., p. 139.

Die sterkste en mees opvallende verskil tussen hierdie ouers en hul kinders is dat die studente tipies meer radikaal as die ouers was en dat hulle bereid was om te handel ooreenkomstig hulle oortuigings, terwyl hulle ouers oor die algemeen normaalweg nie polities aktief was nie. "It is safe to say", sluit hy hierdie argument af, "that the great majority of students in the movement are not 'converts' to the position they now hold; their political development is better understood as an effort to express and fulfill certain broad values and perspectives which they acquired, to a substantial extent from their parents."[95] Sy volgende konklusie, "Inactive students, however, tended to be oriented to existing rules and legal structures", volg byna vanselfsprekend.[96]

Dat hier in Suid-Afrika 'n analoë situasie is behoef byna geen betoog nie. Die Verenigde, Progressiewe en Liberale Partye wat gedurende die sestigerjare bestaan het, was oorwegend op die Engelse kieserspubliek toegespits en het 'n baie liberaler houding met betrekking tot die volkereverhoudingsvraagstuk aangeneem as die Nasionale Party wat oorwegend 'n Afrikanerparty was en steeds is.[97] Dit is ook

95. Flacks, <u>loc. cit</u>., p. 140.

96. <u>Ibid</u>., p. 142.

97. Vgl. L. Pretorius, <u>op. cit</u>., pp. 165-166; 111. Pretorius het uit sy empiriese studie na partyvoorkeure by die Stellenbosse student gedurende die jare 1970-1974, tot die gevolgtrekking gekom "dat Afrikaanssprekende studente hulself op die kampus steeds in 'n omgewing bevind wat oorwegend gunstig ingestel is teenoor die Nasionale Party en dat hulle steeds betrokke bly by belangrike organisasies soos die Afrikaanse kerke", terwyl die Engelse studente oënskynlik meer geneig was om die Liberale en Progressiewe Partye eerder as die NP te ondersteun, en heelwat losser teenoor hierdie verbintenisse as die Afrikanerstudent gestaan het. Ver-

duidelik dat die Afrikaanse en Engelse ouers se waardeopvattings in 'n sekere sin weerklank sal vind in hul kinders se belange en aspirasies en dat hulle hul kinders na dié inrigtings sal stuur waarvan die aard en karakter die duidelikste ooreenstemming met hul eie opvattinge en lewensuitkyk vertoon.

## 1.4 Studentewoelinge in die oorgangsjare na selfstandigheid

Dat die Suid-Afrikaanse studente-organisasies dieselfde tweespalt as die Afrikaanse en Engelse studentekorpse weerspieël het, is in die lig van die voorafgaande te begrype. Welsh en Savage verklaar dat "it appears almost inevitable that if the universities are established and built around particular groups that they will generate student organisations that are similarly structured and centred in the same groups. The existing ethnic and linguistic division of ... student organisations is a mirror of what has taken place in other institutional settings. In the wider society churches ... schools, political parties and voluntary associations have all come to reflect the social and political cleavages of the wider society in their organisational structure"[98] en in hul grondslag sou 'n mens daaraan wou toevoeg. Dus, naas die Voortrekkers teenoor die Boy Scouts, die Noodhulpliga teenoor die Red Cross, SABRA teenoor die South African Institute of Race Relations, het ook die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) sy teenhanger in die Afrikaanse Studentebond gekry.

---

deel volgens huistaal het dit ook geblyk dat die Afrikaanse student se partyvoorkeure 'n noue korrelasie getoon het met die verspreiding in die Afrikaanssprekende elektoraat.

98. Welsh en Savage, loc. cit. in Van der Merwe en Welsh, "The Future of the University....", p. 142.

Soos so dikwels die geval is, beweeg sulke studente-organisasies nie alleen saam met die getye van die nasionale lewe nie, maar aan die speerpunt daarvan. Op hulle onderskeie terreine sou beide die ASB en NUSAS in 'n aansienlike mate op die voorpos bly. Omdat beide organisasies 'n sambreelkarakter het, d.w.s. inter-universitêr funksioneer ten opsigte van verskeie kampusse en nie binne die struktuur van 'n enkele universiteit val nie, is die ideologiese omlyning van hul uitgangspunte meestal veel skerper as dié van organisasies en verenigings op die kampusse self wat met die bestaande en beginselgrondslae van die onderskeie universiteite moet konformeer. In 'n groot mate lê hierdie organisasies se optrede derhalwe nie op akademiese vlak nie, maar dien dit as spreekbuise vir die twee onderskeie kultuuropvattings wat ook in die breër samelewing merkbaar is. Waar hierdie organisasies egter 'n bepaalde stellingname maak ooreenkomstig hulle grondslag en doel, vertoon dit dikwels 'n groter onbuigsaamheid en radikaliteit as by die instellings van volwassenes wat sorg moet dra dat die beginselgrondslag daarvan altyd operasioneel moet bly. Die student wat die universiteit betreë, is daarenteen nog relatief ongebonde, en in die oefenskool van sy studenteorganisasies is sy stellingname met baie meer idealistiese oorgawe op grond van die suiwer beginsel alleen, as by 'n volwassene wat rekening moet hou met bestaande praktyke en omstandighede.

Ewe waar as Clark Kerr se waarneming dat Amerikaanse studente dikwels geneig is om die kenmerke van die Amerikaanse volksaard na te boots, te verwerp of te verwring,[99] is dit dat NUSAS en die ASB die kenmerke van die Suid-Afrikaanse

---

99. Dr. Clark Kerr, president van die Berkeley Universiteit in California gedurende die 1964 studente-opstande, het die verskynsel as volg opgesom:
"Youth, both reflects, and responds to the society in which it grows. It ostentatiously imitates, rejects

samelewing ooraksentueer. Trouens die hele geskiedenis van hierdie twee organisasies weerspieël en beklemtoon hierdie tweevoudigheid van die blanke gemeenskap in Suid-Afrika.

Met die Vrede van Vereeniging in 1902 het die eertydse Boererepublieke die voorwaarde van die veroweraars ontwring dat Nederlands in die Vrystaatse en Transvaalse skole asook in die geregshowe gebesig mag word (Artikel 5), maar juis omdat die Hollandse taal, kragtens die bepalings van die vredesooreenkoms, nie tot sy reg gekom het nie, is privaat CNO-skole as teenhanger vir die regeringskole in die lewe geroep. Die taalstryd wat aldus ontketen is, het volgens Rautenbach die Afrikaner se "voorste loopgraaf geword in die worsteling om die behoud van 'n eie nasionale identiteit."[100] Met die ontstaan van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging rondom 1905 het Afrikaans, Hooghollands as taalwapen vervang.

Ook in studentegeledere het die gedagte begin posvat dat die taal die draer van die hele kultuur van die volk en daarom een van die beste middels is waardeur die selfbeeld van die Afrikaner herstel kan word. In die Mekka van die Afrikanerstudentedom, Stellenbosch, was Engels steeds die byna uitsluitlike doseermedium, maar die studente het hul jong kragte saamgesnoer en 'n uniale studentetaalkonferensie vir 6 en 7 April 1911 belê, waarheen verteenwoordigers van alle universiteits- en normaalkolleges uitgenooi is.

Hierdie konferensie dagteken die begin van die Afrikaanse studentebewegings. Uit hierdie konferensie is 'n "Studenten Werda-komitee" gebore met die leuse "Wij zullen handhaven".

---

and even distorts current characteristics of American society."
Vgl. C. Kerr, "Student Dissent and Confrontation Politics", in Foster en Long (reds.), op. cit., pp. 3-4.

100. Rautenbach, op. cit., p. 118.

Desondanks het die kongres plaasgevind en het 2 000 geesdrigtige studente daarna van die Kaapstadse stadshuis waar hulle vergader het na Jan van Riebeeck se standbeeld gemarsjeer waar N.J. van der Merwe, destyds 'n student in die teologie, 'n vurige oproep tot taalhandhawing gedoen het.[103]

Tydens 'n heldefeesdag in Kaapstad op 25 Maart 1916 is besluit dat die Vrystaat en die Transvaal hul eie Werda-komitees stig, wat dan saam met die Kaapse Werda-komitee 'n federale bestuur sou vorm. Die besluit het as aansporing gedien vir die stigting van die Afrikaanse Studentebond te Pretoria tydens die Aprilvakansie van 1916 met die doel:

"(a) Die wetenskaplike ontwikkeling van sy lede ooreenkomstig die Afrikaans-tradisionele volkskarakter;

(b) die handhawing en bevordering van die Hollands-Afrikaanse taal, lettere, kuns en geskiedenis."[104]

In die woorde van G.S. en P.J. Nienaber, begin hier "'n nuwe volkslaag, die studerende jeug, die onbetwisbare bewys lewer van sy waaragtige ontwakende erns in die moedertaal, en wel in hoofsaak in die Afrikaanse vorm, as sodanig onomwonde te erken en te handhaaf."[105]

Reeds in die eerste jare na sy stigting het die ou ASB (1916 - 1933) getoon dat hy in die voorste linie van die Afrikanervolksbeweging opereer in die stryd om die erkenning van Afrikaans en die handhawing en uitbouing van die Afrikaanse volkskarakter. Lank voordat die verskillende

103. *Ibid.*, p. 27.

104. G.S. Nienaber en P.J. Nienaber, *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging*, p. 167.

105. *Ibid.*, p. 155.

Uit die statute blyk dat veel meer as taalhandhawing beoog is.

Artikel 2 lui:

"Het komitee stelt zich ten doel: 'n selfstandige Afrikaanse volksbewustzijn, vooral onder Jong Suid-Afrika krachtig te doen ontwaken en ontwikkelen." Dit wou hulle verwerklik deur "de drie onmisbare onderpanden" van die volksbestaan te handhaaf:

(a) "de christelike godsdienst gegrond op de Heilige Schrift;

(b) de rechten en voorrechten van die Afrikaansch-Hollandsche taal;

(c) de nationale tradities van Zuid-Afrika."[101]

Dit is opgevolg deur 'n groot taalfees te Kaapstad op 1 Maart 1913 waartydens die studente deur o.m. oud-president F.W. Reitz, prof. A. Moorrees en genl. J.B.M. Hertzog toegespreek is.

Toe die plan van die beoogde taalfees rugbaar geword het, het die Engelse pers so heftig gereageer teen die "jingoïsme" dat die Spoorwegadministrasie die reeds toegestane vergunning van konsessiekaartjies weer teruggetrek het op grond daarvan dat die taalfees polities-geïnspireerd was. Vertoë, selfs na genl. Louis Botha, het op dowe ore geval en 'n warm studenteprotesvergadering ontketen, by welke geleentheid prof. Moorrees 'n vlammende protesrede gelewer het teen "de optreden van de outoriteiten" wat "gewoon misbruik van macht" is en selfs op "Russiese toestanden" dui.[102]

---

101. Studente Taalkonferentie, Inleiding, pp. 1-2, J. Postma, "Die Afrikanerstudent in Diens van Sy Volk", Wapenskou IV; 3 (1943), p. 18.

102. G.D. Scholtz, Dr Nicolaas Johannes van der Merwe; 1888-1940, pp. 25-26.

Provinsiale Rade erkenning aan Afrikaans in die skole verleen het of Afrikaans tot een van die amptelike tale van die Unie verhef is (1925), het die ASB ingevolge 'n kongresbesluit van 17 April 1918 'n petisie wat deur 378 studente onderteken was, aan die Minister van Onderwys gestuur om te vra vir die instelling van 'n leerstoel in Afrikaans en die erkenning van Afrikaans as voertaal aan die gefedereerde kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika.[106] Danksy die ASB se direkte bemoeienis en deelname aan die taalstryd, staan 1918 aangeteken as 'n triomfjaar in die stryd om die erkenning van Afrikaans. Nie alleen het die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika toestemming aan sy konstituerende kolleges verleen om Afrikaans as voertaal te gebruik nie, maar word die groot kampvegter vir Afrikaans aan die Grey Universiteitskollege, dr. D.F. Malherbe, die eerste leerstoel in Afrikaans in Suid-Afrika aangebied.

In Pretoria veral het die Raad en Senaat uit hoofde van hul hoofsaaklik Engelse samestelling vir baie jare lank 'n onverskillige houding jeens die Afrikaner se reg om sy onderrig in sy moedertaal te ontvang geopenbaar. Toe die Studenteraad van die Transvaalse Universiteitskollege op inisiatief van die ASB gedurende dieselfde jaar 'n deputasie na die Senaat gestuur het om voorspraak vir Afrikaans te doen, het hierdie liggaam op 'n buitengewone vergadering op 2 Mei erken dat die ou sisteem waardeur slegs Engels amptelike erkenning t.o.v. dosering geniet het nie langer moontlik is nie, maar nogtans die duplisering van alle geriewe as onpraktieS en onwenslik verwerp, en daarom staat gemaak op die "good sense of the students and public as not to demand the impossible and unobtainable."[107] Elke

106. <u>Ibid.</u>, p. 167.

107. <u>Ad Destinatum; Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria</u>, p. 51.

studentegenerasie sou egter onverbiddeliker aandring op sy onvervreembare reg om onderrig in sy moedertaal te ontvang op grond van die gelykberegtigingsbeginsel wat in die Zuid-Afrika Wet van 1910 vervat is. Artikel 137 was die pleganker van die Afrikanerstudent waardeur hy die owerheid tot verantwoording geroep het.

Nogtans kon die strydpunt oor die voertaalkwessie tussen die universiteitsowerheid en die studente nie bevredigend bygelê word nie sodat daar teen 1919 slegs 'n handjievol dosente was wat hul kursusse deur medium Afrikaans aangebied het, en die TUK met hierdie uitsonderings nog steeds 'n Engelsmediuminrigting was. Toe die universiteit vir die tweede semester in 1919 heropen, was Pretoria getooi in vreugdevlae om die Vrede van die Groot Oorlog te gedenk. As gevolg van die rebelse element op die Pretoriase kampus wat warm debatte oor die Anglo-Boereoorlog eerder as die Groot Oorlog gevoer het, het die Kollege-owerheid in die gespanne atmosfeer dit gerade geag om nie aan die vredeviering deel te neem nie, maar tog as gebaar 'n Union Jack op die kampus gehys. Die gemoedere onder Afrikanerstudente is egter sō opgejaag deur hierdie wapperende simbool van hul vernedering dat 'n groepie heethoofde terstond een aand na ete in 'n kamer in Kollegehuis planne begin prakseer het om die vlag daar verwyder te kry. Die beraadslagings was nog aan die gang toe 'n tweedejaarstudent, W.J. du P. Erlank (die gevierde skrywer Eitemal, en kultuurleier van later jare) woordeloos sy makkers verlaat het om die vlagmas uit te klouter en die vlag daar af te skeur. Daarna is dit seremonieel agter Kollegehuis aan die brand gesteek.[108]

Die vlaginsident het naas die opskudding en siedende verontwaardiging wat dit ontlok het, die betekenisvolle nawerking gehad dat dit die ongelyke behandeling van Afri-

---

108. Ibid., p. 52 et seq.

kaans aan die Universiteit met krag onderstreep het. Hoewel die Kollege-owerheid daarna die versigtige middeweg van 'n vyftig-vyftigbeleid sou verkondig, het daar van die gelykberegtigingsbeginsel in die praktyk min tereg gekom. Tog sou klein Afrikanerminderhede in die Raad en Senaat met die onbesweke trou en steun van die Afrikanerstudent, geleidelik veld wen vir die gedagte van 'n suiwer Afrikaanse inrigting. Dit was eers in 1932, nadat die taalmediumkwessie gekulmineer het in die berugte "teer en veer-episode van H.P. Lamont oor sy gewraakte War, Wine and Women wat die Afrikaner gruwelik beswadder het, dat daar afgesien is van die vyftig-vyftigbeleid en die Raad besluit het "dat die dienste in die eerste plek ingestel word om in die behoeftes van die Afrikaans-sprekende deel van die bevolking te voorsien."[109] Die byna onafgebroke stryd om die oorwegend Afrikaanse karakter van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat erken te kry, is niks minder dramaties as in die geval van die Transvaalse Universiteitskollege nie. So vroeg as 1929 het die Raad van die Grey Universiteitskollege 'n beleid aanvaar te dien effekte dat die belange van die Afrikaanse meerderhede sodanige erkenning sal geniet as wat sy kulturele behoeftes vereis. In 1935 het die Raad erken dat die inrigting 'n oorwegend "Afrikaanse kleur" moet dra en dat daar nie terug gekeer kan word na 'n beleid wat 'n gestrenge toepassing van die vyftig-vyftig grondslag beoog nie.[110]

Tog sou baie water onder die brug moes deurloop voordat die kleed van halfslagtigheid afgewerp kon word en die inrigitng se natuurlike Afrikaanswording erkenning sou geniet. Bakens op die pad hierna is o.m. prof. D.F. Malherbe se skorsing in 1938 oor juis hierdie twisappel en

---

109. Ibid., pp. 60-68; Vgl. ook Rautenbach op. cit., p. 118 et seq.

110. M.C.E. van Schoor (samest.), Sestig Jaar op die Bult; Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1939; 1935, s.p.

die studente en personeel se agitasie wat gelei het tot sy heraanstelling en die toegewing dat die taalmedium voortaan op 'n sestig-veertig-grondslag ten gunste van Afrikaans gereël kon word; die Groot Staking van Augustus 1939 toe bykans tagtig persent van al die studente hul klasbywoning opgeskort het oor die verbreking van die 1938-ooreenkoms en dit eers tien dae later beëindig het nadat ten volle aan hul eise voldoen is.[111] Die laaste groot konfrontasie was die studente se besluit tydens 'n massavergadering van 19 Augustus 1943 ter bekragtiging van 'n Studenteraadsbesluit om die kampus te verlaat en "finaal met die U.K.O.V.S. en sy huidige beleid te breek" op grond van die Raad se verwerping van die Universiteitskollege se Afrikaanse beleid en gepaardgaande mosie om die vyftig-vyftig beleid weer in ere te herstel.[112]

'n Aksiekomitee is deur verskeie Afrikaanse liggame op die been gebring om die protesaksie wat afgeskop het met 'n studente-fakkeloptog deur Bloemfontein se strate, te koördineer. Die felheid van die protes het meegebring dat die Raad die gewraakte mosie teruggetrek het waarop die studente besluit het om na die Bult terug te keer. M.C.E. van Schoor, 'n oud-student en tans hoogleraar aan die Universiteit beskryf dit as jare "toe Afrikanerskap op die Bult tot die suiwerste allooi gesmee is."[113]

Die ou ASB het 'n besondere rol gespeel in die kulturele renaissance van die Afrikaner. Die simboliese betekenis van die ASB se optrede om in 1925 'n gedenksteen op die graf van D.F. du Toit ("Oom Lokomotief") op te rig en in 1926 die waardevolle _Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners, 1875-1925_ uit te gee asook hul rol in

111. _Ibid._, 1939, s.p.

112. _Ibid._, 1943, s.p.

113. _Ibid._, 1939.

die samestelling van 'n Volksangbundel, is tekenend van die intense meelewing van hierdie organisasie met die opkoms van die Afrikanerkultuurgedagte in hierdie jare. Een van die belangrikste nalatenskappe van die ASB is egter die standbeeld van Marthinus Theunis Steyn wat in 1929 voor die hoofgebou van die G.U.K. onthul is. As "Vader van sy Volk" en stryder vir die behoud van die Republikeinse onafhanklikheid tot die bittereinde toe, het die ASB hierdie leier blywend vergestalt om as inspirasie vir die Afrikanerstuderende jeug te dien.[114]

In 1924 is die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) gestig onder leiding van mnr. Leo Marquard, 'n Rhodes-student van die Grey Universiteitskollege in Bloemfontein. Die sentra wat destyds by hierdie organisasie geaffilieer het, was die twee Engelstalige universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand en die Engelstalige universiteitskolleges van Natal en Rhodes, asook die Universiteit van Stellenbosch en die Transvaalse, Potchefstroomse en die Grey Universiteitskollege.

Die grondslag waarop NUSAS tot stand gekom het, was dieselfde as die van die meeste nasionale studente-unies in die buiteland, nl. dat studente sekere belange met mekaar in gemeen het uit hoofde van hul studentwees en dat 'n liggaam in die lewe geroep moet word vir die behartiging van hierdie gemeenskaplike belange. Derhalwe bevestig NUSAS in die omskrywing van sy grondslag sy opvattinge as volg:

"(A) There is an essential need for a National Union of Students in a country, whose functions are to:

(i) represent the students of the country;
(ii) provide a forum for contact between students;

114. Nienaber en Nienaber, op. cit., p. 168; Vgl. ook Van Schoor, op. cit., 1918; 1929, s.p.

(iii) defend the interests of students and further them in all spheres and provide material benefits for students;

(iv) provide a means of contact with students in other countries."[115]

Hoewel die Afrikanerstudent aanvanklik nie 'n botsing gesien het in sy dubbele lidmaatskap van die ASB wat 'n seksionele volkskulturele organisasie was en NUSAS wat studentebelange in die algemeen behartig het nie, is dit tog verbasend dat die studente uit beide taalgroepe vir bykans 'n dekade so suksesvol kon meedoen aan 'n gemeenskaplike liggaam soos NUSAS, want uit hoofde van sy grondslag dat hy verteenwoordigend wil wees van alle studente in die land, het dit beteken dat elke student verbonde aan enige van die agt bogenoemde inrigtings, outomaties lid geword het van die Nasionale Unie ongeag sy taal, godsdiens of kulturele agtergrond. In die Afrikanerstudent se stryd om erkenning te verkry vir sy taal aan die universiteite en kolleges wat dikwels nog 'n sterk Engelse inslag gehad het, het die gevoel geleidelik ontwikkel dat lidmaatskap van NUSAS die praktiese bevordering van die ideaal van selfverwesenliking van die Afrikaner kortwiek.

In die loswikkeling van die Afrikanerstudent uit NUSAS het die Afrikaner-Broederbond blykbaar geen geringe rol gespeel nie. Volgens A.N. Pelser het die Broederbond reeds in 1931 sy bekommernis te kenne gegee oor die "toenemend verderflike invloed" van NUSAS en tydens 'n byeenkoms te Johannesburg op 3 Desember 1932 tussen verteenwoordigers van die Broederbond (d.m.v. die F.A.K.) en ASB-leiers waaronder A. Hertzog en N. Diedericks wat self lede van die Broederbond was, is die idee by studente ingegee dat die Afrikaanse

---

115. 1972 - NUSAS-versameling (ongeorden). <u>Correlated Resolutions and Entrenched Clauses</u>, nr. 12, p. 3.

studente hulle van NUSAS moes onttrek en hulself in 'n afsonderlike Afrikaanse organisasie moes hergroepeer.[116] Hierdie bemoeienis van die Broederbond met die studentesake toon slegs weer eens hoe nou die studente by die Afrikanervolksbeweging gedurende hierdie jare ingeskakel het.

Dit was dus enersyds die rigtinggewende invloed van Afrikanerleiers, maar andersyds ook die sterk verskille in sienswyse oor verhoudings met die nie-blanke bevolkingsgroepe wat kort na hierdie samesprekinge gelei het tot die massa-disaffiliasie van die Afrikaner-studente uit NUSAS en die stigting van die Afrikaanse Nasionale Studentebond in 1933.

Tydens 'n massa-vergadering op die G.U.K.-kampus in Augustus 1933, net nadat 'n NUSAS-raadslid in die Studenteraad verslag gedoen het van die jongste algemene raadsvergadering van NUSAS te Pietermaritzburg, het P.J. Meyer, later direkteur van die SAUK, 'n voorstel ingedien dat die G.U.K. van NUSAS moes disaffilieer. Volgens 'n berig van Die Volksblad, het mnr Meyer "regstreeks beswaar gemaak teen die breë liberalistiese gees wat die grondslag van die NUSAS vorm en in sy dade tot uiting kom. Hy as Afrikaner met 'n vaste lewensbeskouing en doelstelling, kan hom nie met so 'n beweging vereenselwig wat in sy diepste wese 'n ander en teenoorgestelde lewensbeskouing huldig nie", het die koerant Piet Meyer se motivering uiteengesit.[117]

Verskeie studente het hulle agter mnr Meyer geskaar o.m. ook P.J. Nienaber wat toe voorsitter van die Studenteraad was. Die gevolg was dat die monstervergadering daardie aand met 81 teenoor 27 besluit dat die Studenteraad namens

---

116. A.N. Pelser, Die Afrikaner-Broederbond: Eerste Vyftig Jaar, p. 140.

117. P.J. Nienaber, "Die Stigting en Geskiedenis van die ANS", in Afrikaanse Studentebond Gedenkblad; 1948-1958, p. 13.

die G.U.K. van NUSAS sou afskei.

In dieselfde jaar dus as wat die Nasionale Party onder genl. J.B.M. Hertzog en die Suid-Afrikaanse Party onder genl. J.C. Smuts 'n versoenende houding teenoor mekaar ingeslaan en Afrikaner en Engelsman hulle politieke verskille van die verlede in die nuwe koalisie-regering van 1933 begrawe het, het die Afrikaner- en Engelsprekende student uitmekaar gespat.

Omdat soveel stof deur veral die opposisie-pers opgeskop is oor die G.U.K. se sesessie, het P.J. Meyer en P.J. Nienaber gesamentlik 'n verklaring in Die Volksblad van 22 Augustus uitgereik oor die redes waarom die G.U.K. hom van NUSAS onttrek het. In die verklaring is aangevoer dat dit NUSAS aan 'n bestendige nasionale gees en karakter ontbreek wat meebring dat dit nie 'n daadwerklike bydrae kan lewer tot die oplossing van die land se nasionale probleme nie. Daarby is beweer dat "die gees en karakter wat uit die aard van sy jaarlikse samestelling gedurende die afgelope nege jaar geopenbaar is, een (is) van 'n oorwegende negrofilistiese, imperialistiese en liberalistiese kleur."[118] Hulle het hierdie stelling verduidelik. Hulle het NUSAS se gees as negrofilisties vertolk omdat NUSAS die toelating van die Swart studente van Fort Hare by die vorige jaarkongres slegs om taktiese redes vermy het en omdat dit in daardie stadium onwenslik was, maar sodra dit prakties moontlik word, was daar niks uit die aard van die samestelling van NUSAS wat die affiliasie van die Swart universiteitskollege kon verhinder nie. As bewys vir NUSAS se imperialistiese gees, is aangevoer dat 'n groot deel van NUSAS saamgestel is uit Engelse lede "wie se hoofdoel is om Suid-Afrika hegter aan Groot Brittanje as 'home' te koppel, vir wie Suid-Afrika alleen as 'n onderdeel van die Britse Ryk behou moet word."[119] Uit die verklaring het dit geblyk dat die

---

118. Ibid., p. 14.

119. Ibid.

Afrikanerstudent veral bang was vir die kultuurimperialisme van die Engelssprekende seksie.[120] Verder het NUSAS volgens Meyer en Nienaber 'n sterk liberalistiese neiging geopenbaar wat in die weg gestaan het van 'n egte Suid-Afrikaanse nasionalisme.

Die karakter wat NUSAS uitgestraal het, het hulle hul laat afvra "waarom moet 'n bloot administratiewe liggaam bestaan waarvan ons die gees en karakter nie kan beheer in nasionale rigting nie, en wat vir ons niks meer ... kan gee nie as 'n bestendige karaktervolle liggaam wat uitgaan van 'n breë nasionalisme as grondslag?"[121]

Die studente van die Potchefstroomse Universiteitskollege en die Universiteit van Pretoria het die G.U.K. se voorbeeld gevolg en ook weggebreek van NUSAS. Op 1 September het die UP tydens 'n massavergadering 'n mosie van 142 - 75 stemme ten gunste van disaffiliasie van NUSAS aanvaar. 'n Week later het die NUSAS-president, L. de Winsen, 'n brief van die sekretaris van die PUK se Studenteraad ontvang waarin die redes vir hierdie inrigting se disaffiliasie van NUSAS bekend gemaak is. Die Studenteraad van die Potchefstroomse Universiteitskollege was bv. van mening dat NUSAS ingevolge sy grondwet, hulle nooit nasionaal kon verteenwoordig nie omdat die term nasionaal soos dit voorkom in die naam van NUSAS, volgens hulle niks meer as 'n versamelnaam was nie, en op niks nasionaals gedui het in die sin wat Afrikaners dit gewoonlik gebruik nie.[122]

---

120. Gedurende die drie jaar wat die sesessie van die Afrikaanse inrigtings voorafgegaan het, was die verhouding van Afrikaanse tot Engelse studente op die bestuur onderskeidelik 12 uit 29, 13 uit 28, en 8 uit 29 in 1933.

121. P.J. Nienaber, op. cit., p. 14.

122. N. Rubin, History of the Relations between NUSAS, The Afrikaanse Studentebond and the Afrikaanse University Centres, pp. 7, 5.

Die sesessie van die Noordelike Afrikaanse inrigtings het meegebring dat Stellenbosch wat gekant was teen afskeiding, die enigste oorblywende Afrikaanse universiteit was wat die belange van die Afrikaanse student binne die Nasionale Unie kon behartig.[123] Stellenbosch se optrede kan waarskynlik gedeeltelik daaraan toegeskrywe word dat die Stellenbosser, L. de Winsen, wat van 1933 tot 1936 NUSAS-president was, gevoel het dat die Afrikaner-student 'n konstruktiewe rol binne die Unie kon speel. Maar by die twaalde jaarlikse raadsbyeenkoms van Julie 1936 het De Winsen wie se termyn as president toe ten einde geloop het, erken dat die afwesigheid van die drie noordelike sentra meegebring het dat NUSAS nie langer sy doelstellings kon verwesenlik nie en dat die Unie syns insiens uitgedien was.

Ook Stellenbosch het sy lidmaatskap beëindig nadat hierdie universiteit se afvaardiging nie steun kon werf vir 'n konstitusionele wysiging waardeur Swartes, Kleurlinge en Asiate lidmaatskap van NUSAS ontsê sou word nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat kulturele en etniese verskille voorkeur geniet het bo gemeenskaplike ideale. In 'n fyn beredeneerde opstel, The Aspirations to a Just Society, beweer Neville Curtis en Clive Keegan, dat "Afrikaans-speaking students" - gedurende hierdie jare - "saw their culture and their aspirations as different and distinct from them - and as threatened by contact and reinforced by separation. English-speaking students saw their culture and their aspirations as in common - and as achievable by contact and threatened by separation."[124] Daarby was daar die tussenkoms van 'n derde element in die tradisionele polêre spanning tussen Afrikaanse en Engelse studente, hoofsaaklik

---

123. Ibid., p. 9.

124. N. Curtis en G. Keegan, "The Aspirations to a Just Society", in Van der Merwe en Welsh, Student Perspectives...., p. 99.

aan die Universiteitskollege van Fort Hare, maar ook in toenemende getalle aan die Universiteite van Kaapstad, die Witwatersrand en die Swart Mediese Skool by Pietermaritzburg. Dit is duidelik dat die Afrikaanse en Engelse studentegemeenskappe op grond van hul verskillende uitkyk op sake, verskillende houdings teenoor die Swart studente gekoester het en dit die breuk verhaas het. NUSAS se weifeling oor die voorstel of lidmaatskap aan Fort Hare verleen moes word, was ten minste een faktor wat gemeenskaplik was aan die onttrekking van die Afrikaanse sentra.

NUSAS was nou kennelik nie meer 'n studente-unie wat verteenwoordigend was van studentebelange op nasionale vlak nie. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die kloof tussen Engelse en Afrikaanse studente vergroot nadat hulle hulself toenemend aan opponerende kante in hul standpuntinname oor die oorlog bevind het. In ooreenstemming met die meeste anti-fascistiese organisasies, het NUSAS sterk na links oorgehel en in die proses die onderskeie studenterade en studentekorpse aan die Engelse universiteite vervreem sodat sentrum-affiliasie verval het, en NUSAS slegs 'n onsekere houvas d.m.v. sy plaaslike komitees op die kampusse behou het. Vir twaalf jaar lank het NUSAS, met sy regtervleuel afgekap en stabiliserende stertvere uitgepluk, hinkend voortgesleep as 'n "relatively small left-wing organisation with few resources other than verbal with which to participate in politics".[125]

Die keerpunt was die NUSAS-bestuursvergadering van 1945 waar die grondslae vir NUSAS-beleid vir die volgende kwarteeu vasgelê is. 'n Voorstel van die afvaardiging van die Universiteitskollege van Natal, Pietermaritzburg, "dat Fort Hare tot die bestuur van NUSAS toegelaat word", is met 11 teenoor 3 stemme goedgekeur.[126]

---

125. M. Legassick, op. cit., p. 16.

126. Ibid., p. 102 et seq.

Die Tweede Wêreldoorlog het die uitkyk op rasse-aangeleenthede oor 'n wye front beïnvloed. Dit het veral 'n proses van gelykmaking tussen die rasse van die wêreld aan die gang gesit. Soos Immanuel Wallerstein aangetoon het,[127] het feitlik die hele Asië en Afrika as bondgenote van die Weste teen die Duitsers geveg en het hierdie verhoogde kontak nuwe aspirasies by die gekoloniseerde volke gewek. Ook die neerlaag van die Weste op die tuisfront het 'n sterk indruk nagelaat. Dit was egter veral die Atlantiese Handves van 1941 wat deur die Geallieerdes opgestel is en waarin die belofte vervat is dat die vryheid wat die Europese volke deur die aggressie van Duitsland hul ontneem is, herstel sou word wat die reaksie teen oorheersing van een volk oor 'n ander - soos die Duitsers oor die res van Europa - versimboliseer het. Die erkenning van die soewereiniteit en selfbeskikkingsreg van die Wes-Europese nasies is deur die koloniale volke van Afrika en Asië omgebuig om die gelykheid tussen blanke en nie-blanke rassegroepe in te sluit. Sodoende het die neo-liberale filosofie dat alle mense vry en gelyk is en daar dus geen onderskeid tussen rasse moet wees nie na die Tweede Wêreldoorlog posgevat.

Dit het ook aan die NUSAS-standpunt 'n nuwe impetus verleen. Ter ondersteuning van die mosie oor Fort Hare, het J. Stewart, die volgende aangevoer: dat die oorlog geleer het dat eng rassistiese teorieë in konflik met die demokrasie en die Christendom is; dat NUSAS waagmoed aan die dag moet lê of stagneer; dat daar 'n definitiewe aansoek van Fort Hare vir toelating tot die Unie se geledere is en dat die tyd dus aangebreek het om Fort Hare op te neem.[128]

---

127. I. Wallerstein, Africa; The Politics of Independence, p. 56.

128. Curtis en Keegan, op. cit., pp. 102-103.

Met hierdie stap het NUSAS 'n geestelike hindernis oorbrug. In plaas van 'n versoenende houding jeens die Afrikanerstudent te probeer inslaan deur die middeweg te bewandel ten koste van sy liberale beginsel, het NUSAS nou die konsekwensies van sy beginselstandpunt aanvaar en die NUSAS-beleid vir die komende dekades van stapel laat loop ter bereiking van sy ideaal van 'n gelyke, nie-rassistiese samelewing.

Dit sou eers in 1948, tydens die nuwe driejaartermyn van president Philip Tobias wees, dat NUSAS daarin sou slaag om weer die Unie in die struktuur van plaaslike studenteregering aan die Engelse universiteite te integreer, en - sonder prysgawe van die sterk liberale kleure wat dit veral gedurende Wêreldoorlog II aangeneem het - weer 'n magsbasis op dié kampusse sou bekom. In die jare sestig en sewentig sou Philip Tobias, tans Hoogleraar in Antropologie aan die Universiteit van die Witwatersrand, figureer as een van die vurigste kampvegters vir NUSAS.

Intussen, nog vóór die disaffiliasie van Stellenbosch, het afgevaardigdes van die G.U.K., PUK en UP op 9 September 1933 in Bloemfontein vergader en 'n ontwerpkonstitusie opgestel vir 'n Afrikaanse studente-organisasie wat op 'n Protestants-Christelike en kultureel-nasionale grondslag sou berus met die doel om alle inrigtings wat hierdie lewensbeskouing toegedaan is, in een groot verteenwoordigende liggaam saam te snoer.

Op 14 Oktober 1933 het afgevaardigdes van bg. inrigtings asook die normaalkolleges van Pretoria, Bloemfontein, Potchefstroom en Steynsburg 'n studentekongres in Bloemfontein onder voorsitterskap van P.J. Meyer bygewoon met die oog op die stigting van sodanige liggaam. Dr. N. Diedericks, pas aangestel as lektor in Staatsleer aan die G.U.K. en toe nog voorsitter van die ASB, het reeds voor die kongres te kenne gegee dat die ASB, volgens sy mening, gewillig sou wees om in so 'n organisasie op te gaan.

Die oggend voor die aanvang van die eintlike kongres het dr. D.F. Malan in die voormalige Oranje Koffiehuis waar Afrikaners dikwels byeengekom het, die studente oor "Nasionalisme as Lewensbeskouing" toegespreek.[129] Dr. Malan het blykbaar die gees van die vergadering goed vertolk, want die middag is die stigting van die Afrikaanse Nasionale Studentebond in dieselfde lokaal beleef, met dr. N. Diedericks as eerste voorsitter.

Teenoor NUSAS se neutrale, ope grondslag was die van die ANS uitgesproke volksgebonde: "Die Bond berus op Protestants-Christelike en kultureel-nasionale grondslag en erken die leiding van God op elke gebied van die lewe ooreenkomstig die Afrikaanse volkstradisies soos in die geskiedenis beliggaam."[130] Met die wekroep "Nasieliefde en Nasiediens" as leuse, die Vierkleur as vlag, en 'n strydlustige lyfblad, Wapenskou, het die ANS 'n daadwerklike bydrae gelewer tot die Afrikanerdom se kulturele herlewing wat teen 1938 uitgewaaier het na alle lae van die Afrikanervolk en sy kulminasiepunt bereik het in die Voortrekker-eeufees en simboliese ossewatrek van dieselfde jaar.[131]

Waar NUSAS gedurende die Tweede Wêreldoorlog bepaald links was, sou die ANS sterk na regs oorhel. Hierdie tendens by die ANS het hom trouens reeds in die dertigerjare uitgewys. Toe Potchefstroom in 1933 van NUSAS weggebreek het, het hulle dit duidelik te kenne gegee dat hulle beswaar gehad het dat NUSAS nie kontak gesoek het met die Dietse en Duitse Studente-unies nie, en dat NUSAS as 'n sg. neutrale liggaam te eensydig was in sy beswaar teen die onderdrukking van nasionale minderhede in Duitsland.[132]

---

129. Nienaber, op. cit., p. 15.

130. "Die Grondwet van die ANS", in Wapenskou I:1 (1941), p. 32.

131. D.W. Kruger, The Making of a Nation, pp. 190-191.

132. Rubin, op. cit., p. 5.

Kort nȃ die totstandkoming van die ANS het die Bond se Buro vir Buitelandse Sake toegesien dat die "nouste kontak en samewerking" en "baie vriendskaplike verhoudings" bewerkstellig is tussen die ANS aan die eenkant en die Dietzch Studenten Verbond en die Deutsche Studentenschaft aan die anderkant.[133]

Volgens Lewis S. Feuer het lg. studentebeweging homself vanuit die staanspoor onder die Nazi-banier geskaar. Onder leiding van die Deutsche Studentenschaft het studente in 1933 klaskamers binnegestorm, liberale professore gehoon en Joodse en sosialistiese studente fisies aangerand ten einde die nie-Duitse gees aan die universiteite uit te suiwer. By die Universiteit van Kiel het hulle die afdanking van 28 professore geëis en grotendeels sukses behaal. "Within four years" beweer hy, "sixteen hundred professors had been driven from the universities and the Hochschulen; the student movement could claim considerable credit for this achievement".[134] Op 18 Oktober 1935 het die Studente-unie amptelik ontbind en het die meeste lede geword van die Nazi-party se vrywillige stormtroepe, die Bruinhemde.[135] Dit was veral gedurende die jare 1939-1945, tydens die Tweede Wêreldoorlog, dat Afrikanerstudente in die ANS met 'n sekere mate van welgevalle na die Nasionaal-Sosialistiese regeringsvorme in Europa begin kyk het. Suid-Afrika was teen die wil en sin van die meeste Afrikaners in die oorlog ingedompel nadat die parlement op Maandag 4 September ten gunste van genl. J.C. Smuts se mosie gestem het dat Suid-Afrika sy verpligtinge teenoor die vrye Weste moes nakom deur die Geallieerdes teen Duitsland in die oorlog te steun.

---

133. Nienaber, op. cit., p. 15.

134. L.S. Feuer, The Conflict of Generations, p. 285.

135. Ibid.

Waar baie Afrikaners nie spesifiek pro-Duits was nie en hoogstens gehoop het dat daar uit die stryd tussen Brittanje en die Spilmoondhede omstandighede sou voortvloei waardeur Suid-Afrika hom van Brittanje kon losmaak en sy eie onafhanklike republiek uitroep, was daar ook 'n groep wat uitgesproke pro-Duits was en 'n oorwinning vir die Duitsers begeer het ten einde 'n republiek op nasionaal-sosialistiese grondslag tot stand te bring. Hierdie Afrikaners het 'n politieke tuiste gevind in die Ossewa-Brandwag of die Nuwe Orde.[136]

Soos baie Afrikanerdosente, het die Afrikanerstudente in die algemeen ook die regering se deelname aan die oorlog veroordeel. Dit het meegebring dat die Universiteit van Pretoria beskou is as 'n broeiplek van anti-semitisme en Naziïsme en die studente en dosente as "Malanazis ... bedevilled by politics", uitgekryt is. Teen Junie 1940 het die spanning so hoog opgelaai tussen die studente en die lede van die publiek, dat die rektor verplig was om die universiteit 'n week voor die einde van die semester te sluit.[137] Dit was egter veral op Potchefstroom, intelektuele voedingshaard van die nasionaal-sosialistiese denkrigting, waar die spanning 'n krisispunt bereik het. Na die internering van enkele professore en een student en die bittere woorde wat oor die regering se optrede geval het, het sowat 500 soldate van die Potchefstroomse militêre kamp in Augustus 1940 'n nagtelike aanval op die universiteitskampus geloods en is heelwat skade aan eiendom aangerig voordat die gevegte beëindig kon word.[138]

---

136. G.D. Scholtz, Dr Hendrik French Verwoerd, 1901-1966, Deel I, pp. 121 et seq.; 159-160.

137. Ad Destinatum, op. cit., p. 88.

138. P. Krüger, op. cit., p. 23. Vgl. ook J.H. Coetzee "Die aanvalle op die Transvaler-gebou en op die P.U.K. vir C.H.O.", L.J.H. Stoker (Hoofred.), Agter Tralies en Doringdraad, pp. 66-67.

Ook die Afrikanerstudente het die hunkering gevoel dat die nasionale Afrikaner die bande met Brittanje moes afsny en sy politieke strewe in 'n Afrikaner-republiek moes verwesenlik. Dit is insiggewend dat dit juis die Afrikanerjeug was, wat die eerste stap ter verwesenliking van hierdie doel gegee het. Tydens die sewende Bondskongres te Bloemfontein in 1940, het die ANS finaal sy bloot kulturele beeld afgesweer en homself in die rol van "die strydformasie van die studerende jeug" geklee.[139] By die geleentheid het die ANS 'n Vryheidsmanifes aangeneem wat in sy aanhef die omskepping van die Unie van Suid-Afrika tot 'n republikeinse staat eis, en waarin die onderneming gegee word om nie te "skroom om alle maatreëls te tref" om dié doel te bereik nie.[140]

J.H. Coetzee wat destyds die Buro-sekretaris van die ANS was, tipeer miskien die Afrikanerstudent se bruisende entoesiasme ten beste in sy bespreking van die manifes in Wapenskou.[141]

"Die Vryheidsmanifes is aanvaar en as kultureel-staatkundige geloofsbelydenis van die ANS aan Suid-Afrika bekend gestel ... Die republikeinse ideaal ... is geen skepping van die ANS nie, dit is die siel van die Boerevolk wat daar was met sy geboorte .... Wat baie gewens het, waaroor veel gedroom het, wat hul miskien wou uitspreek maar verswyg het uit vrees vir die vyand, wat ongevormd in die siel van die volk gewoed het, het die ANS met die kenmerkende openhartigheid en ondubbelsinnigheid van die jeug uitgespreek ... Sy vaandel is die Vierkleur - 'n Vierkleur wat simbolies van sy volk se onvrye toestand, nou nog halfmas hang, maar

139. J.H. Coetzee, "Die Vryheidsmanifes" in Wapenskou, I:1 (1940), p. 24.

140. "ANS Vryheidsmanifes" in Wapenskou I:1 (1940), p. 23.

141. Coetzee, op. cit., p. 24; 8.

wanneer hy die vryheidslaer binnetree, vry sal wapper.[142] Sy marslied is 'die lied van 'n volk se ontwaking wat harte laat sidder en beef', sy inspirasie is 'n heldeverlede, sy strewe 'n vrye toekoms. Sy leuse 'nasieliefde, nasiediens'. Sy slagkreet, Ons kom Suid-Afrika, ons kom om te dien en dan te seevier!'"

Inderdaad het die ANS hier die voorhoede gevorm van 'n beweging, of altans die eerste openbare voorlegging gedoen, ter verkryging van 'n republikeinse grondwet van Suid-Afrika.

Hoewel 'n groepie vooraanstaande Afrikaners van Pretoria, Bloemfontein, en Potchefstroom reeds op 4 November 1939 in dr. Verwoerd se kantoor by Die Transvaler vergader het met die gedagte om 'n ontwerp-grondwet vir 'n republiek saam te stel sodat die ideaal des te meer tot die verbeelding van die Afrikaners sou spreek, moes dit eers 'n lang pad loop voordat dit as 'n dokument sou uitkristalliseer.[143] Hierdie optrede is eers op die volgende Bondsraad (kongres van die Afrikaner-Broederbond) in Oktober 1940 bekragtig waarna die Uitvoerende Raad, vier van die oorspronklike samestellers - L.J. du Plessis, N.J. Diedericks, H.F. Verwoerd, en T.J. Hugo - nou saam met o.m. H.B. Thom, P.J. Meyer, C.R. Kotze en J.F.J. van Rensburg in 'n beleidskommissie saamgesnoer het. Die kommissie het eers op 29 Januarie 1941 vir die eerste maal vergader en begin met die opstel van 'n grondwet vir 'n republiek wat na voltooiing ter beskikking van die Herenigde Nasionale Party gestel sou word.[144]

---

142. Dit was 'n amptelike Bondskongres-besluit dat die vlag halfstok sal hang tydens kongresse totdat die republiek vir Suid-Afrika verkry is.

143. Scholtz, Dr. Hendrik French Verwoerd...., p. 101.

144. Pelser, op. cit., p. 158. Hoewel daar geen dokumentêre bewyse beskikbaar is om die vergadering in dr. Verwoerd

Die OB se voorgestelde konstitusie vir 'n Boererepubliek dateer van 'n later datum as die ANS se Vryheidsmanifes, en is d.m.v. die Uniale Omsendbrief 1/41 van 3 Julie 1941 bekendgestel.[145]

Dit wil ook voorkom asof die ANS se republikeinse kongres, bygedra het tot die gedagte om 'n groot monstervergadering van Nasionaliste byeen te roep waar die volk sy wense i.s. 'n republiek te kenne kon gee. G.D. Scholtz vermeld in sy biografie oor N.J. van der Merwe dat "'n afvaardiging van vooraanstaande Vrystaters", die Vrystaatse Nasionale Partyleier op 9 Julie (direk na afloop van die ANS-kongres) genader het om so 'n byeenkoms in Bloemfontein te belê. Hoewel Van der Merwe nie 'n nadere aanduiding gegee het wie hierdie afvaardiging of die prikkel tot die gedagte was nie, kan 'n mens met redelike sekerheid aanvaar dat die ANS se Vryheidsmanifes van 2 Julie, waarin dieselfde volksbegeerte na 'n eie republiek opgevang is, seker nie onbetuig by die Afrikaner-nasionaliste en republikeinsgesindes sou verbygaan nie. Die gevolg van hierdie versoek van sy partygenote was 'n massa republikeinse-demonstrasie te Bloemfontein op Saterdag 20 Julie waartydens stappe vir die stigting van 'n republiek langs konstitusionele weg aan die hand gedoen is.[146]

Hoewel die ANS dus die voortou geneem het om die republikeinse gedagte te propageer, is die Vryheidsmanifes 'n al te duidelike weerspieëling van die tydsgewrig en word die ganse volkse inboedel onder die beslag van die nasionaal-

---

se kantoor met die AB se beleidskommissie i.s. 'n grondwet vir 'n Republiek te koppel nie, is die verbintenis voor die handliggend genoeg om sekere afleidinge te maak.

145. Stultz, _op. cit._, p. 80.

146. G.D. Scholtz, _Dr Nicolaas Johannes van der Merwe_, p.425 _et seq._

sosialistiese volkstaatsidee geplaas, soos o.m. blyk uit artikels 9, 10 en 11 waarin die volgende in die vooruitsig gestel is: 'n regverdiger aanwending van natuurlike en produksiebronne, ongeag die feit dat gevestigde belange daardeur aangetas mag word; 'n regverdiger verdeling van die nasionale inkome tussen die investeringsgroepe en die arbeidsmag; die reorganisasie van sleutelbedrywe onder staatskontrole.[147]

Teen 1941 het die ANS so radikaal regs beweeg dat die meeste studenterade formeel gedisaffilieer het en die ANS voortaan slegs takke van die verskillende kampusse kon organiseer. By die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat het die ANS se toenemend nasionaal-sosialistiese denkpatroon meegebring dat 'n eie en onafhanklike Afrikaner-Studentevereniging gestig is vir die herstel en uitbouing van 'n suiwer Christelik-nasionale lewensbeskouing. Hierdie vereniging het gedurende die res van die oorlogsjare die gees en rigting van die Vrystaatse kampus bepaal en is in 1948 met die stigting van die teenswoordige Afrikaanse Studentebond weer ontbind.[148] Die ANS se verlies aan 'n breë magsbasis onder studentegeledere moet veral toegeskrywe word aan die feit dat dié organisasie in 1941 nouer samewerking met die Ossewa-Brandwag gesoek het deur dr. J.F.J. van Rensburg, kommandant-generaal van die OB, as ere-president van die ANS aan te stel en tydens die agtste kongres in Julie van dieselfde jaar, begin het om die samestelling van die verskillende besture te reorganiseer op die sg. "Führerprinzip".[149]

Die redes wat N.J. de W. Pansegrouw aangegee het waarom hy die redakteurskap van Wapenskou neergelê het, is tekenend van die verset wat oral onder studente teen die ANS se nuwe

147. "ANS Vryheidsmanifes", loc. cit., p. 23.
148. Van Schoor, op. cit., 1933, s.p.
149. J.F.W. Haak, "ANS se Hoofleier" (Hoofartikel), Wapenskou II:1 (1941), pp. 3, 5.

beeld uitgebreek het. Hy het aangevoer dat die ANS-bestuur in sy samesprekinge met Van Rensburg, duidelik te kenne gegee het dat die reorganisasie geskied in verwerping van die demokrasie, selfs in die vorm wat die Federale Raad van die Herenigde Nasionale Party o.l.v. dr. Malan dit voorgestaan het. "Met so 'n optrede", het hy gesê, "sal ek my onder geen omstandighede kan vereenselwig nie, omdat ek die teenswoordige gekoketteer met vreemde totalitariese politieke ideologieë, nie anders kan beskou as detrimenteel vir die politieke toekoms van die Afrikanerdoem nie".[150]

Teen 1945 was die nasionaal-sosialistiese gedagterigting uitgewoed en het die ANS, soos 'n bootjie sonder 'n roer, koersloos en bestemmingloos voortgedobber. Reeds in Januarie 1948 het die Uitvoerende Raad van die Broederbond hierdie toedrag van sake waargeneem en besluit om die inisiatief te neem om 'n sterk nasionale studentebeweging op die been te help bring om die verlammende uitwerking van verdeeldheid in Afrikaner-studentegeledere te help besweer. Dosente uit die Broederbond-kring aan die verskillende universiteite is genader om die studenteleiers taktvol te bearbei.[151] Dat die saad op vrugbare grond sou val, hang onder meer saam met die Nasionale Party se verrassende oorwinning by die stembus op 26 Mei 1948. Vir die eerste maal in die geskiedenis het 'n suiwer Afrikaner-regering die leisels in die hand gehad. Die hunkering van die Afrikanerstudent om op studentevlak te deel in sy volk se nuutgevonde eenheidsvreugde, word verwoord deur C.V. (Nak) van der Merwe, wat in 1948 studenteraadsvoorsitter van die UP was en in Augustus dieselfde jaar ook die eerste president van die huidige Afrikaanse Studentebond sou word: "Die Afrikanervolk was op die golf van sy grootste triomf ... maar die studente-organisasies van die Afrikaanse universiteite

150. N.J. de W. Pansegrouw - "ANS-bestuur", Wapenskou, II:1 (1941), pp. 52-53.

151. Pelser, op. cit., p. 140.

kon nouliks in meer groepe verdeel gewees het."[152]

Die Afrikaanse Studentebond wat egter op 14 Augustus 1948 tot stand gekom en die uitgediende ANS vervang het, het anders as sy voorgangers geen proteskarakter gehad nie. Vir die eerste maal in die annale van die Afrikaner-studentebewegings, kon die Afrikanerstudent hom ten volle met die politieke denke en benadering van die regering van die dag vereenselwig.

Hoe ingrypend die wending was wat deur die Nasionale Party se oorwinning op die Suid-Afrikaanse politieke toneel teweeggebring is, sou eers gedurende die volgende lustrum of twee begryp kon word. Onder die stuwing van 'n nuutgevonde Afrikanereenheid wat gestoel het op die wortels van onderlinge verbondenheid aan taal, godsdiens, onderwys en kultuur, het die Afrikaner 'n nuwe politieke styl en denke ontwerp wat al hoe meer die stempel van die Afrikaner-tradisie en -lewensopvatting op die samelewing begin afdruk het. Veral die gedagte van selfhandhawing en behoud van die eie Afrikaneridentiteit het in die Afrikaner se benadering tot en hantering van die rassevraagstuk, wat sedert 1948 toenemend die politieke toneel oorheers het, na vore gekom.

Uit dit alles spreek 'n selfvertroue en idealisme wat die Afrikaner teen die laat vyftiger- en vroeg sestigerjare ervaar het, oor die daarstelling van 'n nuwe orde in Suid-Afrika wat nooit weer daarna geëwenaar is nie. Hiervan was die groot Volkskongres wat in die H. van der Merwe Scholtz-saal van die Vrystaatse Universiteit van 28 tot 30 Junie 1956 gehou is, die treffendste illustrasie. Meer as 800 afgevaardigdes van alle moontlike Afrikaanse instellings op ekonomiese, kulturele, politieke en kerk-

152. C.V. van der Merwe, "Boodskappe van die Oud-presidente, 1948-1949", Afrikaanse Studentebond Gedenkblad, 1948-1958, p. 5.

like gebied het onder die beskerming van die F.A.K., SABRA en die Afrikaanse susterskerke in Bloemfontein saamgetrek om die aanbevelings van die Kommissie van Sosio-ekonomiese Ondersoek van Bantoegebiede, beter bekend as die Tomlinson-kommissie, uit te trap.

Die algemene toonaard was een van erns en versigtige optimisme. Daar is tot die oortuiging geraak dat daar net een van twee weë bewandel kon word: dit was 'n duidelike keuse tussen apartheid en integrasie.[153]

Prof. F.R. Tomlinson self het die koers aangedui. "Die Tomlinson-kommissie glo", het hy gesê, "dat daar geen ander keuse is nie. Dit is die uitdaging wat die oorblewende deel van die 20e eeu aan Suid-Afrika stel en die eerste tien of vyftien jaar van nou af sal beslissend wees. Mag die huidige geslag groot genoeg wees om die uitdaging te aanvaar. By hierdie geslag lê die beslissing. 'n Volgende geslag sal waarskynlik geen kans op 'n beslissing hê nie."[154]

Die kongresgangers is die volgende dag huis toe met die ewe gewigtige woorde van ds. W.A. Landman, voorsitter van SABRA, waarskynlik nog in hul harte:

"Die ernstige roeping van elke kongresganger is om van hier uit te gaan met die boodskap dat dit die belangrikste en die beslissenste uur in die geskiedenis van die Afrikanervolk is ... Daar was al 'n Bloedrivier, maar daar was nog geen uur soos hierdie vir ons volk."[155]

Dat hierdie volkskongres ook op die gemoedere van die Afrikanerjeug 'n diepe indruk gemaak het, blyk uit die beleids-

---

153. Die Volksblad (Hoofartikel) 28-6-'56.

154. Ibid., 29-6-'56.

155. Ibid., 30-6-'56.

verklaring t.o.v. afsonderlike ontwikkeling wat die ASB net die volgende jaar by die 9de Bondskongres te Stellenbosch geformuleer het. Al die fragmentariese uitsprake oor apartheid in die verlede is nou saamgevat in 'n omvattende beleidsuiteensetting waarin die gedagte van eventuele politieke, sosiale en ekonomiese geskeide gelykberegtiging vir die eerste maal in die ASB se beleid gestalte gekry het.[156] Dit is duidelik dat die ASB in die beleidskoers van die regering van die dag, 'n politieke ruspunt vir sy gemoed gevind het. Voortaan, vir die dekade sestig altans, sou die Afrikanerstudent en sy bewegings op die voetspoor van die Nasionale Party loop en sou die ASB hom beywer vir die bestendiging van die ideale wat hy in gemeen met die Regering onder Nasionale Party bewind gekoester het.

In die proses van politieke sosialisering - vgl. maar die rol van voogorganisasies soos die Afrikaner-Broederbond op die Ruiterwag en die invloed van SABRA op die ideale wat die ASB, die Junior Rapportryers en die destydse Nasionale Jeugbond met mekaar in gemeen gehad het[157] - word die homogeniserende invloed van dié organisasies weerspieël. Dit is terselfdertyd 'n weerspieëling van die historiese proses waardeur die Afrikanerstudent rondom die Nasionale Party met sy eiesoortige politieke filosofie verenig is. In die geheel gesien sou dit op die lang duur 'n remskoenwerking plaas op die Afrikanerstudent se intellektuele mobiliteit ten aansien van die inisiëring van politieke verandering. Deur die vervlegting van die ideale van Afrikanerorganisasies het die Afrikanerstudent so deel van die Afrikaner-"Establishment" geword, so in die greep van die politieke ideologie van die Nasionale Party gekom, dat dit

---

156. J.D. van der Vyver, "Die Werksaamhede van die ASB ten aansien van Rasseverhoudings", ASB-gedenkblad, 1948-1958, p. 28.

157. I. Wilkins en H. Strydom, The Super-Afrikaners, pp. 428-436; 406-427.

nie méér vatbaar vir verandering as die breër Afrikanersegment van die elektoraat was nie.

Waar daar teen die middel sestigerjare 'n kraak in die bykans monolitiese eenheidsfront van die Nasionale Party sou verskyn as gevolg van woelinge in partygeledere, die Afrikaanse pers, die sakewêreld en Afrikaner-kultuurorganisasies, wat in 1969 sou lei tot die opsplitsing van 'n groep o.l.v. dr. Albert Hertzog om die Herstigte Nasionale Party tot stand te bring, sou die studente egter ook hierby betrek word, soos blyk uit die studente-unie van Stellenbosch se disaffiliasie van die ASB op 15 Mei 1968.[158]

Waar hierdie homogeniserende invloed nie in dieselfde mate by die Engelssprekende segment van die breë bevolking of by die Engelse studentegemeenskap teenwoordig was nie,[159] kon NUSAS die rol van pasaangeër vir politieke verandering ooreenkomstig sy ideale speel. Lawrence Schlemmer het die sensitiwiteit wat die jeug normaalweg vir politieke strominge openbaar, pastersteek opgesom in sy artikel <u>The Afrikaners; Youth and Change</u>, op die veronderstelling dat "younger people will be in the vanguard of social and political renewal, whereas their elders will retain beliefs and attitudes appropriate to past political climates. Although this assumption can be overstressed, there is

---

158. Vgl. B.J. Schoeman, <u>Voster se 1000 Dae</u> (Kaapstad, 1974) en J.H.P. Serfontein, <u>Die Verkrampte Aanslag</u> (Kaapstad, 1970).

159. Eers gedurende die sewentigerjare, sou die liberale buiteparlementêre opposisie in 'n baie groter mate kragte snoer. NUSAS, die South African Institute of Race Relations (SAIRR), Christelike Instituut en sy projekburo, Study Project on Christianity in an Apartheid Society (SPRO-CAS), University Christian Movement, asook die Black Sash-beweging het mekaar veel meer in hul optredes gesteierwerk as voorheen.

obviously some validity in the postulate that the attitude of young people tend to point in the direction of change.[160]

Met die politieke oorwinning van die Nasionale Party in die 1948-verkiesing en die verwesenliking van sy republikeinse ideaal met Republiekwording op 31 Mei 1961, het die Engelssprekende hom vir die eerste maal in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in 'n posisie van politieke magteloosheid teenoor Afrikanersupremasie bevind. Hoewel die Nasionale Party teen die begin van die sestigerjare 'n groter nasionale eenheid, gemeenskaplike lojaliteit en trou teenoor Suid-Afrika begin verkondig het,[161] is die ou ideologiese tweespalt tussen Afrikaners en Engelssprekendes in sommige opsigte slegs oorwoeker deur 'n nuwe verdelingsfaktor, nl. die verhoudingsvraagstuk tussen Wit en Swart. Die duidelik uiteenlopende beleidsrigtinge wat die Nasionale Party en die oorwegend Engelssprekende opposisiepartye oor die volkereverhoudingsvraagstuk voorgestaan het, het die tradisionele tweespalt grotendeels bestendig hoewel dit nou hoofsaaklik op 'n ander niveau gefunksioneer het.

Die Afrikaner se waarneming van die magte wat hom bedreig, het veral gedurende die sestigerjare as gevolg van die Sharpville en Rivonia-voorvalle en die nuutgesmede eenheid van 'n Suid-Afrikaanse republiek, oorgeslaan van 'n vrees vir Engelse assimilasie na 'n vrees vir swart politieke oorheersing. Deur die klem steeds meer te laat val op blanke eenheid in die aangesig van 'n totale aanslag op 'n beleërde blanke Suid-Afrikaanse nasie, is die bedreiging nou ingeklee in terme wat 'n appél op beide kultuurgroepe gemaak het. Na republiekwording het die Engelssprekende segment van die blanke elektoraat by wyse van hulle vernaamste politieke arm, die Verenigde Party, basies net

---

160. L. Schlemmer, "The Afrikaners: Youth and Change", Optima, XXIV:2 (1974), p. 57.

161. Muller, op. cit., p. 416.

twee keuses gehad: óf hulle moes emigreer terug Brittanje toe, of hulle moes Suid-Afrika as hul permanente tuiste aanvaar en die stryd om blanke selfbehoud saam met die Nasionale Party aanpak. Soos David Dalcanton aantoon, is daar gedurende hierdie jare 'n merkbare ontwikkeling van 'n konserwatiewer gesindheid by die meerderheid Engelssprekende Suid-Afrikaners te bespeur en word die gedagte van blanke oorheersing ("domination") geredelik aanvaar, hoewel hulle die beginsel daarvan minder trou as die Afrikaners onderskrywe.[162]

Ondanks die meerderheidsteun van Engelssprekendes wat die Verenigde Party gedurende hierdie jare geniet, is daar nietemin steeds 'n beduidende liberale sektor in die Suid-Afrikaanse samelewing wat as die intellektuele afstammelinge van die "Cape Liberals", blanke heerskappy verwerp ten gunste van rassegelykstelling en sodoende die ideologiese tweespalt tussen Arikaner en Engelssprekende bestendig. Na die oorlye van die Liberale Party in 1968 as gevolg van die Wet op Onbehoorlike Inmenging (nr. 51 van 1968) wat veelrassige partyvorming verbied het,[163] is die liberale erfgoed hoofsaaklik bemaak aan die Engelse pers, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die Christelike Instituut, NUSAS, Black Sash en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRR). Soos Cherry Michelman aandui vorm hierdie organisasies die liberale establishment wat as 'n buite-parlementêre koalisie mekaar onderling ondersteun in die organisering van gemeenskaplike protes teen die beleid van afsonderlike ontwikkeling. As politieke oningewydes teer die lede egter "on their sense of moral

---

162. C.D. Dalcanton, The Afrikaners of South Africa: A Case Study of Identity Formation and Change, pp. 225-228; 238.

163. J. Robertson, Liberalism in South Africa, 1948-1963, p. 230.

obligation rather than on political hope."[164]

Vir die eerste maal het die Engelse studentegemeenskap nou die verdeling begin voel wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling begin skep het en die inbreuk wat dit gemaak het op hul opvattinge van 'n "common society." Waar die liberalisme wat Leo Marquard voorgestaan het met die stigting van NUSAS, bloot 'n openheid van gees in die kontak tussen groepe onderling veronderstel het, het die veranderde omstandighede na 1948 aan die studente-liberalisme 'n bepaalde ideologiese inslag verleen. Volgens Curtis en Keegan het hierdie liberale geesteshouding onder studente "now began to emerge as a clear policy, and under later pressures of society, were to become on the one hand an ideological liberalism - almost as conservative and defined (closed) as Afrikaner nationalism on the other."[165]

Hierdie keersy van die munt d.w.s. NUSAS se nuwe toe-eiening van, en betrokkenheid by 'n ideaal wat deur die wetgewing en optrede van die Nasionale Party-regering bedreig is en daaraan 'n nuwe impetus verleen het, is die tema van wat sal volg.

164. C. Michelman, The Black Sash of South Africa, p.11. Vgl. ook die hele eerste hoofstuk, "South Africa and the Liberal Establishment" in ibid., pp. 1-23.

165. Curtis en Keegan, loc. cit., in Van der Merwe en Welsh, Student Perspectives...., p. 101.

# HOOFSTUK II

## DIE STRYD OM DIE BEHOUD VAN DIE OPE UNIVERSITEITE

### 2.1 Nasionale Party-druk vir akademiese apartheid

Die eerste duidelike manifestasie van studenteverset aan die Engelstalige kampusse van Suid-Afrika het ontwikkel as 'n reaksie teen die poging van die regering onder Nasionale Party-bewind om aparte universiteite vir Blank en Nie-Blank te skep. Ter wille van duidelikheid moet 'n onderskeid gemaak word tussen twee kategorieë van faktore wat in die onderhawige geval werksaam was. Ons het eerstens te doen met 'n direkte aanleidende strydpunt, nl. dat die ope universiteite en die Universiteit van Durban waar die Nie-Blanke Mediese Skool gehuisves was, gevoel het dat die poging van owerheidsweë om afsonderlike universiteitsgeriewe vir die verskillende bevolkingsgroepe daar te stel, die akademiese vryheid van die universiteit "om self te bepaal wie sal doseer, wat gedoseer sal word en aan wie gedoseer sal word,"[1] skend.

Hoewel dit deeglik daarmee rekening gehou het, was die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding (nr. 45 van 1959), waardeur die universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad die reg verbeur het om klasse op 'n veelrassige grondslag aan te bied, in die eerste instansie nie vanuit akademiese-opvoedkundige oorwegings ontwerp nie, maar as een van die sluitstene van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Deurdat hierdie maatreël die status en die akademiese vryheid van die ope universiteite in die gedrang gebring het, het dit die ontbrandingspunt van die universiteite se verset gevorm en eindelik as katalisator gedien vir die verset teen die stelsel van afsonderlike

---

1. A. v.d. S. Centlivres, R. Feetham (e.a.), The Open Universities in South Africa, pp. 11-12.

ontwikkeling. Die wyse waarop hierdie twee sake met mekaar deur die voorstanders van die ope, geïntegreerde universiteite in verband gebring is, was om te redeneer dat akademiese vryheid nie *in vacuo* bestaan nie, maar alleen wanneer ook die ander vryhede in die maatskappy gewaarborg word. Skending van die akademiese vryheid om te bepaal wie sal doseer, wat gedoseer sal word en aan wie gedoseer sal word, het dus ook skendings van mensevryhede in die maatskappy geïmpliseer. Die enigste metode waardeur die outonomie en die akademiese integriteit van die universiteite dus gewaarborg kon word, was om die byl aan die wortel van die kwaad te lê, d.w.s. die stelsel van afsonderlike ontwikkeling, of die landsbeleid en landswette wat skeiding beoog.[2]

In die tweede opsig moet die dieperliggende agtergrondsfaktore wat met die hele klimaat en samelewingstoestand in Suid-Afrika saamhang dus in ag geneem word, t.w. Suid-Afrika se volkereverhoudingsvraagstuk. Hoewel die protes begin het by wat die ope universiteite en hul studente gesien het as 'n verlies van status en die aantasting van hul outonomie, het die swaartepunt van die verset, veral onder die invloed van die studente, al hoe duideliker oorgehel na 'n verontwaardiging oor die sg. berowing van die Swartes se regte en die aantasting van hul menswaardigheid deur die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Reeds in 1957 toe dit wou lyk asof die regering die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding op die wetboek gaan plaas, het NUSAS by sy jaarlikse kongres in Julie 'n resolusie aangeneem wat daarop dui dat hulle 'n behandeling van die oorsake en nie net van die simptome van die ongewensde inmenging in die universitêre praktyke van die ope universiteite wou sien. Derhalwe lui reso-

2. *Ibid.*, veral hfst. 5.

lusie 122/57 as volg:

(b) "Assembly considers that as it is a student body and not a political body, it should engage in only those aspects of life having a particular reference to the student and education.

(c) However, Assembly realizes that education is an integral part of, and stands or falls with, the total policy of apartheid applying to all spheres of South African life.

(d) Consequently, Assembly declares its opposition to the government policy of apartheid, which deprives South Africans of freedom of movement, association, expression, study and worship and inter alia impedes the full development of a true democratic educational system in South Africa ..."[3]

Hoewel hierdie tweede faktor wesentlik buite die universiteit lê en duidelik onderskeibaar van eersgenoemde faktor is, is hul intiem verweef en vorm dit die eintlike spil waarom studenteverset aan die Engelstalige universiteite gedurende die laat vyftigerjare gedraai het.

Dat die rasseprobleem en die volkereverhoudingsvraagstuk die werklike dryfkrag agter die studente-protesbeweging moes vorm, is in die lig van die eerste hoofstuk eintlik voor die hand liggend. Histories gesien, hang Suid-Afrika se grootste enkele maatskaplike en politieke probleem sekerlik saam met sy volkeresamestelling en waar die universiteite mikro-kosmies sommige van die politieke, maatskaplike en kulturele dimensies van die breër samelewing waarvan dit deel is, reflekteer, is dit te begrype dat die knellendste probleme en verskille in die breër samelewing ook by die universiteite ingespieël sal word. Om bogenoemde verskyn-

3. NUSAS Assembly Minutes 1957, p. 34.

sel te begryp, verg 'n enigsins breër historiese aanloop.

In baie opsigte was die val van die Smuts-regering waardeur die nasionale Afrikanerdom as die Herenigde Nasionale Party op 26 Mei 1948 aan die bewind gekom het 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hoewel die Nasionale Party 'n naelskraap-oorwinning oor die Verenigde Party behaal het, het dit nie die nuwe premier, dr. D.F. Malan, en sy kollegas afgeskrik om 'n nuwe, meer oortuigende, doktrinêre en dinamiese beleid in sake Blank-Swart-betrekkinge in te slaan as wat Suid-Afrika sedert Uniewording ondervind het nie. Van meet af aan het die apartheidsbeleid van die nasionale Afrikaner hom in 'n maalstroom van etiese, sosiologiese en politieke vraagstukke gedompel wat diepgaande beroeringe, nie alleen hier te lande nie, maar ook in baie ander wêrelddele ontketen het. Die beleid is historiese gewordene wat oor geslagte heen neerslag gevind het in 'n geesteshouding dat elke volk eiendomlike eienskappe het wat bedreig word deur die integrasie met ander kultuurgemeenskappe op 'n ander ontwikkelingspeil en van 'n ander kulturele agtergrond. Ook met 'n eie historiese aanloop is die opponerende gedagterigting dat die oprigting van permanente sosiale en politieke skanse tussen op mekaar aangewese volke en rasse futiel is; dit werk ongeregtigheid in die hand en tas menswaardigheid aan.

Die Afrikaner, wat hom nog skaars losgewikkel het uit die ernstige sosiaal-ekonomiese bestaanstryd wat hy gedurende die twintiger en dertigerjare ondervind het, het in die haas ongereguleerde ekonomiese integrasie onder die Verenigde Party se <u>laissez-faire</u>-beleid m.b.t. die swart verstedelikingsproses, 'n konflikpotensiaal bemerk wat, hoewel dit aanvanklik primêr op ekonomiese vlak na vore getreë het, mettertyd ook in 'n konfrontasie om politieke heerskappy kon ontwikkel en sodoende die nasionale self-

standigheid van die Blanke kon onderploeg.[4] Derhalwe het die Herenigde Nasionale Party, bewus van die deurslaggewende rol wat die kleurkwessie vorentoe sou speel, reeds in 1945 'n kleurvraagstukkommissie onder die voorsitterskap van die latere bekende minister Paul Sauer aangewys wat 'n grondige ondersoek na die verskillende aspekte van die Blank-Swart-verhoudingsvraagstuk moes instel en aanbevelings aan die partyleiding moes doen. Die Sauerverslag wat hieruit voortgespruit het, was nie alleen die eerste poging om die Afrikaner se vernaamste opvattings oor skeiding prinsipieel in 'n beleidsformule te verantwoord nie, maar sou ook in die eerste lustrum of twee daarna, die grondslag vir die regering se hantering van die kleurvraagstuk vorm.[5] Na 1948 het die regering die sluise oopgedraai en 'n stroom wette gepromulgeer waardeur 'n "Tuiste vir die Nageslag" geskep en die onvervreembare reg van 'n eie identiteit verskans kon word.

Hieronder kan onder meer die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike (nr. 55 van 1949), die Wysigingswet op Ontug (nr. 21 van 1950), asook twee besonder omstrede maatreëls, t.w. die Wet op Groepsgebiede (nr. 41 van 1950 soos gewysig in 1957 en 1965), en die Wet op Behoud van Aparte Geriewe (nr. 49 van 1953) genoem word.

Ingevolge eersgenoemde wet op groepsgebiede vir Blankes, Kleurlinge en Asiate deur die Minister van Beplanning aan die verskillende bevolkingsgroepe toegeken en persone wat nie gekwalifiseer het om langer daar te bly woon nie, verskuif na die gebied wat aan hul toegewys is. Lg. wet het voorsiening gemaak vir 'n kleurskeidslyn in alle openbare

4. N.J. Rhoodie, Apartheid en Partnership, p. 51.

5. B.M. Schoeman, Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976, p. 275; Rhoodie, op. cit., p. 55.

geboue, geriewe en vervoer deur middel van o.m. die krenkende bordjies "Net vir Blankes" of "Nie-Blankes."[6] Hierdie maatreëls het mettertyd die pejoratiewe stempel van "klein apartheid" gekry en een van die belangrikste teikens vir die teenstanders van apartheid geword.

'n Ander reeks wette was gemik op instromingsbeheer, werkafbakening en die regulering van ekonomiese integrasie ten einde te verhoed dat 'n getalryke, permanent gevestigde swart proletariaat, deur die omweg van ekonomiese integrasie, 'n politieke magsbasis in blanke gebied verkry.[7] Influksbeheer is hoofsaaklik toegepas deur die Wet op Voorkoming van Onwettige Plakkery (nr. 52 van 1951); die Wet op Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente (nr. 67 van 1952) waarvolgens die dra van 'n enkele verwysingsboek verpligtend geword het en voortaan op aanvraag vertoon moes word; die Wysigingswet op Naturellewette (nr. 54 van 1952) waarkragtens 'n Suid-Afrikaans gebore Swartman 'n stedelike gebied vir sewe uur sonder 'n spesiale permit mag besoek; en die Wysigingswette op Bantoewetgewing van 1957, 1963 en 1964 waarvan die vernaamste oogmerk was om bykomende masjinerie te skep vir die regulering van die Swartman se instroming na Blanke-geproklameerde gebiede. Daarbenewens het die regering die bedingingsposisie wat deur die kollektiewe mag van die swart vakbonde uitgeoefen kon word effektief gekniehalter deur die Wet op Naturelle-arbeid, Beslegting van Geskille (nr. 48 van 1953) en die Nywerheidsversoeningswette van 1956, 1959 en 1966. Die kumulatiewe uitwerking van hierdie maatreëls het meegebring dat vakbonde verbied is om swart lede te werf; dat Swartes verbied is om te staak; en dat sekere soorte werk slegs vir blanke werkers gereserveer is om hulle teen goedkoop swart arbeid te beskerm. Hoewel Swartes nie deur die wet verhinder is om hul eie vakbonde te stig nie, is hulle nogtans amptelike registrasie

6. F.A. van Jaarsveld, <u>Die Evolusie van Apartheid</u>, p. 11; M. Horrel, <u>Legislation and Race Relations</u>, pp. 30-31.

7. Rhoodie, <u>op. cit.</u>, pp. 99-100.

ontsê wat uiteraard die beslegting van geskille en die bedinging van voordele met hul werkgewers ernstig gekortwiek het.[8]

Hoewel hierdie wette nie die kerne van die apartheidsbeleid moes uitmaak nie - daar is 'n veel positiewer sy van die apartheidswetgewing - het dit nietemin die brandhout vir die versetvure teen die beleid verskaf. Al het die Nasionale Party eers na die bewindsaanvaarding van dr. H.F. Verwoerd amptelik die grondwetlike implikasies van sy beleid helder ingesien en in beginsel die reg van swart volke erken om tot volle politieke onafhanklikheid binne hul tradisionele hartlande te ontwikkel, is dit bloot 'n logiese konsekwensie van 'n beleidsrigting waarvan die vernaamste kontoere reeds vanuit die staanspoor aangelê was.[9] In 'n verkiesingspamflet wat deur die Nasionale Party-hoofkantoor kort voor die 1948-verkiesing uitgegee is, het die Party onderneem om "die vernaamste etniese groepe en sub-groepe van die Bantoe in hul onderskeie gebiede saam te trek waar elke groep tot 'n selfversorgende eenheid kon ontwikkel" en waar "progressiewe Nie-Blankes 'n aktiewe rol kan speel in die ontwikkeling van hul eie volke."[10] Die toekenning van selfbestuur aan die Swartman deur die Wet op Bantoe-owerhede (nr. 68 van 1951) was 'n eerste stap in hierdie rigting, en in 1959 is die weg verder gebaan vir selfbestuur deur eie bestuursliggame uit die tuislande self, deur die Wet ter Bevordering van Selfbestuur (nr. 46 van 1959).

Waar die grondslae van afsonderlike ontwikkeling dus stelselmatig beslag begin kry het in wetgewing, het dit spoedig

---

8. <u>Ibid</u>., vgl. ook Horrel, <u>op. cit</u>., pp. 35-41; 57-60.

9. Vgl. dr. H.F. Verwoerd se beleidmakende toespraak in die Volksraad op 27 Januarie 1959, veral kol. 65-69.

10. My vertaling. Geneem uit D.W. Kruger (red.), <u>South African Parties and Policies</u>, 1910-1960, pp. 404; 403.

geblyk dat die regering ook wat die onderwys-opset aanbetref, gevolg sou gee aan 'n program wat in ooreenstemming met die oorkoepelende patroon en oogmerke van hierdie beleid is. Die eerste gedeelte van hierdie program wat in wetgewing omgesit is, was die Wet op Bantoe-Onderwys (nr. 47 van 1953). Ingevolge hierdie wet het die Departement van Naturelle-sake swart onderwys wat hoofsaaklik deur sending-aksies tot stand gekom en ontwikkel het voortaan onder sentrale beheer geplaas. Ses jaar later het die tweede aflewering van die program van stapel geloop met die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding (nr. 45 van 1959). Die primêre oogmerke daarvan was die vestiging van 'n eie opvoedkundige en akademiese tradisie onder die Nie-Blankes in hul eie invloedsgebiede.[11]

Totdat hierdie maatreël dit verander het, kon nie-blanke studente aan die oop universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand inskrywe waar 'n beleid van "akademiese nie-segregasie" gevolg is. Tot in 1959 was daar benewens gemelde twee inrigtings, ook die Universiteit van Natal met twee afsonderlike kampusse te Pietermaritzburg en Durban en 'n nie-blanke mediese skool by lg. kampus waar gesegregeerde klasse aangebied is, die nie-blanke Universiteitskollege te Ford Hare en die Universiteit van Rhodes wat af en toe swart studente toegelaat het om nagraadse kursusse te loop wat nie by Fort Hare aangebied is nie.[12] M. Legassick wys daarop dat die studentekorps van die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) nogtans reeds gedurende die periode 1954 - 1956, aangedring het op die toelating van nie-blanke nagraadse en later op nie-blanke voorgraadse studente tot die universiteit.[13] Namate die

11. Vgl. M. Horrel, A Decade of Bantu Education, pp. 11-12; 158.

12. Ibid., p. 148.

13. M. Legassick, The National Union of South African Stu-

regeringsdruk op die nie-gesegregeerde universiteite begin toeneem het, het die universiteite van Rhodes en Natal (Durban) hul solidariteit met die bedreigde kampusse betoon en het die studentekorpse ook 'n beleid van akademiese nie-segregasie aangeneem. Die Afrikaans-medium universiteite van Stellenbosch, Pretoria, die Oranje-Vrystaat en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was almal geslote vir nie-blanke studente, terwyl Nie-Blankes ook nog by wyse van korresponsiekursusse afstandsonderrig aan die Universiteit van Suid-Afrika kon ontvang.

Dit was dus te wagte dat die Nasionale Party na sy bewindsoorname in 1948 ook die skeidingsbeleid wat reeds 'n erkende parktyk op primêre en sekondêre opvoedingsvlak was na die universiteite toe sou deurtrek, veral aangesien daar by hierdie inrigtings 'n merkbare graad van veelrassigheid was en die universiteite juis as die intellektuele kragstasies van die onderskeie gemeenskappe moes dien.

Hoewel hierdie akademiese skeidingsbeleid eers meer as 'n dekade nā die Nasionale Party se oorwinning op die wetboek geplaas sou word, is daar reeds tydens die eerste sessie van die nuwe parlement, drie maande na die verkiesing, melding gemaak van stappe wat oorweeg is om politieke beslag hieraan te verleen. Dr. Malan het tydens die begrotingsdebat as antwoord op genl. Smuts se vraag wat onder apartheid verstaan word, bepaalde beleidsmaatreëls in die vooruitsig gestel en ook toe reeds 'n aanduiding van die regering se oogmerke ten opsigte van die universiteite gegee. Volgens hom het 'n ondraaglike toestand die voorafgaande aantal jare aan die plaaslike universiteite begin ontwikkel wat tot wrywing en 'n onaangename verhouding

dents. Ethnic Cleavage and Ethnic Integration in the Universities., pp. 25-26.

tussen Blank en Nie-Blank aanleiding gegee het. Daarom het hy die volgende onderneming gegee: "Ons wil nie hoër onderwys van die Nie-Blankes onthou en ons sal alle moontlike stappe neem om so gou as ons kan, universitêre, en genoegsame universitêre opleiding te gee, beide aan die Naturelle en aan die Kleurling, maar op hulle eie terrein, dit wil sê, in aparte inrigtings."[14]

Hoewel hierdie onderneming eers meer as 'n dekade later wet sou word en in die daaropvolgende twintig jaar heftige reperkussies in die studentepolitiek ontlok het, was die teerling met hierdie uitspraak gewerp. Totdat hierdie maatreël in 1959 in werking gestel kon word, het dit soos die swaard van Damokles oor die "oop" universiteite en hul lang tradisie van veelrassigheid gehang.

Hoewel die Engelse universiteite hierdie maatreël wat hulle as onbehoorlike staatsinmenging deur wetgewing op die outonomie van die universiteit beskou het meer lyflik as enige ander skeidingsmaatreëls ervaar het, was hul protes nie alleen hierteen gemik nie. Weliswaar sou dit die vernaamste ontbrandingspunt van die protesbeweging word, maar namate weë en middele bedink is om die wetgewing teen te werk, het die besef hoe langer hoe vaster gegroei dat dit alleen ongedaan gemaak kon word as die hele politieke bestel waarvan dit bloot 'n simptoom was, onvergewerp word en het die protes uitgekring om alle aspekte van apartheid, soos in die wetgewing beliggaam, te omsluit.

Kritiek teen die oop universiteite het volumetries sterk begin toeneem sedert die Nasionale Party se verkiesingsoorwinning in 1948, omdat, soos Martin Legassick opgemerk het, "the existence of 'mixed' universities blurred the clean demarcations of apartheid."[15] Maar dit is waarskynlik veral

14. Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad (voortaan aangedui as Volksraadsdebatte), 16.8.'48, kol. 228.

15. Legassick, op. cit., p. 32.

voorvalle soos die solidariteitsbetoon van sowat 250 Wits-studente wat gearmd met ANC-lede deur die strate gemarsjeer het ter ondersteuning van die African National Congress se Weerstandsveldtog (Defiance Campaign)in 1952 en die verkiesing van twee swart studente tot die Verteenwoordigende Studenteraad van Kaapstad in 1953,[16] wat meegebring het dat dr. D.F. Malan en mnr. J.G. Strijdom meer uitgesproke begin raak het oor die onderwerp van gesegregeerde universiteite. Op 10 Desember 1952 het dr. Malan gesê dat Suid-Afrika een of ander tyd voor die beslissing gestel sal word om die apartheidsbeleid wat hy op maatskaplike gebied reeds aanvaar het, ook op akademiese gebied t.o.v. die twee oop universiteite toe te pas. Dit het volgens hom veral die vraag gegeld "inhoever die beleid van gemengdheid, deur twee van ons vernaamste universiteite gevolg, in ooreenstemming is met die tradisionele lands- en neergelegde staatsbeleid. Waar aparte skole vir Blankes en Nie-Blankes die tradisionele en algemeen geldige beleid van die land is, is die toestand van gemengdheid in sekere universiteite 'n skreiende anomalie en dus in stryd met die heersende staatsbeleid."[17]

Tydens 'n vergadering by Kemptonpark op 30 Maart 1953 het mnr. J.G. Strijdom, Minister van Lande, gewaarsku dat die regering ooreenkomstig sy apartheidsbeleid teen die universiteite sal optree as hulle nie "hul huis in orde bring" nie.[18] Druk van Nasionale Party-lede op die regering het waarskynlik daartoe bygedra dat die Holloway-kommissie aangestel is om die praktiese uitvoerbaarheid en finansiële implikasies van afsonderlike, gesegregeerde universiteite vir Blank en Nie-Blank te ondersoek. Tydens die Volksraad-sitting gedurende September 1953 het mnr. S.M. Laubscher

16. Ibid., pp. 33-34.

17. Aangehaal deur J.H. Serfontein, Min. van Onderwys, Kuns en Wetenskap, in Volksraadsdebatte, 8.4.'59, kol. 3352.

18. Star, 30.3.'53.

(L.V. vir Malmesbury) sy afkeur te kenne gegee oor die verkiesing van twee swart studente tot die Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad en die beskuldiging gemaak dat die parlement tot dusver nog niks gedoen het om 'n einde aan hierdie toedrag van sake te doen nie. Hoewel hy bedenkinge gekoester het oor die wenslikheid van universiteitsopleiding vir Nie-Blankes omdat van hulle agitators word (sic!), was dit syns insiens essensieel - as die regering dan tussen twee euwels moes kies - dat die Nie-Blankes hul eie universiteit sou hê. Ook die L.V. vir Stellenbosch, dr. J.H.O. du Plessis het hom by mnr. Laubscher geskaar oor die nodigheid van aparte universitêre geriewe, maar het beweer dat dit nie deur 'n negatiewe houding van kritiek teen gemengde universiteite verkry sal word nie, maar eerder deur die beskikbaarstelling van afsonderlike geriewe vir Nie-Blankes.[19] Hoewel minister J.H. Viljoen wat belas was met onderwysaangeleenthede, die ontevredenheid probeer besweer het met die versekering dat sy departement alreeds inligting hieroor ingewin het vir voorlegging aan die kabinet direk na die sitting, was daar steeds groot ontevredenheid onder Nasionaliste dat die aangeleentheid eers tydens die reses onder die loep geneem sal word en dat die minister nie die versekering wou gee dat die universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad "skoongemaak" sal word nie.[20]

In Desember 1953 het die regering die Holloway-kommissie aangestel om "ondersoek in te stel en verslag te doen oor die uitvoerbaarheid en finansiële implikasies van die voorsiening van afsonderlike geriewe vir Nie-Blankes aan universiteite." Die wenslikheid van sulke afsonderlike geriewe was nie in die kommissie se opdrag ingesluit nie.[21] Die

19. Star, 1.9.'53.
20. Bv. F.E. Mentz (L.V. vir Westdene), ibid.
21. Star, 17.12.'53. Die lede van die drieman-kommissie was dr. J.E. Holloway (voors.), dr. R.W. Wilcocks

Holloway-kommissie het die toepasbaarheid van afsonderlike universiteitsvoorsiening vir die onmiddellike toekoms verwerp, hoofsaaklik om finansiële redes. Dit het voorgestel dat, indien segregasie verlang word, die mees uitvoerbare skema sou wees om swart studente na Durban en Fort Hare af te tregter, maar gewaarsku dat so 'n oorskakelingsproses, indien die voorstel aanvaar word, geleidelik moet geskied. Volgens die Kommissie moes Kleurlingstudente toegelaat word om aan die universiteite te studeer wat bereid was om hulle te akkommodeer; ook as nagraadse Swart en Asiatiese studente toegelaat word om aan ander universiteite in te skrywe indien hulle kursusse sou loop wat nie by Durban of Fort Hare aangebied word nie.

Dat die regering uit hoofde van sy beleid nie hiermee gediend sou wees nie, is byna vanselfsprekend. Voordat 1955 verstryk het, is 'n Interdepartementele Komitee van amptenare aangewys om in weerwil van die kommissie se afwysende houding teenoor die daarstelling van afsonderlike onderrigfasiliteite vir anderskleuriges, verdere inligting in te win oor die finansiële implikasies daaraan verbonde, en om die regering van advies te bedien oor hoe die skema van stapel gestuur kan word.[22] Minister Viljoen het ook bekend gemaak dat die komitee versoek is om 'n ontwerp in te dien waarkragtens voorsiening gemaak kan word vir universiteitskolleges in Wes-Kaapland en Durban waar Kleurlinge en Indiërs onderskeidelik onderrig kan ontvang, asook vir soortgelyke inrigtings in Noord-Transvaal en Natal waar onderskeidelik verwante noordelike swart volkere en die Zoeloes tersiêre onderrig kan ontvang. Daarmee het die regering terselfdertyd uitvoering gegee aan die Afrikaner-Broederbond se ideaal wat tydens die 1937-Bondskongres in 'n besluit opgeneem is, nl. dat daadwerklike stappe gedoen moet word om die toenemende

---

(Stellenbosch) en dr. E.G. Malherbe (Rektor van die Universiteit van Natal).

22. Horrel, A Decade of Bantu Education, p. 151.

opname van nie-blanke studente aan blanke universiteite te stuit ter wille van die skepping van aparte geriewe vir Nie-Blankes.[23]

Die sleutelfiguur wat inhoud sou verleen aan die ideaal van aparte universiteite vir anderskleuriges was dr. H.F. Verwoerd, voormalige redakteur van Die Transvaler en Minister van Naturellesake. Gedurende die tweede helfte van 1956 het hy by verskeie geleenthede die sluier gelig oor wat Suid-Afrika die komende jaar i.s. die universiteite te wagte kan wees. In Julie 1956 het hy verklaar dat "die Regering binnekort aparte universiteite vir Nie-Blankes in hul eie gebiede gaan oprig, ongeag die koste daaraan verbonde"[24] en op 16 September tydens 'n Nasionale Party-vergadering op Winburg, het hy weer gewaarsku dat waar segregasie nie toegepas word nie, soos wat dit die geval by sekere universi-

---

23. A.N. Pelser, Die Afrikaner-Broederbond: Eerste Vyftig Jaar, p. 159; Vgl. ook Star, 19.3.'54, waarin SABRA se voorstelle vir aparte universiteitsinrigtings vir Nie-Blankes vir die eerste maal aan die pers bekend gemaak is. Waar die Broederbond hom egter daarvoor beywer om planmatig elke terrein binne te dring wat vir die Afrikaner se voortbestaan belangrik is, kan geredelik aanvaar word dat die memoranda wat die Universiteit van Pretoria, asook SABRA aan die Holloway-kommissie in 1954 voorgelê het - en waarin vir die eerste maal voorgestel is dat die skepping van onderrigfasiliteite vir anderskleuriges op 'n etniese verdelingsgrondslag tussen die Sotho-, Noord- en Suid-Nguni-groepe, Kleurlinge en Indiërs moet geskied - sy gedagtesoorsprong by die Broederbond gehad het. In 1955 het die Uitvoerende Bestuur volgens Pelser opnuut die Broederbond se onderneming in dié verband bevestig en dit in 'n omsendskrywe aan sy lede deurgegee.

24. A3-'57. Report of President and Vice-President, 33rd National Assembly, E. Wentzel, p. 23.

teite was, dit "ingestel of afgedwing" sou word.[25] Intussen het die kabinet die Interdepartementele Komitee se verslag ter insae gekry, waarin onder meer aanbeveel is dat die te stigte universiteitskolleges vir Swartes onder die Minister van Naturellesake ressorteer, en kon dr. Verwoerd op 20 Oktober te Ficksburg, die regering se voorneme bekend maak om gedurende die 1957-sitting wetgewing in te dien om voorsiening vir aparte universiteite te maak.[26] Dit is opgevolg met 'n verklaring deur min. Viljoen op 22 November dat namate afsonderlike universiteite vir die verskillende nie-blanke volke in werking gestel word, die blanke universiteite dienooreenkomstig verbied sal word om nie-blanke studente toe te laat.[27]

## 2.2 Akademiese nie-segregasie en die Engelse universiteite

Daarmee was die skrif vir die ope universiteite aan die muur en het die Engelse universiteitsgemeenskappe as geheel begin besef dat die respytdae vir akademiese integrasie in 'n land waar die owerheid hom onafskeidbaar verbind het tot 'n rasseskeidingsbeleid, soos kwartels in die lang gras verdwyn. Die Engelse universiteite het hulself as draers van die liberale menseregte-idees, institusioneel verbind gevoel aan optrede om die akademiese vryheid en die daaraan gekoppelde politieke ideologie van integrasie te verdedig. Daarteenoor het die regering en die Afrikaner-gemeenskap, wat die grootste sektor van die blanke samelewing verteenwoordig, die politieke heil van die land in 'n beleid van rasseskeiding gesoek.

Rektore, rade, dosentepersoneel, konvokasies, studenterade en studente-unies, trouens die Engelse universiteitsgemeen-

---

25. Cape Times, 17.9.'56.

26. A3-'57, Report of President...., p. 24.

27. Star, 22.11.'56.

skappe <u>in toto</u>, het 'n verbete drie jaar lange stryd teen die landsregering aangeknoop om die beoogde universitêre skeidingsbeleid af te weer.

In die najaar van 1956 toe die studente al meesal vir die lang somervakansie huis toe vertrek het, het die Raad van die Universiteit van Kaapstad en van die Witwatersrand twee dae uitmekaar, op 12 en 14 Desember onderskeidelik, min of meer gelykluidende mosies aanvaar. In hoofsaak het hulle â la die beskrywingspunt van die Kaapse universiteit besluit dat:

(a) hulle in beginsel teen akademiese segregasie op 'n rassegrondslag gekant is;

(b) hulle glo dat aparte akademiese geriewe vir Blank en Nie-Blank nie gelykwaardig kan wees aan dit wat by die ope universiteite voorsien word nie;

(c) hulle oortuig is dat die beleid van akademiese nie-segregasie in ooreenstemming met die hoogste ideale van die universiteit is en bygedra het om begrip en harmonie tussen die rasse van Suid-Afrika te bewerkstellig;

(d) hulle begerig is dat die universiteit toegelaat sal word om onder dieselfde omstandighede as dusver met sy werksaamhede voort te gaan sonder dat enigiets gedoen word om die universiteit se beleid van nie-segregasie te verander of te belemmer.[28]

Hierdie resolusies is gelyktydig op 18 Desember aan die pers in 'n gesamentlike verklaring vrygestel.

Resolusies in soortgelyke terme is deur beide senate aangeneem. Daarbenewens het die konvokasie van die Witwatersrandse Universiteit op 'n vergadering wat deur meer as 800 gegradueerdes bygewoon is, die beleid van die universiteit in 'n eenparige mosie ondersteun terwyl 'n spesiale konvoka-

28. Centlivres, Feetham (e.a.) <u>op. cit</u>., p. 4.

sievergadering van die Universiteit van Kaapstad op 7 Desember met 612 teenoor 1 teenstem die beleid van die universiteit onderskrywe het.[29] Ook die dosentepersoneel het hulself by 'n aantal geleenthede in geen onduidelike taal nie teen die oplegging van akademiese apartheid uitgespreek. Gedurende Oktober 1956 het meer as 250 lede van die doserende personeel aan die Universiteit van die Witwatersrand 'n verklaring onderteken waarin die universiteit se reg om veelrassig te wees en sy toelatingsvereistes slegs op meriete te baseer, onderskrywe.[30]

Hoe emosies hieroor opgesweep is, blyk duidelik uit prof. I.D. McCrone, later die rektor van die Universiteit van die Witwatersrand, se toespraak op 7 Desember in die Wits Grootsaal om die inbreuk op die universiteit se outonomie te verdoem. "The two open universities", het hy beweer, "resent being politically butchered to make a Roman holiday for racial ideologists."[31] Middelerwyl het daar twee "Ope Universiteit-skakelkomitees" by Wits en Kaapstad tot stand gekom wat uit alle sektore van die universiteite saamgestel is en verantwoordelik was vir die loodsing van 'n veldtog ter verdediging van die ope universiteite. Met die bekendmaking van Wits en Kaapstad se amptelike standpunte op 18 Desember is terselfdertyd aangekondig dat die rade van die twee universiteite besluit het om 'n gesamentlike konferensie, hoofsaaklik saamgestel uit senior lede van die doserende personeel, te belê met die oog op die voorbereiding en publisering van 'n redekundige verklaring oor die onderwerp van die ope universiteite van Suid-Afrika. Vroeg in Januarie die volgende jaar is uitvoering hieraan gegee toe 'n gesamentlike konferensie oor "The Value of the Open University in South Africa" gehou is. As voortvloeisel hiervan

---

29. A3-57, Report of President...., p. 28.

30. Ibid., p. 29.

31. J8-57, Report of the Academic Freedom Committee: Wits, M. Gunther, 5.3.'57.

het 'n klein werkie "The Open Universities of South Africa" die lig gesien, o.m. deur die pers begroet as "one of the important documents in the history of the spiritual development of the South African nation",[32] as "an historic document ... destined, surely, to become the book of the year",[33] en as "the lonely voice South Africa cannot ignore."[34]

Die "Open Universities of South Africa" was niks minder nie as die politieke manifes van die ope universiteite vir die behoud van die veelrassige karakter van hul instellings op die liberale grondslag van 'n "common society". Ten diepste het dit nie gegaan om 'n beswaar teen die inkorting van akademiese vryheid of die aantasting van die universitêre outonomie nie, maar wesentlik om 'n verset teen die beleid van veelvolkige ontwikkeling en daaruit voortspruitend, teen die instelling van nie-blanke universiteite. Soos ten oorvloede aangedui, verteenwoordig die Engelse universiteite 'n geesteshouding wat die ideale politieke bestel gegrondves sien in 'n volkome geïntegreerde maatskaplike orde. Vanuit hierdie standpunt is Nie-Blankes in akademiese verband bloot studente van die universiteit waar "ethnic origin or skin colour is no more relevant than sex, home language, or religious affiliation."[35] Daarteenoor staan die politieke opvatting dat 'n harmonieuse politieke bestel alleen verkry kan word deur die erkenning van die volkereverskeidenheid op 'n grondslag van afsonderlike ontwikkeling en politieke skeiding.

Die Engelse Universiteite het deur die koppeling van die ideaal van veelrassigheid met die begrippe akademiese vryheid en universitêre outonomie, 'n vindingryke kinkel vir

---

32. Cape Times, 28.2.'57, Hoofartikel.

33. Sunday Express, 3.3.'57, Hoofartikel.

34. Cape Argus, 2.3.'57, Politieke kommentaar.

35. Centlivres, Feetham (e.a.), op. cit., p. 27.

die gebruik van hierdie twee begrippe verskaf.[36] Deur hulle op wyle dr. T.B. Davie se "vier noodsaaklike komponente van akademiese vryheid" te beroep - "to determine for itself on academic grounds who may teach, what may be taught, how it shall be taught, and who may be admitted to study"[37] - het hulle enige diskriminerende toelatingsbeleid uit beginsel verwerp. Om die universiteite van nasionale owerheidsweë by wyse van wetgewing te dwing om studente toelating te weier op grond van ras of velkleur, is in wese 'n aantasting van die universiteit se selfregeringsbevoegdheid of outonomie.

Solank as die debat bloot oor die meriete van akademiese skeiding of akademiese integrasie gevoer is, was dit 'n geval van botter vir vet. Vir elke argument waarom gesegregeerde onderwys onwenslik is, kon 'n teenargument opgewerp word. Die uitgerekte debatte in die Volksraad en die Senaat om die skeidingsmaatreëls ingestel te kry, het hierdie punt op 'n frappante wyse geïllustreer.[38] Al kon die meriete van gemengde universiteite nie altyd oortuigend teenoor die gedagte van gesegregeerde universiteite bewys word nie, kon die

---

36. Soos die Van Wyk de Vries-kommissie aangetoon het, word akademiese vryheid gekwalifiseer deur die begrensde outonomie van die universiteit en is die universiteit nie 'n bolwerk van vryhede teenoor die maatskappy en die staat nie. Die werklikheid is dat die begrensde vryhede van studente en dosente nie net aan die universiteit ontleen word nie, maar ook aan die maatskappy en die staat, en dat die bevoegdheid wat aan die universiteit kragtens sy stigtingsbrief (wet) verleen is, omgrens is deur sy wese en funksie as universiteit. Vgl. RP 25-74, Hoofverslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universitietswese. (Voorsitter: J. van Wyk de Vries), par. 6.17-6.20, pp. 87-96.

37. Centlivres, Feetham (e.a.) op. cit., pp. 11-12.

38. Ut supra, pp. 179 - 190.

universiteite altyd op die beginsel terugval dat die regering nie die reg tot inmenging in die outonomie van die universiteit het nie. Die Cape Argus se politieke rubriekskrywer, Morris Broughton, dien aangehaal te word oor die stellingname wat die publikasie van die "Open Universities" inhou.

"By this witness", beweer hy, "men and women of learning, distinction and intellectual leadership have irrevocably committed themselves ... They are to be compared with Martin Luther ... Here again a thesis has been nailed openly to the door and the authors say in effect 'here we stand; we can do no other'".[39] Die Van Wyk de Vries-kommissie het skerpsinnig aangetoon dat die omskepping van 'n politieke ideologie tot beginsel en die verbintenismaking tussen akademiese vryheid en outonomie met 'n veelrassige samelewing, integrasie tot 'n wesenselement van die universiteite verhef. Indien dié universiteite dus getrou wil wees aan hul eie opvatting van die wese van 'n universiteit, word hulle onvermydelik geplaas op 'n pad van konflik en konfrontasie met die breër samelewing waarvan die Afrikaner die dominante groep uitmaak en met die Nasionale Party-bewind wat die politieke heil van Suid-Afrika langs die weg van rasseskeiding probeer vind.[40]

Dat dit onweerlegbaar die Engelse universiteite in 'n moeilike parket geplaas het, wat op die lang duur nie bevorderlik vir die universiteitswese in Suid-Afrika was nie, word reeds gesuggereer in 'n hoofartikel van die Cape Argus van Maart 1957. Hoewel die redakteur van mening is dat die ope universiteite 'n "invincible cause" het, weet hy ook dat "apartheid will have its will, whether the result be right or wrong as far as its enforcement on the universi-

39. Cape Argus, 2.3.'57. Hoofartikel.

40. RP 25-74, Hoofverslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese, par. 6.24, p. 104.

ties is concerned." "That," besluit hy dan, "is what turns this book into a noble yet poignant gesture."[41]

Wat niemand egter voorsien het nie en wat vanuit die oogpunt van die onderhawige studente by verre die belangrikste implikasie van hierdie universiteite se toe-eiening van 'n politieke beginsel van nie-segregasie was, is die spiraalgang van studenteverset wat dit in die hand gewerk het. As dit waar is dat die Afrikaanse universiteite gedurende die veertigjare in "bolwerke van nasionalisme" omskep is,[42] is dit insgelyks waar dat die Engelse universiteite gedurende die laat vyftigerjare as die skutsengele of trustees van liberale beginsel in die Suid-Afrikaanse universitêre konstellasie na vore getree het. Hoewel die Engelse universiteitsowerhede en personeel dit uit hoofde van hul beginselstellingname nouliks kon vermy, het hulle deur hulle optrede die deur van die universiteite geopen vir militante studente om op 'n nie-akademiese wyse politiek bedrywig te wees en die universiteit as 'n springplank vir 'n veel breër politieke aksie te misbruik.[43] Hulle voorbeeld het as't ware die studente se optrede gesanksioneer en gelegitimeer. Verskans agter die poorte van die universiteit en aangespoor deur die politieke uitsprake van hul akademiese mentors, kon die studente nou vanuit die hoë borswerings van universitêre outonomie en van agter die kantele van akademiese vryheid die regering vrylik kritiseer.

## 2.3 Die patroon van die verset

Dit val die leierskorps van NUSAS ter ere dat hulle heel eerste die roersele teen akademiese integrasie in Nasionale Partygeledere waargeneem en hulself op 'n deurlopende grond-

41. Cape Argus, 1.3.'57. Hoofartikel.

42. Ut infra, p.41

43. RP 25-74, Kommissie van Ondersoek na die Universitietswese, par. 6.24, pp. 104-105.

slag daarteen betuig het. Deur middel van 'n fyn berekende en 'n verbasend gesofistikeerde politieke intrigespel het NUSAS die hele versetkampanje aangeblaas en vir die grootste gedeelte alleen georganiseer. Die organisasie self bied afdoende bewys in sy dokumente van die onverdrote toewyding waarmee dit ten opsigte van elke faset van die politieke strydperk ingrepe gelewer het om die ideaal van 'n nie-rassistiese samelewing te bewerkstellig.

Reeds so vroeg as Junie 1953 het NUSAS sy verontrusting te kenne gegee oor ministeriële uitsprake aangaande die lot van die universiteite onder Nasionale Party-bewind. NUSAS-president M.C. O'Dowd het derhalwe die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap versoek om in 'n duidelike beleidsverklaring 'n antwoord op die volgende vrae te verskaf:

(a) of die regering die reg van universiteite eerbiedig om self te bepaal welke studente toelating behoort te verkry en as hulle dit dienlik vind, blanke en nie-blanke studente toelating op gelyke voet te verleen;

(b) of die regering voornemens is om die geleentheid vir hoër onderwys na nie-blankes uit te brei;

(c) en of die regering bereid is om 'n onderneming te gee dat hy nie die feit dat hy die universiteite subsidieer, sal misbruik om die universiteite se beleid te probeer beïnvloed nie.[44]

'n Brief, onderteken deur die minister se privaatsekretaris, het hulle kort en bondig meegedeel dat die minister dit as onvanpas beskou om met studente-organisasies oor beleidsake rakende individuele universiteite of die universiteite in die algemeen, te korrespondeer.

NUSAS het vinnig hierop reageer en die minister daarop ge-

44. Star, 11.6.'53.

wys dat hoewel hy dit misplaas ag om daaroor met die studente wat die meeste deur die beleid geraak word, te kommunikeer, hy en sy kollegas nogtans niks onvanpas daarin gesien het om by nie minder as sewe geleenthede gedurende die afgelope jaar, sodanige beleid met hul plattelandse kiesers te bespreek nie.[45]

Na die verskyning van die Holloway-verslag oor die uitvoerbaarheid van die skepping van afsonderlike universiteitsgeriewe vir Nie-Blankes, het J.M. Didcott, NUSAS-president vir die 1954-55-termyn, aan min. J.H. Viljoen geskrywe en nie alleen die studente se sterk teenkanting teen die beoogde invoering van apartheid aan die universiteite aanhangig gemaak nie, maar die minister ook versoek om 'n NUSAS-deputasie oor die wenslikheid van akademiese nie-segregasie, te woord te staan.

Weer eens het min. Viljoen deur middel van sy sekretaris laat weet dat hy nie bereid is om hulle te woord te staan nie, aangesien die voorsiening van afsonderlike geriewe vir anderskleuriges die aanvaarde regeringsbeleid is.[46]

Op 23 November 1956, nadat die regering se voorneme om die universiteite in pas met landsbeleid te bring, amptelik deur min. Viljoen aangekondig is, het NUSAS met tipiese studente-waanwysheid verklaar:

"Tribal Universities are apparently to be introduced by the Government in the next session of Parliament, irrespective of the financial or ethical cost ... Any enforcement of apartheid may well be the forerunner of indoctrinated teaching ... NUSAS considers that the vocation of a true university is the search for truth. This function must not be predetermined by a dogma of the racial superiority or

45. Ibid.

46. A3-57, Report of President...., p. 35.

inferiority of any group. It is obvious that no such independence can be expected at a tribal college because its foundation rests on a belief in the racial inferiority of the African ..."[47]

Onvervaard deur die minister se weiering om die vorige studentedeputasie te ontvang, het NUSAS op 26 November 1956 by monde van sy nuwe president, mnr. Ernie Wentzel, die minister skriftelik versoek om sy besluit in heroorweging te neem. Hierop is NUSAS ingelig dat die minister slegs bereid is om aandag aan voorleggings te gee wat via die universiteitsrade ontvang word.[48]

Die NUSAS-dokumentasie lewer onweerlegbare getuienis dat die studenteversetkampanje wat met soveel intensiteit oor 'n periode van drie jaar teen akademiese segregasie gevoer is, geensins op 'n ad-hoc-basis van reagerende optredes geskoei was nie, maar haarfyn van agter die skerms gekoördineer is om die regering se optrede te antisipeer.

Die leidende rol wat NUSAS hierin gespeel het, is grootliks toe te skrywe aan die verwikkelinge by die 33ste uniale kongres toe die verteenwoordigers van die geaffilieerde studenterade 'n keurkomitee aangewys het om die studenteversetkampanje teen akademiese segregasie te beplan en hierdie komitee aanbeveel het dat NUSAS-hoofbestuur die koördinering daarvan moes behartig.[49]

As uitvloeisel van hierdie besluit is akademiese vryheidskomitees by die bedreigde geaffilieerde sentra van Kaapstad, die Witwatersrand en Natal geskep om uitvoering te gee aan die oorhoofse beplanningsaksie wat die NUSAS-hoof-

47. Ibid., p. 34.

48. Ibid., p. 35.

49. NUSAS Assembly Minutes, resolusies 60 en 61; Vgl. ook A3-57, Report of President...., p. 23.

bestuur en die betrokke studenterade met die oog op die komende parlementêre sitting uitgetrap het.

Die oomblik toe dit vir die NUSAS-hoofbestuur duidelik geword het dat die regering beoog om wetgewing met betrekking tot die ope universiteite gedurende die volgende sitting in 1957 in te dien, het NUSAS gesorg dat wye publisiteit aan die regering se planne sowel as die opposisie wat daarteen geremonstreer het, verleen word. Studente-aktiwiteite aan die kampusse van die Witwatersrand, Kaapstad en in mindere mate ook van die ander Engelse sentra, is gekoördineer deur die uitwisseling van alle relevante inligting via NUSAS by wyse van omsendskrywes en nuusbriewe. Sodoende is die studenterade op die hoogte gehou van hoe die veldtog verloop. NUSAS het ook gesorg dat hy voortdurend in voeling bly met die universiteitspersoneel, enersdenkende openbare liggame en individue ten einde die universiteitskwessie in die openbare oog te hou. Die nouste kontak is met die opposisiepers bewerkstellig, binnelands sowel as buitelands. Onderhandelings is selfs aangeknoop vir televisie- en nuusfilm-spanne in die Verenigde State van Amerika en Brittanje om dekking aan die demonstrasies te verleen.[50] Die indrukwekkendste prestasie in hierdie verband was egter die steun wat NUSAS van nasionale studente-unies en studenterade dwarsoor die wêreld verkry het as gevolg van die stroom inligting wat hy na hierdie organisasies en liggame gekanaliseer het.

NUSAS het verskeie persverklarings uitgereik wat goeie dekking in die Engelse media, veral die Natalse en Kaapse koerante ontvang het. Op 29 Oktober en 28 Desember is ook twee lywige nuusbriewe uitgestuur aan studenterade en sowat 300 lede van die akademiese personeel, politici, openbare persoonlikhede, die plaaslike en oorsese pers, asook oorsese studente-unies.[51] 'n Kopie van die pamflet, Open minds

50. Ibid., p. 33.

51. J6-57, NUSAS Newsletter, nr. 1, 29.10.'56.

in Open Universities, is aan elke volksraadslid en senator, sowel as aan etlike honderde lede van die akademiese personeel en studenterade gestuur, terwyl NUSAS se boekie The African in the University, veral oorsee sô goed verkoop het dat NUSAS 'n derde uitgawe oorweeg het. Die "World University Service" en die "National Union of Students" (Brittanje) het onderskeidelik 50 en 200 kopieë vir verspreiding aangekoop.[52]

Aangesien die studente nog met vakansie sou wees wanneer die parlementêre sitting in 1957 'n aanvang neem, het die studenterade van die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand vroegtydig en in opvolging van hul beplanning saam met die NUSAS-hoofbestuur, inligtingsbriewe aan studente uitgestuur om hul steun te ronsel vir 'n plakkaat-demonstrasie voor die parlementsgebou. Die protespostering moes as 'n ondersteuning dien vir 'n gesamentlike deputasie van die studenterade van Kaapstad en die Witwatersrand wat in weerwil van die minister se standpunt oor studentedeputasies, nogeens wou probeer om 'n oudiënsie by hom te verkry ten einde die Engelse studente se standpunt ter verdediging van die karakter van hul universiteite aan hom te stel, en 'n petisie van die Kaapse studente in dier voege, aan hom te oorhandig.[53]

Met die amptelike opening van die Parlement op Vrydag 18 Augustus 1957, het die goewerneur-generaal, E.G. Jansen, in die troonrede die regering se banier ontplooi deur aan te kondig dat sy ministers besluit het om afsonderlike universiteitsgeriewe vir Nie-Blankes te verskaf en dat die nodige wetgewing vir dié doel gedurende daardie sitting ingedien sou word.[54]

---

52. A3-57, Report of President...., p. 33.

53. J8-57, B. Pogrund - Fellow Students, 5.1.'57.

54. Star, 18.1.'57.

Die aankondiging van die beoogde apartheidswetgewing was skaars bekend of persverklarings is uitgereik deur NUSAS se hoofbestuur, die studenterade van die Witwatersrand, Kaapstad en gesamentlik deur die voorsitters van die studenterade van Pietermaritzburg en die nie-blanke seksie van die Universiteit van Natal. Hierdie persverklarings het die volgende oggend wye dekking geniet in die Saterdag-uitgawe van die Cape Times onder die voorbladbanier: "University Apartheid Protests: Make Govt. Drop It Urge Students"[55] asook in die Rand Daily Mail, Natal Daily News, Natal Witness, Eastern Province Herald, Die Burger, Star en Natal Mercury.

In sy persverklaring, het mnr. Ernie Wentzel, die President van NUSAS, verklaar dat "if the Universities are forced to accept apartheid, inevitably they are forced to accept the philosophy behind apartheid. They will then be shackled to the political prejudices of the Government temporarily in power and will no longer be independent centres of learning."[56] Die verklaring word afgesluit met die oproep aan die publiek om hul ondubbelsinnige teenkanting te betuig teen die samevoeging van politiek en onderwys en aan te dring dat die regering sy beoogde wetgewing selfs in hierdie late uur laat vaar.[57]

Die gesamentlike verklaring van mnr. J. Naidoo, voorsitter van die studenteraad van die Nie-Blanke Afdeling van die Universiteit van Natal, en mnr. Trevor Coombe, NUSAS se vise-president en voorsitter van die studenteraad van Natal (Pietermaritzburg) was heelwat sterker gepeper. Die beoogde wetgewing is aangeval as "no less than a catastrophe for race

---

55. Cape Times, 19.1.'57.

56. J8-57, Press Statement in Reply to the Speech from the Throne, s.d. maar op grond van die reportage in die pers, 18.1.'57.

57. Ibid.

relations in our country", en die te stigte universiteite is beskamend afgemaak as "ethnic kraals .. (that) ... will be deformed progency of this interference and will live all their lives under the stultifying influence and because the freedom of learning is indivisable, the integrity of the established universities will be correspondingly besmirched."[58]

Die gelyktydige uitreiking van persverklarings deur NUSAS, Kaapstad, Wits en die gesamentlike verklaring van die nie-blanke seksie van die Universiteit Natal en die Pietermaritzburg-kampus, is moontlik gemaak deur 'n aantal telefoon-oproepe wat mnr. Ernie Wentzel na die betrokke studenteraadsvoorsitters gemaak het.[59]

Die plakkaat-demonstrasie voor die parlementsgebou het wel plaasgevind, maar soos te voorsien was, het min. Viljoen tradisioneel by monde van sy sekretaris geweier om die afvaardiging te woord te staan, of om die studenteraad van Kaapstad se petisie met 1667 handtekeninge wat reeds die vorige jaar onder studente gesirkuleer is in ontvangs te neem.[60] Dieselfde oggend het die Wits-studente 'n plakkaat-demonstrasie by die Clarendon-sirkel in Hillbrow gehou wat in die middag na die stadsaal en die aand na die Johannesburgse stasie verplaas is.[61]

Die programrooster van die akademiese vryheidskomitees vir die volgende paar weke, het inderdaad indrukwekkend gelyk.

---

58. J8-57, Joint Statement issued by J. Naidoo en T. Coombe, s.d., Vgl. ook J8-57, University of the Witwatersrand-SRC press Statement, 18.1.'57.

59. A3-57, Report of the President...., p. 34.

60. J8-57, D. Worral - Min. of Education, 21.1.'57.

61. J8-57, Report of the Academic Freedom Committee: Wits, (Magnus Gunther), 5.3.'57.

Van 1957 af het die Engelse studente hul strydperk al hoe meer van die kampus na die straat verskuif. Ten alle koste moes gesorg word dat die kwessie van akademiese vryheid in die openbare oog bly. Vir dié doel is daar by die Universiteit van die Witwatersrand 'n studentebystandsdiens van ongeveer 200 vrywilligers geskep van wie se dienste op 'n deurlopende grondslag vir publisiteitsdoeleindes soos die uitdeel van vlugskrifte aan die publiek of vir straatbetogings, gebruik gemaak kon word.[62] Hierdie studente is byna soos toneelrekwisiete daagliks uit die kas gepluk, met swart akademiese togas omhang en met plakkate op sleutelpunte in Johannesburg se strate staangemaak. Vir 'n hele aantal dae, het van twee tot ses studente ook daagliks by die universiteit se ingange gewaak met plakkate waarop die slagspreuk, "Wits wants this gate to remain open", aangebring is.[63] Op 23 Maart het die Wits-studente ook 20 000 pamflette, getitel "Academic Freedom", waarin die studenteraad se beswaar teen die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteite uiteengesit is onder die Johannesburgse publiek versprei.[64]

By die Universiteit van Kaapstad was sake eweneens aan't roer. Bokant De Waal-rylaan, teen die heining van die universiteitskampus, het 'n groot banier met die bewoording "Help UCT keep its doors open to all" op die oog geval.[65] Op 9 Februarie het die Cape Argus voorbladprominensie verleen aan 'n protespostering op die sypaadjies onderkant die Rhodes-standbeeld by die universiteit, terwyl daar ook af en toe dekking verleen is aan die daaglikse pikette in Kaapstad wat meestal op dieselfde lees

---

62. Loc cit.; ook A3-57, Report of the President...., p. 37.

63. J6-57, NUSAS Newsletter, 20.2.'57; A3-57, Report of President...., p. 37. E. Wentzel vermeld dat sowat 'n honderd van hierdie studente "regularly participated".

64. Cape Argus, 23.3.'57.

65. Cape Argus, 18.2.'57.

as dié van die Wits-studente geskoei was.[66]

By die Natalse Universiteit het die protesaksie self orrelstryk verloop.

Groot verontwaardiging het geheers oor die regering se voorneme om die beheer van die Nie-Blanke Mediese Skool van die universiteit weg te neem en onder beheer van dr. Verwoerd se Departement van Bantoe-Onderwys te plaas.

Die Natalse Provinsiale Raad, die oorwegend Engelse gemeenskap van Natal en die Suid-Afrikaanse Mediese Raad het almal heftig beswaar gemaak teen die voorgenome "amputasie" van die Nie-Blanke Mediese Skool van die Universiteit van Natal. Die rektor, prof. E.G. Malherbe, het dit kaalkop as 'n "act of pillage" bestempel, en by 'n latere geleentheid sy verbasing uitgespreek dat die regering die Mediese Skool wat die "best showpiece of apartheid" is,wil beduiwel.[67]

Die studente wat ook die verontwaardiging van die universiteitsowerhede gedeel het oor wat hulle as 'n poging van regeringskant gesien het om die universiteite te onderwerp aan 'n verpligte gelykvormigheid aan Nasionale Party-beleid, terwyl hulle in werklikheid akademiese segregasie toegepas het, het hulleself heelhartig in die stryd gewerp.

Op 5 Maart het die Studenteraad van Natal (Pietermaritzburg-kampus) hul eie akademiese vryheidskomitee in die lewe geroep wat as die "Student Defence Committee" bekend gestaan het, en hom veral beywer het vir 'n gelyktydige "token strike" of betogingstaking van alle studente aan die Engelse universiteite,[68] maar op die plaaslike front self 'n belangrike rol vervul het.

---

66. Cape Times, 19.2.'57.

67. Cape Argus, 4.4.'57.

68. J8-57, P.M.A. Hunt-E. Wentzel, 16.3.'57.

Met die eerste lesing van die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding op 11 Maart 1957, is met 'n daaglikse piket van 8h00-8h30 uur begin om die pendelaars op pad werk toe se aandag te trek. Vanaf 23 April is 'n spesiale universiteitsvlag, in swart omlys, 'n tyd lank gereeld onderstebo as 'n noodsein gehys.[69]

Op Saterdag 16 Maart het ongeveer 400 studente van die Durbanse en Pietermaritzburgse kampusse sowel as die Nie-Blanke Mediese Skool 'n gesamentlike betoging in Durban gehou.[70] 'n Openbare petisie is ook opgetrek en onder die publiek gesirkuleer. Meer as 450 handtekeninge is gedurende die eerste week bekom.[71]

Hoewel die kampus van Rhodes nie direk by dié stryd betrokke was nie, het die studenteraad nogtans sy solidariteit met die studente van die ander Engelsmedium-kampusse betuig deur in die pers standpunt teen akademiese segregasie in te neem en boodskappe van steun aan hul geestelike bondgenote te stuur.[72] Daar was trouens 'n algemene wedersydse onderskraging van medestryders tussen universiteitsrade en studenterade onderling, by wyse van mosies en persverklarings.

Die vernaamste funksie van die akademiese vryheidskomitee was om die nodige grondslag te lê vir die gedagte van 'n plegtige en statige akademiese prosessie deur Johannesburg se strate waarin die raad, senaat, studente en lede van die konvokasie en masse kon deelneem. Die gedagte van 'n akademiese prosessie deur die strate van Johannesburg en Kaapstad, waarby almal van die kanselier tot by die studente betrek moes word, is vir die eerste maal tydens

69. Nux, 10.4.'57.

70. Nux, 10.4.'57.

71. Ibid.

72. Cape Argus, 19.2.'57.

die Februarie-vergadering vir die Ope Universiteite-skakelkomitee geopper, waarna dit na die verskillende liggame soos die universiteitsrade, senate, dosente-personeelverenigings, studenterade en studente-unies vir goedkeuring verwys is.[73]

Daar mnr. Ernie Wentzel deur die konvokasie van die Universiteit van Kaapstad aangewys is as hul verteenwoordiger by die Ope Universiteite-skakelkomitee, het NUSAS en die studenterade op stel en sprong hul eie programme gewysig om hierby in te val en die akademiese vryheidskomitees ingespan om die nodige aanvoorwerk onder die studente te doen. Die NUSAS-president is ook deur die konvokasie van Kaapstad vir Januarie tot April aangewys as konvenor van 'n spesiale komitee wat hulle oor universitêre apartheid moes verteenwoordig en die reëlings vir die konvokasie se deelname aan die akademiese prosessie moes finaliseer.[74]

Om die teëlaarde dus reg voor te berei, is 'n reeks monstervergaderings gehou en is die besture van studentesportliggame en kampusverenigings voorgelig met opdrag om die gedagtes deur te gee aan die studente wat hulle verteenwoordig. Naas 'n stortvloed van biljetpropaganda met slagspreuke, is ook 'n pamflet getitel "University Apartheid and You" opgestel.

Die Akademiese Vryheidskomitee van Wits was besonder bedrywig om die regte geestesklimaat vir protes en verset teen die inbreuk op die ope universiteite se outonomie te help skep. 'n Fotografiese uitstalling oor "Life in an Open University" is gereël en 'n biljetkoerant is op 'n sentrale kennisgewingbord aangebring waar studente hulself voortdurend

73. J8-57, Report of the Academic Freedom Committee: Wits, 5.3.'57.

74. A3-57, Report of President...., p. 28.

op die hoogte kon bring oor al die bedrywighede rondom die veldtog.[75] Wat egter veral suksesvol blyk te gewees het, was 'n regte spreker om met goed gekose woorde die studente opnuut aan hul ideaal te wy. Van 16 tot 22 Maart gedurende 'n akademiese vryheidsweek is 'n reeks van vyf lesings aangebied oor:

(a) "University and Society from our point of view;
(b) University and Society from the Nationalist point of view;
(c) The Government Education Policy;
(d) Apartheid and the Future;
(e) The Role of Protest"[76] deur sprekers soos o.m. prof. G.H. le May, Departementshoof van Plaaslike Regering en prof. I.D. MacCrone, hoof van die Departement Sielkunde.[77]

Bloot op die titels geoordeel, is dit duidelik dat daar 'n logiese ontwikkelingslyn in die rangskikking van die temas is wat in die laaste lesing moes kulmineer in 'n wekroep tot deelname aan die akademiese prosessie.

'n Seremoniële verbranding van 'n kopie van die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding ten aanskoue van die studentemassa is vir 29 Maart op die trap van Wits se Grootsaal met sy indrukwekkende Doriese suile beplan. Die studenteraadsvoorsitter mnr. Magnus Gunther, het sy woorde vir die geleentheid vooraf laat uittik:

"Fellow Students, we are gathered here to-night to take part in a ceremony which is as old as student fellowship itself. For centuries universities have faced challenges to their autonomy and existence.

---

75. J8-57, <u>Report of the Academic Freedom Committee: Wits</u>, 5.3.'57.

76. <u>Ibid</u>.

77. Vgl. <u>Rand Daily Mail</u>, 19.3.'57 en 22.3.'57.

The challenge which the South African Universities face at this very moment falls in the class of those attacks which have produced the gravest possible consequences.

At the moment an attempt is being made to shackle directly Non-European and indirectly the European Universities to the ideology of Apartheid.
At times such as these it has always been the duty and privilege of all students to fight back with the maximum determination.

To-night we are linking ourselves with the generations of University students who, when faced with similar situations, have used as part of their fight, a ceremony such as this one in which we are participating to-night.

I hope that this protest may provide us with inspiration to redouble our efforts during the part of the campaign still ahead of us."[78]

Van die dramatiese impak wat dié woorde, gekies met dieselfde sorgvuldigheid as Markus Antonius se lykrede vir Julius Ceasar op die trap van die forum, het min tereg gekom. 'n Relletjie en stinkbom-aanslag het uitgebreek byna onmiddellik nadat die dokument aan die brand gesteek is en ongeveer 25 studente die trap gestorm het om die verbranding van die wetsontwerp te verhoed.[79]

Dieselfde tegnieke om studente-opinie te monster, het by die Universiteit van Kaapstad plaasgevind. Veral gewild, was die gereelde etensuurlesings waarby een of ander spreker

---

78. 019-75, Address by the president of the SRC at a meeting held on Friday evening on the university steps, 29.3.'57.

79. Star, 30.3.'57.

hom tot die studente gerig het. As voorbeeld kan 'n vergadering oor "The Value of Protest" genoem word waarby dr. E.N. Keen, senior lektor in Anatomie, en die NUSAS-president saam opgetree het. By die geleentheid het dr. Keen beweer dat indien die Kaapstadse studente swyg, hulle op 'n indirekte wyse steun aan die regering se aanval op die universiteite verleen en dat hulle hul teenkanting daarom baie duidelik moes manifesteer deur aktief te protesteer.[80]

Die studentekoerant as openbare meningsvormer op die kampus, het 'n onmiskenbare rol gespeel om die gistingsproses onder studente aan die gang te hou.
Net nadat die Universiteit van Kaapstad in Februarie 1957 heropen het, is 'n spesiale anti-apartheid-uitgawe van die studentekoerant, Varsity, gepubliseer.[81] Dit was moontlik omdat die studenteraad reeds gedurende die vakansie, bydraes en vrywilligers gevra het om met die opmaak van die koerant te kom help. Spesiale Maart-uitgawes van die universiteitskoerante van die Witwatersrand, Wits Student, en van die Pietermaritzburgse kampus, Nux, was albei uitsluitlik aan die akademiese vryheidsveldtog gewy.[82] In die Nux "Crisis Edition", spreek 'n anonieme medewerker in 'n artikel getiteld "Ways and means" sy medestudente aan oor hul ingeslaapte gewetes:

"There is no excuse for students who have hitherto hesitated (to protest). We must not allow this festering sore of apartheid to spread even without doing our best to prevent it ...

Pious resolutions must be passed but we cannot allow this matter to rest there. Maritzburg as a university town must

---

80. Cape Argus, 28.2.'57.

81. Varsity, 5.2.'57.

82. Wits Student, Mrt. '57; Nux (Crisis Edition), Mrt. '57.

be shaken out of its lethargy. 'Sleepy hollow' must resound to the cry of Academic Freedom."[83]

Die skrywer gaan voort om die verskillende weë van protes wat vir die studentegemeenskap oop is te bespreek en rig dan hierdie berekend-alarmistiese waarskuwing aan sy lesers:

"Above all we must learn from the lesson of the German Universities who were too late in opposing Hitler and totalitarianism ...

It is up to us now to fight an otherwise inevitable dictatorship followed only by bloodshed. Let us not be found wanting at this hour of crisis!"[84]

Wits het op dieselfde dag 'n monstervergadering oor die etensuur gehou. 'n Mosie waarin die studente onderneem het om die beginsel van akademiese vryheid in alle opsigte te verdedig, is ten spyte van 'n gejou en kattegetjank deur 'n lawaaierige opposisie, tog deur 'n oorweldigende meerderheid gesteun.[85] Ook op 14 Maart het al 193 studente van die Nie-Blanke Mediese Skool 'n vergadering bygewoon om teen die wetsontwerp te protesteer. As uitvloeisel hiervan het al drie seksies van die Universiteit van Natal besluit om 'n protesmars teen die maatreël deur Durban se strate te hou. Die stadsraad het egter 'n stokkie voor hierdie planne gesteek omdat, soos die burgemeester mnr. Percy Osborn te kenne gegee het, sulke demonstrasies niks positiefs bereik nie en die publiek bowendien baie goed oor die implikasies van die maatreël ingelig was. As alternatief het die studente toe 'n protespostering gereël waaraan 350 studente in die middestad van Durban plakkate

---

83. Ibid.

84. "Ways and Means", loc. cit.

85. Burger, 15.3.'57; Cape Argus 14.3.'57.

geswaai het.[86] 'n Reeks "last minute" en "eleventh hour" pleidooie is ook deur die studenterade aan die regering gestuur om die wetgewing te laat vaar.[87]

Waar die studenterade hulself hoofsaaklik op die bearbeiding van die studente toegespits het en lg. 'n ekshibisionistiese straatpolitiek ten aanskoue van die publiek gevoer het, het NUSAS in sy veldtog na buite 'n redelike lae profiel gehandhaaf en die skyn probeer wek dat die gemoedere van die breë blanke publiek spontaan teen die beoogde apartheidswetgewing begin smeul het.

As 'n voorbeeld van verhulde betrokkenheid, is die dringende pleidooi wat aan die regering deur vier-en-twintig bekende Suid-Afrikaners gerig is om beleid aangaande die ope universiteite in heroënskou te neem. Die groep het ingesluit Suid-Afrikaanse skrywers, Nadine Gordimer, Uys Krige en Alan Paton, die direkteur van die Instituut van Rasseverhoudinge, mnr. Quinton Whyte, die president van die instituut, mnr. Leo Marquard, drie voormalige presidente van die instituut, vyf professore w.o. A.M. Keppel-Jones, Leo Kuper, I.D. MacCrone, advokate en ander bekende liberale hooggeplaastes. Die pleidooi is op 'n baie geleë tydstip aan die pers vrygestel, drie dae voor die verskyning van die _Open Universities of South Africa_ op 28 Februarie. Die pers het wye publisiteit hieraan verleen en die indruk is deurgaans gewek van 'n spontane openbare reaksie teen die regering se aantasting van die universiteite se regte. NUSAS het egter dr. Ellen Hellman, 'n bekende in die geledere van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, versoek om só 'n verklaring op te stel en deur bekende individue te laat onderteken.[88]

---

86. _Star_, 14.3.'57.

87. _Cape Times_, 16.3.'57.

88. A3-57, _Report of President...._, p. 36.

As sameroeper van die Konvokasiekomitee van die Universiteit van Kaapstad, het mnr. Wentzel ook 'n plegtige verklaring van steun vir die universiteit opgestel wat deur 176 bekende Kapenaars w.o. bekende sakemanne, handelsreisigers, stadsraadslede, oud-regters, skrywers, lede van die Provinsiale Raad en een lid van die Volksraad, onderteken is. Weer eens het NUSAS verkies om sy betrokkenheid hierby op die agtergrond te hou.[89] Die vlyt wat die NUSAS-president aan die dag gelê het om stemming vir die ope universiteite te maak, is deur latere presidente nagedoen sodat dit geleidelik 'n standaard praktyk, gekoppel aan die presidentsamp, geword het.

Watter vrugte dikwels deur wandelgang-politiek afgewerp kan word, blyk duidelik uit die president se bearbeiding van mnr. A.M. Honikman, 'n provinsiale raadslid en lid van die Kaapstadse stadsraad. Hy het daarin geslaag om toe daar net 17 van die 41 lede van die stadsraad teenwoordig was 'n mosie af te dwing met 15 stemme teen twee ten gunste van 'n besluit dat hulle alle rassistiese belemmeringe op die funksionering van die Universiteit van Kaapstad afkeur.[90]

Ander vrugbrengende onderhandelinge is aangeknoop met verskeie kerkleiers soos Ambrose Reeves, biskop van Johannesburg, mnr. A. van de Sandt Centlivres, kanselier van die Universiteit van Kaapstad, wat in 'n sterk pleidooi vir die behoud van die ope karakter van Wits en Kaapstad beweer het dat die paar Nie-Blankes aan die ope universiteite die "torchbearers of Western civilization among their kith and kin, rather than the pallbearers at the funeral of this civilisation" moet wees.[91] Daar is ook geskakel met amptenare van die "Black Sash", die "Teachers League of South

89. Ibid., Cape Argus, 23.2.'57.

90. A3-57, Report of President...., p. 36; Cape Times, 29.3.'57.

91. Cape Times, 12.2.'57.

Africa", die "South African Association of University Women", die "Civil Rights League", mnr. Alex Hepple, leier van die Liberale Party en dr. Ellen Hellman en mnr. Leo Marquard van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. Onderhoude is met verskeie lede van die parlementêre opposisie beide voor en gedurende die sitting gevoer, o.a. met sir. De Villiers Graaff en etlike ander Verenigde Party-lede, asook met mev. Margaret Ballinger, mnr. W.P. Stanford en sen. Leslie Rubin van die Liberale Party.[92]

Waar die kampusse bowenal vir die visuele beeld van verset gesorg het, het NUSAS die skietgoed voorsien. NUSAS het veral gesorg dat die pers altyd ingelig was oor wat gaan kom of watter nuwe fasette tot die veldtog toegevoeg is. 'n Ad libitum-steekproef uit die vernaamste Kaapse, Johannesburgse en Natalse koerante toon dat daar sedert die troonrede op 18 Januarie tot 18 Februarie nie minder as sestien hoofartikels in hierdie koerante ter ondersteuning van die ope universiteite verskyn het, terwyl byna nog 'n maand sou verstryk eer die wetsontwerp vir die eerste maal in die Staatskoerant gepubliseer is.[93] Daar kan met redelike stelligheid beweer word dat NUSAS in die verspreiding van inligting aan die pers oor die aangeleentheid geen geringe rol gespeel het nie.

Ondanks die fel protes van opposisiegroepe buite die parlement is die wetsontwerp die eerste maal op 11 Maart gelees. Die regering het blykbaar gehoop op 'n beslissende slag gedurende die tweedelesingsdebat waarna dit vinnig deur die volgende stadia gevoer kon word. Vanuit die staanspoor het hierdie wetsontwerp egter probleme op die lyf geloop. Na die publikasie daarvan is die regering geadviseer dat die

---

92. A3-57, Vide korrespondensielêers tydens Wentzel se presidentskap, 1957.

93. Persondersteuning by wyse van hoofartikels vir die gemelde periode lyk as volg:

wetsontwerp eintlik 'n tweeslagtige maatreël was wat sowel 'n invloed op die private belange van sekere universiteite gehad het, i.c. Fort Hare en Natal, as wat dit oor sake van openbare belang gehandel het en dat die regte prosedure in so 'n geval die verwysing daarvan na 'n gekose komitee is, sodat diegene wie se belange spesifiek geraak word, 'n geleentheid sou hê om voorleggings te doen waarin hulle hulself en hul saak kon verdedig.[94]

Die tweede lesing van die wetsontwerp in sy oorspronklike vorm het toe nooit plaasgevind nie. Geensins van plan om aan die Nasionale Party se beginsel van aparte geriewe vir afsonderlike groepe te torring nie, is die wetsontwerp weer op 8 April ingedien. Die gewraakte hoofstukke met betrekking tot Fort Hare en die Natalse Mediese Skool is egter weggelaat en sou later as aparte wetsontwerp ingedien word.

Na die reeks suksesvolle proteste tussen die eerste lesing op 11 Maart en die bestemde tweede lesing 'n week later, wat toe afgespring het, is 'n inter-universitêre studente-raadskonferensie onder die presidium van NUSAS vir 11 en 12 Mei belê om gesamentlike strategie vorentoe te beplan. Die studenterade van Wits en Kaapstad het as die beskermhere van die konferensie opgetree deur die lokale en verblyf aan te bied en selfs 'n fonds te skep om die afvaardigings te subsidieer.[95]

---

Natal Daily News, 18.1.'57; Cape Argus, 19.1.'57; Rand Daily Mail, 22.1.'57; Cape Times, 24.1.'57; Cape Argus, 9.2.'57; Cape Argus, Natal Daily News en Natal Mercury, 11.2.'57. Natal Mercury, Cape Argus en Natal Witness, 13.2.'57; Star, 14.2.'57; Cape Times en Natal Daily News, 15.2.'57; Sunday Times, 17.2.'57.

94. Volksraadsdebatte, 8.4.'57, kol. 4385-4386; Horrel, A Decade of Bantu Education, p. 152.

95. 019-57, Inter-SRC Conference on University Apartheid, 23.4.'57.

Dit was in geen geringe mate aan die deeglike vooraf beplanning van NUSAS en die studenterade toe te skryf nie dat daar op 21 Mei vyf dae voor die aanvang van die tweedelesingsdebat, twee petisies by die parlement ingehandig kon word wat onderskeidelik deur 2489 studente van Kaapstad en 2109 studente van die Witwatersrandse universiteit onderteken is. Die studente se handtekening wat deur die onderskeie akademiese vryheidskomitees byeengebring is, was deel van 'n groter gesamentlike petisie deur die twee ope universiteite waarop die handtekeninge van A. v.d. S. Centlivres, R.W. James en W. Duncan Baxter, onderskeidelik die kanselier, vise-kanselier en rektor, en voorsitter van die raad van die Universiteit van Kaapstad, en R. Feetham, W.G. Sutton en F.E. Kanthack in dieselfde hoedanighede by die Universiteit van die Witwatersrand, tesame met 2776 en 2459 ander lede van die onderskeie rade, senate, doserende personeel en studente van genoemde inrigtings, verskyn het.[96] Die kanseliers, rektore en voorsitters van die raad van die ope universiteite het ook versoek dat hulle hul saak voor die balie van die Raad kon stel, maar dit is deur min. C.R. Swart afgewys omdat daar voldoende geleentheid in die parlement vir die bespreking van die maatreël verleen sou word.[97]

Woensdagoggend 22 Mei, net na die inhandiging van die groot petisie, het die Universiteit van die Witwatersrand sy lank bestemde akademiese protesprosessie van professore, studente en gegradueerdes in volle regalia van die Grootsaal na die trap van die stadsaal van stapel gestuur.

Reeds die vorige dag het die president van Wits se konvokasie, dr. S.S. Israelstam, 'n beroep op alle gegradueerdes gedoen om die universiteit in hierdie "uur van krisis" te steun

96. Volksraadsdebatte, 21.5.'57, kol. 6584; Cape Times, 22.5.'57.

97. Cape Times, 25.5.'57.

deur langs die roete by die prosessie aan te sluit.[98] Die voorsitter van die Ope Universiteite Skakelkomitee, prof. J.S. Marais het ook die Johannesburgse publiek versoek om hul simpatie met die ope universiteite te betuig in hul poging om die integriteit van hul inrigtings te bewaar, deur 'n oomblik stil te staan as die prosessie by hulle verby beweeg.[99]

Nadat die prosessie van ongeveer 2000, wat later heelwat aangegroei het soos hulle in die strate afbeweeg het, voor die Grootsaal in kolonne opgestel is, is hulle van die trap deur die rektor prof. W.G. Sutton toegespreek, en het hulle plegstatig ses-ses in gelid agter die banier "Against Separate Universities Bill" in Yaleweg, oor Jorissenstraat tot in Wesselstraat, Braamfontein, afgemasjeer terwyl verkeerspolisie hul op motorfietse langs die roete begelei het. Met militêre presisie net voordat die poskantoor se klokke twaalfuur slaan, het die prosessie voor die stadsaal tot stilstand gekom.[100]

Vir prof. I.D. MacCrone, later rektor van die universiteit, was dit 'n uur van grootse triomf. Met die kameras van plaaslike en oorsese persfotograwe, nuusrolprent- en televisiekameraspanne op hom gerig, het hy die konvokasie oor luidsprekers toegespreek:

"We are assembled here in a public place", het hy gesê, "to present a united and uncompromising academic front against the bill which proposes to change the whole character of the university by enforcing apartheid upon us". Hy het die Eerste Minister, mnr. J.G. Strijdom, beskuldig van ondermyning deur te verklaar dat 'n universiteit nie onder alle

---

98. <u>Rand Daily Mail</u>, 22.5.'57.

99. <u>Ibid</u>.

100. <u>Ibid</u>., 23.5.'57.

omstandighede die reg het om te verkondig en onderrig net wat dit wil of deur wie dit wil nie. "To us as a university", het hy gesê, "this is a truly subversive statement".[101] Dit was dus nie die universiteit, maar die regering wat Wits gedwing het om te verander in "that kind of dangerous animal that defends itself when attacked".[102] "We shall obey the law when it becomes law", het hy afgesluit, "but we shall never accept it".[103]

Op dieselfde dag het sowat 380 studente van Fort Hare en 20 personeellede hul in 'n soortgelyke prosessie op die strate van Alice begeef en daarna 'n gesamentlike massavergadering op die kampus gehou.[104]

Watter verreikende reperkussies daaruit kan voortspruit as ampsdraers en personeel van 'n universiteit gemene sake maak met sy studentekorps, blyk duidelik uit die nuwe militantheid waarmee die Studenteraad van die Universiteit van die Witwatersrand skaars 'n week na prof. MacCrone se opruiende toespraak 'n versluierde dreigement aan min. Strijdom met die aanvang van die tweedelesingsdebat gerig het: "Our conscience-bound duty is to continue to press for the admittance of non-European students, even should this entail possible conflict with the law."[105]

Met die aanvang van die tweede lesing van die Wetsontwerp op 27 Mei, het ongeveer 300 "Black Sash"-lede en studente in twee afsonderlike betogings die parlementariërs ingewag met plakkate en pamflette. Die voorsitter van die Kaapstadse studenteraad, mnr. Neville Rubin, het seremonieel 'n fakkel

101. Star, 22.5.'57.

102. Rand Daily Mail, 23.5.'57.

103. Star, 22.5.'57.

104. Rand Daily Mail, 23.5.'57.

105. Ibid., 28.5.'57.

wat akademiese vryheid moes versimboliseer voor die parlementsgebou aangesteek en op 29 Mei nadat die beginsel van die wetsontwerp met 72 teen 42 stemme goedgekeur is, met hoëpriesterlike waardigheid die fakkel voor 85 studente met geboë hoofde uitgedoof.[106] Op dieselfde dag het die Pietermaritzburgse kampus sy manewales met die universiteitsvlag afgerond deur dit halfstok onderstebo te laat hang om die dood van die akademiese vryheid in Suid-Afrika aan te kondig.[107]

Dat die wetsontwerp onvermydelik dié pad moes loop ondanks die protes van opposisiegroepe, is duidelik. Die Nasionale Party het 'n gerieflike meerderheid in die parlement gehad en die bewindstermyn van mnr. J.G. Strijdom is gekenmerk deur die uitbouing van die apartheidsbeleid op vele terreine. Daarby was die regering se onversetlikheid oor die uitvoering van sy beleid reeds afdoende geïllustreer deur die Senaatswetgewing wat ondanks 'n siedende protes van die kant van 'n deel van die Suid-Afrikaanse publiek, 'n draai in die hooggeregshof en die appèlhof, tog in 1955 op die wetboek geplaas is.[108]

By die herindiening van die Wetsontwerp oor Afsonderlike Universiteitsopleiding het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap beweer dat die maatreël nie as 'n verrassing op die Volksraad afgedwing word nie, maar dat dit uitvoering moet gee aan 'n beleid wat die regering oor en oor aangekondig het met die oog op toekomsbeplanning, want "as ons dit nie nou doen nie," het hy beweer, "sal ons dit nie kan doen as die vloedwaters eers dreig om ons te verswelg nie."[109]

---

106. Cape Times, 28.5.'57; Cape Argus, 29.5.'57.

107. Vgl. die protesmetodes waarop die studenteraad besluit het in Nux, 10.4.'57.

108. M. Ballinger, From Union to Apartheid; A Trek to Isolation, pp. 296-309.

109. Volksraadsdebatte, 8.4.'57, kol. 4385.

Tog het min. C.R. Swart se aankondiging in die Volksraad op 17 Mei, dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys gaan word na afloop van die tweedelesingsdebat en voor die komiteestadium, 'n sekere mate van verbasing in opposisie-kringe laat ontstaan.[110] Dit was redelik seker dat die komitee nie voor die aanvang van die parlementêre reses sy verslag kon uitbring nie en dat die wetsontwerp dus in alle waarskynlikheid uitgestel sou word tot na die algemene ver-kiesing in Mei 1958.

Daar die wetsontwerp eers ná die tweedelesingsdebat na 'n gekose komitee verwys is - gewoonlik die stadium waartydens die beginsel van die maatreël uitgetrap word - het dit geen afwyking van die regering se voorneme om die maatreël deur-gevoer te kry, veronderstel nie. Die praktiese implikasies van hierdie stap was dat die regering deur die maatreël deur die tweedelesingstadium van die debat te loods, klaar stand-punt gekies het op grond van die beginsel wat op die spel was, maar hom nie gebind gevoel het tot die administratiewe besonderhede van die wetsontwerp nie.

Hoewel die opposisie graag wou glo dat die omvang en die vasberadenheid van hul teenstand die regering laat weifel het oor die wenslikheid om die maatreël gedurende die 1957-sitting deur die parlement te stoomroller, blyk dit veeleer dat 'n aantal invloedryke akademici van die Afrikaanse uni-versiteite en SABRA die deurslaggewende faktor in die terug-trekking van die maatreël was. Laasgenoemde het deur middel van private mededelings aan die regering hul verontrusting te kenne gegee oor die feit dat die voorgenome universi-teitskolleges soos staatsinrigtings van bo-af bestuur sou word en dit die outonomie van die universiteite in die gedrang sou bring. Soos SABRA later in 'n memorandum getuig het wat hulle voorgelê het aan die Kommissie insake Afsonderlike Universiteitsgeriewe, het sekere bepalings van die oorspronk-

110. Star, 17.5.'57.

like 1957-wetsontwerp met betrekking tot die aard, samestelling, organisasie en funksionering van die te stigte universiteitskolleges, die beplande inrigtings sodanig gekortwiek dat hulle by voorbaat as minderwaardige kolleges gebrandmerk sou wees.[111]

Die Burger het die besluit van die regering om die wetsontwerp na 'n gekose komitee te verwys verwelkom en gemeld dat die presiese plan van uitvoering 'n saak vir omvattende ondersoek is, waarby ook die kennis en ervaring van die ope universiteite betrek behoort te word.[112]

Hoewel die regering waarskynlik doelbewus hierdie inligting voor die tweedelesingsdebat laat uitlek het om die teenkanting teen die maatreël ietwat te kussing, het die Engelse koerante daarvoor gesorg dat die wind nie heeltemal uit die opposisie se seile gehaal is nie. Hulle standpunt, soos verwoord deur die Sunday Times van 19 Mei, was waarskynlik 'n strooihalm wat dankbaar deur die ope universiteite aangegryp is omdat hul reëlings vir 'n aanskoulike protesoptog en dramatiese petisie reeds so ver gevorder was dat dit nie summier afgelas kon word sonder om aansien te verloor nie. Die regering se besluit om die wetsontwerp nie gedurende daardie sitting deur die parlement te loods nie, het die Sunday Times geskrywe, "does not mean that the opponents of this unpardonable assault on academic freedom can now slacken their resistance." As die beginsel van die maatreël aanvaar is, sal die gekose komitee en die daaruit voortvloeiende kommissie nie daaraan kan torring nie en is dit des te belangriker dat die beginsel van die maatreël

111. Vgl. "Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding: Memorandum voorgelê deur SABRA aan die Kommissie insake Afsonderlike Universiteitsgeriewe", Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, ix:3 (1958), pp. 91-102.

112. Die Burger, 18.5.'57. Hoofartikel; 20.5.'57, Politieke kommentaar.

beveg moet word.[113]

Tog moes selfs die Universiteit van Kaapstad besef het dat sy onslagvaardigheid om Wits in sy protesprosessie na te doen vóór die maatreël by die Volksraad vir die tweede lesing ter tafel gelê is, en hulle dit eers nege dae na die beëindiging van die debat uit die blokke kon kry toe die Wysigingswetsontwerp op Beheer oor Wyn en Spiritualeë en 'n Wetsontwerp op Inkomstebelasting voor die Volksraad gedien het, mosterd na die maal was. In hierdie stadium was die gedagte van 'n vertoon van morele weerstand deur middel van 'n akademiese prosessie, reeds 'n <u>idée fixe</u> dat weinig hul daarvan sou laat afsien.

Die studente is die oggend van die beoogde protesoptog met 'n groot, vars-uit-die-oond reklame-uitgawe van <u>Varsity</u> in onbeskeie baniere begroet om hulle marsvaardig teen die "horrible university bill" te kry.[114] In sy oproep aan die studente het die kanselier in die koerantjie geskrywe dat die optog deur die strate van Kaapstad dit sal benadruk dat die studente, personeel, gegradueerdes en universiteitsraad verenig is in hul geloof dat die opdwing van apartheid rampspoedige gevolge vir die universiteit tot gevolg sou hê.

Uit die oogpunt van deelname, kan die protesmars as 'n ongeëwenaarde sukses beskou word. Alle lesings is reeds om 9h30 gekanselleer vir die prosessie van by 3000 konvokasielede, personeel en studente wat deur A. v.d. S. Centlivres, die kanselier, mnr. D. Baxter, Voorsitter van die Raad, en prof. R.W. James, die rektor, gelei is.[115]

113. <u>Sunday Times</u>, 19.5.'57, Hoofartikel; Vgl. ook <u>Sunday Express</u> se hoofartikel, "Vigilance must go on", 26.5.'57.

114. <u>Varsity</u>, 7.6.'57.

115. <u>Cape Times</u>, 8.6.'57.

Uit 'n berig van 'n Varsity-verslaggewer, kan 'n resonansie van veridealisering van die gebeure reeds opgevang word, en is dit as sodanig 'n vroeë voorteken van 'n toekomstige tendens om alles rondom die Engelse universiteite se botsing met die owerheid in terme van 'n geregverdige stellingname teen 'n onregmatige skending van die hoogste ideale van die ope universiteite te beskou. Tooiloos, maar trefseker word die gewaarwordinge van die studente onder woorde gebring: "For half an hour the traffic stopped in Adderley Street. For half an hour a procession passed through town. Spectators thronged the streets - everybody loves a procession. But this was a little different - one could see it on their faces. A solemness hung over the streets, a solemness echoed by the occasional clapping of the onlookers and by the shuffling feet of three thousand students and their professors. Then when the column had disappeared into Queen Victoria Street, the mid-morning traffic began again and the people went back to their work. The drum ceased in the Hiddingh Hall quadrangle, the massed ranks hushed and prof. James spoke. Then it was all over".[116]

Die noeste vlyt van 'n klein groepie deurwinterde organiseerders wat die kampus vir etlike maande ononderbroke tot deelname aan 'n versetveldtog probeer omrokkel het, het nou geleidelik die dividende op hul arbeid begin verhaal. Op 'n monstervergadering om die veldtog teen universitêre apartheid in heroënskou te neem, maande nadat die pers en die publiek die vraagstuk vereers eenkant toe geskuif het, het die studente die studenteraad daarvan beskuldig dat lg. se metodes om universitêre apartheid hoofsaaklik deur middel van resolusies en "humble petitions" te veroordeel, nie onversetlik genoeg was nie. In sy rapportering oor die vergadering skryf Varsity, dat daar op die vraag of hulle dan nie lank en hard genoeg teen uni-

---

116. Varsity, 27.6.'57.

versitêre apartheid gestry het nie, 'n dawerende nee gegee is. "In a nutshell", beweer die koerant, "the method was one of adopting a conciliatory, amounting to a cringing attitude towards the Nationalist Government in the hope that by humble words and cringing mien, the Government would reconsider its decision."[117] Vir die oortuigde liberaliste onder die studente moes dit uiters bemoedigend gewees het. Binne maande is 'n geslag studente saamgebind deur 'n gemeenskaplike stryd en agter die beginsel van 'n ope eenheidsgemeenskap geskaar.

Soos voorsien is, het die parlement op 22 Junie 1957 geprorogeer sonder dat die gekose komitee sy werksaamhede kon afhandel en is dit omskep in 'n parlementêre kommissie van ondersoek onder voorsitterskap van min. M.C. de Wet Nel om getuienis af te neem van belanghebbendes en 'n verslag uit te bring oor die besonderhede van die maatreël met inagneming van die beginsels daarin vervat, soos by die tweede lesing van die wetsontwerp aanvaar.

Dit was vroeg gedurende 1958 duidelik dat die wetsontwerp nie gedurende die kort, laaste sitting van die elfde parlement voor die 1958-verkiesing aan die beurt sou kom nie as gevolg van die groot aantal voorleggings wat nog nie aangehoor is nie. Toe die kommissie sy verslag op 30 Augustus 1958 ingehandig het, het dit 32 memoranda ter hand gehad en mondelinge getuienis aangehoor van 28 organisasies en individue, insluitende van die universiteite van Kaapstad, Witwatersrand, Natal, Fort Hare, Rhodes, die studenterade van Wits, Kaapstad, Natal en van NUSAS. Hoewel die meeste voorleggings afwysend teenoor die beoogde maatreël gestaan het en NUSAS, die studenterade en die universiteite van Kaapstad, Witwatersrand en Natal (Pietermaritzburg) selfs vir die skrapping van die voorgenome wetgewing in sy geheel betoog het,[118] was daar geen aanduiding in enige

117. Ibid., 8.10.'57.

118. J10-59, Summary of the Most Recent Events in Connection

stadium dat die regering voornemens was om sy planne oor die implementering van afsonderlike universiteitsopleiding te wysig nie. Verskeie kabinetsministers het in hul verkiesingstoesprake na die regering se onwrikbare besluit verwys om by die vroegste moontlike geleentheid uitvoering daaraan te verleen.[119]

Uit NUSAS se voorleggings en mondelinge getuienis was dit duidelik dat hulle en die regering mekaar oor hierdie aangeleentheid nie sou vind nie. NUSAS het in sy memorandum die afskaffing van die kleurskeidslyn in onderwys as 'n beginseluitgangspunt gestel en by ondervraging bevestig dat dit vrye toelating tot die skole sowel as universiteite impliseer.[120] Op die vraag of hulle dan nie die wenslikheid kan insien nie van gelykwaardige universiteite wat spesifiek voorsiening maak vir die wense en behoeftes van die swart gemeenskappe, soos Kaapstad hoofsaaklik in die behoeftes van die Engelse gemeenskap voorsien en Stellenbosch hoofsaaklik weer op die Afrikanergemeenskap toegespits is, het mnr. Trevor Coombe wat die NUSAS-leierskap by mnr. Wentzel oorgeneem het, beweer dat die strekking van regeringsuitsprake oor afsonderlike universiteitsopleiding, NUSAS se geloof in die goeie trou van die regering ondermyn het tot op 'n punt waar hulle bykans 'n "bankruptcy of confidence in the bona fides of the government in this respect" ervaar.[121]

---

with University Segregation, (N. Rubin) 5.2.'59, pp. 2; 5.

119. Ibid., p. 1.

120. Die Burger, 14.1.'58.

121. 013-58, Extracts from 40 Page Transcript of Verbal Evidence Placed before Separate Universities Commission by Messrs. T. Coombe (NUSAS), D. Clain (UCT-SRC), N. Bromberger (UCT-SRC), pp. 7-8.

Wat hier natuurlik op die spel is, is diametraal uiteenlopende beginsels wat ten duidelikste geïlllustreer word deur die waarnemings van die studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Kaapstad, mnr. D. Clain, wat die ASB-kongres in April 1958 as besoeker bygewoon het. o.m. met die gedagte om steun onder die Afrikanerstudente teen die regering se beoogde universitêre skeidingsmaatreël te ronsel. Die ASB het egter 'n mosie van 1957 herbekragtig waarin dank teenoor en steun aan die regering in sy poging om beslag aan akademiese skeiding te gee, uitgespreek is. Die hele kongres was volgens mnr. Clain vir hom ietwat van 'n "mental jolt". "I met students" skryf hy met ongeloof, "who fervently believed that it was the Afrikaner's duty to defend his group to the bitter end and that the interests of the group are more important than those of the individual. I met students who believed that for the Afrikaner, integration was an impossibility ... who claimed that they had overcome racial prejudice and wanted segregation from the African not because of his skin colour, but because he had a different culture."[122]

Teen Junie het van die vernaamste aanbevelings wat die kommissie met betrekking tot die universiteite gemaak het die pers ter ore gekom en heelwat spekulasie op tou gesit. NUSAS het dit gebode geag om 'n persverklaring uit te reik waarin hulle na aanleiding van die gerugte hul besorgdheid oor die aard van die wysigings op die 1957-wetsontwerp te kenne gegee het. Die voorgestelde wysigings het hulle beweer, maak die wetsontwerp nie minder betreurenswaardig nie. "We have been shaken so often by the Government's approach to academic matters that our confidence in their preparedness to maintain the liberties of the mind and the rights of scholars does not exist,"[123] aldus mnr. Coombe.

---

122. Varsity, 24.4.'58.

123. Cape Argus, 10.6.'58.

Dit sou naïef wees om NUSAS se ideologiese misgreep op die Afrikaner se geesteshouding en denkuitgange as die enigste rede te sien waarom die kommissieverslag met so 'n siniese gesindheid vooruit geloop word. Dat NUSAS nie werklik die hoofdoel met die wetsontwerp misgekyk het nie, maar slegs een enkele faset nl. die vermeende aantasting van die outonomie van die ope universiteite aangegryp het as 'n regverdiging van hul protes, word deur 'n verdere sin in die persverklaring gestaaf en dui op die bestaan van bedekte beweegredes: "In any case", lui die verklaring voorts, "we are strongly opposed to the establishment of separate institutions for non-white students, whether Wits and UCT remain open or not."[124]

## 2.4 NUSAS se orkestrasie van die versetveldtog

NUSAS was geensins van plan om die houvas op die kampusse te verslap wat hy gedurende die 1956-57 fase van die versetkampanje opgebou het nie. Sy aangrypingspunt was juis die 1956-kongresbesluit dat NUSAS die veldtog moes koördineer en die kongresse en studenterade is getrou deur presidente Wentzel, Coombe en Neville Rubin daaraan herinner.[125]

Hoewel 'n direkte wetgewende bedreiging afwesig was gedurende mnr. Trevor Coombe se termyn van Julie 1957 tot Julie 1958, het NUSAS nie stilgesit nie. 'n Hoekie van die sluier is wel gelig tydens Coombe se presidensiële rede by NUSAS se vier-en-dertigste kongres te Grahamstad toe hy beweer het

---

124. Cape Times, 10.6.'58.

125. Vgl. A3-57, Report of President...., p.23; A3-58, Report of Department of President and Vice-President to National Student Assembly, July 1958, (T. Coombe), p. 49; ook N. Rubin in verskeie omsendskrywes aan studenterade, bv. J10-58, N. Rubin - Students' Representative Councils and Academic Freedom Committees, 8.8.'58.

dat die Nasionale Unie en konstituerende kampusse besig was om die protesbeweging hier te lande en onder kollegas oorsee, op dreef te bring.[126] Feit is egter dat NUSAS se administratiewe masjinerie daardie stadium reeds in hoogste versnelling vir 'n volskaalse aanslag teen die wetsontwerp was.

Sedert 1958 het NUSAS 'n blywende invloedsmag in die skepping van die Engelse universiteite se bestemming geword en het die deurdrywende daadkrag van sy presidente 'n onuitwisbare stempel op die handelinge van die Engelse studentegemeenskappe geplaas. NUSAS het hierdie posisie van byna ongelooflike invloed op die ideologiese karakter van die Engelse universiteite bereik deur 'n politieke vaardigheidspel wat die jeug en onervarenheid van sy leiers geloënstaf het, deur 'n volkome toewyding aan die liberale ideologie, onverbeterlike organisasie en hondstaaie volharding nadat almal op die kampusse reeds die stryd gewonne gegee het.

As 'n voorsmakie van wat sou kom, het NUSAS en die studenteraad van die Universiteit van Kaapstad twintig studente met 'n reuse-plakkaat waarop "We have not forgotten the University Apartheid Bill" geskrywe was, voor die Kaapse Argiefgebou laat posteer toe die kommissielede vir hul eerste sitting opgedaag het. Daarna het studente daagliks tot die ergernis van baie kommissielede, gedurende elke middagetensuur vir die duur van die sitting in die Kaap in Adderleystraat gepiketteer en die Kommissie die twyfelagtige eer gebied om saam met die demonstreerders op die Britse televisienuus te verskyn.[127] Hulle is ook tydens hul sittings in Port Elizabeth en Johannesburg deur student-pikette ingewag.

126. Daily Despatch, 2.7.'58.

127. Cape Argus, 4.1.'58; Cape Times, 6.1.'58.

Kragtens die bevoegdhede aan hom verleen om die veldtog te koördineer wanneer die nasionale kongres aan die hoogste gesagliggaam van die Nasionale Unie nie in sitting is nie, het die Hoofbestuur (Executive) van NUSAS studenterade op 'n deurlopende grondslag ingelig oor belangrike verwikkelinge en van tyd tot tyd metodes aanbeveel wat tydens die protesaksie aangewend kon word. Dit is belangrik om daarop te let dat NUSAS se monitor van die akademiese vryheidsveldtog op aandrang van die studenterade geskied het en dat NUSAS geen bindende gesag gehad het nie.

Verskeie besoeke aan die verskillende sentra, veral die een gedurende April 1958, is aangewend om die akademiese vryheidskomitees te ontmoet en om nuus en voorstelle van die een sentrum na die ander oor te dra waardeur 'n aansienlike mate van uniformiteit in die voorbereiding van die protesaksie aan die verskillende kampusse bewerkstellig en die netwerk van skakeling verstewig is.[128]

Op sterkte van hierdie besoeke en urelange beraadslaging tussen die president, vise-president en vise-president vir internasionale verhoudinge, is 'n meesterplan volgens 'n globale geheelstrategie ontwerp sodat NUSAS regeringsoptrede kon antisipeer en NUSAS en die geaffilieerde kampusse die geleenthede optimaal kon benut wanneer dit opduik. Hierdie blouplan gebaseer op 'n losse spanwerktegniek is op 2 Mei as 'n konfidensiële memorandum aan alle studenterade en akademiese vryheidskomitees gestuur om die voorbereidings vir protesoptrede op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke te koördineer tesame met 'n tentatiewe kampanjekalender vir die periode van Mei tot September.[129] Dit is opgevolg deur twee verdere memoranda op 2 Junie en 8 Augustus.

In hierdie beplanningsdokument is heel eerste die oorkoepelende doelstellings neergelê wat as 'n proteshandelingsland-

---

128. A3-58, <u>Report of President....</u>, p. 49.

129. <u>Loc. cit.</u>, pp. 49-50.

kaart of lugfotobeeld moes dien van die terrein waarop die protesoperasie voltrek moes word.

Die sentrale doelstelling van die veldtog was om die vernietiging of terugtrekking van die wetsontwerp teweeg te bring. 'n Sekondêre maar waarskynlik meer realistiese doelstelling was om 'n groot en invloedryke gedeelte van die Suid-Afrikaanse en internasionale gemeenskap in te lig oor wat besig was om plaas te vind in die geloof dat dit voldoende regverdiging op sigself is; dat dit dalk Nasionale Party-intelligentsia kan beïnvloed wat op hul beurt weer die regering kan beïnvloed en dat dit 'n groot vlaag van openbare verontwaardiging sal ontketen waardeur die regering genoop sal word om 'n aantal van die "aanstootliker" klousules van die wetsontwerp te skrap.[130]

Die eerste instellingspunt van die veldtog was die troonrede geskeduleer vir 4 Julie waarin daar volgens verwagting na die wetsontwerp oor die universiteite verwys sou word. Die verwagting was dat die debattering van die wetsontwerp so teen die begin van September op die rooster van parlementêre verrigtinge sou verskyn en dat dit die hoofteiken van hul veldtog moes vorm.

Die organisasie het basies op drie vlakke uiteengeval, nl. die internasionale wat uitsluitlik deur die Uitvoerende Raad van NUSAS gehanteer is, die nasionale wat deur NUSAS in samewerking met die studenterade gekoördineer is en die organisasie op plaaslike vlak wat deur die studenterade behartig is.[131]

Die akademiese vryheidskomitees onder patronaat van die studenterade, was verantwoordelik vir die organisering van die veldtog op plaaslike vlak en die skakeling met die

---

130. J10-58, Memorandum on the 1958 University Campaign (T. Coombe) 2.5.'58.

131. Ibid., p. 2.

plaaslike universiteitspersoneel en konvokasie, ander akademiese vryheidskomitees en die NUSAS-hoofbestuur. Hoewel dit een van die belangrikste bestuursliggame op die kampus was, het die studenteraad steeds oorkoepelend die hoogste gesag in die studentegemeenskap gebly wat die breë beleidsrigting neergelê en na buite as die spreekbuis van die studentegemeenskap opgetree het.

Die grondslae vir die plaaslike aktiwiteit is afgebreek in drie vlakke van bearbeiding, nl. die studentekorpse, universiteitspersoneel en die algemene publiek. Die studente moes deur middel van studie- en diskussiegroepe van hoogstens veertig deelnemers per groep in die koshuise, verenigings of deur kampusmonstervergaderings, lesings en simposia, gedrukte pamflette en die studentekoerante onderrig word in die geskiedenis van die veldtog, die beginsels wat op die spel was, die detail van die wetgewing en die rol en effektiwiteit van protes.[132]

Universiteitspersoneel moes gestimuleer word om hul eie protes te organiseer en vir so ver moontlik hulle aktiwiteite met dié van die studente te sinchroniseer. 'n Primêre oogmerk van die plaaslike aktiwiteit was om die Ope Universiteite-skakelkomitees wat saamgestel was uit amptelike verteenwoordigers van die senate en rade te laat herlewe met die oog op die beplanning van protesaksies van dosente en studente, asook gesamentlik van die raad, senaat, dosente, konvokasie en studente. Sprekers moes vroegtydig uit die personeel gesoek word vir kampuslesings, simposia, massavergaderings en artikels in die studente, akademiese en nasionale pers.

Die plaaslike publiek moes so deeglik en energiek as moontlik ingelig word deur middel van persverklarings en 'n wye dekking van vergaderings en demonstrasies in die plaaslike koe-

132. Ibid., p. 2 et seq.

rante, die dramatiese aanskoulikheid van die demonstrasies self, openbare protesvergaderings op die universiteit en in die stad, toesprake en handtekeninge van invloedryke en vooraanstaande gemeenskapsleiers en simpatiekgesinde organisasies om professioneel of oor bugerregte insette te lewer.[133]

Na 'n breë vooraf-evaluering van die moontlike verloop van die parlementêre program, is 'n provisionele proteskalender saamgestel.[134] Gedurende Mei moes die eerste ploegvore getrek en die akker voorberei word. Die akademiese vryheidskomitees moes weer op dreef kom, Ope Universiteite-skakelkomitees moes opnuut gekonstitueer word, konvokasies moes aangespoor word, doeltreffende meganismes moes geskep word vir skakeling met die pers, die verspreiding van die notules van die studenterade en akademiese vryheidskomitees, die voorbereiding van aanplakbiljette, protesplakkate en baniere. Lesingsprogramme, protesvergaderings, sprekers en lokale moes gereël word, posteringsroosters moes opgestel en briefskryfspanne aan die pers moes saamgestel word. Kontak moes ook met invloedryke persone en organisasies bewerkstellig word.

Junie-maand sou hoofsaaklik op sy gesit word vir 'n intensifisering, konsolidasie en 'n pasversnelling van Meimaand se program. Daar moes veral gepoog word om skakeling met die personeel deur middel van die Ope Universiteite-skakelkomitees reeds op so 'n vlak van samewerking te hê dat tentatiewe voorstelle vir 'n eendaagse sluiting van die ope universiteite gedurende die hoogtepunt van die veldtog gemaak kon word. Dit was duidelik dat die beoogde sluiting nie sonder rugsteuning deur die universiteitspersoneel effektief geïmplementeer kon word nie.

Teen Julie moes die veldtog in volle swang wees. Die jaar-

---

133. Ibid., pp. 3-4.

134. Ibid., p. 6 et passim.

likse uniale kongres van NUSAS van 30 Junie tot 12 Julie, verteenwoordigend van al die studenterade, kon 'n belangrike sametrekpunt vir beplanning, bundeling van kragte en uitreiking van verklarings vorm. Omdat dit oor die universiteitsvakansie en die parlementêre sitting geval het, moes vakansie-gebeurlikheidspanne deur die akademiese vryheidskomitees saamgestel word om 'n kontinue protesprogram te verseker. Dit sou o.m. beteken dat lyste saamgestel moes word van studente wat gewillig is om in die vakansie te betoog. Die studenterade moes ook op die hoogte van die parlementêre verrigtinge bly ten einde persverklarings te kan uitreik.

Augustus sou waarskynlik die krisismaand wees en is daar voorsien dat die protes oor die hele linie van die akademiese lewe sou kulmineer in krisisuitgawes van die studentekoerante, massa-betogings, finale oproepe tot die regering om die wetgewing ter syde te stel en 'n eendaagse sluiting van die ope universiteite.

Septembermaand moes in die teken van 'n voorraadopname en 'n koersbepaling staan: die suksesse en mislukkings van die veldtog moes in oënskou geneem word sodat die regte voorbereidings getref kon word om die maatreëls met betrekking tot Fort Hare en die Nie-Blanke Mediese Skool van Natal, teen te staan.[135]

Dit is opmerklik dat NUSAS besef het dat die koers wat hy ingeslaan het en die metodes wat hy aanwend op die perpetuering van 'n buite-parlementêre straatpolitiek moes uitloop - daarom is daar reeds in die beplanningstadium voorsiening gemaak vir 'n voortsetting van die veldtog teen verdere wetgewende maatreëls wat moes volg.

Uit hierdie breë organisatoriese raamwerk vir die 1958-protes het NUSAS ook 'n register van detailbeplanningsvoor-

---

135. Ibid., p. 6.

stelle en -moontlikhede saamgestel wat aangepas en gevarieer kon word na gelang van omstandighede eie aan elke kampus. Dit het dinge ingesluit soos die gebruik van rubberstempels en plakkers met slagspreuke soos "Fight University Apartheid" op amptelike studenteraadskorrespondensie, die universiteitsvlag halfstok onderstebo te hys as 'n noodsein, ooreenkomste met simpatieke stadsrade en provinsiale raadslede aan te gaan om die saak sō te bewimpel dat die maatreël vir debattering in hul raadsale opgerakel word.[136] Besondere inisiatief in hierdie verband is o.m. die Durbanse kampus-bulletin wat op 'n gereëlde grondslag inligting oor die veldtog plaaslik en by ander sentra gepubliseer het.[137] Kaapstad het weer 'n reeks suksesvolle pamflette, telkens onder die titel The Reason Why die lig laat sien, waarin die minder gelukkige uitsprake van kabinetsministers en nasionale L.V.'s oor die redes waarom die wetgewing noodsaaklik is sonder kommentaar weergegee is, en hierdie sprekers dan as't ware toegelaat is om in hul eie vet gaar te stowe.[138] 'n Onbekookte uitspraak soos dié van min. C.R. Swart voor sy kiesers in Winburg dat hy "oortuig is dat geen Blankes in Winburg of enige ander plek dit sal verdra as hul seun of dogter in dieselfde klaskamer as Nie-Blankes moet sit" en dat dit "die rede (is) waarom die Regering alles in sy vermoë doen om swart universiteite te skep",[139] is effektiewer propaganda vir die ideaal van 'n ope nie-rassistiese samelewing as wat 'n vlymende aanval op die regering kon hoop om te wees.

---

136. Ibid., p. 4.

137. J10-58, M. Guther - All SRC Presidents, 16.8.'58.

138. J8-58, Confidential Report to the 24th August 1958 Meeting of the Students' Representative Council, University of the Witwatersrand, on the Activities of the Academic Freedom Committee for the Period 25th July to 24th August, 1958 (C. Rosendorff).

139. My vertaling, uit Cape Times 25.3.'57.

'n Uitstalling romdom die tema van die akademiese vryheidskampanje wat bestaan het uit foto's, persberigknipsels, spotprente, briewe en telegramme van internasionale steun en fotostate van verklarings en mosies, het by Wits heelwat byval van die studente geoes.[140]

By hierdie universiteit het die organisasie van die akademiese vryheidskomitee klopdisselboom verloop. Ondanks die gevoel wat onder redakteurs van die openbare pers begin posvat het dat die reportage oor die akademiese vryheidsveldtog gelykstaande was aan die opdis van koue pap aan die lesers, het twee Johannesburgse koerante tog die aanbod van 'n aantal artikels oor die veldtog teenoor die hoofartikelblad vir publikasie aanvaar.[141] Individuele kontak met verslaggewers van al die Johannesburgse Engelse koerante is egter bewerkstellig wat meegebring het dat daar nogtans bevredigende dekking aan kampusgebeure verleen is. Die bekende spotprenttekenaars, Bob Connoly en Berry, het beloof om tydens die tweedelesingsdebat hul stekelrige toespelings rondom die wetsontwerp te konsentreer.[142] Die <u>Rand Daily Mail</u> het ook netjies gedrukte slagspreuke soos "Uphold Academic Freedom", "Defend University Autonomy", ens. gratis op 180 van sy lokbiljette laat druk en Wits het dit later na al die NUSAS-sentra versprei.[143]

Die grootste prestasie wat die akademiese vryheidskomitee van Wits homself kon laat aanleun was inderdaad die beïnvloeding van lede van die senaat, wat hul kollegas op 'n senaatvergadering op 16 Augustus, die dag na die eerste lesing van die wetsontwerp, omgehaal het om toe te stem tot die sluiting van die universiteit gedurende die derde lesing van die

140. J8-58, <u>Confidential Report....</u>, 24.8.'58, p. 3.

141. <u>The Star</u> en <u>Golden City Post</u>.

142. J8-58 <u>Confidential Report....</u>, 24.8.'58, pp. 3-4.

143. <u>Ibid</u>.

wetsontwerp as 'n simboliese demonstrasie van protes.[144] Met die reëlings daarvan in die hande van prof. I.D. MacCrone as die nuwe vise-rektor van die Universiteit van die Witwatersrand en voorsitter van die Ope Universiteite-skakelkomitee van Wits, was dit soveel makliker om die saak by die Universiteit van Kaapstad aan te voor.

Getrou aan sy rol as monitorliggaam, is NUSAS se koördinering van die veldtog op nasionale vlak deurgaans met die volle samewerking van en in konsultasie met die studenterade onderneem. Op grond van die terugvoering verkry uit verslae, notules,persberigte, studentekoerante en derglike wat deur die akademiese vryheidskomitees na St. Georgesstraat 148 deurgestuur is, kon NUSAS die nodige sifting doen, die inligting verwerk en aan die studenterade, akademici, politici, kerkleiers, die pers, belangrike steunorganisasies en oorsese studente-unies uitstuur by wyse van 'n nuusbrief wat min of meer maandeliks die lig gesien het. Die adreslys van die nuusbrief het gedurende 1958 aangegroei tot om en by 380 versendingspunte.[145] Die vernaamste inligtingsmedium, was egter die reeks vertroulike omsendskrywes en memoranda wat na die studenterade en akademiese vryheidskomitees uitgestuur is. Op 17 Junie het NUSAS 12000 kopieë van 'n nuwe pamflet getitel <u>Truth is Colourblind</u> laat druk ten einde studente onder die sg. droewe implikasies van die wetgewing wat op hande is te bring.[146]

Gedurende Julie tydens die jaarlikse NUSAS-kongres is mnr. Neville Rubin, 'n voormalige studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Kaapstad, tot president van NUSAS vir die 1958-1959-termyn verkies. Oor mnr. Rubin se leierseienskappe het 'n rubriekskrywer in die April-uitgawe van <u>Varsity</u> geskrywe: "Neville is 'n powerful person - so

---

144. <u>Ibid</u>., p. 5.

145. A3-58, <u>Report of President....</u>, p. 48.

146. <u>Ibid</u>., p. 50.

much so that half the SRC are Rubin 'echoes'".[147] Toe mnr. Rubin op 27 Maart 1958 as studenteraadsvoorsitter bedank het, was hy as die vise-president van NUSAS die mees waarskynlike kandidaat vir die presidentskap en het hy sy volle gewig agter NUSAS se veldtog teen akademiese segregasie ingegooi. As die seun van senator Leslie Rubin wat 'n Liberale Partylid en naturelle-verteenwoordiger in die senaat was, was mnr. Rubin junior nie alleen vertroud met die prosedure en werking van die parlement nie, maar het hy 'n toegang tot en 'n inspraak by parlementslede gehad wat geen ander NUSAS-president voor hom beskore was nie. Hy was in noue kontak met die persgalery en met lede van beide huise asook met die swepe van die Verenigde Party, sodat hy op staande voet wysigings in NUSAS se protesprogram kon voorstel as daar veranderinge in die dagorder van die Volksraad aangebring word.[148]

Gedurende Junie was daar skielik 'n fladdering in die opposisiekringe nadat mnr. W.A. Maree, destyds waarnemende voorsitter van die Kommissie i.s. Afsonderlike Universiteitsopleiding, onverwags te kenne gegee het dat verslag moontlik binne die volgende week uitgebring kon word en dat 'n nuwe wetsontwerp gedurende die eerskomende sitting ingedien sou word. Wye spekulasie in die koerante oor die aard van die aanbevelings en die gepaardgaande veranderinge wat dit met betrekking tot die wetsontwerp kan hê, het o.m. in <u>Die Burger</u>, <u>Cape Argus</u>, <u>Rand Daily Mail</u> en <u>Star</u> gevolg.[149]

---

147. <u>Varsity</u>, 3.4.'58.

148. Vgl. J10-58, <u>N. Rubin - Presidents of SRC's</u>, waarin mnr. Rubin studenterade meedeel dat gemelde kontakte hom in staat stel om hulle onmiddellik in kennis te stel wanneer en indien die tweede lesing daardie jaar gaan plaasvind.

149. In dieselfde volgorde, op 11.6.'58, 12.6.'58, 13.6.'58 en 12.6.'58.

Hoewel die kommissie eers sy verslag op 30 Augustus 1958 ingedien het en dit openbaar gemaak is op 12 September tesame met voorstelle vir 'n hersiene wetsontwerp wat substansieel dieselfde was as die gewysigde klousules van die nuwe wetsontwerp,[150] kon mnr. Rubin reeds op 8 Augustus in 'n vertroulike omsendskrywe aan die geaffilieerde studenterade en akademiese vryheidskomitees skrywe dat "we have been fortunate enough to have seen people who have had an opportunity to inspect the bill, and we are able to confirm those changes which were reported to have been made". Op grond van die voorkennis dat sulke veranderinge as wat aan die wetsontwerp aangebring is geen verskil gemaak het "to the sections of the Bill to which we objected most strongly," kon NUSAS besluit "to proceed at once with the most comprehensive possible plan of opposition to the Bill under the circumstances."[151] Dit is ook grootliks as gevolg van hierdie kontak met parlementslede wat verhoed het dat NUSAS op die verkeerde voet gevang is toe die Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding vir die eerste maal gelees is. NUSAS kon die Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad net vroegtydig genoeg inlig sodat 'n 150 pikette vir die eerste lesing georganiseer kon word.[152]

Die dood van die Eerste Minister, mnr. J.G. Strijdom, gedurende die vroeë oggendure van Sondag 24 Augustus 1958, het die wetgewende program vir die res van die sitting deurmekaar gekrap. Die parlementêre verrigtinge is vir 'n week lank opgeskort waartydens dr. H.F. Verwoerd deur die koukus as die nuwe hoofleier van die Nasionale Party aangewys is wat <u>ipso facto</u> beteken het dat hy ook die nuwe Eerste Minister van die Unie sou word en waarskynlik ingrypende kabinetskommelinge sou aankondig.[153]

---

150. J10-59, Summary of the Most Recent Events...., 5.2.'59, p. 5.

151. <u>Loc. cit</u>.

152. J10-58, <u>M. Gunther - All SRC Presidents</u>, 16.5.'58.

153. G.D. Scholtz, <u>Dr. Hendrik French Verwoerd</u>, 1901-1966, Deel 1, pp. 299-302.

Na oorlegpleging met die swepe van die partye, het mnr. Rubin die Volksraad op die oggend van 6 September besoek om mnr. C.R. Swart in sy hoedanigheid as leier van die raad te hoor aankondig dat die parlementêre sitting aan die einde van die maand opgeskort gaan word en sekere aangekondigde maatreëls, w.o. die Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding, tot die parlementêre sessie van 1959 sal oorstaan.[154]

Dieselfde middag het mnr. Rubin 'n brief opgestel vir die studenterade en akademiese vryheidskomitees waarin hy die verwikkelinge getakseer het. In die eerste plek het die welkome grasie wat die ope universiteite verleen is, beteken dat as hulle vinnig genoeg spring, hulle die regering se maatreël gedeeltelik kon fnuik deur soveel anderskleuriges as moontlik te oorreed om toelating tot hierdie universiteite te probeer verkry voor die maatreël van krag word.[155] In die tweede plek het dit beteken dat NUSAS op 'n veel groter skaal steun vir die veldtog kon mobiliseer as wat moontlik was indien die wetsontwerp gedurende daardie sitting gelees is.

Uit die korrespondensie tussen NUSAS-hoofkantoor en die studenterade is dit duidelik dat NUSAS geensins gaan terugsit het nie, maar uit die vierspoor begin organiseer het vir die finale en beslissende rondte tussen die universiteite en die regering. Die studenterade is versoek om nie hul akademiese vryheidskomitees te ontbind nie en gedetailleerde

---

154. J10-58, N. Rubin - Students' Representative Councils, Academic Freedom Committees, 5.9.'58.

155. Inskrywingsrekords toon inderdaad dat die getalle van anderskleuriges by die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand gedurende 1957 en 1959 onderskeidelik van 454 tot 633, en 214 tot 297 gestyg het. Indien hierdie getallestyging egter teenoor die blanke getal-

planne is ontwerp sodat die protesaksie oor die lang somervakansie voortgesit kon word.

Die NUSAS-Hoofbestuursvergadering is spesiaal vir 1-4 Desember 1958 geskeduleer sodat die studenteraadsvoorsitters wat op 5 Desember met die Abe Baily-trust se drieweekse studietoer na Europa vertrek, as waarnemers die vergadering kon bywoon en waarskynlik waardevolle buitelandse kontakte vir NUSAS help opbou het.[156]

Die derde fase van die hele onderneming om die wetgewing te probeer kelder, is gefloteer op 'n stewige kwota ervaring en onderlegdheid in die finesses van die spel. Nie alleen was mnr. Rubin met sy bykans twee jaar ervaring as studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Kaapstad en sy rol as stuurman in die tweede helfte van die 1959-veldtog, 'n deurkneë studentepolitikus nie, maar NUSAS self het 'n trotse rekord van jare se protespolitiek agter die rug gehad wat hom in die volgende rondte goed te staan kon kom. Soos Rubin self opgemerk het, "years of effort by our predecessors in office have enabled us to build up one of the most efficient organizations possible for the conduct of the campaign."[157]

---

le gestel word wat eweneens gedurende hierdie jare 'n redelike groeikoers getoon het, is die syfers minder dramaties. Tog sou 'n mens 'n redelik betroubare afleiding kon maak dat die feit dat daar nie 'n daling in die getal anderskleurige studente was ondanks die dreigement dat die deure van die ope universiteite voortaan vir hulle gesluit gaan word nie, gedeeltelik toe te skrywe is aan die aansporing van Blankes dat hulle minderwaardige onderrig aan die nie-blanke universiteite gaan ontvang. Vgl. M. Legassick, op. cit., p. 52.

156. J10-58, N. Rubin - Students' Representatives Councils, Academic Freedom Committees, 5.9.'58.

157. J10-59, N. Rubin - Executive, SRC's and Academic Free-

Sodat elkeen gereed kan wees met 'n plan van aksie om die wetsontwerp te trotseer wanneer dit te berde gebring word, is 'n gedetailleerde handleiding wat die produk van die hoofbestuursvergadering gedurende Desember 1958 was, aan alle studenterade en akademiese vryheidskomitees uitgestuur.

Hierin eien NUSAS dalk vir hom 'n groter deel van die eer toe as waarop hy 'n aanspraak het. "At every stage", beweer mnr. Rubin, "whether it be the Holloway Commission, the Van der Walt Committee, the first Separate University Bill, the Separate Universities Commission or the Extension of University Education Bill, we have made certain that the maximum possible amount of opposition has been expressed. On every occasion we have succeeded in achieveing the postponement of the Bill, with the exception of the last, in which we were helped by coincidental events. By doing so, we have kept the Bill from being passed for almost five years. This means that five new generations of students have been admitted to the open Universities and been allowed to study at Fort Hare ... an achievement worth being proud of."[158]

Tog was dit duidelik dat daar reeds 'n hele klomp ingeroeste denkbeelde by NUSAS was oor die modus operandi wat gevolg moet word, sodat sy protesstyl in 1959 al hoe meer met sjablone van 1957 en 1958 volgepak is.

'n Week voor die opening van die parlement het mnr. Rubin 'n omsendskrywe aan sy kollegas op die Hoofbestuur en voorsitters van die studenterade en akademiese vryheidskomitees gestuur om hul te herinner dat persverklarings opgestel moet word vir vrystelling aan die plaaslike koerante onmiddellik na die troonrede. Kopieë daarvan moes ook onmiddellik na St. Georgesstraat 148, Kaapstad gestuur word vir vrystelling

---

dom Committees (Confidential), 23.1.'59, p. 9.

158. Ibid., p. 1.

aan die Suid-Afrikaanse Pers-unie (SAPA). Enkele ure nadat die goewerneur-generaal aangekondig het dat wetgewing oor die universiteite ingedien gaan word, is persverklarings deur al die studenteraadsvoorsitters van die Engelse universiteite en die president van NUSAS uitgereik.[159]

Die feit dat daar 'n twee of drie weke sou verloop na die troonrede is as 'n tydperk vir organisasie eerder as openbare demonstrasies beskou. Mnr. Rubin het goed besef dat 'n aantal goed georganiseerde massaproteste meer effektief is as 'n reeks lukrake betoginkies deur 'n aantal proteslustige studente. Wat dus nodig was, is dat die organiseerders voldoende studente monster in groter gesamentlike aksies. Die mediese skool by Durban, Wits en Kaapstad moes byvoorbeeld 'n gesamentlike aksie loods, terwyl die drie kampusse van die Universiteit van Natal, en ook Grahamstad en Fort Hare in terme van gesamentlike optrede moes dink.[160] Genoeg plakkate moes ook voorberei word, inligting vrygestel en steun gewerf word vir verskillende aanskoulike demonstrasies binne twee of drie weke na die aanvang van die nuwe akademiese jaar.

Die interimperiode tussen die troonrede en die indiening van die wetsontwerp, is veral benut om kontakte met die pers te verstewig. Dit is studenterade op die hart gedruk dat een betroubare verslaggewer op elke koerant van veel groter betekenis is as 'n onderhoud met die nuusredakteur of hoofredakteur van die koerant.[161] Soos NUSAS reeds voorheen te kenne gegee het, was dit van kardinale belang om soveel perspublisiteit op hulself te be-

159. A3-59, Report on the President's Department (N. Rubin) NUSAS 35th National Assembly, p. 90.

160. J10-59, N. Rubin - SRC Presidents, Academic Freedom Committee Chairmen, NUSAS Executive (Confidential), 8.1.'59.

161. Ibid.

trek as moontlik. "One of the most important factors which will be necessary to ensure the success of the campaign", het mnr. Gunther by 'n vorige geleentheid gesê, "will be the building up of a strong and insistent press opposition to this legislation."[162] Daar is algaande besef dat die hele protesaksie deur die pers werk. By ontstentenis van 'n direkte konstitusionele kanaal om verandering te bewerkstellig, het NUSAS hom met behulp van die sg. "fourth estate" of perswese op die beïnvloeding van die openbare mening toegespits. Elke demonstrasie van die studente, elke beswaarskrif en pleidooi van openbare figure en organisasies wat gewerf is vir die saak, moes deur die pers inkgesmeer word ter wille van die sneeubaleffek en groter trefkrag wat sodoende daaraan verleen word.

'n Baie beperkte steekproef toon aan dat NUSAS besonder suksesvol was in hierdie verband. Gedurende Maart en April toe die veldtog na sy klimaks toe beweeg het, het die Cape Times en die Cape Argus bv. by nie minder as 21 en 23 geleenthede onderskeidelik, oor die akademiese vryheidsveldtog berig, ondanks rapportering gedurende die vorige jaar dat die saak nie langer nuuswaardig geag word nie.[163]

---

162. J10-58, M. Gunther - All SRC Presidents (Confidential), 16.8.'58.

163. Dit kan wellig meer wees, maar ongetwyfeld nie minder nie. Die Cape Times het op 7, 10, 11, 12, 14, 16, 18, 20 en 24 Maart, asook 3, 6, 8, 9, 10, 13, 14, 16, 18, 23, 27 April hieroor berig terwyl die Cape Argus op 5, 7, 9, 11, 14, 17, 18, 20 en 25 Maart, asook 2, 3, 4, 6, 7, 8, 9, 10, 14, 16, 18, 23, 27 en 28 April hulle kolomme vir beriggewing en kommentaar hieroor beskikbaar gestel het.

Aandag-afdwingende protes was dus die vehicilum waarmee NUSAS se politieke filosofie en waardestelsel die koerante ingedra moes word sodat die openbare mening teen die regering se aantasting van 'n universitêre tradisie en karakter, byna so oud as die sg. Kaapse liberale tradisie self, geswaai kon word. Om egter 'n protesveldtog op tou te sit dat dit genoeg opsienbaar om die koerante te haal, het allereers beteken dat die studentegemeenskap ső betrokke gemaak moet word by die ideale op die spel dat hulle die protesbeweging sal dra. In Rubin se eie woorde: "We aim to make sure that student opinion and public opinion in this country are equally aware of the depth of the issues and importance of maintaining an open University ... We shall frequently be faced with the task of developing ways and means of overcoming the formal barriers to academic apartheid. We can never achieve that unless we have behind us the conviction of the students and tolerance of the public."[164]

Bg. het ook opgekoppel met 'n sekondêre oogmerk, nl. dat NUSAS "will seek to influence marginal opinion within the Government and on its periphery - the academic men at the Afrikaans-medium Universities, the Afrikaner intellectuals and those few remaining others in the Government whose consciences may yet disturb them".[165] Derhalwe is die funksionering van die domkragorganisasies, nl. die akademiese vryheidskomitees, gevaartbelyn deur die implementering in mindere of meerdere mate van NUSAS se voorstelle in die verband.[166]

'n Seniorlid van die komitee, meestal die voorsitter wat verkieslik ook 'n studenteraadslid moes wees wat reeds onder-

164. J10-59, N. Rubin - Executive, SRC's and Academic Freedom Committees, 23.1.'59, p. 2.

165. Ibid., p. 1.

166. Ibid., p. 2 et. seq.

handelingservaring in kontak met die doserende personeel en die rektor opgebou het, is verantwoordelik gemaak vir die handhawing van 'n gesonde dosentestudenteskakeling.

Die studenteraadsvoorsitter wat <u>ex officio</u> sitting op die akademiese vryheidskomitee gehad het, was gewoonlik die skakel met ander studenterade en met NUSAS-hoofbestuur.

Derdens is 'n aantal persone spesifiek verantwoordelik gemaak vir die organisering van studente-byeenkomste. Op die eerste vlak het dit beteken die organisasie van vyf of ses studiegroepe van twintig tot dertig studente bestaande uit eerstejaars en belangstellende tweedejaars en derdejaars wat deur ingewyde lede van die doserende personeel en studieleiers oor die betekenis van universitêre outonomie, die implikasies van die wetsontwerp vir die ope universiteite, asmede die metodes en doelwitte van studenteprotes, ingelig kon word. Op die tweede vlak het dit die reël van massavergaderings behels waarvan die eerste binne die eerste twee of drie weke van Maart moes plaasvind wanneer die tweede lesing van die wetsontwerp min of meer verwag kon word.

Een komiteelid is ook verantwoordelik gemaak om skakeling met die grootste aantal kampusverenigings te bewerkstellig ten einde minstens een lesing of ander faset van die akademiese vryheidsveldtog by hul jaarprogram te inkorporeer.

Komiteelede is ook aangewys om elk van die volgende funksies te behartig: Plakkaat- en baniervervaardiging; monstering van die betogerbrigades en samestelling van piketroosters; die opstel van 'n paneel van briefskrywers aan die pers; as openbare en perskakelbeamptes en penningmeesters. Gedurfde nuwighede in mnr. Rubin se benadering tot die veldtog was dat opponerende standpunte nie alleen gedoog behoort te word nie, maar selfs verwelkom moet word. Derhalwe

was dit geensins gebiedend dat die akademiese vryheidskomitees slegs een standpunt hoef te weerspieël nie, maar wel die grootste moontlike dwarsprofiel van almal wat teen afsonderlike universiteitsopleiding gekant is om geen ander rede as dat die kwessie wat ter sprake was, so alomvattend is dat effektiwiteit nie ter wille van eensgesindheid opgeoffer kon word nie.[167] Dit was ook heeltemal in orde indien sommige van die briefskrywers ten gunste van afsonderlike universiteite was, aangesien die polemiek die publiek se belangstelling alleen kon verlewendig. Waar dit moontlik was, moes daar selfs gepoog word om 'n Nasionale volksraadslid te kry om 'n massavergadering toe te spreek, aangesien ondervinding aangetoon het dat die L.V. se voordrag voor 'n vyandige skare soos klokslag 'n omgekeerde steun teen die spreker se standpunt tot gevolg het.[168] Dit is 'n metode wat in later jare met groot sukses aangewend is, maar in hierdie spesifieke geval misluk het aangesien mnr. J.J. Serfontein, die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in dr. Verwoerd se kabinet, wyslik 'n uitnodiging van die Witwatersrandse studenteraad van die hand gewys het om tydens 'n tweedaagse besoek op hulle onkoste die nuwe wetsontwerp te probeer verduidelik.[169]

Die meeste van die ander detailvoorstelle in NUSAS se memorandum aan die studenterade en akademiese vryheidskomitees was variasies op reeds bekende temas met net daardie tikkie afronding wat voorheen kortgekom het. Dit is bv. dikwels beklemtoon dat die studenteraad en akademiese vryheidskomitee noue kontak met hul eweknieë by ander sentra moet handhaaf. Sodra kennis ontvang word van 'n monstervergadering by een van hierdie sentra, moet telegramme aan hierdie sentrum gestuur word sodat die studenteliggaam

167. Ibid., p. 5.

168. Ibid., p. 7.

169. A3-59, Report on the President's Department...., p. 92.

die morele ondersteuning kan ervaar wat gepaard gaan met die besef dat hulle nie net in 'n plaaslike nie, maar nasionale versetstryd gewikkel is.[170]

Dit sou vervelig word om presies te probeer aantoon hoeveel pyle in NUSAS se koker uiteindelik uit die boë van studente op die regering gedurende die veldtog afgeskiet is. Dit het gewissel van telegramme deur studente aan die volksraadslede in hul kiesafdelings ten einde hul te oorreed om aan die debat deel te neem en hul teenstand teen die maatreël te kenne te gee, tot stroke van vyf poskaarte teen tien sent en 'n honderd teen twee rand - bestaande uit foto's van vorige protesaksies - vir die gebruik van persoonlike en nie-amptelike korrespondensie.[171]

'n Besonder griewende taktiek wat by herhaling klaarblyklik met behae deur die NUSAS-geaffilieerde sentra in hul studentepublikasies veral gedurende die sewentigerjare aangewend is en telkens daarin geslaag het om ergerlike reaksie van die Afrikaner en die Nasionale Party-regering te ontlok, verdien wel spesiale vermelding omdat dit sy genese gedurende hierdie veldtog gehad het. NUSAS het aanbeveel dat daar na analogie van Kaapstad se Reason-Why-pamflette na uitsprake van Hitler, Stalin en dr. Verwoerd gesoek word wat uitruilbaar is op so 'n wyse dat die totalitêre aard van die regering se beheer oor die universiteite daardeur geïllustreer kan word.[172]

Hoewel die skoen dr. Verwoerd nie altyd wou pas nie, het dit studenteredakteurs nie afgeskrik om dié taktiek te probeer toepas nie. Een sitaat is voldoende om die toonaard van sodanige hoofartikels en briewe aan te dui:

---

170. J10-59, N. Rubin - Executive SRC's and Academic Freedom Committees, 23.1.'59, p. 8.

171. Ibid.

172. Ibid., p. 7.

"Let us recognise that we live in a dictatorship", skryf redakteurs C. Brotherton en D. Irvine van Nux. "Let us recognise that parliamentary opposition in this country in finished."

"We say this because never before has any Nationalist legislation met with so long and so spirited an attack from so wide a cross-section of the population of South Africa, and supported by so large and influential a body of people from the rest of the world; and yet the measure was passed by a majority of fifty."

"If the memories of Hitler's Nazis have grown too remote, then the unscrupulousness of our own government over the legislation of the Universities should make it clear to the students of this country, how bigoted racialism can be and how determined."[173]

## 2.5 NUSAS se mobilisering van oorsese steun

Dit is veral die wyse waarop buitelandse kritici die Suid-Afrikaanse regering die spitsroede oor sy universitêre beleid laat loop het, dat die cachet van NUSAS se politieke styl die duidelikste weerspieël word. In welke mate NUSAS vader staan vir die hele buitelandse veldtog teen die skepping van afsonderlike universiteite vir Blank en Nie-Blank in Suid-Afrika kan alleen teen die agtergrond van hierdie organisasie se kontaknetwerk oor jare met die internasionale studente-gemeenskap begryp word.

Die soeke na 'n nuwe politieke filosofie deur politieke leiers van die wêreld om 'n soortgelyke katastrofe as die Tweede Wêreldoorlog vir alle tye in die toekoms af te weer, het hom ook, in die besonder by die studente as die leiers

---

173. Nux, 20.4.'59, Hoofberig; Vgl. ook Nux, 12.5.'59, se hoofberig wat op dieselfde aambeeld oor totalitarisme hamer.

van die toekoms, geopenbaar. Indagtig aan die rol wat rassisme (bv. teen die Jodedom) en aggressiewe nasionalisme, soos by die Spilmoondhede, gespeel het in die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, het daar opnuut 'n herlewing van die liberale staatsbeginsels gekom wat die klem op die fundamentele menseregte en die basiese gelykheid van alle mense ongeag ras, kleur of kultuur geplaas het. Uit die strewe na die handhawing van wêreldvrede, byna ten alle koste, het die nuwe egalitarisme van een mensheid gegroei wat in die stigting van die Verenigde Volkere-organisasie op 24 Oktober 1945 en die Deklarasie van die Regte van die Mens, gekulmineer het. Daardeur is 'n forum geskep vir die agitasie teen alles wat op ongelykheid, rassediskriminasie en die miskenning van fundamentele menseregte dui.

Die geesteshouding van die neo-liberalisme het homself ook min of meer op dieselfde tydstip oor die studentegemeenskappe vaardig gemaak. Hoewel daar, sover bekend, geen amptelike verbintenis met of beïnvloeding van die stigtersvaders van die VVO was nie, is die stappe om 'n internasionale gemenebus van studente-unies op die been te bring, in Maart 1945 deur die Britse Nasionale Unie van Studente geïnisieer waarby studente van die Verenigde State, Rusland, Brittanje, Frankryk, Joegoe-Slawië, Tseggo-Slowakye en ander lande wat in die proses was om hul van Nazibeheer te bevry, teenwoordig was. Tydens 'n derde opvolgingskonferensie gedurende November 1945, waarby verteenwoordigers van 38 lande, insluitende Suid-Afrika, byeen was, is die Internasionale Unie van Studente gestig met die spesifieke doel om internasionale welwillendheid en samewerking tussen studente te bevorder.[174]

Dit is nie vir die doeleindes van hierdie studie nodig om aan te toon dat Rusland vanuit die staanspoor sy invloed

---

174. A3-59, Appendix to Report of NUSAS Delegation to 8th ISC, Peru 15th-25th February 1958 (N. Rubin), p. 48.

in die IUS laat geld het met die oog op die bevordering van sy eie internasionale politieke doelstellings nie. Voldoende aanduiding van hoeseer die IUS onder kommunistiese invloed verseil geraak het, spreek uit die feit dat meer as vyftien Westerse nasionale studente-unies, w.o. die Verenigde State, Brittanje, Frankryk, Swede, Denemarke, Australië en Kanada hulle teen 1952 van die organisasie onttrek het, sommige so vroeg reeds as 1948 na Rusland se staatsgreep in Tsjeggo-Slowakye en die weiering van die IUS se uitvoerende bestuur wat in Praag gesetel was om Rusland hieroor te veroordeel.[175]

Teen hierdie tyd was NUSAS reeds duidelik op die tweesprong oor die vraagstuk van voortgesette lidmaatskap van die IUS al dan nie. Aan die eenkant het die promulgasie van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (nr. 44 van 1950), NUSAS die nypende kritiek van die Suid-Afrikaanse regering oor sy affiliasie met'n pro-kommunistiese organisasie op die hals gehaal en sou sy voortgesette lidmaatskap van die IUS onvermydelik op 'n konfrontasie met die regering uitloop. Die moontlikheid dat NUSAS die blanke meerderheidsteun op die Engelse kampusse weer eens kon vervreem soos gedurende die oorlogsjare was ook nie uitgesluit nie, aangesien daar onder blanke Suid-Afrikaners oor die algemeen en ook op die Engelse kampusse self, 'n redelike sterk antipatie teen die kommunisme, veral aangeblaas deur die Koue Oorlog, aan die ontwikkel was.[176] NUSAS was kennelik nie weer bereid om hom in dieselfde politieke wildernis van die oorlogsjare voor die Tobias-era te begeef deur die radikale element te probeer paai nie.[177]

Aan die anderkant sou die opsegging van sy IUS-lidmaatskap NUSAS se internasionale kontak in gevaar stel en die prestige en hefboomkrag wat dit hom bied, vernietig. Hoe veelkoppig

---

175. Loc. cit., pp. 50-52.

176. Legassick, op. cit., veral voetnoot 40.

177. Ut infra, p.69.

die Hidra van NUSAS se dilemma was wat hy die hoof moes bied, kan alleen begryp word as 'n mens besef dat sy voortgesette lidmaatskap beide sy ondergang en sy behoud beteken het. Die twee voorwaardes waaraan NUSAS moes voldoen om tot die Westers-georiënteerde Internasionale Studentekonfederasie (ISC) toegelaat te word, was in NUSAS se geval diamentraal uiteenlopend. NUSAS kon geen internasionale aanvaarding binne die Westerse studente-alliansie verkry wat in 1950 as teenvoeter vir die IUS ontstaan het, alvorens hy nie sy lidmaatskap van die kommunisties-geïnspireerde IUS verbreek het nie. Die ander voorwaarde was dat slegs verteenwoordigende nasionale unies, verteenwoordigers na die internasionale kongresse van die IUS kon stuur.[178] Indien NUSAS sy lidmaatskap met die IUS verbreek wat deur die nie-blanke geaffilieerde kampusse van Natal en Fort Hare as die enigste internasionale liggaam erken is "which clearly and definitely defended the rights of oppressed peoples",[179] kon hierdie kampusse hulself op alternatiewe strydorganisasies teen die beleid van apartheid beroep, soos die Youth League van die African National Congress en die Non-European Unity Movement (NEUM).[180] NUSAS se geloofwaardigheid as die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse studente het reeds 'n ernstige knou weg gehad na die sesessie van die Afrikaanse kampusse gedurende die dertigerjare en kon moeilik 'n verdere aanslag op sy geloofwaardigheid weerstaan as die nie-blanke kampusse sou disaffilieer.

Om homself uit hierdie dilemma los te wikkel het NUSAS aanvanklik twee here probeer dien. Deur terug te val op die

---

178. A3-59, Appendix to Report of NUSAS Delegation to 8th ISC, loc. cit., p. 52.

179. Mosie van sesessie deur studenteraad van die Nie-Blanke Afdeling van die Universiteit van Natal, "Minutes of Assembly", 1954, aangehaal uit Legassick, op. cit., p. 24.

180. Ibid., p. 21.

beginsels in die Verklaring van die Regte van die Mens wat in die aanhef van NUSAS se grondslag vervat is, kon NUSAS verklaar dat hulle nie die kommunisme as ideologie beveg nie, maar slegs in soverre en wanneer dit menseregte aantas. Uit die reeks gekorreleerde resolusies waarin NUSAS-beleid oor die IUS uiteengesit word, is dit duidelik hoeseer NUSAS met die probleem geworstel het en hoeveel versigtig geformuleerde ooreenkomste dit na uitgerekte debattering by wyse van kongresmosies tussen 1950-1955 met die IUS probeer aangaan het.[181] Dat die nie-blanke kampusse deur NUSAS se weifelende dubbelloop-gebied gesien het, blyk uit Fort Hare se disaffiliasie so vroeg as 1952 en van die Nie-Blanke Afdeling van Natal in September 1953 na NUSAS se disaffiliasie van die IUS en sy toetrede tot die ISC.[182]

Dat NUSAS se toelating tot die Internasionale Studentekonferensie as't ware deur die agterdeur geskied het, kan moeilik verbloem word. Op sterkte van 'n verskanste beginsel dat "NUSAS does not regard itself as the English-medium equivalent of any other student organisation in South-Africa, but as the national representative organisation to which all students may belong, and whose members are admitted without distinction of language or race", is NUSAS as die alleenverteenwoordiger namens Suid-Afrika toegang tot die kanselary van die Internasionale Studentekonfederasie en sy koördinerende sekretariaat (COSEC) verleen, wat tot die ontbinding van die ISC in 1968 in Leiden, Holland, gesteel was.[183] Hoewel NUSAS ten tye van sy toetrede slegs 'n klein sektor van die Suid-Afrikaanse studentegemeen-

---

181. Correlated Resolutions of Student Assembly Meetings as at August 1960, no. 126, pp. 37-39.

182. Legassick, op. cit., pp. 21; 23-25.

183. 1972 - NUSAS-versameling (ongeorden), Correlated Resolutions and Entrenched Clauses of National Union Policy, nr. 14, p. 4.

skap verteenwoordig het, het sy ope grondslag, sy volgehoue poging om die heraffiliasie van die afvallige kampusse te bewerkstellig deur gereelde uitnodigings na sy kongresse en sy uitgesproke kritiek teen die regeringsbeleid van die Nasionale Party, waarskynlik aan NUSAS sy voorkeurposisie onder die Suid-Afrikaanse studenteorganisasies op die internasionale front verleen.

Die ASB se aanspraak op toetrede tot die ISC op grond van 'n groter ledetal as dié van NUSAS, kon blykbaar nooit opweeg teen die argument dat dit 'n ideologies-eksklusiewe aard en 'n geslote lidmaatskapstruktuur het nie.[184]

Waar die nuwe wêreldorde rassegelykheid en die uitwissing van kolonialisme verkondig het, het Suid-Afrika veral sedert 1948 in die vuurlinie gekom en het NUSAS as die kruisvaarder vir 'n veelrassige unitêre samelewing, in die raadsale van die internasionale studentegemeenskap, 'n aansien ver bokant sy wildste verwagtinge verwerf.

Nie alleen het die ISC aan die geaffilieerde nasionale studente-unies 'n vername internasionale platvorm verleen vanwaar hulle hul opvattings kon verkondig nie, maar het dit ook aan die studente-unies 'n belangrike hefboom voorsien om gesamentlik of afsonderlik hul verset teen enige regering te kenne te gee wat volgens die oordeel van die ledeunies op diskriminasie teen, of 'n aantasting van die regte en algemene welvaart van studentegemeenskappe dui.[185]

Die volle omvang van NUSAS se stemming-makery en vooraf-gereëlde besluite sal seker nooit op die proppe kom nie. Dit is 'n gemeenplaas dat die internasionale politiek grotendeels deur geheime raadslae, verstandhoudings en

---

184. D. Verwoerd, "Ons Betrekkinge met die Buiteland", <u>ASB-gedenkblad, 1945-1958</u>, p. 32.

185. A3-59, <u>Appendix to Report of NUSAS Delegation....</u>, p. 55.

ooreenkomste bedryf word en dat die verdoeming van kolonialisme en rassisme en solidariteitsbetoon met die geteisterde frontorganisasie, dikwels net die punt van die ysberg is.

Die besoek van 'n afvaardiging van drie kommissarisse van die ISC se Navorsings- en Inligtingskommissie, nl. mnre. Ritchie (Ierland), Brinkman (Nederland) en Tandberg (Swede) gedurende Mei 1956 om namens die Internasionale Studentekonferensie ondersoek in te stel na die onderdrukking van akademiese vryheid in Suid-Afrika, dra 'n onmiskenbare NUSAS-stempel. Nadat die Navorsings- en Inligtingskommissie (RIC) verslag uitgebring het by die sesde sitting van die Internasionale Studentekonferensie te Ceylon is die saak oor die vloer gedebatteer en die volgende resolusie aangeneem:

(1) "The Conference notes that the South African Government has indicated that it intends to introduce legislation at the beginning of the next parliament which will have the effect of ending the system of 'open' universities at Cape Town and Wits. The Conference therefore recommend to the National Unions that as soon as the Government of South Africa gives public notice of its intention, the National Unions take action to indicate their opposition to this proposal, such action taking the form of direct letters to South Africa, intervention with the Government's diplomatic representatives, and messages from leading educators and university authorities, particularly in countries with similar systems to that of South Africa.

(2) The Conference notes the position of NUSAS in opposition to the present government policy of complete racial segregation in the universities and expresses its support for and solidarity with NUSAS in its

courageous stand."[186]

Hierdie resolusie en die omstandighede wat dit teweeggebring het, is die sleutel tot 'n begrip van die gordynvuur van kritiek uit die buiteland wat Suid-Afrika vir die volgende drie jaar oor sy beoogde skeidingsbeleid vir die universiteite moes verduur. Die grondslag van NUSAS se oorsese kampanje, buite en behalwe die kontak wat deur sy afgevaardigdes by die ISC opgebou is, was 'n memorandum, On the Threat to Academic Freedom in the South African Universities, wat deur mnr. Ernest Wentzel opgestel en medeonderteken is deur die studenteraadsvoorsitters van die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand. Hierdie memorandum of ope brief is eenmaal gedurende mnr. Wentzel se termyn en weer gedurende die termyne van beide mnre. Coombe en Rubin herskrywe en op datum gebring.[187]

Gedurende Oktober 1956 is 'n kopie van hierdie memorandum aan elke eersterangse Engelstalige koerant in die wêreld versend.[188] Die sluimerende bedreiging van die ope universiteite is egter heeltemal in die skadu gestel deur die uitbreek van die Hongaarse krisis gedurende dieselfde maand. Die opstand van die Hongaarse studentebeweging teen die Sowjet-imperialisme het vinnig uitgewaaier om die werkers, die middelklas en selfs die leër en polisiemag in 'n volksbeweging saam te snoer wat deur 'n reeks stormagtige betogings die onttrekking van Sowjettroepe uit Hongarye, die waarborg van basiese burgerregte en die rekonstituering van die regering geëis het.[189] Verontwaardig en geskok deur die meedoënlose effektiwiteit waarmee die Russiese gemotoriseerde kolonne Hongarye op 4 No-

---

186. A3-57, Report of President...., p. 44.

187. Ibid., p. 37.

188. Ibid., p. 38.

189. G.A. Craig, Europe since 1914, p. 752.

vember binnegeval en die versetbeweging afgestuit het, het die openbare wêreldmening bitter min aandag aan NUSAS se alarmistiese oproep om steun verleen.

Desnieteenstaande was die publikasie daarvan meestal vroeg in die nuwe jaar, in 'n aantal bekende blaaie soos die Liberal News (London), Africa Digest, The Sun (Sydney), Press Summary of Royal Institute of International Affairs, United Nations News, Universities Review (Brittanje) en 'n reeks studentekoerante, waarskynlik beloning genoeg.[190]

In Desember 1956 is die memorandum hersien en tesame met 'n begeleidende brief dat wetgewing oor die universiteite nou op hande is, uitgestuur aan bekende openbare figure oor die hele wêreld. Deur van die dienste van bevriende nasionale unies gebruik te maak, is sowat 'n honderd kopieë na Brittanje gestuur, 'n gelyke aantal na die VSA, asook kopieë na Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Denemarke, Holland, Duitsland en ander Europese moondhede.[191] Watter fenomenale fassade van steun deur 'n organisasie soos die ISC en Cosec gesteierwerk kan word, blyk uit die magdom briewe en telegramme van steun van studente-unies en studenteliggame wat NUSAS oor sy akademiese vryheidsveldtog op lêer het.

Bykans al die studente-unies wat by die Internasionale Studentekonferensie geaffilieer was, het in 1957 hul steun aan NUSAS toegesê: uit Kanada, die "National Federation of Canadian University Students"; uit die Verenigde State van Amerika die "United States National Student Assembly" wat 600 000 Amerikaanse studente verteenwoordig het; uit Suid-Amerika, die "Asociatiōn de Estudiantes Universidad" van Quatemala en die Federaciōn de Estudiantes Universidad del Uruguay"; uit Europa, die"Verband Deutscher Studentenschaften" (Duitsland), die "British National Union of Stu-

190. J6-57, NUSAS Newsletter, nr. 3, 20.2.'57, p. 8.

191. A3-57, Report of President...., p. 38.

dents" wat oor 'n 100 000 studente en 250 kolleges en universiteite verteenwoordig het; die "Nederlandse Studenten Raad", asook die nasionale unies van o.m. Swede, Denemarke en Noorweë, Australië, Nieu-Seeland en sekere Afrika-state.[192]

Die optrede van die "United States National Students' Assembly" (USNSA) kan as 'n voorbeeld dien van die soort standaardmeganisme wat ontwerp is vir die betuiging van steun. Tydens sy negende nasionale studente-kongres by die Universiteit van Chicago in 1957, het USNSA 'n resolusie aanvaar waarin die beginsel onderskryf word dat elke student die reg het om sy opvoeding te verkry in 'n atmosfeer van akademiese vryheid sonder beperkinge gebaseer op ras, nasionaliteit of geloof; dat die Suid-Afrikaanse regering veroordeel word omdat dit hierdie beginsel skend deur akademiese segregasie op die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand te probeer afdwing; dat die kongres derhalwe sy steun beloof aan en solidariteit betoon met NUSAS in sy stryd vir die behoud van akademiese gelykheid.

Afskrifte van hierdie resolusie is aan die Suid-Afrikaanse ambassade in die VSA, vooraanstaande Amerikaanse senatore en die Suid-Afrikaanse regering gestuur.[193]

Daarna is 'n begeleidende brief van COSEC, NUSAS se memorandum en 'n brief van NUSAS aan USNSA, tesame met 'n petisievorm vir ondertekening aan die studenteraadsvoorsitters en studenteredakterus van 300 geaffilieerde inrigtings uitgestuur. Die gevolg daarvan was dat 'n stroom van briewe uit die Verenigde State Suid-Afrika gedurende die eerste ses maande van 1957 bereik het. Die veertig kolleges van die Nieu-Engelandstreek van die USNSA wat 50 000 studente

---

192. Ibid., pp. 38-44; Sien ook J6-57 NUSAS Newsletter, nr. 3, 20.2.'57, p. 9; nr. 4, 11.3.'57, p. 5; nr. 8, 27.6.'57, pp. 4-5.

193. A3-57, Report of President...., pp. 38-39.

verteenwoordig, het bv. tydens 'n streekskonferensie eenparig hul steun aan NUSAS en die studenterade van Kaapstad en die Witwatersrand betuig in hul stryd teen die oplegging van universitêre apartheid. Onder die heel eerste boodskappe van die VSA was die afkomstig van die studenterade van Swarthmore-kollege, die Franklin en Marshall-kollege van Pennsilvanië en die Washingtonse staatskollege wat telkens hul steun aan NUSAS toegesê het en die regering veroordeel het in kabelgramme aan die Suid-Afrikaanse ambassadeur, die Eerste Minister en die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Tweehonderd-en-vyf studente van die Antiocheense Kollege en 'n 127 lede van Studentesenaat en ander kampusliggame van die Universiteit van Illinois het versoekskrifte onderteken wat aan die Minister van Onderwys gestuur is.[194]

Spesiale aandag is aan die opstook van gevoelens in Brittanje gegee, waarskynlik omdat die ope universiteite op die Britse universitêre tradisie gestoel het en NUSAS se politieke wiggelroede die bestaan van 'n sterk onderstroom van akademiese affiniteit aangedui het.

Toe mnr. Neville Rubin, Vise-president van Internasionale Verhoudinge, die Verenigde Koninkryk gedurende die Desembervakansie in 1956 besoek het, het hy die kontakte wat deur vorige NUSAS-personeel opgebou is, bestendig en groot steun vir die veldtog in Brittanje aangeblaas met behulp van die president van die Britse Nasionale Unie van Studente en voormalige NUSAS-ampsdraers soos mnr. Michael Nuttal, 'n vorige hoofbestuurslid en mnr. Oliver Caldecott, 'n voormalige NUSAS-president wat 'n prominente posisie in die "South African Committee of die Movement for Colonial Freedom" gespeel het.[195] Mnr. Caldecott het bv. 'n groot

194. Ibid., p. 39; J6-57, NUSAS Newsletter, nr. 4, 11.3.'57, p. 5.

195. A3-57, Report of President...., pp. 40-42.

aandeel daarin gehad dat 'n Memorial of Protest teen universitêre apartheid onder akademiese personeel onder beskerming van die "Movement for Colonial Freedom" gesirkuleer en meer as 250 handtekeninge van universiteitsdosente aan Edinburgh, Cambridge, Londen, Exeter en Belfast bymekaar gemaak is, insluitende dié van die Vise-kanselier van Belfast en die bekende akademikus-skrywer, E.M. Forster.[196] Mnr. Rubin het ook vrugbrengende kontak met ampsdraers van die "Association of University Teachers" gemaak wat gedurende sy termyn as president hoofsaaklik verantwoordelik was vir die snerpende kritiek teen die 1959-wetsontwerp.

Die Britse Nasionale Unie van Studente (BNUS) was veral onvermoeidbaar in sy steun vir NUSAS. Tweehonderd kopieë van NUSAS se publikasie, The African in the Universities, is van NUSAS bestel asook die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding wat onder die konstituerende kolleges versprei is, terwyl die Skotse Unie van Studente (SUS) 50 kopieë van die RIC-verslag as 'n werksdokument vir afgevaardigdes na hulle nasionale kongres bestel het.[197]

Kort nadat die rade van die Britse en Skotse nasionale unies kopieë van die gebruiklike resolusies van afkeuring aan die Minister van Onderwys en die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, dr. A.J.R. van Rhijn, gestuur het, het die boodskappe van die individuele kolleges begin instroom. Briewe is ontvang van die Gilde van Voorgraadse Studente van die Universiteit van Birmingham, die dagstudenteraad van die Noordwesterse Politechnikon, die Universiteit van Bristol, die studenteraad van King's College wat 'n pleidooi tot mnr. Strijdom gerig het "to adopt a policy more befitting a civilized community", asook van Balliol College (Oxford) en die Universiteit van Sheffield.[198]

196. Ibid., p. 42.

197. Ibid., p. 41.

198. Ibid.

Gedurende Maart 1957, toe die veldtog in Suid-Afrika al goed op dreef was, het die Britte in Engeland ewe hard saam betoog. Neëntien vise-kanseliers en rektore van Britse universiteite het in 'n gesamentlike brief aan die "Manchester Guardian" protes aangeteken teen die wetsontwerp en 600 studente van die Universiteit van Londen het teen universitêre apartheid betoog en binne vier dae 1 200 handtekeninge byeengebring wat as 'n petisie aan die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris oorhandig is.[199]

Uit die knipsels en briewe wat die akademiese vryheidskomitee van die Universiteit van die Witwatersrand van oorsee ontvang het, kon dit op 14 Mei 1957 met genoegdoening rapporteer: "Press support overseas, especially in England has on the editorial side at least reached almost the same degree of coverage as in South Africa."[200]

Een afdeling van die meesterplan vir die veldtog om akademiese vryheid wat NUSAS op 2 Mei 1958 as 'n vertroulike memorandum aan studenterade uitgestuur het, het voorsiening gemaak vir die beter koördinering van die buitelandse veldtog. Hiervolgens is besluit dat inligting op 'n vaste grondslag ter beskikking van nasionale unies gestel moet word deur NUSAS-omsendskrywes via COSEC na die hoofkantore van hierdie liggaam te kanaliseer. Boodskappe van steun aan NUSAS en van protes aan die Suid-Afrikaanse regering deur nasionale studente-unies moes aangemoedig word. Demonstrasies voor die Suid-Afrikaanse ambassades moes ondersoek word, die Internasionale Studentekonferensie moes gepols word oor die moontlikheid van 'n internasionale studentedag van protes teen die Suid-Afrikaanse regering, briewe en kabelgramme van steun moes versoek word van oorsese dosentepersoneel en rektore asook van internasionale burger- en

199. Ibid., p. 43; 019-57, Academic Freedom Committee Report: Wits (Magnus Gunther), 14.5.'57, p. 1.

200. Ibid., p. 2.

menseregte-organisasies. Laastens moes daar gesorg word vir voldoende oorsese publisiteit deur middel van berigge-wing en hoofartikels.[201]

In opvolging van dié memorandum het mnr. Neville Rubin, toe die pasaangestelde NUSAS-president vir die termyn eindigende Julie 1959, aan die nasionale studente-unies geskrywe om die besluite in sake NUSAS se beplanningsaksie aan hul bekend te stel en voorstelle aan die hand te doen.

"In the past few years", het hy geskrywe, "it has been the magnificent support of National Unions which has played a big part in staving off this attempt to dominate the Universities. It is in this regard that we wish to make an urgent appeal to all National Unions once again, to give us all possible support. Criticism from overseas has always carried weight and our Government is particularly sensitive to it. We sincerely believe that even at this late stage protests from National Unions can play a vital role in assisting our campaign of opposition to the University Apartheid Bill."[202]

Tot op daardie stadium het geen regeringsleier egter nog op enige noemenswaardige wyse op die oorsese kritiek gereageer nie en was mnr. Rubin se versoek dat protesbriewe direk aan die Eerste Minister en die Minister van Onderwys gestuur moes word duidelik daarop gemik om reaksie vanuit dié oord te probeer ontlok.

Die lys van universiteite en nasionale studente-unies wat formeel protes aangeteken het of steun aan NUSAS toegesê het, het algaande so aangegroei dat die boodskappe tesame met oorsese persberigte en kommentaar hieroor in 'n keur-

---

201. J10-58, Memorandum on the 1958 University Campaign, p. 5.

202. J11-58, N. Rubin - National Unions of students, 15.8.'58.

blad saamgevat is.[203]

Intussen het NUSAS ook nuwe kanale van oorsese protes geëksploiteer. Gedurende die sewende sessie van die Internasionale Studentekonferensie wat in Ibadan, Nigerië, gedurende September 1957 plaasgevind het, het die Afrika-afgevaardigdes in die gees van die heersende tydsklimaat in Afrika, besluit om 'n Pan-Afrikaanse Studente-kongres gedurende Julie die volgende jaar in Kampala, Uganda, te reël en sodoende onwetend vir hulself ook 'n kleim as die voorlopers van die Organisasie vir Afrika-eenheid afgepen.[204] Waar die kongrestema naas Afrika-eenheid ook die mobilisering van wêreldopinie teen die miskenning van die inboorlinge van Afrika se politieke regte was, het NUSAS gesorg dat hy as die kampvegter vir swart studente se reg om aan die ope universiteite te studeer, 'n voet in die deur kry. Na omsigtige wandelgang-oorredingspolitiek vooraf, het die konferensie 'n mosie aanvaar te dien effekte dat die studente-unies van Afrika 'n dag van protes sal hou wanneer die Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding vir die tweede lesing voor die Volksraad dien.[205]

Op 11 September moes die lede van die Pan-Afrikaanse Stu-

---

203. Rand Daily Mail, 13.3.'58.

204. Twee ander Pan-Afrikanistiese konferensies wat as die eintlike voorlopers van die OAE beskou word en beide in Akkra gedurende 1958 plaasgevind het, is die konferensie van agt onafhanklike Afrika State in April 1958 en die Al-Afrikaanse Volkere-konferensie van Desember 1958.

205. Vgl. J11-58, M. Gunther - All Members of the Pan African Students' Conference, 13.8.'58, waarin mnr. Gunther die Afrika-Unies aan die hand van 'n ingeslote kopie van die resolusie oproep om die bepalings daarvan op kort kennisgewing gestand te doen.

dente-konferensie inderhaas verwittig word van mnr. Strijdom se oorlye en aan hulle gesuggereer word dat die dag van protes liefs moet oorstaan tot die volgende jaar.[206]

Toe die parlementsitting op 13 Januarie 1959 'n aanvang neem, was die lug in die vierde verdieping, St. Georgesstraat 148 waar NUSAS se hoofkantoor gesetel was, swanger aan afwagting en planne vir die laaste groot aanslag om die regering se wetsontwerp ter syde gestel te kry. NUSAS het 'n besondere hoë premie geplaas op die druk wat van die buiteland uitge-oefen moes word om die regering te laat swig in sy voorneme om met die wetsontwerp voort te gaan.

Een van die eerste maar verreweg ook die gewigtigste kabel-gram van protes wat aan die adres van dr. Verwoerd gerig is kort na die troonrede, was afkomstig van die invloedryke Internasionale Komitee vir Wetenskap en Vryheid wat sy lede uit die vrye Westerse akademiese gemeenskap van die wêreld trek. Deurlugtige akademici soos Earl Russell en sir Henry Dale (Brittanje), Jacques Maritian (Frankryk), Salvador de Madariaga (Spanje), Karl Jaspers, Otto Hahn en Max von Laue (Duitsland) Lise Meitner, H.J. Muller en Ernest Nagel (Amerika) het destyds onder sy vername beskerm-here getel.[207]

Die kern van die kabelgram lui:

"International Committee of Science and Freedom supported by members of 296 universities in 52 countries expressed admiration and support for South African universities resisting Government policy of compulsory race segregation in universities.

We call on South African Government to heed cruel and disast-

---

206. J11-58, M. Gunther - Members of the Pan African Students' Conference, 11.9.'58.

207. Cape Argus, 23.1.'59.

rous consequences of their policy and abstain from its further pursuit.[208]

NUSAS het onmiddellik gesorg dat dit die nodige aandag trek deur die kabelgram waarvan 'n afskrif aan hom gestuur is aan die plaaslike pers bekend te stel.

Soos later uit mnr. Rubin se jaarverslag voor die NUSAS-kongres geblyk het, het mnr. Gunther en Clain gedurende Januarie 'n baie noue rapport opgebou met die gesamentlike sekretarisse van dié organisasie, mnr. en mev. Polanyi van Manchester, en het mnr. Rubin self in Mei verdere samesprekinge met hulle gevoer.[209]

Kort daarna het 'n kabelgram van USNSA gevolg waarin die nasionale kongres bestaande uit gekose verteenwoordigers van 'n beweerde 11 000 000 Amerikaanse studente aan 375 universiteite hul beswaar aangeteken het.[210] In 'n kabelgram van die Britse Nasionale Studente-unie het die president, mnr. Dennis Grennan, laat hoor: "My 125 000 members in more than 300 universities and colleges in England Wales and Northern Ireland protest in the strongest terms at the intention of your Government to reintroduce a Separate University Education Bill."[211]

Teen Maart het die BNUS se strategie van oortuigingswerk en verontwaardiging onder die geaffilieerde kampusse daarin geslaag om die Suid-Afrikaanse omstandighede tot so 'n politieke strydpunt op te klits dat 'n luidrugtige massavergadering by die London School of Economics oorgespoel het in 'n straatprotes onder begeleiding van 'n jazz-orkes.

208. Ibid.

209. A3-59, "Report of President....", p. 103.

210. Sunday Times, 25.1.'59.

211. Cape Times, 26.1.'59.

Baniere met slagspreuke soos "In Black and White we say no Apartheid", "We hate Apartheid" en "One Race - the Human Race" is rondgeswaai.

Op 'n plein naby die Universiteit van Londen, net voor die studente uiteen gegaan het en drie afgevaardiges se kruisvaart na Suid-Afrika-huis om 'n formele protesskrif aan dr. Van Rhijn te oorhandig misluk het, het mnr. Grennan verklaar dat hulle die steun van elke universiteit en kollege in Brittanje nodig het. "We want 20 000 students to march through the streets of London, culminating in a massive rally at Trafalgar Square on the day the Bill is introduced."[212]

Wat hierna gevolg het, is moeilik verklaarbaar uit die gegewens tot die beskikking van die navorser. Wat egter duidelik is, is dat die oorspronklike strydpunt later as 'n voorwendsel gebruik is om 'n eie protesbeweging in Brittanje op tou te sit wat sy eie momentum en aanvaarbaarheid onder die Britse studente verkry het en uiteindelik min met die oorspronklike doelwit in gemeen gehad het. Hoewel verontwaardiging sekerlik in die harte van baie studente gewortel het oor die sg. berowing van die swart studente se geleentheid tot universiteitsopleiding - vandaar die groot bedrae geld wat ingesamel is vir beurstoekennings aan swart studente om in Brittanje te studeer[213] - was daar ook iets van konfrontasie ter wille van mag by die

---

212. Ibid., 7.3.'59; Cape Argus, 7.3.'59.

213. Omdat NUSAS van mening was dat onderrig aan die nie-blanke inrigtings van 'n minderwaardige gehalte sou wees, het hy die "South African College for Higher Education" (SACHED) in die lewe geroep. Dit was hoofsaaklik 'n finansiële ondersteuningskema om swart studente die geleentheid te bied om oorsee te studeer. Oxford-studente het in minder as 'n maand R3 000,00 ingesamel en Cambridge Universiteit R1 000,00. Vgl. Cape Argus, 7.3.'59 en Cape Times, 10.3.'59.

Sondagmiddagdrentelaars deur koers gekry na Trafalgar-plein waar 'n groot stryddag teen afsonderlike universiteits-opleiding gehou is.[218]

Die besoek van prof. J.H. Bavinck, Hoogleraar in die Teologie aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, vir 'n periode van drie weke gedurende Maart, sou eers maande later in perspektief val toe die Internasionale Komitee vir Wetenskap en Vryheid in 'n nuusbrief aan sy lede die omstandighede skets waaronder hulle hom na Suid-Afrika gestuur het en NUSAS se hand in die pot aan die lig gekom het. Daar is gevoel dat 'n eminente geleerde soos prof. Bavinck afkomstig uit die Dietse wêreld dalk 'n groter invloed kon uitoefen as persone uit 'n Anglo-Saksiese milieu.[219]

Intussen het mnre. Rubin en Gunther van hul segetog na die 8ste Internasionale Studentekonferensie in Lima, Peru, teruggekeer waar 66 nasionale unies wat hulself as verteenwoordigend van naastenby 9 miljoen studente buite die Russiese blok beskou het, eenparig die Suid-Afrikaanse regering verdoem het.[220]

In April het NUSAS 'n lys van 220 protesbriewe en kabelgramme teen afsonderlike universiteite aan die pers vrygestel met 'n omslag waarop 'n wêreldkaart gedruk is om die vernaamste bronne waarvandaan die protes afkomstig is aan te dui.[221] Protesnotas uit Europa was afkomstig van Oostenryk, Frankryk,

---

218. J11-59, Congress for Cultural Freedom Newsletter, 20.11.'59, p. 2.

219. Cape Times en Cape Argus, 7.3.'59.

220. A3-59, Report of President...., p. 92; J11-59 Administrative Secretary, H. Dall (COSEC) - The Speaker of the House of Assembly, South Africa, 24.3.'59.

221. A3-59, Report of President...., p. 92; J10-59, List of Organisations and Individuals from whom Protests

leiers van BNUS[214] en wat al getipeer is as 'n "kicks-syndrome"[215] by baie studente wat aan die betogings deelgeneem het. Hierdie gevoel dat hulle antwoord op 'n uitdaging om ongeregtigheid aan die kaak te stel, is waarskynlik verhoog deur die ophemeling daarvan in die Britse pers en die vreemde allure om sigself as 'n sir Gallahad of 'n Jeanne d'Arc op die televisieskerm te sien.

In die golf van protes wat Brittanje oorspoel het, het agtien Britse professore wat almal in een of ander stadium in Suid-Afrika gedoseer het die wetsontwerp as 'n "testimony to the monumental obstinacy of the Government and its complete imperviousness to criticism and advice" bestempel.[216]

Die groot steun wat afkomstig was van Britse universiteitspersoneel was ook gedeeltelik te danke aan dr. W. Cook, vise-kanselier en rektor van die Universiteit van Exeter, wat in voortdurende kontak met NUSAS gebly het en die inligting wat NUSAS aan hom deurgestuur het, by die byeenkoms van die Assosiasie van die Universiteite van die Britse Statebond in Montreal gedurende Augustus 1958 versprei het. Die byeenkoms was in elk geval ook bygewoon deur verteenwoordigers van al die Engelse universiteite in Suid-Afrika.[217]

Op 15 Maart het ongeveer 5 000 plakkaatdraende studente, omflank deur berede bobbies, vanaf Hyde-park tussen die

---

214. 'n Ad hoc-komitee is spesiaal deur BNUS saamgestel om die versetbeweging te koördineer. A3-59, Report on President's Department...., p. 91.

215. Persoonlike onderhoud met P. Sarbutt gedurende die 50ste NUSAS-kongres by die Universiteit van die Witwatersrand.

216. Rand Daily Mail, 18.3.'59.

217. Vgl. bv. J11-59, T. Coombe - J.W. Cook, 18.7.'58 en A3-59, Report of President, p. 98.

Swede, Finland, Pole, Boelgarye, Denemarke, Nederland, Noorweë, Duitsland en Italië; uit Latyns-Amerika van Uruguay, Costa Rica, Meksiko, Gautelmala; uit Asië van Indië, Viëtnam en Sjina. Vier-en-twintig protesnotas is ontvang van die Gemenebeslande van Kanada, Australië, Nieu-Seeland en die Wes-Indiese eilande. Uit die VSA van o.m. Nieu-Engeland, Washington, Chio, Illinois, Colorado, Kansas City, Missouri, Los Angeles, Maryland, Columbia, New York en 'n reeks ander studenterade; uit Engeland van die universiteite van Oxford, Cambridge, Birmingham, Aberdeen, Belfast, Manchester, Londen, Bristol, Glasgow, Edinburgh, Sheffield, Liverpool en Durham.

NUSAS het inderdaad rede gehad om hom te koester in die genoegdoening dat sy beplanning op die verskillende vlakke besig was om te swaelstert in een reuse-protesbeweging. In Suid-Afrika het die protesbeweging self momentum begin optel met 'n vergadering van sowat 800 studente en dosente wat by die Universiteit van Kaapstad deur mnr. D. Clain, mnr. Rubin en prof. T.W. Price van Romeins-Hollandse Reg toegespreek is.[222] Enkele dae later is 'n openbare vergadering vir die publiek in die Jameson-saal gehou wat deur oud-hoofregter A. v.d. S. Centlivres, die rektor prof. J.P. Duminy, en proff. T.W. Price, W.E. Isaac, F.G. Holliman en D. Inskip toegespreek is.[223]

Die gebruiklike kampus-uitstallings het opgepaddastoel en ander protesbedrywighede op die kampus het toegeneem. Hoewel die Universiteit van Rhodes nêrens direk in die gedrang was nie, is die akademiese gemeenskap aldaar so sterk deur die oplaaiende veldtog vanuit alle oorde aangespreek dat hulle moreel verplig gevoel het om deur middel van hul eie

---

<u>have been Received in connection with University Apartheid</u>, 27.2.'59.

222. <u>Cape Argus</u>, 11.3.'59.

223. <u>Ibid</u>., 14.3.'59.

akademiese prosessie, enkele dae voor die tweedelesingsdebat, hul solidariteit met die beleërde kampusse te betuig. Met die rektor, lede van die raad, senaat en doserende personeel vooraan, het ongeveer 1 000 Rhodes-studente in akademiese prosessie deur die strate van Grahamstad gemarsjeer.[224]

Dit is byna asof alle oë nou op die Universiteit van Natal gekeer was, want 'n paar dae na die tweede lesing het dié universiteit sy dosente en studente opgekommandeer om die buitengewone akademiese ritueel van hul kollegas na te doen.[225]

Ondanks hul teatrale straatpolitiek van bykans drie jaar, het die Engelse universiteite onloënbaar geweet dat die finale botsing tussen twee onversoenbare lewenshoudinge hom uiteindelik in die konstitusionele vergadering moes afspeel waar die wetsontwerp deur die volksverteenwoordigers in 'n hoofdelike stemming goedgekeur of afgewys sou word.

## 2.6 Die ope universiteite se lot word beseël

Soos sy biograaf, G.D. Scholtz, daarop gewys het, was dr. H.F. Verwoerd se vernaamste politieke doelwit wat hy vir homself gestel het die beveiliging van die blanke beskawing aan die suidpunt van Afrika.[226] Dr. Verwoerd sou in die eerste sitting van die parlement nadat hy re-

224. Daily Despatch, 2.4.'59.

225. A3-59, Report of President...., p. 96.

226. Vgl. dr. Verwoerd se uitspraak dat "die voortbestaan van die blanke volk in Suid-Afrika durf aan geen ander probleem ondergeskik gestel word nie - dit kom altyd eerste", in G.D. Scholtz, Dr. Hendrik French Verwoerd, 1901-1966, Deel II, p. 51.

geringshoof geword het, twee wetsontwerpe laat indien vir die skepping van gesonde en behoorlike rasseverhoudinge wat hy as 'n voorvereiste vir die handhawing van die blanke beskawing beskou het. Die eerste van hierdie stappe was die afskaffing van die Naturelle-verteenwoordiging in die parlement en die bevordering van Bantoeselfbestuur waardeur die Swartman tot eventuele nasionale selfstandigheid in lewensvatbare Bantoestate gelei moes word. Die tweede stap wat dr. Verwoerd gedurende die sitting van 1959 gedoen het, is vanuit dieselfde prinsipiële raamwerk gekonsipieer, nl. die instelling van aparte universiteitsinrigtings vir die verskillende nie-blanke groepe.[227]

Dit was net te wagte dat dr. Verwoerd wat hom reeds as Minister van Naturellesake as die "Man with the Grand Design" van afsonderlike ontwikkeling uitgewys het, die gesloer om die universiteite in pas te bring met die Nasionale Party se oorhoofse afsonderlike ontwikkelingsbeleid vir eens en vir altyd sou wou opruim. Dit is opmerklik hoe aanhoudend die opposisie reeds in 1957 met die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding geskimp het dat hulle nie kon "help om te voel dat hulle dwarsdeur hierdie wetgewing die hand van die Minister van Naturellesake sien" nie.[228]

227. Ibid., pp. 137-141.

228. R.R. Butcher in Volksraadsdebatte, 28 Mei 1957, kol. 7137. Die wyse waarop die opposisie dr. Verwoerd se invloed op die vorming van die Nasionale Party se opvattinge in hierdie tyd aangevoel het, blyk onomwonde uit die volgende: "Although the University Apartheid Bill has been introduced by the Minister of Education, Mr. Jan Viljoen, it is no secret that the genius behind it is Dr. Verwoerd" (Stanley Uys, Sunday Times, 20.1.'57.). "Dit wil voorkom of hierdie Regering, nadat hy geweier het om die bevindings in die verslag van die Holloway-kommissie te aanvaar, geswig het voor

Omdat dr. Verwoerd in sy eie gemoed helderheid gehad het oor waarheen hy Suid-Afrika wou lei, het hy hom nooit van stryk laat bring deur die stortvloed van kritiek teen die Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding nie en so ver vasgestel kon word, slegs eenmaal hierop gereageer. Hy het die onbetaamlike optrede van die ampsdraers van die ope universiteite verantwoordelik gehou vir die stroom telegramme wat die regering van regoor die wêreld ontvang het. Die raster clichés wat byna woordeliks dieselfde in telegram op telegram was, was vir hom voldoende aanduiding dat die propaganda in Suid-Afrika self gestook is. Hoewel NUSAS nooit na buite met sy aandeel in die oprui van die protes te koop geloop het nie, was daar in die klein kring van ingeligtes - studenterade en akademiese vryheidskomitees - 'n onverhole trots in hul prestasie. Dit was dus vir hulle heeltemal verbysterend dat dr. Verwoerd die hele oorsese protesaksie met 'n sinnetjie van sy lessenaar kon veeg. "... al hierdie kabels en telegramme sal die pad volg van alle verkeerde dinge - reguit na die snippermandjie," het hy gesê.[229]

---

die ideologiese teorieë van die agb. Minister van Naturellesake" (Sir De Villiers Graaf in Volksraadsdebatte, 11 Maart 1957, kol. 2582); "Dit is vanselfsprekend vir my dat die Minister (d.i. Jan Viljoen) toegelaat het dat hy die strooipop van die Regering word. Hy speel volgens die deuntjie wat hulle speel, terwyl die toue getrek word deur die Minister van Naturellesake." (J.H. Russel in Volksraadsdebatte, 28 Mei 1957, kol. 7155); "Die agb. Minister van Justisie en die Minister wat belas is met hierdie wetsontwerp, het dit duidelik laat uitkom dat die rede vir die indiening van hierdie maatreël die vrees is wat die Nasionale Party koester vir die Nie-Blankes. Albei is ongetwyfeld beïnvloed deur wat ek sou wil bestempel as die hidrofobiese byt van die agb. Minister van Naturellesake", (Kol. R.D.P. Jordan, in Volksraadsdebatte, 29 Mei 1957, kol. 7195).

229. Cape Times, 18.3.'59.

Wat NUSAS misgekyk het, is die feit dat buitelandse druk dikwels 'n hoë wrywingskoëffisiënt het, maar meesal kontraproduktief is, veral as daar 'n aanduiding is dat die protes vanuit die binneland self bekook is.

Die pers wat nog geen werklike aanduiding gehad het van NUSAS se hand in die spel nie, het na die oorsese propaganda verwys en gevra: "Whom will the Government blame this time for its 'bad press' overseas? These demonstrations have been spontaneous, following on the announcement that the Government intends going on with this unpopular Bill".[230] Mnr. John Vorster, destyds Adjunk-minister van Onderwys, het egter NUSAS se bedekte rol hierin tydens die tweedelesingsdebat geëksponeer, omdat NUSAS se "open letter" verbatim in Student News, die lyfblad van BNUS opgeneem is.[231] Dit was die eerste van vele potjies wat NUSAS met mnr. B.J. Vorster sou loop.

Toe die tweede lesing van die Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding op Woensdag 8 April 1959 'n aanvang neem, het net mooi 'n volle twee jaar verloop sedert die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding op 8 April 1957 vir die eerste maal in die Volksraad ter tafel gelê is.

Die lang tydspan tussen die eerste aankondiging en die uiteindelike promulgering van die wet het aan die parlementêre opposisie, soos die geval was met NUSAS, geleentheid gebied om deeglik voor te berei en op die hoogte te kom.

Die twee abortiewe pogings om die maatreël aanvaar te kry, het egter ook meegebring dat die regering intussen groter klaarheid oor die noodsaaklikheid van afsonderlike instellings vir Blank en Nie-Blank verkry het. Die 1957-debat oor die beginsel of afsonderlike universiteite binne die

230. Sunday Express, 1.3.'59. Hoofartikel.

231. Volksraadsdebatte, 8.4.'59, kol. 3412-3415.

oorkoepelende raamwerk van die skepping van eie, afsonderlike volksinstellinge by die Nie-Blanke met die oog op die eie politieke selfbehoud van die Blanke, sowel as die verslag van die Kommissie insake die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding wat in Augustus 1958 gepubliseer is, was 'n arsenaal van argumente ten gunste van afsonderlike geriewe waaruit geput kon word. Dit was duidelik dat die Regering hoegenaamd nie van plan was om hom sy opposisie teen die maatreël van sy neergelegde koers af te dwing nie, hoe groot die versetstryd ookal was wat daarteen op tou gesit is. Hoe heftiger die teenkanting teen die regering se voorgestelde wetgewing geraak het, hoe duideliker het die hele rationale van die Nasionale Party se onversetlikheid om die voorstel te skrap uit die verf gekom. In die lang tweedelesingsdebat van April 1959 oor aparte universiteite het dr. H.G. Luttig, wat ook 'n lid van die De Wet Nel-kommissie was, die ope universiteite se standpunt aan die hand van hul akademiese manifes, The Open Universities in South Africa, ontleed.

Waar die Nasionale Party afstuur op aparte eiesoortige ontwikkeling gevestig op die handhawing van die volkseie, het hy gesê, wil die ope universiteite daarenteen die lot van Suid-Afrika in die rigting van 'n geïntegreerde eenheidstaat bepaal. Daardie geïntegreerde eenheidstaat moes, volgens die standpunt van die ope universiteite, verwesenlik word deur die vernietiging van die Bantoe se volkseie en die assimilasie by die Swartman van die Westerse geestelike waardes. "It is only in this manner", het die ondertekenaars van die manifes vir die behoud van ope universiteite onomwonde verklaar, "that Western civilization can be preserved in South Africa."[232]

Hierteenoor het hy die standpunt van die Nasionale Party

232. Ibid., 9.4.'59, kol. 3490; Vgl. ook Centlivres, Freedom (e.a.) op. cit., p. 38.

uitgespel en gesê dat hierdie benadering tot die vernietiging van beide Blank en Nie-Blank sou lei. "Trouens, het hy beweer, "ek wil so ver gaan om te sê dat die behoud van die Blanke beskawing in Suid-Afrika, impliseer die voortbestaan en behoud van die Bantoe-kultuur. Watter land in die Westerse wêreld sal toelaat - en hier kom my vraag as gevolg van al die kritiek wat ons gekry het - dat ... hulle lot beslis word deur 'n rigting wat deur 'n universiteit aangegee word?"[233]

Een van die groot take wat die Nasionale Party sedert 1948 onderneem het, was die ontwikkeling van die Bantoegebiede ten einde 'n toekoms vir hulle te skep. Soos die De Wet Nel-kommissie aangetoon het, was die grondslag van benadering dat die Swartman aktief in die ontwikkelingsprojek betrek moet word, maar dat die grootste probleem waarvoor die regering in die verband te staan gekom het, die tekort aan tegnici en geskoolde leiers was. Sonder hul eie universiteite sou die ontwikkeling van die Bantoegebiede en daarmee die hele ontwikkelingsplan vir die Swartes soos voorsien in die sosio-ekonomiese bloudruk vir die ontwikkeling van Bantoe-gebiede deur die bekende Tomlinson-kommissie, 'n saak van onmoontlikheid wees.[234]

Dit is opmerklik en veelseggend dat die titel van die wetsontwerp by herindiening van 1959, die "Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding" geheet het teenoor die oorspronklike titel van die "Wetsontwerp of Afsonderlike Universiteitsopleiding". Hoewel NUSAS en die Engelse pers herhaaldelik die titel as 'n wanbenaming bestempel het en beweer het dat dit eintlik bekend moes staan as die Inkorting van Universiteitsopleiding,[235] was een van die funda-

233. Volksraadsdebatte, 9.4.'59, kol 3491.

234. UG32-59 Verslag van die Kommissie i.s. die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding, (Voorsitter: M.C. de Wet Nel), p. 4.

235. Mnr. Rubin het bv. beweer, "We can only regard the at-

mentele oorwegings immers om aan die Nie-Blankes elke moontlike geleentheid te bied vir die ontwikkeling as individue en vir die ontwikkeling as afsonderlike maatskappye. Soos mnr. W.A. Maree, die Minister van Bantoe-onderwys aangevoer het, sou die maatreël daarvoor voorsiening maak dat elke afsonderlike volkseenheid uit sy eie geledere die nodige leiers, denkers, opvoeders, professionele en tegniese manne kan voortbring vir die skepping van nuwe ontwikkelingsmoontlikhede in die tuislande op opvoedkundige, tegniese, landboukundige en ander gebiede.[236]

Dit was die vaste oortuiging van die regering dat die oop universiteite nooit aan die werklike behoeftes van die Nie-Blankes sou voldoen nie. Op hul beste, soos dit in daardie stadium die geval was, het hulle bloot aan 'n beperkte getal Nie-Blankes opleiding verskaf, o.m. omdat die huidige fasiliteite aan die ope universiteite vir die meerderheid Nie-Blankes te duur was. Daarby was die regering van mening dat die Nie-Blankes dikwels opgelei is in 'n atmosfeer wat heeltemal vreemd was aan die bevolkingsdeel wat hulle moes dien, en plaas daarvan dat hulle bereid was om hulle talente tot eie volksdiens en volksopbou aan te wend, het hulle afsydig en minagtend teenoor die eie gestaan. Soos die kommissie in sy verslag dit gestel het, was die ope universiteite se beleid om studente van 'n blankgeoriënteerde universitêre opleiding te voorsien sonder om verder enige verantwoordelikheid te dra vir die verdere ont-

tempt to suggest that this is an 'Extention' of university education as mischievous. In our view, no single proposal has ever outlined a greater diminution of educational opportunity" Cape Times, 26 en 27.1.'59.

236. Volksraadsdebatte, 9.4.'59, kol 3433.

wikkeling of indiensneming van hierdie studente[237], niks anders nie as "roofbou" teen die bevolkingsgroep waaruit hierdie studente afkomstig is.[238]

Dit was volgens die regering ook voor-die-hand-liggend dat daar vir die Swartes aan die ope universiteite geen besondere voordele in steek indien die status quo van akademiese integrasie en sosiale skeiding aldaar gehandhaaf word nie en dat hulle nooit meer as akademiese bywonerstatus aan die blanke universiteite sal hê nie. Wat hul sportbedrywighede, kultuur- en vakverenigingslewe, studentejool en dergelike aanbetref, was die nie-blanke studente teoreties uitgesluit en het die opposisie se redenasie dat die wedersydse kontak vir die onderlinge bespreking van vraagstukke en die wisseling van gedagtes buitekant die lesingsale uiters bevrugtend sou wees, in die praktyk maar min van tereg gekom.[239] As gevolg van die opset by die ope universiteite, sal daar altyd 'n mate van frustrasie en 'n gevoel van minderwaardigheid by die Swartman aanwesig wees. Dit was die Minister van Justisie, adv. C.R. Swart, wat die opposisie daarop gewys het dat dit oneerlik sou wees om op die lang duur Nie-Blankes van poste op die personeel van die ope

---

237. In 1957 het dr. L.I. Coertze, L.V. vir Standerton, in die Volksraad gesê dat hy inligting van die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand laat aanvra het oor wat van hul swart gegradueerdes sedert 1953 geword het. "Die feit is", het hy beweer, "dat hulle glad nie weet wat met hulle gegradueerdes gebeur het nie. Hulle steek nêrens as bekendes by hul eie mense uit nie." Volksraadsdebatte, 27 Mei 1957, kol. 7082.

238. UG32-58, ....Afsonderlike Universiteitsopleiding, pp. 4; 6.

239. Volksraadsdebatte, 27 Mei 1957, kol 7005; 10/11 April 1959, kol. 3780; UG32-58, Kommissie i.s. Afsonderlike Universiteitsopleiding, p. 5.

universiteite uit te sluit as hulle daarvoor kwalifiseer.[240]

Weens die onrypheid van die nie-blanke bevolkingsgroepe om hul eie inrigtings te finansier, te beheer en die nodige gekwalifiseerde personeel daarvoor te verskaf, het die staat dit sy plig geag om as voog die nuwe inrigting te inisieer en hul die nodige leiding, doserende personeel en finansiële steun te besorg totdat die Nie-Blankes uiteindelik kan oorneem. Die regering het egter voor die dilemma gestaan dat 'n gemengde universiteitsraad en senaat gedurende die aanvangsperiodes verydelend van die ideaal van afsonderlike inrigtings sou wees, veral as die ope universiteite, wat nie eers gemengde raads- of senaatslede gehad het nie, hul ope karakter moes verloor ter wille van die oprigting van geslote etnies-gerigte universiteite.

Om hierdie probleem te omseil het die regering besluit dat dit "in die hoogste belang van die hele ontwikkelingsproses van die Nie-Blankes (was)"[241], om aparte blanke en nie-blanke liggame daar te stel. Die nie-blanke rade en senate sou egter aanvanklik slegs adviserend van aard wees, maar gelyktydig opgelei word om mettertyd die beheer te kan uitoefen. Beginnende dus by 'n blanke beheerraad en 'n swart adviserende raad, sou eersgenoemde geleidelik uitgefaseer word namate die Swartman in 'n posisie kom om die beheer oor te neem.

Die besluit dat gemengde liggame ongewens is, is veral gemotiveer met die argumente dat dit by die nie-blanke lede dikwels tot 'n ontduiking van verantwoordelikheid lei en dus nie die gewensde of beoogde opleiding verskaf nie; en dat gevoelens van minderwaardigheid en frustrasie maklik geskep kan word as die Blankes die gesag in eie hande hou ten spyte van die verklaarde voorneme om dit oor te dra. Aparte liggame was volgens die kommissie die beste oefenskool om die Nie-Blankes te lei

---

240. Volksraadsdebatte, 28.5.'57, kol 7116.

241. UG32-58, ....Afsonderlike Universiteitsopleiding, p. 11.

om selfstandig en onafhanklik tot hul eie besluite te kom.[242]

So oortuig was die Nasionale Party dat die uiteindelike ontwikkelingsproses van hierdie universiteitskolleges sal oorloop in volwaardige universiteite wat hul eie grade sal toeken en in alle opsigte gelykwaardig met ander universiteite in Suid-Afrika sal wees, dat hulle hierdie maatreëls met groot oortuiging in die Volksraad en die Senaat ondersteun het.

Muriel Horrel wys trouens daarop dat die regering so vol selfvertroue was dat hy reeds gedurende 1957 begin het om die kollege by Ngoya in Zoeloeland en Turfloop naby Pietersburg in Noord-Transvaal op te rig.[243]

Netso vanselfsprekend en logies as wat die Nasionaliste hierdie maatreël as 'n uitvloeisel van hul neergelegde beleidskoers gesien het, so heftig was die Verenigde Party se opposisie daarteen toe hierdie maatreël voor die Raadshuise van die parlement gelê is. In sy repliek op die 1957-tweedelesingsdebat oor die skepping van afsonderlike universiteite vir Nie-Blankes, het minister Jan Viljoen die "giftige bitsigheid" betreur waarmee die inrigtings wat nog nie eens bestaan het nie, veroordeel is.[244] Daar is bv. neerhalend na die te stigte universiteitskolleges verwys as "stamskole" en "tughuise"[245] en gedurende die 1959-debat het dieselfde politieke tamboerslanery weer eens plaasgevind en is na die beoogde inrigtings verwys as "dwangbuisinstellings", "verheerlikte staminstellings", "breinverlammende inrigtings" en "indoktrinasie-sentrums".[246]

---

242. Ibid.

243. Horrel, A Decade of Bantu Education, p. 157.

244. Volksraadsdebatte, 29.5.'57, kol. 7242-7243.

245. Ibid., 28.5.'57, kol. 7059 en 7157 respektiewelik.

246. Ibid., 9.4.'59 kol 3452; 10.4.'59, kol 3598 en 3657; 10/11.4.'59, kol 3806.

Nadat die bespreking van die Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding sy derde dag ingegaan het sonder dat daar enige teken was dat die Opposisie se praatlus oor die maatreël besig was om te bedaar, het die leier van die Volksraad, adv. C.R. Swart, voorgestel dat indien die Wetsontwerp om vyf-en-twintig minute oor tien nm. nog onder bespreking is, dit ingevolge artikel 26(1) van die reglement van Orde nie onderbreek sal word nie. Die voorstel is goedgekeur met 83 stemme daarvoor en 49 daarteen.[247]

Die gevolg van hierdie reëling was dat een van die langste ononderbroke sittings in die Suid-Afrikaanse parlementêre geskiedenis plaasgevind het. Vir 26 uur en 38 minute, vanaf 10h05 van die Vrydagoggend van 10 April tot 12h43 op Saterdag 11 April was die verteenwoordigers van die Volksraad uitgelewer aan 'n *furor loquendi* - 'n spraakfurie - hoofsaaklik van opposisiegeledere. In baie opsigte was die lang debat bloot 'n simboliese gebaar van teenstand, want die Nasionale Party wat met die algemene verkiesing van 1958, 103 setels teenoor die 53 van die Verenigde Party ingepalm het, het 'n duidelike mandaat van die kiesers gehad om sy beleid van afsonderlike ontwikkeling ten uitvoer te bring.[248] Dit was eweneens duidelik dat die regering nie van plan was om hiërdie maatreël - wat so 'n lang pad gekom het en so 'n kardinale faset van die beleid van afsonderlike ontwikkeling uitgemaak het - terug te trek nie.

Derhalwe het die Nasionale L.V.'s, nadat dr. Verwoerd 'n lang betoog gevoer het om die verskille tussen die NP en die VP oor die maatreëls uit te wys, teen elfuur die aand min of meer hul sê gesê gehad en die vloer aan die opposisie oorgelaat wat spoedig begin protesteer het dat hulle met hulself debatteer en dat geen lid aan die re-

---

247. *Ibid.*, 10.4.'59, kol 3556-3557.

248. Schoeman, *op. cit.*, 345.

geringskant enigsins 'n poging aanwend om op hul kritiek te reageer nie. Enige poging om die regeringslede te verlok om aan die debat deel te neem het misluk. Om halfsewe die oggend nadat die Nasionaliste vir bykans 6½ uur die stilswye gehandhaaf het en geen poging aangewend het om 'n bydrae tot die debat te lewer nie, het maj. Piet van der Byl, destyds L.V. vir Groenpunt, die lede aan regeringskant van "politieke klem in die kaak" verwyt terwyl die opposisie die hele nag daar gesit het "om hul plig te doen."[249] In 'n stadium was daar inderdaad net 19 lede aan regeringskant wat vaak-vaak die Nasionale Party verteenwoordig het.

As die enigste opposisieparty wat met die vorige verkiesing enige setels kon verower en daardeur sitting in die parlement verkry het, moes die Verenigde Party volhard in sy rol as die stryder vir die outonomie en akademiese vryhede van die ope universiteite. Dit het die Verenigde Party en NUSAS egter in dieselfde kamp geplaas wat deur eersgenoemde dikwels as 'n ongemaklike <u>entente cordiale</u> bejeën is. Dat die Verenigde Party egter nie flouhartig wou voorkom nie, spreek uit sy frustrasie dat die regeringslede asof hul so afgespreek het gedurende die lang tweedelesingsdebat nooit na die studente se simboliese waak oor akademiese vryheid buite die parlementsgebou verwys het nie. Met die aanvang van die debat het studente van die Universiteit van Kaapstad buitekant die parlementsgebou 'n fakkel aangesteek en brandend gehou vir die duur van die debat. Terselfdertyd was daar 'n kilometerlange tou studente wat met die eerste dag van die debat van die universiteit langs De Waal-rylaan tot by die Mediese Skool gaan staan het om die openbare aandag op die geskilpunt te vestig.

Alle Engelse koerante het publisiteit aan die studente se stoïsynse nagwaak verleen, maar toe die debat al reeds diep in die derde dag gevorder het en die regering steeds

---

249. <u>Volksraadsdebatte</u>, kol. 3803, 10/11.4.'59.

die studente ignoreer asof hulle nie bestaan nie, kon mnr. T.B. Bowker nie langer die regering se oënskynlike gelykmatigheid hieroor verduur nie.

"Ek het dit ook by die Regering beklemtoon", het hy gesê, "dat geen kommentaar gemaak is op die studente wat hier voor die Raad wag staan vir wat hulle meen die verdediging van universiteitsvryheid is. Hulle het daar gestaan dwarsdeur die nag, en nogtans lyk dit of die Regering hom eenvoudig nie steur aan hierdie uiting van hul gevoel deur daardie mense ... (en) ... hierdie opoffering wat hulle maak nie. Want dit is 'n opoffering om dwarsdeur die nag buite hierdie Raad te staan. Dit spyt my dat lede van die Regering dit nie gepas geag het om die een of ander kommentaar van aanmoediging te maak, of selfs om die poging te erken wat hierdie studente doen om klem te lê op hul opvattings en om aanspraak te maak op hul regte met betrekking tot vryheid van onderwys in ons land nie."[250]
Na hierdie uitspraak was die VP geroepe om sy beeld as 'n waardige strydgenoot van die studente deur 'n soortgelyke "opoffering" te illustreer. Ook vir hulle het 'n lang nagwaak voorgelê.

Toe die maatreël uiteindelik skuins voor eenuur die Saterdagnamiddag tot stemming gebring is, was die Nasionaliste egter in volle sterkte teenwoordig en is die beginsel van die maatreël met 100 stemme teen 55 goedgekeur.

Wat oorgebly het om die maatreël deur die Volksraad te loods, was eintlik net prosedure. Om weer 'n uitgerekte debat te vermy - die tweedelesingsdebat alleen het meer as 39 uur geduur - het die regering 'n valbyl van een uur op die komiteestadium en een van vier uur op die derdelesingstadium ingestel.[251]

250. Volksraadsdebatte, 10.4.'59, kol 3647.

251. Cape Argus, 18.4.'59.

Die regering se optrede was waarskynlik daarop gemik om aan die studente te toon dat hulle ondanks luide en demonstratiewe protes nie 'n faktor is nie. Op die keper beskou was dit 'n flater, want dit het die studente se geloof in konstitusionele middele om verandering te bewerkstellig ondermyn. Die omvangryke maar vreedsame veldtog om die openbare mening te beïnvloed was van nul en gener waarde as hierdie nuutverbonde openbare mening nie 'n konstitusionele steunpunt het waar die koevoet ingedruk kan word om die klip te beweeg nie. Die optrede van 'n verbonde Engelse studentegemeenskap wat met die swye van 'n sfinks begroet word en die volslae onmag van 'n parlementêre opposisie om ondanks een van die langste ononderbroke debatte in die Suid-Afrikaanse parlementêre geskiedenis 'n deuk in die wetgewing te maak, het NUSAS ontnugter in die parlement as 'n liggaam om verandering te weeg te bring. Afgesien van die deug of die ondeug van hierdie standpunt, is dit een van die vernaamste faktore wat daartoe bygedra het dat NUSAS homself in die rol van 'n buite-parlementêre beurgroep vir verandering gegiet het.

Dieselfde aand, pas na afloop van die uitmergelende debat in die Volksraad het die eerste sessie van 'n tweedaagse inter-universitêre studentekonferensie onder voorsitterskap van NUSAS plaasgevind om nabetragting te hou en optrede vorentoe te beplan.

'n Gees van blinde verset, van 'n verbete voortsetting van die veldtog was merkbaar. Die persverklaring wat na afloop van die konferensie uitgereik is, stel dit uitdruklik dat die konferensie nóg die beginsel nóg die bepaling van die Wetsontwerp op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding of die Wetsontwerp op die Oordrag van Fort Hare sal aanvaar ondanks die feit dat eersgenoemde reeds 'n tweede maal gelees is.[252]

---

252. G2-59, Minutes of Inter-SRC Conference (Confidential), 11/12.4.'59.

Die konferensie het ook sy sterkste afkeer uitgespreek van die regering se versuim om kennis te neem van die standpunt van 15 050 Suid-Afrikaanse studente en het daarom besluit om 'n deputasie na die Minister van Onderwys te stuur om hom te versoek om in hierdie late stadium die terugtrekking van die wetsontwerp te oorweeg. Soos sy voorganger, het minister J.J. Serfontein deur sy sekretaris aangedui dat hy nie met studente onderhandel nie.[253]

Planne vir die afloop van die veldtog het o.m. die hou van 'n skynparlement ingesluit wat die sitting oor die twee maatreëls sou parodieer, 'n fakkellig-prosessie en 'n embleem wat in alle reklamefoefies en op amptelike korrespondensie gebruik kon word. Die embleem wat uiteindelik aanvaar is, is 'n omkringde motief van 'n swart kaplaars wat die hiel van onderdrukking versimboliseer en bo-op 'n omgestampte stomp van 'n Griekse suil as simbool van die geskonde ope universiteite gerus het. Hoewel die embleem vry algemeen vir so 'n jaar of twee op NUSAS se amptelike briefhoofde en koerante gepryk het, of as bufferplakkertjies, lisensieskyfiehouers e.d.m. gedien het - daar was selfs die groteske voorstel dat sommige studente die embleem op hulle arms en bors moes laat tattoeëer! - het die universiteitsrade hul voet neergesit en die stempel of die afdruk van die simbool op amptelike studenteraadskorrespondensie verbied.[254]

Heelwat bespreking is ook afgestaan aan die beplande akademiese vryheidswydingseremonies wat deur die Ope Universiteite-skakelkomitees van Kaapstad en Wits beplan is. 'n Besluit is geneem om 'n soortgelyke seremonie ingestel te kry by Rhodes en die Universiteit van Natal.

---

253. Cape Argus, 13.4.'59.

254. Studenteraadsnotule (Witwatersrand) - Executive Report, Sept. '59. Die verslag vermeld dat die studenterade van Kaapstad en Rhodes dieselfde probleme op die lyf geloop het.

Hierdie universiteite se verbintenis daartoe is dus weer eens gedeeltelik aan die studente se inisiatief te danke.

Hoewel die sg. vryheidswydingseremonies amptelik die einde van die akademiese vryheidsveldtog dagteken, staan dit terselfdertyd in die teken van die voortsetting van die stryd. Die akademiese vryheidswydingsgelofte waartoe al hierdie universiteite hulle verbind het, bring mee dat daar jaarliks gedenkdae gehou word om die skending te gedenk en om die universiteite by hernuwing te wy aan die stryd om die verlore vryheid te herwin.

Tydens die eerste vryheidswydingseremonie van die Universiteit van die Witwatersrand op 16 April 1959 het die viserektor prof. I.D. McCrone, die universiteitsraad, konvokasie, studente en personeel toegespreek en na 'n uiteensetting van die wetsontwerp, die volgende bitter woorde laat val:

"We now know that we might as well have saved our breath to cool our porridge so far as the effect of our evidence and that of most other parties who took the trouble to present evidence, was concerned.

One has a feeling of concern that this sort of thing can happen in an allegedly democratic state. We have all along had a good case and we certainly have not allowed it to go by default - our case has simply been ignored.

The lamps of tolerance, of understanding and learning how to live with one another in a multi-racial community are gradually going out. This is a frightening reflection for any South African who loves his country."[255]

255. Cape Argus, 14.4.'59.

Daarna het die rektor, prof. W.G. Sutton, 'n gelofte voorgelees dat die universiteit homself altyd sal wy aan die ideaal om self te besluit wie, wat en hoe onderrig sal word sonder inagneming van enige maatstaf behalwe akademiese meriete, en sal voortgaan "to defend the ideal of open Universities against all who have sought by legislative enactment to curtail their autonomy."[256]

Die akademiese vryheidswydingsgelofdes by die ander Engelse universiteite het min of meer dieselfde bewoording en presies dieselfde strekking. Op 29 Julie het die Universiteit van Kaapstad om 11h20 vir die seremonie gesluit en na die toespraak van die kanselier het die rektor, prof. J.P. Duminy, die gelofte voorgelees. Daarna het die kanselier, die voorsitter van die raad, en die vise-kanselier, gevolg deur lede van die personeel en studente die geleentheid gekry om die gelofte te onderteken.[257]

Tydens die Eerste T.B. Davie-gedenklesing oor Akademiese Vryheid op 26 Julie 1960 deur die bekende historikus, C.W. de Kiewiet, destyds rektor van die Universiteit Rochester in die VSA, is 'n gedenkplaat in die voorhal van die Jaggerbiblioteek onthul.[258] Die gelofte ingebind saam met die eerste handtekeninge kan vandag nog langs die gedenkplaat met die inskripsie,

> Monumentum hoc aenum
> dedicavit cancellarius
> ereptae libertatis academicae
> quae defecit anno MCMLX rediit anno -[259]

---

256. Ibid.

257. Varsity (Dedication Issue), Julie '59.

258. Varsity (Special Edition), 26.7.'60.

259. Vry vertaal, lees die inskripsie as volg:
"Hierdie brons gedenkteken is toegewy aan die verlies

besigtig word.

Nabetragtend kan die akademiese vryheidsveldtog en die kulminasie daarvan in die vryheidstoewydingsgeloftes as die sinjaal van 'n nuwe tydvak in die studentepolitiek aan die Engelse kampusse beskou word. Dit is hierdie veldtog wat veroorsaak het dat die Engelse kampusse in die sestigerjare in die politieke arena ingetrek is.

'n Nagraadse Harvard-student wat met 'n spesiale navorsingsbeurs in 1959 aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer het en op versoek van die Varsity-redaksie sy indrukke oor die kampus weergegee het, is so insiggewend in dié verband dat dit breedvoerig aangehaal behoort te word.

"One major criticism may sound strange from someone who came to study your country's history and politics: it is that politics forms too great a part of student life ... The level of intelligent political interest is very high, probably higher than in most universities in the United States ... But the greatest objection to the place of politics on the campus of the UTC is that it apparently demands all the surplus energy and intelligence of most of the energetic and curtious students ... This unity of interest, if not of purpose, obscures or obliterates the universality and variety that should be attained at a university."[260]

Daar kan nie van die waarheid ontkom word dat die akademiese vryheidswydingsgeloftes 'n politieke inslag het nie. "Ons kan nie aanneem dat die betrokke universiteite net een enkele faset van die uitwerking van die wet aangryp as regverdiging van hulle protes nie en die hoofdoel van die wet heeltemal ignoreer nie, beweer die Van Wyk

van akademiese vryheid wat heengegaan het in die jaar 1960 en teruggekeer het in die jaar - ".

260. Varsity, 30.3.'60. Artikel.

de Vries-kommissie.[261] Soos ten oorvloede aangetoon is die wet per slot van rekening ontwerp om universiteitsopleiding uit te brei en eie universiteite aan die nie-blanke volkere van Suid-Afrika beskikbaar te stel ooreenkomstig die beleid van veelvolkige ontwikkeling. As die universiteit hom verbind tot 'n beleid van geen rasseskeiding op akademiese gebied, moes die beskouing noodwendig ook geprojekteer word op die gemeenskap. Skuilend agter die skild van akademiese vryheid het die studente onder leiding van NUSAS die teater van die Suid-Afrikaanse politiek betree.

---

261. RP-74, Hoofverslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universitietswese, p. 103.

# HOOFSTUK III

## DIE OMSKEPPING VAN NUSAS IN 'N BUITE-PARLEMENTêRE DRUKGROEP GEDURENDE DIE VROEë SESTIGERJARE

### 3.1 'n Magsprofiel van die Nasionale Unie

Toe NUSAS die sestigerjare betree, was sy hegemonie oor die Engelse universiteite reeds onteenseglik bevestig, nie alleen organisatories nie maar ook as die avant garde van studente-opinie op die Engelse kampusse.

Neville Curtis en Clive Keegan wat met 'n suiwere aanvoeling die kernaspekte van NUSAS se politieke ontwikkeling nagegaan het, dien hieroor aangehaal te word.

Die akademiese vryheidsveldtog van die vyftigerjare, beweer hulle, het die patroon van denke en handelinge vasgelê wat NUSAS tot met sy rekonstruksie in die sewentigerjare, dikwels net so gesjabloneer het. Steeds verwysende na die oorspronklike veldtog, sê hulle:

"While essentially responsive this thinking shows a realization of the need to prepare an 'issue', and an equal grasp of the need to organise public and student action and protest once the 'issue' is generated. In these two respects the organising capacity built up by NUSAS and the SRC's is virtually unrivalled by any student organization we know of, that has chosen to operate within the representative structure, and a legitimate framework. Certainly at the time it was unrivalled by any student organisation in the world in this respect."[1]

Die ander aspek wat die skrywers uitlig, is die wyse waarop NUSAS in die vorming van studente-gesindhede en -opinie 'n

---

1. N. Curtis en C. Keegan, "The Aspiration to a Just Society", in H.W. van der Merwe en D. Welsh, Student Perspectives on South Africa, p. 108.

pasaangeër geword het: "NUSAS emerged as the leader within the English universities and has remained ahead of opinion within those universities ever since."[2] Dit is veral laasgenoemde aspek wat in hierdie hoofstuk breedvoeriger toegelig word.

Dat NUSAS sy handgreep op die Suid-Afrikaanse studentepolitiek bly handhaaf het totdat die Suid-Afrikaanse regering vir hierdie organisasie in 1973 die hoepels aangeklink het, blyk uit die uitspraak van die Van Wyk de Vries-kommissie in sy ondersoek na die nie-akademiese bedrywighede van studente gedurende die sewentigerjare.

Verwysend na "die verstewiging van die staalring van NUSAS aan ons universiteite", beweer hulle: "Dit is ooglopend dat ons hier te doen het met 'n formidabele konsentrasie van werkkragte en energie. Daar bestaan geen vergelykbare studenteorganisasie nie en in die lig van studente-organisasies op die individuele kampusse moet dit beskryf word as 'n magtige organisasie wat 'n oorheersende posisie beklee."[3]

Dat NUSAS aan die begin van die dekade presies so 'n magsposisie beklee het, is te danke aan die politieke omstandighede wat NUSAS tot sy voordeel geëksploiteer het.

Toe die Nasionaliste in 1948 aan bewind gekom het en doelbewus die deure wat oopgehou is vir die skepping van 'n geïntegreerde veelrassige Suid-Afrikaanse gemeenskap, begin toeslaan, het hulle die Engelse universiteitsgemeenskappe met hul liberale Britse karakter in die hartaar getref.

Die studenterade se mandatering van NUSAS as 'n oorkoepelende

2. Ibid., p. 104.

3. RP36-74, Tweede Tussentydse Verslag van die kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese (Voorsitter: J. van Wyk de Vries), p. 88.

studenteliggaam om die veldtogte van die verskillende kampusse te koördineer ter wille van groter effektiwiteit was net 'n logiese uitvloeisel van die omstandighede. Die losse konfederale struktuur het egter gedurende die drie jaar van intense veldtogbeplanning en -uitvoering onopsigtelik onder die hegte beginselbinding en dinamiese leiding van die NUSAS-hoofbestuur 'n sametrekking op die organisatoriese vlak tot gevolg gehad. NUSAS se herhaalde versoeke aan die studenteraad en akademiese vryheidskomitees onder patronaat van die studenterade om hul notules, verslae, studentekoerante e.d.m. na NUSAS deur te stuur sodat die inligting verwerk kon word met die oog op beplanning en die monitor van die veldtog vanuit 'n sentrale beheerpunt, het onvermydelik meegebring dat die studenterade iets van hulle onafhanklikheid ingeboet en NUSAS 'n dominerende invloed op sy geaffilieerde studenterade verkry het.

Die praktyk van sentrumaffiliasie wat meesal deur kampusse t.o.v. sambreel-organisasies soos die ASB en NUSAS gevolg word,[4] het bg. houvas verder in die hand gewerk. In teorie kom sentrumaffiliasie kortliks neer op 'n uitbreiding van die piramidale struktuur van die verteenwoordigende demokrasie. Op die terrein van die georganiseerde studentelewe beteken dit dat elke stemgeregtigde student 'n inspraak in die studenteregering kan hê deur die aanwys van studenteverteenwoordigers vir die sentrale studenteraad, wat na buite as skakel en spreekbuis van die hele studentegemeenskap moet dien.

'n Studenteraad wat demokraties verkies is ooreenkomstig die beginsel van studente-medeseggenskap, is dus geregtig om sy verkiesingsmandaat uit te oefen deur teen of vir affiliasie met oorkoepelende studenteliggame te besluit.[5]

Intertyd is sentrumaffiliasie sô vertolk dat elke student ou-

4. Vgl. A3-36, Department of President and Vice President 40th Student Assembly, July 1964, Appendix 17 (Method of Enrolment of NUSAS Members, pp. 177-178.

5. Ibid.

tomaties lid van NUSAS geword het op grond van 'n kollektiewe affiliasie deur die konstituerende sentra ten behoewe van hul studentekorpse. Lede kon egter individueel bedank indien hulle nie met die algemene beleidsrigting van NUSAS saamgegaan het nie.

Die vernaamste beleidmakende liggaam is die "National Student Assembly" wat jaarliks studenteleiers na 'n kongres stuur en 'n uitvoerende bestuur saamstel wat beslag moet gee aan NUSAS-kongresbesluite wanneer die nasionale studentevereniging in reses is. Artikel 22 van NUSAS se gekorreleerde beleidsbesluite het bv. in 1960 die volgende twee klousules ingesluit, nl. dat die samestelling van die hoofbestuur so verteenwoordigend as moontlik moet wees en dat die president en vise-president ten tye van hul verkiesing by voorkeur lede van hul onderskeie studenterade moet wees.[6] 'n Vinnige steekproef ten opsigte van die NUSAS-presidente van hierdie periode toon inderdaad dat dit die stand van sake was. Trevor Coombee (1958) was studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) in 1957,[7] Neville Rubin (1959), studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Kaapstad in 1958,[8] John Shingler (1960), studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van die Witwatersrand in 1959 en Adrian Leftwich, verkose studentraadsvoorsitter van die Universiteit van Kaapstad vir 1961 wat egter bedank het om die voltydse portefeulje van die NUSAS-presidentskap te beklee.[9]

In 1960 het die NUSAS-hiërargie as volg daar uitgesien: Die vernaamste uitvoerende pligte met wye diskresie is in die hande

6. Correlated Resolutions of Student Assembly Meetings, Augustus 1960, nr. 22, p. 5.
7. Vgl. J8-57, Joint Statement issued by J. Naidoo en T. Coombee. s.d.
8. Varsity, 18.5.'60.
9. Varsity, 3.8.'60. Rubriek.

van die president van NUSAS geplaas. Hierdie pligte is uitgeoefen in samewerking met beide die vise-president, belas met interne skakeling tussen die NUSAS-hoofbestuur, die geaffilieerde studenterade en die plaaslike NUSAS-komitees op die kampusse, en die vise-president van Internasionale Sake.

Daarbenewens is daar 'n reeks ander portefeuljes soos Studie en Navorsing, Openbare Betrekkinge en Publisiteit, Opleidingskolleges en Studente-welvaart. Dit is veral laasgenoemde portefeulje waardeur die administrasie van studente-vakbondvoordele behartig word, wat meebring dat NUSAS die gewone student bereik. Die vakbondvoordele wat deur middel van hierdie portefeulje geadministreer word, is bv. vakansie-indiensneming, akkommodasie-buro's, afslag- en uitruilboekskemas, studentekonsessies en -toere, werkskampe en hulpverlening deur aandskoolonderrig en volwassene-opleiding aan Nie-Blankes, ens.[10] Hierdie funksies is gewoonlik behartig deur die plaaslike NUSAS-komitees op die kampusse wat in 'n patro~~on~~naat-verhouding tot die studenteraad staan wat sy jaarprogramme, besture en begrotings goedkeur.

As gevolg van die reeks spitsberade wat die studenterade van die Engels-medium kampusse gedurende die laat vyftigerjare oor die akademiese vryheidskwessie gehou het, het daar geleidelik 'n nuwe orgaan, nl. die Vaste Komitee (Standing Committee), tot stand gekom. Dit was 'n informele beplanningsgroep wat saamgestel is uit die studenteraadsvoorsitters van die konstituerende kampusse en die drie senior uitvoerende beamptes van NUSAS, t.w. die president, vise-president en vise-president belas met buitelandse aangeleenthede.[11] Gedurende

---

10. Correlated Resolutions of Student Assembly Meetings, Department of Student Welfare, Augustus 1964, pp. 24-26.

11. Persoonlike onderhoud met mej. Rosalyn Traub, 29 jaar lank die algemene sekretaresse van NUSAS, op 3.7.'73. Hoewel mej. Traub reeds 'n paar jaar vantevore uitgetree het was sy vanweë die inperking van bykans die

1960 het mnr. John Shingler in verskeie omsendskrywes eers die goedkeuring van die staande komiteelede gesoek voordat daar opgetree is, wat 'n aanduiding is van die bevrugtende samewerkingsverband wat deur die akademiese vryheidsveldtog geskep is. Aan die anderkant was daar 'n vindingryke kinkel in hierdie reëling ingekapsel. Dit was ook 'n metode om die mandaat wat NUSAS tydens en vir die koördinering van die akademiese vryheidsveldtog ontvang het, te perpetueer. Per slot van rekening het die studenteraadslede wat hul kampusse tydens die uniale kongres verteenwoordig, die beleidsbeslissende nasionale studentevergadering uitgemaak.

Deur die Vaste Komitee byeen te roep of om omsendskrywes uit te stuur waarin die studenteraadsvoorsitters gevra word om NUSAS se inisiatiewe per posstem goed te keur,[12] het hierie orgaan nie-amptelik as 'n nasionale studentevergadering-in-reses gefunksioneer. NUSAS kon dus daarop staatmaak dat die studenteraadsvoorsitters hierdie beleid tydens die eersvolgende jaarlikse kongres sou ratifiseer.

Hierdie liggaam sou later op 'n vaste lees geskoei word en ontwikkel in die Nasionale Raad (National Council) wat uit die voorsitter van die studenterade plus een bykomende lid van elke studenteraad en NUSAS-hoofbestuur bestaan het.

Deur die gebundelde mag van hierdie organe, nl. die NUSAS-hoofbestuur en die Nasionale Raad, het NUSAS 'n buitengewone houvas op die Engelse studentegemeenskappe verkry. Die wye diskresionêre magte wat deur die studenterade aan die NUSAS-

---

hele hoofbestuur van NUSAS kort vantevore, baie ongeneë om oor enigiets behalwe die breë organisatoriese opset van NUSAS te gesels.

12. Bv. M3-60, J. Shingler - Students Representative Councils Academic Freedom Committees, NUSAS Executive, 19.2.'60; Ook G1-60, J. Shingler - University SRC Presidents (Private and Confidential), 16.9.60.

hoofbestuur in die laat vyftigerjare toevertrou is, is egter al hoe meer deur NUSAS as 'n carte blanche vir onafhanklike optrede beskou. Vanaf 1960 het NUSAS sy vlerke gesprei en op eie wieke begin drywe. Die Van Wyk de Vries-kommissie het bevind dat "die verbinding van die universiteite aan die akademiese vryheidstoewydingsgelofte, sonder om uitdruklik die verset teen landsbeleid en landswette te beperk tot die bevoegdheidsfeer van die universiteit, het aan NUSAS die geleentheid gebied om dit te gebruik om 'n militante politieke meganisme in die lewe te roep."[13] NUSAS het homself al hoe meer as die kernorganisasie op die speerpunt van die denke-waagmoed van die verbonde Engelse studentegemeenskap beskou wat vanuit sy kantore, weg van die kampus en buite die gesagsfeer van universiteitsowerhede, idees en optredes moes genereer. Daarmee is NUSAS tot 'n gedugte politieke instrument gesmee wat die Engelse studente-opposisie oor 'n landswye front, buite-universitêr georganiseer het, maar terselfdertyd die kampusse van die geaffilieerde sentra as politieke magsbasisse gebruik het vir die lansering van sy protesaksies.

### 3.2 Fort Hare in die branding

NUSAS se beginselgrondslag dat hy 'n nasionale unie met 'n ope lidmaatskap ongeag volks-, ras- of geloofsverskille is, was tegelyk sy krag en sy swakheid, want so aanvaarbaar as wat dit hom vir die deursnee Engelse student gemaak het, sô verwerplik het dit hom in die oë van die kultuurbewuste Afrikanerstudent en die vryheidsbewuste swart student gemaak. Hoewel daar sedert 1936 nooit weer 'n Afrikaanse kampus bereid was om met die Nasionale Unie te affilieer nie, het NUSAS nogtans tot laat in die sestigerjare tweetaligheid op sy briefhoofde gehandhaaf so asof dit heimlik bly hoop het dat die breuk tussen Afrikaanse en Engelse studente tog eendag weer sou heel. Uit die geskiedenis van die Afrikaanse en Engelse

13. Ondersoek na die Universiteitswese, p. 130.

studenteverhoudinge het die toenadering immers konsekwent van NUSAS gekom, terwyl die Afrikanerstudent en die ASB telkens te kenne gegee het dat hulle hierdie ideaal verbygestrewe het en alleen te vinde is vir samewerking op 'n breë konfederale basis van 'n Engelse studentebond teenoor 'n Afrikaanse studentebond.[14] In 1969 nog het die destydse president van die ASB, mnr. D.F.M. Strauss, in sy presidensiële verslag laat blyk dat die "geweldige prinsipiële kloof" tussen NUSAS en die ASB steeds bestaan. Die rede daarvoor, het hy beweer, is omdat NUSAS die humanistiese gelykheidsdogma wat die individu verabsoluteer onderskrywe en gevolglik alle volks-, rasse- en lewens- en wêreldbeskoulike verskille negeer. Daarteenoor is die erkenning van volks-, rasse- en lewens- en wêreldbeskoulike verskille juis 'n integrale deel van die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat deur die ASB onderskrywe word. Volgens mnr. Strauss is die drieërlei differensiëring in die Suid-Afrikaanse hoër onderwysbeleid juis die waarborg vir akademiese vryheid. "Daar word nl. gedifferensieer tussen die twee hoof volksgroepe in die bestaan van Afrikaanse en Engelse universiteite. Voorts word daar gedifferensieer tussen blanke en nie-blanke universiteite. Laastens differensieer die huidige onderwysbeleid ook ten opsigte van die verskillende standpunte in die wetenskap," het hy beweer.[15] Daar was nog 'n sekere gelatenheid teenoor die houding van die Afrikaanse studentegemeenskappe te bespeur, maar NUSAS se werklike achilleshiel was die afvalligheid van die swart studentegroepe ten behoewe van wie sy idealistiese liberalisme moes funksioneer. NUSAS se omvorming van homself in 'n meer radikale buite-parlemen-

---

14. Vgl. bv. A. Leftwich en D. Driver se opsomming in History of the relations between NUSAS, the ASB and the Afrikaans University Centres covering the period 1960-1963, pp. 2-23.

15. D.F.M. Strauss "Jaarverslag van die hoofbestuur vir die termyn Julie 1968 tot Julie 1969", Die Afrikaanse Student, 2:3 (1969), pp. 7-8.

têre drukgroep was nooit net 'n ligvaardige avontuur van 'n klein kamarilla magbeluste studenteleiers nie. Vanweë die historiese volkere- en rassepatroon van Suid-Afrika, was dit die onvermydelike en dikwels pynlike weg wat NUSAS moes volg indien hy sy karakter as 'n nasionale unie van Suid-Afrikaanse studente wou handhaaf.

Die reperkussies wat gevolg het op die Wet op die Oordrag van die Universiteitskollege van Fort Hare (nr. 64 van 1959) en die gepaardgaande akademiese vryheidsveldtog was die historiese aanloop tot NUSAS se persoonlike kruisvaart teen die ongeregtighede wat hy in die Suid-Afrikaanse samelewing gesien het. Hierdie optrede was in die eerste instansie nie uit hoë beginsel gebore nie, maar uit die nood van sy onmiddellike omstandighede.

In 1952 het die Universiteitskollege van Fort Hare weggebreek omdat NUSAS volgens hulle mening nie gepolitiseerd genoeg was nie. Janet Robertson wat 'n wetenskaplike ontleding van blanke liberalisme in Suid-Afrika na 1948 gemaak het, toon aan dat veral die jonger garde van die African National Congress teen 1952 heeltemal wars was van die pas sowel as gedagterigting wat deur die blanke liberaliste in Suid-Afrika voorgestaan is. Wat die seël geplaas het op die ANC-jeugbond (Youth League) se algehele verwerping van en ontnugtering in diegene wat hulself as liberaal voorgedoen het, was lg. se onverskilligheid en gebrek aan morele steun tydens die ANC se weerstandsveldtog in 1952 waardeur ANC-lede inhegtenisname uitgelok het deur die apartheidswette te oortree.[16] Die ANC-jeugbonder, dr. D. Mji, het tydens die Kaaplandse streekskongres van die ANC die blanke liberalis gekasty as 'n "double dealer ... that talks of a civilized voting standard for Africans and promises certain concessions and privileges for a certain type of African but collaborates with Malan to maintain the status quo." Dit is sulke libera-

16. J. Robertson, Liberalism in South Africa, 1948-1963, p. 69 et seq.

liste, het hy beweer, wat "for a whole century stumped the political growth of the African people."[17]

Joe Matthews, jeugbonder en seun van prof. Z.K. Matthews van Fort Hare, het die afgevaardigdes gewaarsku om nie diegene wat hulself as "liberaal" of "vriende" van die swart volke bestempel te vertrou nie. Hulle is 'n "weak and an ineffective force in South African politics."[18]

Toe die studenteraad en daarna ook die studente-unie van Fort Hare tydens 'n monstervergadering in 1957 eenparig besluit het om weer tot die geledere van NUSAS toe te tree omdat dié organisasie die regering se beleid rakende die universiteite so verbete beveg het, was die vreugde in die NUSAS-kamp haas ongekend. Die NUSAS-president het opgetoë verklaar: "We regard this as one of the greatest steps that has been taken in the student movement in South Africa to date."[19]

Om te besef hoe groot die prestasie werklik was, moet daar kortliks na die opset by Fort Hare gekyk word. Toe swart nasionalisme in 1912 sy magte in die South African Native National Congress - soos die ANC aanvanklik geheet het - gekonsolideer het, was daar by hierdie leiers 'n dringende besef van die behoefte aan na-skoolse onderrigfasiliteite en is die skepping van Fort Hare in 1951 spesifiek vir die Nie-Blankes as 'n belangrike akademiese ontwikkeling verwelkom.

Omdat die African National Congress besef het dat sy jeug 'n belegging vir die toekoms is, het die nasionale kongres in 1942 die hoofbestuur gemagtig om 'n jeugbond te stig waardeur die studente van Fort Hare by die ideale van die ANC betrek kon word.[20]

---

17. Aangehaal uit _ibid_., p. 98.
18. _Loc. cit_.
19. _Eastern Province Herald_, 25.3.'57.
20. P. Walshe, _African Nationalism in South Africa_, p. 351.

Dit stigting van die ANC-jeugbond in Desember 1943 was 'n gebeurtenis wat bepalend sou inwerk op die daaropvolgende geskiedenis van Fort Hare. Op enkele uitsonderings na was al die jeugbonders Fort Hare-produkte. Anton Lembede, Jordan Ngubane en Peter Mda het as 'n voorlopige hoofbestuur gedien en 'n hoogdrawende manifes opgestel waarin die leuse "Africa's Cause must Triumph" en die doelstellings o.m. was "to rally and unite African youth into one national front on the basis of African nationalism" en "to give force, vigour and direction to the struggle of the African people for freedom."[21] Die eerste permanente uitvoerende bestuur het bestaan uit Anton Lembede (president), Oliver Tambo (sekretaris), Walter Sisulu (tesourier) en Nelson Mandela (gewone lid).[22]

Omdat Fort Hare tot 1959 die enigste werklike nie-blanke universiteit in Suid-Afrika was, is dit vanselfsprekend dat dit die grootste persentasie van die nie-blanke leiers-elite tot 1959 opgelewer het. Van die deurlugtige name van swart leiers wat op Fort Hare se gedenkrolle pryk is o.m. Victor Poto, Kaiser Matanzima, Gatsha Buthelezi, Seretsi Khama en Charles Mopedi.[23]

Vanweë die dominante rol wat die ANC-Jeugbond by Fort Hare gespeel het, het die Oosgrens die geestelike hartland en Fort Hare die voedingsbodem geword van 'n kader van militante leiers soos Oliver Tambo, Duma Nokwe, Govan Mbeki, Walter Sisulu en Robert Sobukwe - persone wat in een of ander stadium almal prominent in die swart bevrydingsbewegings van die sestigerjare gefigureer het.

Volgens 'n artikel van Terence Beard oor die geesteshoudinge

---

21. C.M. de Villiers, Die African National Congress en sy Aktiwiteite op die Witwatersrand, pp. 145-148.

22. Ibid.

23. T.V.R. Beard, "Background to Activities at Fort Hare", in Van der Merwe en Welsh, op. cit., pp. 172-173.

wat die studentelewe van Fort Hare ten grondslag lê, was die inrigting in die laat vyftigerjare nog oorwegend ANC-georiënteerd.[24]

Dit wil dus voorkom asof Fort Hare se heraffiliasie met NUSAS 'n geval was van die een hand wat die ander was; in beide gevalle was die skyf steeds die regering en sy beleid van afsonderlike ontwikkeling.

NUSAS het egter net 'n paar teue uit die swymelkelk van sukses kon drink, voordat dit weer van sy mond weggepluk is. Na die promulgering van die Wet op die Oordrag van die Universiteitskollege van Fort Hare is die beheer, onderhoud en administrasie per regeringsproklamasie na die Departement van Bantoe-onderwys oorgedra met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 1960. Dit het 'n aantal drastiese veranderinge meegebring, nl. dat die toenmalige rektor prof. H.R. Burrows nie weer aangestel is nie en vervang is deur prof. J.J. Ross, voormalige dekaan van die Fakulteit van Regte aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. 'n Aantal personeellede is ook afgedank, w.o. proff. F.H. Rand (Engels), D. Williams (Geskiedenis) en L. Blackwell (Regte), die registrateur sir Fulgne Agnew en mnr. Terence Beard van die Departement Staatsleer.[25]

Prof. Z.K. Matthews is die geleentheid gebied om sy pos te behou mits hy sy verbintenis met die "African National Congress" verbreek. Sy besluit om dan eerder te bedank het 'n kettingreaksie veroorsaak en verskeie ander bedankings tot gevolg gehad.

'n Sterk bewoorde mosie wat op 'n monstervergadering van 8 Oktober eenparig deur die studentemassa van Fort Hare aanvaar is, het die "architects of white domination" gewaarsku dat hulle "will not be held responsible for the

24. <u>Ibid</u>., pp. 172-173; 157-163.

25. <u>Rand Daily Mail</u>, 5.10.'59.

disastrous repercussions of this apartheid policy which in the forseeable future will destroy the entire social, political and economic structure of our country."[26]

As gevolg van Fort Hare se deelname aan die hele studente-protesaksie van veral 1959 is elf van die belhamels, meesal lede van die 1959-studenteraad, hertoelating tot die kollege in 1960 geweier.

Teen 19 Februarie het NUSAS uit 'n vertroulike bron verneem dat die Nasionale Unie nie toegelaat gaan word om sy verbintenis met die studenteraad van Fort Hare Universiteitskollege voort te sit nie, en is die studenterade van sy geaffilieerde kampusse op 'n gereedheidsgrondslag geplaas vir 'n groot protes teen die onbehoorlike inmenging van die regering teen die reg van vrye assosiasie.[27] Dit was weer dieselfde simfonie as in 1957-1959, net in 'n ander toonskaal, want waar NUSAS gedurende die akademiese vryheidsveldtog sy administratiewe masjinerie en organisatoriese vernuf ter beskikking van die universiteite gestel het, het hy nou 'n beroep op die universiteite gedoen om hul stemme te laat hoor ter onderskraging van NUSAS. Mnr. Shingler het geen illusies gekoester oor die droewe gevolge wat hierdie verbod vir NUSAS kon inhou nie. "This violation of our right to freedom of association," het hy gewaarsku, "strikes at the very root of our National Union - without the right of a student body to decide for itself whether it will affiliate to NUSAS, our very existence is threatened and becomes almost meaningless, and without the right of a national union to decide whom it shall accept as an affiliated centre we are again in extreme danger as just such a National Union."[28]

---

26. M3-39, Press Statement, Student's Representative Council of Fort Hare, 8.10.'59.

27. M3-60, J. Shingler - Student's Representative Councils, Academic Freedom Committees, NUSAS Executive, 19.2.'60.

28. Ibid.

Kort daarna het die Sunday Times in 'n berig onder die banier, "'Iron Curtain' falls on Fort Hare, Famous College now shut off from the World", die toestande geskilder wat daartoe gelei het dat NUSAS die kampus belet is.[29]

Mnr. John Shingler, die president van NUSAS, het 'n beroep op die Minister van Bantoe-onderwys, mnr. W.A. Maree, gedoen om die besluit te herroep ten einde 'n verdere agteruitgang en spanning by Fort Hare te verhoed. "At the present time", het hy voortgegaan, "we regard Fort Hare as a constituent centre of NUSAS and shall continue to do so until we receive official notice of disaffiliation from the SRC given in terms of a decision of the student body arrived at by due democratic process."[30] By die nuutgestigte kolleges van Wes-Kaapland, die Noorde en Zoeloeland het NUSAS telkens dieselfde bloutjie geloop. Die brief wat prof. E.F. Potgieter, pas aangestelde rektor van die Universiteitskollege van die Noorde, aan mnr. Adrian Leftwich, vise-president van NUSAS, gestuur het, is tekenend van hoe uitgebak NUSAS werklik was na sy veldtog teen die nuwe universiteitskolleges.

"At this initial stage of our development", skryf prof. Potgieter, "no organisation other than the churches will be allowed to organise our campus from outside. Neither will our students be allowed to concern themselves with such organisations until I am satisfied that the esprit de corps and tradition have been firmly rooted.

For the forseeable future and in general it stands to reason that organisations which have proved themselves against our University College can scarcely hope ever to be invited to organise our students for us, or for their own purposes.[31]

---

29. Sunday Times, 28.2.'60.

30. Varsity, 30.3.'60.

31. M11-60, E.F. Potgieter - A. Leftwich, 7.3.'60.

Pas na die konstituering van Fort Hare se nuwe studenteraad op 9 Maart, het die rektor die studenteverteenwoordigers na sy kantoor ontbied om 'n gemeenskaplike grondslag vir samewerking te probeer vind. Oor sy weiering om NUSAS op die kampus toe te laat vanweë dié se vyandige propaganda teen die regeringsbeleid en hul optrede wat daarop bereken was om die interne kalmte van Fort Hare te versteur, was hy onvermurfbaar.

Die verbod was heeltemal kontraproduktief. By die eerste massavergadering waartydens die studente oor die rektor se beslissing ingelig is, het die studente 'n sterk bewoorde mosie gesteun, "decrying in the strongest possible terms the banning of NUSAS."[32] Soos dit deur die anonieme deponent van Fort Hare se jaarverslag voor die NUSAS-kongres gestel is, was die NUSAS-president "supported by the whole of the SRC, even those who had always condemned NUSAS. It was felt that a united stand had to be taken, and only then could our voice be heard against the high-handed and unconstitutional manner in which the matter was treated."[33] In weerwil van die rektor se waarskuwing dat alle "agente" wat ten behoewe van NUSAS werk, geskors sou word, is die werksaamhede van NUSAS voortaan klandestien georganiseer en is alle korrespondensie tussen die NUSAS-hoofkantoor en die Fort Hare-afdeling sonder die verklikkende briefhoofde op gewone papier deur middel van tussengangers per hand afgelewer.

Voordat die organisasie egter op dreef kon kom, het die Pan-Africanist Congress se veldtog om die paswette afgeskaf te kry, op 21 Maart uitgeloop op die skietery by die Sharpeville lokasie buitekant Vereeniging waarby 69 swartes die lewe gelaat het. Weens 'n noodlottige misverstand was die oorgrote meerderheid van die PAC-lede in die lokasie van Langa naby Kaapstad onbewus van die verbod op betogings na aanlei-

---

32. G2-60, Fort Hare Report to NUSAS Congress, (Anoniem), Julie 1960.

33. Ibid.

ding van die krisis by Sharpeville pas vier uur vantevore en het dieselfde patroon ontplooi wat tot demonstrasie, uitdaging van die polisie en dood aanleiding gegee het.[34]

Hierdie voorvalle by Sharpeville en Langa was die snelleraksie vir 'n ketting van gebeure wat die Unie van Suid-Afrika in sy donkerste uur oor sy rasse-verhoudinge gedompel het. Gebeure het mekaar in die daaropvolgende paar dae snel opgevolg. Op 24 Maart is alle openbare vergaderings van alle rasse in sekere distrikte, o.m. by Alice en Fort Hare, verbied. Die ANC en die PAC het kragte gesnoer en 'n landswye werkstaking afgekondig; Albert Luthuli, die president van die ANC, het sy pasboek in die openbaar verbrand en ernstige onluste het oral soos swere uitgeslaan oor die land.[35]

Op 28 Maart het die regering die Wet op Onwettige Organisasies (nr. 34 van 1960) deur die parlement gestormram waardeur die Pan-Africanist Congress en die African National Congress onwettig verklaar is. Op 30 Maart is 'n noodtoestand afgekondig wat eers vyf maande later op 31 Augustus 1960 opgehef is.[36]

Onder die 98 Blankes wat gedurende hierdie noodtoestand sonder verhoor aangehou is, was mnr. Ernest Wentzel, voormalige NUSAS-president, prof. H.J. Simons, mede-professor in Staatsleer (Department of African Government and Law) aan die Universiteit van Kaapstad en 'n aantal studente wat pamflette in verband met die PAC-werkstaking versprei het. Tydens 'n massavergadering in die volgepakte "New Science"-lesingsaal het mnre. Rubin, Leftwich en Kenneth Parker die studente toegespreek. Lg. het die redes vir die PAC se anti-paswetkampanje ontleed en dit gekoppel aan die redes waarom die studente nie langer afsydig durf staan teenoor die stryd van die onder-

34. M. Horrel, Days of Crisis in South Africa; Events up 15th May, 1960, pp. 9-12.

35. Ibid. et passim.

36. M. Horrel, Action, Reaction and Counter-action, pp. 40-43.

drukte massas van Suid-Afrika nie. "The time of pious platitudes is over," het hy beweer. "You have to choose sides."[37]

Op 3 Junie het die NUSAS-geaffilieerde universiteite landswyd teen die voortgesette aanhouding van mense onder die noodmaatreëls geprotesteer. In Kaapstad het ongeveer 180 studente 24 uur lank begin vas uit simpatie met die aangehoudenes en 'n kopie van hul onderneming om niks tot middernag te eet of te drink nie, aan mnr. F.C. Erasmus, die Minister van Justisie, gestuur.

In Durban het sowat sestig studente met plakkate soos "Free our leaders" en "Lift the Emergency" buitekant die gevangenis geprotesteer voordat hulle deur die polisie verdryf is.[38] Ongeveer 200 studente het 'n protesmars van die Witskampus na die Johannesburgse fort onderneem, maar is deur 'n polisie-taakmag van sowat vyftig man in Ameshoffstraat ingewag en oor 'n megafoon gewaarsku om óm te draai as hulle nie met knuppels uiteen gejaag wil word nie. Hoewel 'n aantal studente sinspelend op die gebruik van pantservoertuie by Sharpeville, gehekel het dat die polisie hul "Sarasens moet gaan haal", is hulle tog druipstert onder begeleide terug kampus toe, terwyl 'n koggelende teen-demonstrasiegroep van studente klappers tussen hulle ingegooi het.[39]

Driekwart van die jaar was reeds verstreke voordat die NUSAS-hoofbestuur weer sy onverdeelde aandag aan die Fort Hare-krisis kon wy. Benewens die hantering van die noodtoestand op die studentepolitieke front en die NUSAS-jaarkongres in Julie, het die leierskorps van NUSAS pas 'n bedrywige internasionale program afgehandel. Mnr. John Shingler en Lawrence Geffen het NUSAS by die 9de Internasionale Studentekonferensie

37. Varsity, 30.3.'60.

38. Contact, 2.7.'60.

39. Natal Witness, 3.6.'60.

in Klosters, Switserland, verteenwoordig, terwyl mnr. Hugh Lewin, NUSAS se Vise-president vir Internasionale Verhoudinge, die konferensie van die Internasionale Studentebeweging vir die Verenigde Volkere-organisasie (ISMUN) by Ibadan, Nigerië, bygewoon het. Mnr. Adrian Leftwich, verkose president vir 1961, het self pas teruggekeer van die raadsvergadering van die World Assembly of Youth (WAY) in Akkra, terwyl mnr. Neville Rubin wat van 1957-1960 op die hoofbestuur van die World University Service (WUS) gedien het, hierdie organisasie se byeenkoms in München, Duitsland, bygewoon het.[40] Lg. organisasie was volgens sy eie beskrywing hoofsaaklik op 'n vlak van welsynswerk bedrywig en het studentekrygsgevangenes gedurende die Tweede Wêreldoorlog gehelp om hul studies voort te sit. Beide WAY en WUS was belangrike finansiële bronne vir NUSAS se geheime onderwysprojek, die South African Committee for Higher Education (SACHED) wat in 1959 gestig is om aan Nie-Blankes wat nie by die sg. stamkolleges sou studeer nie, die geleentheid te bied om deur korrespondensiekursusse deur die Universiteit van Londen te studeer.[41]

Gedurende 1960 het die oorsese kritiek en uitskelding as gevolg van die Sharpeville-skietvoorval en die daaropvolgende noodtoestand tot 'n nuwe peil van emosionaliteit gestyg. Die berese ambassadeurs van NUSAS was dikwels in die noute wanneer hulle moes aantoon dat hulle in die hoofstroom van die studente-bevrydingsaksie staan en die swart studentegemeenskappe verteenwoordig. Daarom het dit 'n dringende imperatief geword om die Fort Hare-krisis by te lê en die studentegemeenskappe van die sg. stamkolleges by die Nasionale Unie te betrek.

Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die sg. Septemberkrisis by Fort Hare staan in 'n noue verband met mnre. Shingler, Leftwich en Lewin se besoek aan Fort Hare op 7 September 1960 om

---

40. Varsity, 3.8.'60.

41. Onderhoud met mej. R. Traub, 3.7.'73.

hulself by die rektor aan te dien ten einde weer amptelike erkenning van NUSAS op die Fort Hare-kampus te probeer verkry.

Hoewel die rektor aanvanklik onwillig was om die afgevaardigdes te woord te staan, het hy tog die briewe van die studenteraadsvoorsitters wat 'n oudiënsie tussen hom en die nasionale studentevergadering se verteenwoordigers - die gemelde here - aanvra, in ontvangs geneem. Die briewe het ook gevra dat die rektor voor 10 September die afvaardiging moet toelaat om die studentekorps te ontmoet.[42]

Prof. Ross het pront-uit verklaar dat hy hoegenaamd nie bereid is om die studente-unie aan die propaganda van NUSAS uit te lewer of dat hulle die studenteraad ontmoet nie. Na 'n taamlike geredekawel het die rektor teen die agtergrond van NUSAS se aanwesigheid op die kampus ingestem om mnr. Choabe, studenteraadsvoorsitter van Fort Hare, wat te kenne gegee het dat hulle die geleentheid tot samespreking met NUSAS verwelkom, te laat roep. Die rektor het daarop ingewillig tot 'n verkennende, nie-bindende gesprek in sy kantoor met die NUSAS-afgevaardigdes en die Fort Hare-studenteraad om 14h30 die middag.

Wat daarop gevolg het, was 'n taktiese vernufspel waarin die rektor vanweë die onvoorspelbaarheid van die studente se onortodokse manipulasietaktiek die tweede beste daarvan afgekom het.

Die rektor se gespreksvoorwaardes het die erkenning van NUSAS op die Fort Hare-kampus, wat spesifiek deur die NUSAS-afvaardiging se besoek ten doel gestel is, vanuit die staanspoor afgesny. Om die dilemma te probeer omseil het die Fort Hare-studenteraad die standpunt gehuldig dat die rektor nie sittingsreg op die vergadering het nie, aangesien dit 'n studente-aangeleentheid was en sy teenwoordigheid 'n embargo op samewerking geplaas het.[43]

42. G1-60, Fort Hare Report, September 1960, (Anoniem).

43. A4-61, Report of the President and Vice-Presidents' Department 37th Student Assembly, July 1961, p. 56.

Toe dit blyk dat die studente nie met hierdie standpunt hond haaraf gaan maak nie, het mnr. Shingler voorgestel dat 'n voorsitter gekies word sodat die rektor die regering se standpunt en die studenteraad hulle weergawe kon stel. Die rektor het egter nie vir die set geval nie en gedreig om die onderhoud te beëindig indien hulle nie sy ordereëling aanvaar nie. Daarop het 'n lid van die Fort Hare-studenteraad beweer dat hulle nie 'n mandaat van die studente-unie het om aan die gesprek deel te neem nie en dat die aangewese weg sou wees om 'n monstervergadering te hou waar die studentevergadering, na die aanhoor van die rektor en die NUSAS-ampsdraers, self kon besluit.[44] Daarna het die gesprek vinnig op 'n dooie punt afgestuur totdat dit onderbreek is om 'n versoekskrif, onderteken deur ongeveer 60% van Fort Hare se studentegemeenskap, aan die rektor te oorhandig. Die versoekskrif was te dien effekte dat mnr. Shingler op die kampus gewaar is en dat die studente derhalwe versoek dat hy 'n geleentheid gebied sal word om hulle op 'n monstervergadering toe te spreek. Dat hierdie petisie 'n deurgestoke kaart was, kon met 'n stok aangevoel word. Die rektor het die vergadering subiet ontbind en die NUSAS-afvaardiging die kampus verbied.[45]

Die taktiek was klassiek: soos die derde stand op die vooraand van die Franse Revolusie uit die State-generaal gestap en hulself in 'n nasionale vergadering georganiseer het wat die heroïse eed geneem het om nie te ontbind voordat hulle Frankryk van 'n konstitusie voorsien het nie, het die studenteraad en NUSAS daardie aand 'n vergadering in die Toc H-saal van Alice georganiseer wat deur ongeveer 95% van die studente bygewoon is.[46]

Gedurende die loop van die Donderdag daarop is 'n petisie ge-

44. M4-61, Fort Hare Report, August 1960 - July 1961, (Anoniem). p. 2.

45. Ibid.

46. Sunday Times, 11.9.'60.

sirkuleer wat deur ongeveer 75% van die studente (sowat 250) onderteken is. Tydens 'n massavergadering daardie aand is besluit dat die petisie waarin die rektor versoek is om die konstitusie tydens 'n monstervergadering om 10h30 die volgende oggend aan die studente te verduidelik aan hom oorhandig moet word. Die troefkaart wat die studenteraad vir eers in die mou gebêre het, was 'n tweede resolusie wat as volg gelui het:

"In the event of the Rector refusing to address us at 10.20 a.m. we, the students of the University College of Fort Hare, shall stay away from lectures until such time as the Rector addresses us."[47]

Aanvanklik het die rektor verklaar dat hy nie aan die studentekorps se versoek gehoor sal gee nie aangesien hy nie aan massavergaderings verantwoording verskuldig is nie. Die verteenwoordigende studenteraad is die enigste skakel tussen hom en die studentemassa wat hy bereid is om te erken, en die enigste kanaal waarlangs hy griewe of voorstelle sal oorweeg. Indien die studente 'n geskrewe konstitusie verlang, sal dit deur hom en die senaat oorweeg word.

Die studenteraad het egter die rektor daarop gewys dat dit reeds 9h45 was en dat die studente om 10h20 'n antwoord wil hê anders staak hulle. Na 'n noodvergadering saam met die uitvoerende bestuur van die senaat, het die rektor saam met proff. Raum, Meiring en Galloway die rostrum van die "Christian Union"-saal bestyg en gesê dat hy nie bereid is om in argumente betrokke te raak nie, maar slegs aan hulle versoek gehoor sal gee om die magte, pligte en voorregte van die studenteraad aan hulle te verduidelik.[48]

Die studenteraad, het hy verduidelik, dien as die skakel van die studente met die owerheid en die universiteitsraad. Die

47. G1-60, Fort Hare Report, September 1960, p. 2.

48. Ibid.

verstandhouding is dat die ou konstitusie gevolg sal word vir sover dit nie in konflik met die nuwe regime is nie.

Die studente het daarna aangevoer dat die studenteraad in 1959 onder die ou senaatskonstitusie saamgestel is en dat hierdie konstitusie nie langer geldig is nie, omdat die regering die kollege oorgeneem en die reëls verander het.[49] 'n Studenteraadslid het daaraan toegevoeg dat die rektor "failed to give a constitutional exposition of the structure of the SRC. We therefore feel that the constitution which the Rector has talked of exists only in his mind. We would therefore like the Rector to explain where the old constitution clashes with the imaginary one".[50]

Die studente het verskeie anomalieë uitgewys, bv. dat die ou konstitusie daarvoor voorsiening maak dat die hou van 'n massavergadering toegestaan moet word as 20% van die studente se handtekeninge daarvoor byeengebring is.

Prof. Ross wat teen hierdie tyd baie ongemaklik was oor al die stekelrige vrae, het uit sy penarie probeer loskom deur te beweer dat "the only thing to do, I think, is that since the students want the constitution reconsidered, we should do so with their representative body."[51]

Daarop het die studente geëis dat die konstitusie "daar en dan" opgestel moet word, aangesien die rektor deur sy miskenning van die studenteraad se versoeke hulle gedegradeer het tot sy prefekte. Omdat hulle waarde-opvattinge met dié van die rektor verskil, het 'n studenteraadslid gesuggereer dat so 'n optrede hulself slegs sou diskrediteer in die oë van die studentemassa.

---

49. Sunday Times, 11.9.'60.

50. G1-60, Fort Hare Report, September 1960, p. 4.

51. Ibid., p. 5.

"We have been placed by the Rector in an invidious position as members of the SRC", het hy beweer. "At a time when our people were being shot at Sharpeville and Langa by the Government, the Rector gave an address at a SABRA Conference in Stellenbosch, urging the Government not to be intimidated by recent events."[52]

In hierdie stadium het die voorsitter mosies van die vloer aangevra, waarop die rektor en sy gevolg die saal verlaat het en 'n mosie aanvaar is wat die ontbinding van die studenteraad tot gevolg gehad het.

Die patroon van gebeure wat hierna gevolg het en Fort Hare in 'n gedurige toestand van gisting gehou het, was een van aksie en teenaksie. Taktiese sleutelbesluite is op kritieke oomblikke deur 'n klein leierskoterie geneem wat hulle bande deurgaans met NUSAS bly handhaaf het.

Op 12 September het die kollege-registrateur 'n kennisgewing opgeplak dat alle lesings opgeskort is en dat alle studente wat bereid is om hulle by die reëls neer te lê 'n verklaring van voorneme moet onderteken. Studente wat nie daaraan gehoor gee nie, moes die kampus binne 24 uur verlaat en verbeur die reg om eksamens af te lê. Enige student wat die verklaring onderteken het en hom daarna aan enige vorm van betoging skuldig maak, sal summier geskors word.

Die ultimatum het nooit verstryk nie. Die spertyd is telkens aangeskuiwe totdat die weerstand verkrummel het. Die wending het gekom nadat polisieversterkings die middag van 12 September vanuit die omliggende distrikte op die kampus begin aankom het en die rektor tydens 'n nasionale nuusuitsending van die SAUK, te kenne gegee het dat die universiteit aan die studente se eis vir 'n nuwe konstitusie sou voldoen. Die studenteraad is egter nie weer gerekonstitueer nie sodat dit 'n bron van

52. <u>Ibid</u>., p. 7.

sluimerende ontevredenheid gebly het.[53] Die Fort Hare-studente se vernaamste venster op die studentepolitiek buite die kampus was voortaan sy heimlike skakeling met NUSAS.

Die rol wat NUSAS in die verloop van die gebeure by Fort Hare gespeel het, was hoofsaaklik onderskragend. Fort Hare het 'n lang tradisie as die hartland van versetpleging gehad wat met 'n eie drif deur die studente van die vroeë sestigerjare voortgesit is. Tog het NUSAS se rol in die aangeleentheid telkens reperkussies gehad wat die insidentele aard van sy betrokkenheid ver oorwoeker het.

Gedurende die somervakansie van 1960-61 is 'n konsep vir die studenteraadskonstitusie uiteindelik voltooi vir goedkeuring deur die studentemassa. Die weiering om hertoelating aan die begin van die nuwe akademiese jaar aan mnr. Thamie Mhlambiso, studenteraadsekretaris voor die ontbinding van die liggaam in September 1960, het egter by voorbaat die aanvaarding van die nuwe konstitusie getorpedeer.

Die studente het eenparig besluit dat die voorgestelde konstitusie nie oorweeg sou word eer prof. Ross die redes vir mnr. Mhlambiso se skorsing verstrek het nie. Prof. Ross het dit egter verwerp dat hy rekenskap aan die studente oor die skorsing van mnr. Mhlambiso verskuldig is. Weer eens het 'n versetveldtog gevolg waarin die studente klasse geboikot het en die owerheid met sluiting en algehele skorsing gedreig het. Waarborge is daarna van die rektor geëis dat hy nie studenteraadslede sou viktimiseer nie, wat hy geweier het.[54]

Die skorsing van mnr. Mhlambiso was 'n gevoelige slag vir

53. M4-60, Fort Hare Report August 1960 - July 1961, (Anoniem) pp. 5-6.

54. Ibid., p. 6, A3-61. Report of the President and Vice-Presidents' Department, Julie 1961, p. 57.

NUSAS. Hoewel daar in korrespondensie oor en met Fort Hare gedurende hierdie periode net na "ons vriend" en "beste vriend" verwys word, is dit bo redelike twyfel seker dat mnr. Thamie Mhlambiso NUSAS se kontakman by Fort Hare was. Hierdie vermoede word versterk deur die openlike briefwisseling tussen mnr. Adrian Leftwich en mnr. Mhlambiso oor Fort Hare nadat lg. in 1961 by die Nie-Blanke Afdeling van die Universiteit van Natal ingeskryf het en mnr. Leftwich hom voortdurend ingelig het oor die gebeure by Fort Hare, maar hom ook gekonsulteer en gebruik het in NUSAS se aksieprogram ten opsigte van Fort Hare.[55] Gedurende NUSAS se 37ste uniale kongres in Julie 1961 is mnr. Mhlambiso se arbeid bekroon deur as vise-president van die Nasionale Unie verkies te word.

Die persverklaring wat mnr. Leftwich oor mnr. Mhlambiso se skorsing uitgereik het, getuig van skaars ingehoue woede: "The anger and frustration which one feels at this crass wielding of authority is increased by the knowledge that, while these colleges are inferior educational institusions, African students have no other means of obtaining a university education in South Africa. Thus, by a mere fiat of the Rector, the students are left without any opportunity to further their studies."[56]

Omdat NUSAS altyd 'n oog in die seil gehou het vir die breër maatskaplike implikasies van apartheid buite die kampus self, is die interne universiteitsaangeleentheid altyd gekoppel aan die wyse waarop apartheid die sg. vertreding van akademiese vryhede in die hand werk en daaraan 'n skyn van hoë morele verontwaardiging verleen.

55. Vgl. die insiggewende brief, M4-61, Smith (kodenaam vir Adrian Leftwich) - T. Mhalmbiso (Private and Confidential), 20.4.'61, oor hoe die protesaksie teen Republiekdag op 31 Mei georganiseer kan word.

56. M4-61, Statement issued by the President of the National Union of South African Students on the Refusal to Re-admit Students to the Tribal Colleges, (A. Leftwich), 27.2.'61.

"This cold disregard for the individual and his future", lui die verklaring voorts, "is symptomatic of those who adhere blindly to an exclusive ideology that has caused the destruction of academic freedom in the so-called open universities, the introduction of the infamous Bantu Education Act, and we are now seeing its effects in the apartheid tribal colleges which by their very existence negate the concept of a university."[57]

Omdat daar steeds slegs 'n afkopstudentemassa by Fort Hare was met geen vorm van verteenwoordiging of inspraak by die universiteitsowerhede nie, was dit slegs te wagte dat die situasie onbestendig sou bly en enige sweem van spanning 'n volgende twispunt tussen die studente en die owerhede kon ontketen.

Die kontakman wat in die plek van mnr. Mhlambiso getree het om die ondergrondse tak van NUSAS op Fort Hare te organiseer, was mnr. Mhlambiso se vriend en vertroueling, S. Mabizela. Dit was mnr. Mabizela wat die monstervergadering wat belê is om die konsep-konstitusie te bespreek, gebruik het om die studentemassa so op te rui oor mnr. Mhlambiso se skorsing dat hulle by die rektor op 'n "herstel van onreg" as voorwaarde vir die oorweging van die konsep-konstitusie aangedring het.[58]

Of die owerheid snuf in die neus gekry het van mnr. Mabizela se verbintenis met NUSAS soos in die geval van Thamie Mhlambiso, is nie duidelik nie. Die rektor het egter korte mette met mnr. Mazimbela by die eerste en beste geleentheid gemaak.

Die studente het die lede van die swart Adviserende Raad van Fort Hare wat naas die beleidmakende blanke raad bestaan het

---

57. Ibid., p. 58.

58. M4-60, Fort Hare Report, August 1960 - July 1961, pp. 5-6.

as die regering se strooipoppe beskou en was uiters krities teenoor die rol wat dié liggaam te vervul gehad het. Toe hierdie raad om 17h00 op 10 April uit die lokaal kom waar hulle vergader het, is die belediging "Kuzele apha bamhlanje Zinyhwagi"[59], hulle toegeslinger. Mnr. Mabizela wat onder die groep was, het mnr. Saul Mabude, die voorsitter van die adviserende raad, genader en versoek om die studente oor die rol en nut van die raad toe te spreek, en toe hy weier, die raad 'n klomp regeringslakeie ("sell-outs") genoem.

Hoofman Kaizer Matanzima, een van die raadslede, het die voorval by die rektor aangemeld en 'n verskoning geëis. Hoewel dit nie bewys kon word dat die gewraakte woorde deur mnr. Mabizela gebesig is nie, is hy blykbaar geskors op grond van insubordinasie teen die raad omdat hy hulle regeringswerktuie genoem het.[60]

Die siedende verontwaardiging van die studente oor die opstelling van mnr. Mabizela as die enigste sondebok, het oorgespat in aggressie. Op Saterdag 29 April die oggend na die skorsing van Mabizela, het die totale studentemassa op die rektor se kantoor afgemarsjeer, by die deure van die kantoor ingebeur en met 'n klaarblyklike intimidasietaktiek soveel studente in die kantoor as moontlik ingepak en die "immediate and unconditional re-instatement of Mr. Mabizela to the student body" geëis.[61] Hoewel prof. Ross 'n vernederende oorgawe aan die eise van die studente afgeweer het, het hy kort daarna kop gegee en sy besluit herroep.[62]

Die gebeure wat tot die ineenstorting van gesag by Fort Hare gelei het, was die algemene staking van studente

---

59. "Hierdie plek is vandag vol muishonde."

60. M4-60, Fort Hare Report, August 1960-July 1961, pp. 6-9.

61. Ibid., p. 10.

62. Ibid., pp. 10-11.

en die weiering om klasse by te woon op 29 en 30 Mei en 1 Junie uit protes teen die Republiek wat om middernag 30 Mei deur die beiering van klokke landswyd ingelui is.

Reeds op Sondag 28 Mei was die mure van die kollege-hoofgebou beverf met sketterende slagspreuke soos "To Hell with Verwoerd and his Republic", "Democracy not Boerocracy", en "Solidarity with Our Masses" terwyl plakkate oor die kampus gestrooi en pamflette onder die koshuisdeure ingeskuif is.[63]

Soos dit in die Fort Hare-verslag aan die NUSAS-kongres lui:

"Students felt that if our people are engaged in a struggle, there was no reason why our students should not stay away from classes to demonstrate solidarity with them. Many students contended that after all, our loyalty is first and foremost to our people."[64]

Die Donderdag na Republiekwording is die studente begroet met kennisgewings onderteken deur die registrateur, te dien effekte dat alle lesings opgeskort is tot verdere kennisgewing en dat die studente teen Vrydag 19h00 die kampus moes verlaat het.[65]

### 3.3 Die krimpende aansien van NUSAS onder nie-blanke studente

Die gebeure by Fort Hare gedurende 1960 en 1961 was om verskeie redes van besondere betekenis vir 'n begrip van die koers wat die studentepolitiek aan die Engelse universiteite gedurende die vroeë sestigerjare ingeslaan het.

---

63. Daily Despatch, 29.5.'61.

64. M4-60, Fort Hare Report, August 1960 - July 1961, p. 11.

65. Ibid.

Ten eerste was die sluiting van Fort Hare en die gebeure wat dit voorafgegaan het, die bewyse waarmee NUSAS kon smous dat die sg. stamkolleges nooit meer as net skynuniversiteite en indoktrinasieskole kon wees nie. Die sluiting van Fort Hare het die korrektheid van hul volgehoue kritiek en hul teenkanting teen die Wet op die Oordrag van die Universiteitskollege van Fort Hare bevestig en elke teenargument van goeie trou van owerheidskant geloënstraf.

"The fact that the government, as a result of a peaceful demonstration, has closed down the college", het mnr. Leftwich in 'n persverklaring gesê, "is a further indication that the farce of the tribal colleges cannot hope to work."[66]

Onderliggend aan die begeerte om die vermeende mislukking van die etniese universiteite aan die groot klok te hang was NUSAS se begeerte om as kampvegter vir die vertrapte regte van nie-blanke studente in Suid-Afrika bekend te staan. Die redes daarvoor is velerlei; een daarvan, wat sekerlik nie die minste van die redes was nie, is die geloof dat die regering met die skepping van afsonderlike instellings vir Blank en Nie-Blank uit ideologiese oorwegings in mala-fides teenoor die anderskleuriges opgetree het.

Sonder dat 'n mens jouself aan die mite van internasionalisme versondig, kan ook beweer word dat die steun en prestige van nasionale studente-unies dwarsoor die wêreld 'n bepalende faktor was.

In 1958 reeds het mnr. Neville Rubin aandag geskenk aan die gedagte dat Nie-Blankes in die geleentheid gestel moet word om universiteitsgrade deur middel van korrespondensiekursusse by oorsese universiteite te bekom.

Met die uniale kongres in Julie 1959 het 'n gekose komitee 'n

---

66. M4-61, A. Leftwich - News Editors, 2.6.'61.

vertroulike memorandum voorgelê waarin die skema baie kortliks uiteengesit is en op 18 November is die loodskomitee omskep in 'n raad van trustees, bekend as die South African Committee for Higher Education (SACHED) onder voorsitterskap van biskop Ambrose Reeves.[67] Die komitee gesetel te Johannesburg het hoër onderwysgeleenthede op 'n tutoriale en korrespondensiebasis aangebied vir die verwerwing van B.A. en B.Sc. (Econ)-grade deur die Universiteit van Londen. SACHED het onderneem om die koste verbonde aan die tutoriale onderrig en die kursusse wat oor 'n periode van vyf jaar strek, te betaal. Van die meer as 100 aansoeke wat SACHED op sy eerste advertensie ontvang het, is 15 studente gekeur.

Drie van die elf studente by Fort Hare wat aan die begin van 1960 geskors is weens weerspannigheid en oproerigheid, is ook met beursgeld van R200 elk gehelp om hul studies aan die Nie-Blanke Afdeling van die Universiteit van Natal voort te sit.[68]

Die biblioteek wat NUSAS met behulp van BNUS (British National Union of Students) tot stand gebring het, sowel as die aanswellende getal studente wat vir die kursusse ingeskrywe het, het 'n besondere finansiële las op NUSAS en SACHED geplaas en hulle besonder afhanklik van buitelandse finansiële steun gemaak. In Julie 1960 het mnr. Shingler aan die kongres gerapporteer dat "the responsibility of NUSAS to SACHED for raising money from students overseas has involved the Office in a tremendous amount of work ... The Head Office has been in constant contact with National Unions of Students, local Student Unions etc. in North America and Western Europe. There has in addition been a tremendous amount of assistence from World University Service in Geneva, and it is hoped that COSEC will help us bring out a booklet on the scheme

67. A3-60, President's and Vice-Presidents' Department, 36th Annual Student Assembly, 1960, p. 42.

68. Ibid., pp. 43 - 44.

in time for the 9th International Student Conference in late August."[69]

Indien die onderdrukkende werklikhede aan die nie-blanke universiteitskolleges aan die lig gebring kan word, sou dit NUSAS se aansoek om fondse 'n groot stoot vorentoe gee. Dit sou immers die noodsaaklikheid van 'n alternatiewe hoër onderwyssentrum onderstreep.

Ook het die International University Exchange Fund (IUEF) wat in 1960 in die lewe geroep is en waarvan mnr. Magnus Gunther in 1959 as die eerste direkteur aangewys is, hierin 'n groot rol gespeel.[70]

Reeds in 1956 het die ISC besluit dat "passing resolutions condemning colonialism and apartheid is not enough. While such resolutions are an absolute essential form of protest in the fight of these evils and of providing solidarity with those struggling for the liberation of their peoples, more must be done. To make these resolutions completely effective, they must be backed with sound concrete actions."[71]

Soos die Schlebusch-kommissie aandui, is dit "uit hierdie begeerte om van resolusies tot aksie oor te gaan" dat die ISC tydens sy 9de konferensie in 1960 die IUEF gestig het. Sedert die totstandkoming van die IUEF in 1960 was die onderliggende filosofie van die IUEF se werk volgens sy eie woorde "to provide assistence for refugee students who, for political reasons, are denied the right to an adequate education in their own countries."[72]

69. Ibid.

70. Nux. 17.8.'59.

71. RP33-74, Vierde Tussentydse verslag van die Kommissie Ondersoek na Sekere Organisasies (Voorsitter: A.L. Schlebusch), p. 154.

72. Aangehaal uit "The Student" van Jan./Febr. 1967, in

In 'n sekere sin was die Engelse kampusse deur NUSAS misbruik gedurende die Fort Hare-veldtog. Alle protesaksies ter ondersteuning van die studentemassa by Fort Hare moes as 'n klankversterker vir Fort Hare se verset teen die owerhede dien ten einde die blanke studente se meelewing met die Swartes se stryd te beklemtoon. Dit was egter nie alleen omdat NUSAS in die humanitêre gelykheidsdogmas van sy grondslag geketen is nie, maar omdat sy voortbestaan daarvan afhanklik was. Die redes waarom die Engelse kampusse as 'n politieke klankbord gebruik moes word vir NUSAS se oogmerke en waarom alles in die stryd gewerp moes word om Fort Hare binne die NUSAS-vangkamp te hou, bring mee dat die wortels verder oopgegrawe moet word.

In 1959 toe NUSAS in die fleur van sy krag was, was daar reeds die voortekens dat dit vorentoe ontkrag sal word deur 'n skeuring vanuit sy swart geledere. Terwyl NUSAS hoofsaaklik besig was om 'n veldtog te organiseer rondom die skending van die outonomie en akademiese vryhede van die ope universiteite, was daar 'n veel magtiger politieke opbou onder die Swartes van Suid-Afrika om die regering te probeer stuit in sy ingeslane koers oor blank-swart-betrekkinge.

Na jare van regeringsinperking was mnr. Albert Luthuli as die president-generaal van die African National Congress in 1959 weer vry om die organisasie te lei. Op 15 April 1959 het hy 'n stampvol saal in Durban toegespreek om 'n Afrikaweek van stapel te stuur. Met die tema "European fears and Non-White aspirations", het hy 'n triomfantlike toer deur Suid-Afrika onderneem wat gekulmineer het in 'n saamtrek van 17 000 Swartes net buite Johannesburg.[73]

Luthuli se voortskreidende gewildheid, het kataliserend inge-

---

Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies (Voorsitter: A.L. Schelbusch), p. 154.

73. M. Benson, South Africa, The Struggle for a Birthright, p. 209.

werk op binnelandse onrus onder die Nie-Blankes en kort voordat hy 'n massa-saamtrek by Sophia Town moes toespreek, het mnr. F.C. Erasmus, die Minister van Justisie, 'n inperkingsbevel teen hom uitgereik ingevolge waarvan hy verbied is om die munisipale grense van Stanger in die Groutville reservaat Natal, te verlaat.[74]

Op 19 Desember 1959 het mnr. Robert Sobukwe, voormalige studenteraadsvoorsitter van Fort Hare, die Pan Africanist Congress se eerste jaarlikse kongres in Orlando, Johannesburg, gehou.

Omdat die Pan Africanist Congress, Anton Lembede se slagspreuk "Afrika vir die Afrikane" onderskrywe het, en anders as die African National Congress, gelykberegtiging tussen Blank en Swart sonder hulp van die blanke kant gesoek het, wat die organisasie volgens Anthony Sampsom by magte om sigself voor te doen as die natuurlike bondgenoot van Afrika-leiers buite Suid-Afrika.[75] By die inhuldigingskonferensie van die PAC het die leiers 'n groot ophef gemaak van steun elders in Afrika. Alhoewel hulle deur die Suid-Afrikaanse regering verhinder is om die konferensie by te woon, was dr. Kenneth Kaunda en dr. Hastings Banda, onderskeidelik van die voormalige Noord-Rhodesië en Njassaland, na die konferensie genooi. Die lokaal was versier met slagspreuke soos "Afrika vir die Afrikane", "Kaap tot Kaïro", "Morokko tot Madagaskar" en "Bevry Banda, Kenjatta, Kaunda." Telegramme van dr. Nkrumah van Ghana en Sekou Touré van Guinee is ook op die kongres voorgelees.[76]

Hierdie herlewing in die swart politiek en veral die wedywering tussen die ANC en die PAC om die steun van die

---

74. Kort voordat dit in 1964 verval het, het die regering weer die inperkingsbevel hernu. Sunday Times, 24.5.'64.
75. A. Sampson, Old Fallacies with a New Look; Ignoring the Africans, p. 71.
76. Ibid.

Swartman te wen, het alle ander sake op die forum van die rasseverhoudingspolitiek gedurende die vroeë sestigerjare oorheers. Ook die swart studente het binne die magnetiese veld van hierdie organisasies gekom en hul losgeruk van NUSAS.

Op studentevlak was die heraut van die nuwe gees 'n onbenullige nie-blanke studente-organisasie op die skisofreniese soom van die politiek, wat in 1958 as die Cape Peninsula Students' Union (CPSU) in die Woodstockse stadsaal naby Kaapstad tot stand gekom het. Tydens sy inwydingskonferensie op 9 Maart 1958 het die CPSU sy steun toegesê aan die boikot van alle "inferior and dummy institutions" en 'n beroep gedoen op alle "democratically minded students to dissociate themselves from and to put an end to the political dishonesty and deception practised by the National Union of South African Students."[77]

Verontrus deur die nuwe organisasie wat hom wil teëwerk, het NUSAS vroeg in 1959 toenadering tot hierdie organisasie gesoek. Die CPSU het mnr. Rubin se brief in hul blaadjie, <u>The Student</u>, naas 'n vlymende skotskrif oor NUSAS se beweerde motiewe in die studentepolitiek, gepubliseer.

In die artikel oor NUSAS se oogmerke beweer die CPSU dat "the clumsiness of this open invitation to betray must have amazed all who are aware of our uncompromising opposition to NUSAS ... this (is) an attempt to get the CPSU to compromise itself before the eyes of the oppressed students, who for diverse and even antagonistic reasons are the vital concern of both NUSAS and the CPSU."[78]

Hoewel die inhoud van die geskrif in 1959 op 'n holle blaaska-

77. N3-58, <u>Cape Peninsula Students Union: First Annual Conference Resolutions</u>, 9.3.'58.

78. A3-59, <u>Report on Presidents' Department, 35th National Student Assembly, July 1959</u> (N. Rubin), pp. 115.

kery neergekom het, het dit tog soveel versluierde waarhede met betrekking tot NUSAS se de facto-posisie in die sestigerjare ingehou dat dit die moeite werd is om dit met die oog op latere verwikkelinge breedvoeriger aan te haal. Op 'n haar na suggereer dit die twee gedagtes waarop NUSAS teen 1963 met soveel wroeging sou hink, nl.: om 'n liberale veelrassige studente-organisasie te bly, of deel van die sg. bevrydingsbeweging vir die Swartman in Suid-Afrika te word.

"For so long as NUSAS remains as it is presently constituted organisationally, for as long as their politics and methods of struggle remain a sickly liberal", beweer die stuk, "we will never co-operate with them at any level ... Our success on a national scale depends on the clarity of thought, determination and conscious support of the students who will form the backbone of the organisation ... this nervous concern, so lucidly illustrated by the NUSAS-Presidents' letter, is the direct result of the intense, yet insufficient, propaganda carried out by us in exposing NUSAS and spreading our politics ... From this our supporters should draw heart ... Especially Fort Hare (which has still to withdraw from NUSAS - although we know their affiliation to be merely a formal one ...)"

Dan volg die gedagte wat NUSAS met steeds groter wordende helderheid as die rede ingesien het waarom dit as 'n organisasie op die sylyne van die swart studentepolitiek gedurende die sestigerjare uitgerangeer is.

"The CPSU and the embryonic national organisation are political bodies which are consciously part of the liberatory movement. NUSAS is an organisation which concerns itself only with student and academic affairs - it has no concern with the struggle of the oppressed people for freedom and equality."[79]

---

79. Ibid., pp. 116.

"Let it not be said that we sadly misunderstood NUSAS" sluit die stuk af. "For NUSAS is fully conscious of what it is doing - every year at every conference, they reaffirm their basic stand ... Hence their mock rejection of the status quo in 1957. Hence their support for the Declaration of Human Rights; hence their 'protest' marches and 'placard campaigns'."[80]

Waarom NUSAS alles in die stryd gewerp het om Fort Hare binne die NUSAS-kamp te hou, hang dus saam met bogemelde. Reeds vroeg in 1960 was dit duidelik dat beide die universiteitskolleges van die Noorde en van Zoeloeland vir NUSAS vir eers verlore was as gevolg van die onversoenlikheid van die Minister van Bantoe-onderwys en die rektore van die onderskeie inrigtings, prof. E.F. Potgieter en dr. P.A.W. Cook.

Aangesien die Minister van Nasionale Opvoeding net by magte was om die toelating van nie-blanke eerstejaarstudente tot die ope universiteite te voorkom, het dit nie alleen beteken dat die nie-blanke studente wat alreeds by die blanke universiteite ingeskryf was daarop geregtig was om hul kursusse aldaar te voltooi nie, maar in effek het dit ook beteken dat die nuwe kolleges by Turfloop en Ngoje aanvanklik net eerstejaars gehad het. Omdat 'n hele geslag nie-blanke studente dus buite NUSAS se onmiddellike beïnvloedingsfeer opgegroei het, het mnr. Leftwich op 20 Desember 1960 aan Thamie Mhlambiso geskrywe dat "whatever action we undertake, and at whatever time it occurs, the education of these newcomers is quite vital if the tradition of 1960 and the years before it is to be maintained and if we are not to see a third submissive institution."[81]

Die enigste kontak wat NUSAS dus met die swart studente in

80. Ibid., pp. 116-117.

81. M4-60, L.T. Smith - Friend (onvergeset synde A. Leftwich - T. Mhlambiso), 20.12.'60.

Suid-Afrika gehandhaaf het, was deur middel van 'n gekniehalterde ondergrondse NUSAS-tak op Fort Hare. Die yl drade waarmee Fort Hare vanuit die staanspoor aan NUSAS gekoppel was, het egter gedurende 1961 heeltemal begin meegee hoofsaaklik vanweë die feit dat daar nie 'n gekoördinerende liggaam soos 'n verteenwoordigende studenteraad was wat die leisels kon styf trek nie, en omdat mnr. Thamie Mhlambiso wat die dryfkrag agter die ondergrondse beweging was die kampus belet is.

Hoewel die ondergrondse NUSAS-tak by Fort Hare aanvanklik voordele daarin gesien het om die kampus vlottend te hou sonder 'n studenteraad, het mnr. Leftwich algaande die noodsaaklikheid van 'n sterk oorhoofse beheerliggaam besef, veral vanweë die gevaar dat 'n groep studente so bedrywig kon raak in die organisasie van sport en ontspanning dat hulle oorreed mag word om die rektor se voorwaardes vir 'n studenteraad te aanvaar.[82]

Aan die anderkant kon NUSAS die beheer behou as 'n aantal betroubare studente die owerheid kon mislei oor hul oogmerke en die studentekorps sodanig organiseer dat hulle bereid is om die konstitusie te aanvaar. So 'n studenteraad kon dus goed op dreef wees teen die einde Mei, "at which point it would be possible for whatever plans they have in terms of the college ... to link up with events which might be happening throughout the country."[83]

'n Paar dae voor Republiekdag op 31 Mei 1961 kon Leftwich sy "dear, dear friend", by Fort Hare laat weet dat die Engelse kampusse slaggereed is, en dat internasionale steun beloof is in die vorm van kabelgramme en demonstrasies buite Suid-Afrika se ambassades.[84]

---

82. M4-61, <u>A. Leftwich - T. Mhlambiso</u>, 20.4.'61.

83. <u>Ibid</u>.

84. M4-61, <u>My dear, dear friend</u> - Smith, s.d.

Dit is nie duidelik presies wat NUSAS se aandeel in die Fort Hare-staking rondom Republiekdag was nie. NUSAS se algemene strategie is egter duidelik. NUSAS en die geaffilieerde Engelse kampusse moes aan die breë studentekorps van Fort Hare wat oningelig was oor sy intriges op die kampus, hul studentesolidariteit betoon ten einde hul greep op die kampus te verstewig.

Daarom het NUSAS gereëld die verslae wat hy van sy respondent by Fort Hare ontvang het, geredigeer en op 'n vaste grondslag aan die studenterade en studentekoerantredakteurs uitgestuur. Benewens die besondere goeie dekking wat deurgaans in die kampuskoerante aan Fort Hare gedurende 1960 en 1961 verleen is, is groot monstervergaderings by Kaapstad, die Witwatersrand en Pietermaritzburg gehou waar mosies van steun vir Fort Hare met "oorweldigende meerderhede" aanvaar is, spesiale "Tribal College"-uitgawes van studentekoerante die lig gesien het, oorsese en plaaslike steun d.m.v. die pers verkry is, e.d.m.[85]

Die wegbly-protes het eintlik sy oorsprong gehad by die African National Congress. Op 5 Oktober 1960 het blank Suid-Afrika 'n referendum gehou om vir of teen 'n republiek vir Suid-Afrika te besluit. Soos in 1910 met Uniewording, het die Swartman baie gegriefd gevoel dat hy nie in die saak geken is nie. Aangesien die swart-opinie egter nie langer deur die ANC of die PAC ingevolge die Wet op Onwettige Organisasies, verteenwoordig kon word nie, is 'n All African Peoples' Conference op 25 Maart 1961 belê wat 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering gedoen het om 'n nasionale konvensie te hou ten einde 'n grondwet verteenwoordigend van al die inwoners van Suid-Afrika op te stel.[86]

85. Vgl. rapportering van die onderskeie kampusse hieroor in G1-61, Minutes of the 2nd meeting of the Standing Committee on Academic Freedom and Student Affairs, 2-3.2.'61.

86. Sunday Times, 26.3.'61.

Die tweede artikel van die mosie wat na veertien uur se beraadslaging tussen 1396 afgevaardigdes in die vroeë oggendure van Sondag 26 Maart uitgesyfer is, was dat indien die regering weier om aan die oproep gehoor te gee, "we will stage country-wide demonstrations on the eve of the Republic. We shall call upon the Africans not to co-operate or collaborate in any way with the proposed Republic or any form of Government which rests on force to perpetuate the tyranny of the minority."[87]

Die woorde wat eintlik as die klaroengeskal gedien het om die organisasies soos NUSAS, die Civil Rights League, die Liberale Party en lede van die universiteitspersoneel van Kaapstad, Natal, Rhodes en die Witwatersrand, tot die gedagte van 'n nasionale konvensie op te roep,[88] was afkomstig uit artikel drie van die mosie, nl. dat "we also call on all Indians, Coloureds and democratic Europeans to join forces with the Africans in opposition to a regime which is bringing disaster to South Africa."[89]

Op die kampusse het dit egter by 'n futlose gebaar gebly, weliswaar, moontlik as gevolg van die Minister van Justisie, mnr. F.C. Erasmus, se ondubbelsinnige waarskuwing dat persone wat die Republiekfeesvieringe op enige wyse probeer ontwrig, kortgevat sou word.[90]

Die solidariteitsbetoon het vasgesteek by 'n monstervergadering in die Jameson-saal waar 318 uit 'n totaal van 5 426 ingeskrewe studente volgens Varsity 'n "overwhelming vote" (natuurlik onder die aanwesiges) ten gunste van die konvensiegedagte uitgebring het.[91] 'n Klein groepie studente

87. Contact, 6.4.'61.

88. Horrel, Action, Reaction ..., p. 51.

89. Contact, 6.4.'61.

90. Sunday Times, 14.5.'61.

91. Varsity, 17.5.'61.

by die Pietermaritzburgse kampus het 'n sitstaking van een uur gehou en is deur die polisie twee minute tyd gegun om hulself uit die voete te maak;[92] ook was daar 'n boikot van klasse deur die Rhodes-studente in simpatie met die skorsing van die Fort Hare-studente.[93]

By Fort Hare was NUSAS egter vinnig besig om aansien ten gunste van die African Students' Association wat toenemende getalle studente van hom afgetroggel het, te verloor.

Nadat die noodtoestand wat uit die ontwrigting na die Sharpeville- en Langa-krisisse gebore is, weer opgehef is, moes die ANC en PAC hul uiteengedrewe lede weer van nuuts af saamkraal. Hierdie hergroeperingsproses kon egter nie openlik geskied nie omdat dié organisasies nie langer 'n wettige status geniet het nie. Een van die belangrikste metodes van reorganisasie in die lig van die veranderde omstandighede was dus deur die skepping van oënskynlike onskuldige frontorganisasies soos die African Students' Association. Aangesien Fort Hare nog altyd 'n ou ANC-vesting was, kon daar verwag word dat hierdie inrigting 'n primêre teiken sou wees.

Teen die einde van NUSAS se jaarlikse kongres in Julie, is 'n omsendskrywe waarin Nelson Mandela die swart jeug oproep om 'n landwye "African students' association" tot stand te bring, nie-amptelik en sonder die hoofbestuur se medewete op die kongres versprei.[94]

---

92. Contact, 15.6.'61.

93. Rand Daily Mail, 5.6.'61.

94. A4-62, Report of President and Vice-President, 38th Student Assembly Meeting, July 1962, p. 84; Vgl. ook N1-61, Message of Students and Youth of South Africa from Nelson Mandela - Hon. Secretary - National African Council, 11.7.'61.

Omdat NUSAS lankal reeds onrustig was oor sy tanende beeld by Fort Hare, het hy 'n uitvoerige plan uitgewerk om prof. Matthews met die NUSAS ere-presidentskap te vereer tydens 'n oorhandigingseremonie van 'n aktetas, as bewys vir sy dienste wat hy aan die swart onderwys gelewer het. NUSAS het die geleentheid by Alice gehou sodat sy oud-studente hom ook met hul teenwoordigheid kon vereer.

Agter dit alles het NUSAS egter die geleentheid gesien om die ander studentefaksie by Fort Hare te troef en 'n geleentheid te hê om die Fort Hare-manne persoonlik te bearbei. Die vergadering na afloop van die oorhandigingseremonie het egter aan die lig gebring dat baie studente van mening was dat hulle op die mees effektiewe wyse kon werk as hulle tot 'n suiwer swart studente-organisasie behoort.[95]

Dat NUSAS sy hand by hierdie geleentheid oorspeel het, blyk duidelik uit die brief van NUSAS se kontakman by Fort Hare aan mnr. Leftwich:

"Concerning your visit Adrian, I must say that we all thank you for what you did towards Z.K.... But I must say I and Six felt somehow let down.... We blame Thamie very much. Twice I wrote to him and still he would not disclose to me the details of the whole thing ... Ultimately we thought that this was perhaps a 'clean' affair. We were shocked to see at the last moment how well the thing had been organised on the outside - students from Natal, Wits, Rhodes - the press etc."[96]

Soos mnr. J. Lloyds, 'n NUSAS-hoofbestuurslid dit gestel het:

"all the students at Fort Hare are very sensitive to any sign that we are not sincere in our opposition to the

95. <u>Nux</u>, 13.10.'61.

96. M4-61, <u>Anoniem - A. Leftwich</u>, 20.9.'61.

Government's policies. They are suspicious when we pass motions but do nothing about them, and even more suspicious when we do not pass motions."[97]

Die mees openbarende bewys van NUSAS se strewe om erkenning deur die swart studente, is vervat in 'n vertroulike dokument waarin die African Students' Association se samestelling, doel en beplande aktiwiteite getakseer word.

Hierin verwys mnr. Leftwich na mnr. Mandela se oproep aan die swart studente en sy skynbare onverskilligheid teenoor "the NUSAS position in the South African struggle" wat hy verswyg het, asook na 'n ontmoeting met mnre. Thabo Mbeki en Mike Ngubeni, twee van die organiseerders van ASA, waarna die gemeenskaplike gevoel ontstaan het dat 'n "close unofficial relationship" in die beste belang van beide groepe sou wees.[98]

Dat NUSAS presies geweet het in wie se geselskap hy hom bevind, blyk verder uit die stuk.

"There are many factors which point to ASA being an extension of CP activity and as being stimulated by the communist wing in the ANC", beweer mnr. Leftwich. "It is significant that the message of support and the original statement on the need for such an association, came from Mandela, who leads the communist tendency in the ANC, and not from Chief Luthuli.[99]

Volgens die stuk is dit ook duidelik dat ASA "has grown out of the extreme leftwing of the former ANC Youth League" en dat mnr. Thabo Mbeki "is known.... to be very close in political thought to his father, Govan Mbeki, the top ANC man in

97. Nux, 13.10.'61.

98. N1-62, Assessment of African Students Association in Terms of History, Structures, Apparent Orientation and Planned Activities, 27.2.'62, pp. 1;3.

99. Ibid., p. 8.

Port Elizabeth, whose strong communist affiliations are also known."[100]

Skynbaar onoorkomelike struikelblokke het in die weg gelê van NUSAS se ideaal om 'n werklik verteenwoordigende studente-unie van Suid-Afrikaanse studente te wees. As daar oor die woordakrobatiek van NUSAS om sy probleem as die kommuniste s'n voor te hou, heen gekyk kan word, begin die patroon van denke vorm aan te neem. Leftwich is weer aan die woord: "Earlier in this memo I mentioned the extremely embarrassing position as far as the communists are concerned, which NUSAS represents. On the one hand, internally in South Africa, we take a strong anti-apartheid position, and at the international level, while moving in the direction of positive neutralism, we are able to oppose bitterly Western Colonialism etc. as with Eastern imperialism and totalitarianism. This is surely the most difficult force which communists have to fight, and possibly by drawing off non-white membership from NUSAS, their task will be easier by discrediting it amongst students and youth as an all-white organisation. If NUSAS were to loose its non-racial character, it would in many ways be doomed."[101]

### 3.4 Die veldtog teen die Algemene Regswysigingswet van 1962

Daar is geen wet in die Suid-Afrikaanse regstelsel wat so onstuitbaar die verskil tussen die Afrikaanse en Engelse gemeenskappe oor die funksie van die staat kenskets nie as juis die Algemene Regswysigingswet wat in die buitengewone staatskoerant van 16 Mei 1962 gepubliseer is. Hierdie wet wat telkens gedurende die sestigerjare hersien en uitgebrei is, is die kortbegrip van die endemiese konflik tussen die Afrikaner en die Engelssprekende oor die vryheid van die individu en oor

100. Ibid., p. 9.

101. Ibid., p. 10.

die reg en orde binne die staat; in wese is dit dus 'n botsing tussen 'n regsetiek en 'n juridiese opvatting wat twee onversoenlike pole verteenwoordig. Hierdie botsende benaderings het meegebring dat Suid-Afrika vir ongeveer 'n maand lank, terwyl die wetsontwerp voor die parlement gedien het, in een van die grootste veldtogte van burgerlike ongehoorsaamheid onder blankes tot in daardie stadium, gedompel is. Hierin het NUSAS en sy geaffilieerde kampusse 'n prominente rol gespeel.

Die aanleiding tot mnr. B.J. Vorster se indiening van die wetsontwerp was dat sabotasie tot in daardie stadium nie as 'n substantiewe misdaad in die Suid-Afrikaanse reg omskrywe was nie, en dat hy diegene wat hul skuldig maak aan kommunistiese sabotasie strenger aan bande wou lê. Soos dit uit die lang titel van die wetsontwerp blyk, is die maatreëls 'n wysiging van o.m. die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme van 1950, die Wet op Oproerige Byeenkomste van 1956 en die Wet op Onwettige Organisasies van 1960 om sabotasie te omskryf en te verbied.[102]

Teen die einde van Desember 1961 was daar reeds dertien dade van sabotasie gepleeg, hoofsaaklik - soos dit later uit die opspraakwekkende Rivonia-saak geblyk het - deur die paramilitêre vleuel van die ANC en die blanke elite-sabotasiegroep, die African Resistance Movement.[103]

Die grootste beswaar teen die wetsontwerp was dat dit buitengewone wye bevoegdhede en magte aan die minister verleen het oor die vryheid van die bevolking wat nie deur die hof beheer

---

102. Vgl. mnr. Vorster se toeligting van die wetsontwerp in Volksraadsdebatte, 21.5.'62, kol. 6308-09.

103. Horrel, Action, Reaction ..., pp. 53, 56, Vgl. ook CC349-64, State vs. Joseph Daniëls, David de Keller, Anthony Trew ens.

kon word nie en sodoende die beginsel van regsgelding vernietig.

Van die vernaamste bepalings van die 1962-wet is dat swaar strawwe met 'n minimum-vonnis van vyf jaar vir sabotasie opgelê word; dat die minister se magte vergroot word om spesiale regulasies uit te vaardig ten tye van 'n noodtoestand; dat persone onder huisarres geplaas kan word; dat gelyste kommuniste nie aangehaal mag word nie en dat die minister openbare byeenkomste op die trappies van die Johannesburgse stadsaal en die Groot Parade van Kaapstad verbied.[104]

Die hoofartikel van die Sunday Times is tipies van die alarmisme waarmee die Wetsontwerp begroet is. "Although it is ostensibly aimed only at 'Communists' and 'saboteurs', its crushing throttling impact will be felt by every citizen in the country. Mr. Vorster whether by design or not, involves the classic method of usurping democratic processes by totalitarian techniques ... It is clearly a most dangerous thing for any Minister to be given the powers sought in the Sabotage Bill. If this measure goes through in its present form, South Africa will have become in effect a facist state."[105]

Toe mnr. Vorster die wetsontwerp vir die tweede lesing voorgebring het, het hy die motiewe wat 'n kwaadwillige pers hom ten laste gelê het, effektief verwerp en wou hy weet waar die skielike besorgdheid oor die kommuniste vandaan kom. In sy antwoord op die kritiek teen hom het die minister net spykers met koppe geslaan. Hy het aangetoon dat die wetsontwerp niks met die vryheid van spraak, of die skepping van 'n polisiestaat, of die uitdoof van 'n vryheidsvlam te make het nie, maar alleen daarop gemik is om kommuniste en ondermyners van die staatsgesag onskadelik te stel.[106]

---

104. Cape Argus, 12.5.'62; 14.5.'62, Cape Time, 14.5.'62.

105. Sunday Times, 20.5.'62. Hoofartikel.

106. Volksraadsdebatte, 21.5.'62, kol. 6290-6300.

Ter stawing van sy argumente het mnr. Vorster aangetoon watter opbou daar teen die Republiek van Suid-Afrika vanuit Afrika is om die voortvlugtige ANC- en PAC-lede by te staan vir 'n oorname in 1963. Hy het bv. die Ghanese koerant die Voice of Africa aangehaal waarin gesê is dat: the target date for the total liberation of every inch of the African continent", Desember 1963 is en dat die "frantic moves by die-hard colonialists like dr. Verwoerd, Welensky en Salazar only show their awareness that there are forces in Africa powerful enough to reduce them to a mere pulp of quivering jelly."[107] Dat mnr. Vorster se drastiese maatreëls gegrond en versiende was, is ruimskoots bevestig deur die Rivonia-hofsaak in 1964.

Hoewel hier dus kennelik nie sprake is van enige substansiële skending van die reg van enige vrede- of ordeliewende landsburger deur dié maatreël nie, is hierdie wetsontwerp aangegryp om in die strate te gaan betoog.

Die Regswysigingswet is op 12 Mei in Kaapstad gepubliseer. Vier dae later het mnr. Leftwich 'n mosie waarin die maatreël veroordeel word per pos namens die studentevergadering-in-reses na die kampusse gesirkuleer. 'n Spesiale Vaste Komitee-vergadering is in Johannesburg gehou waar die protesmasjinerie onmiddellik aan die rol gesit is.[108]

In Kaapstad het nege organisasies, nl. NUSAS, die Progressiewe Party, die Liberale Party, die Kongresbeweging, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, die "Black Sash", die Nasionale Raad vir Vroue, die Vrouefederasie en die Burgerregte-bond 'n Burgerregte-verdedigingskomitee gevorm. Vir die eerste maal het al die liberale organisasies in Suid-

107. Aangehaal uit Ibid., kol. 6293.

108. A3-62, Report of President's and Vice-President's Department, p. 71.

Afrika onderdak gevind in een protesliggaam.[109]

By die Universiteit van die Witwatersrand het prof. G.H. le May, Hoogleraar in Staatsleer, 'n groep van ongeveer 1 300 studente aangespoor "not (to) acquiesce in what is being done to destroy the pillars of civilization in this country."[110]

Behalwe vir 'n paar kleiner pikette het die aktiwiteite van die Burgerregte-verdedigingskomitee hoofsaaklik beperk gebly tot inligtings- of protesvergaderings. In Durban het 'n demonstrasie van die Burgerregte-komitee volgens die Sunday Times-korrespondent nietemin op Saterdag 19 Mei vir die "biggest public sensation in Durban since the referendum campaign" gesorg nadat hulle vir meer as 'n uur lank die spitstydverkeer ontwrig het. Onder diegene wat deur die veiligheidspolisie ondervra is, was mev. Janie Malherbe, die vrou van prof. E.G. Malherbe, rektor van die Universiteit van Natal.[111]

Hoewel die akademiese vryheidsveldtog gedurende die vyftigerjare teatraal was, was daar weliswaar 'n sekere waardigheid wat aan die prosessie gekoppel kon word. Die publiek van Johannesburg was egter minder gediend met die poppekastery van 'n klein groepie liberaliste teenoor wetgewing wat spesifiek gemik was op staatsbeveiliging teen sabotasie en is die plakkate van die Black Sash soveel maal onder die voet vertrap en die vryheidsvlam soveel maal deur sg. "rowdies" uitgedoof dat die beheerraad van die Johannesburgse stadsraad mev. Jean Sinclair, presidente van die Black Sash-beweging, versoek het om hul nagwaak by ont-

109. Cape Argus, 21.5.'62.

110. A3-62, Report of President's and Vice-President's Department, p. 71.

111. Sunday Times, 27.5.'62.

stentenis van onvoldoende beskerming te staak.[112]

Ten spyte van 'n verbod wat deur die Johannesburgse stadsraad op die beoogde protesoptog van die Witwatersrandse Universiteit geplaas het, het die kampus-aksiekomitee nietemin met sy reëlings voortgegaan en het 2 000 studente die volgende dag aangesluit by ongeveer 40 000 protesteerders wat deur die "Proteskomitee van Johannesburgse Burgers" georganiseer is. 'n Paar honderd teendemonstreerders, sommige blykbaar van die Universiteit van Pretoria, het appels en tamaties na hulle geslinger. Daarna het die Witwatersrandse studente hul eie protespostering op die trappe van die Johannesburgse stadsaal gaan hou waar 'n geveg uitgebreek het en die polisie die groepe met traangas moes verwyder.[113]

In Kaapstad het prof. Monica Wilson byna 'n duisend studente en personeellede in die Jameson-saal gewaarsku dat die inslag van die wetsontwerp was om te intimideer: "The golden calf has been forged and we must bow down to it ... or else". Die wetsontwerp is verwerp met 913 stemme teen vier, en dertien onthoudinge.[114] Iets van die paranoia wat teen die maatreël opgeklits is, blyk uit die woorde van oud-regter Leslie Blackwell wat voor 'n gemengde gehoor in Port Elizabeth beweer het dat dit veiliger sal wees om te moor as om sabotasie te pleeg indien die maatreël aanvaar word.[115]

Ten spyte daarvan dat die stadsrade van Durban, Kaapstad en Johannesburg, waarskynlik nadat met hoër gesag ruggespraak gepleeg is,[116] gelyktydig verbod geplaas het op enige verdere

112. *Ibid.*

113. *Cape Argus*, 24.5.'62.

114. *Varsity*, 6.6.'62.

115. *Eastern Province Herald*, 26.5.'62.

116. Die burgemeester van Durban, mnr. Cyril Milne het beweer dat hy persoonlik nie sou ingetree het om die protesmars te verbied nie.

protesoptogte ten einde die labiele politieke klimaat ietwat te bestendig, het die studente van Durban en die Nie-Blanke Afdeling van die Universiteit in groepies van vyf met twintig treë intervalle tussen elk, die wetsomskrywing van wat 'n "optog" is, omseil. By die senotaaf in Wesstraat het die studente 'n krans gelê met die woorde, "In memory of the men who died for the freedom, that is now being threatened again by the 'Sabotage Bill'".[117] 'n Hoogs ontstoke middeljarige man met 'n sakwapen van die "Memorable Order of Tin Hats" op sy baadjie het die studente toegesnou: "You can't stand here - this is consecrated ground. This is sacrilege" en die antwoord terug ontvang: "This Cenotaph commemorates men who died for what these students are defending."[118] Mnr. Asher Ntanga, vise-voorsitter van die studenteraad van die Nie-Blanke Afdeling van die Universiteit van Natal, is deur die veiligheidspolisie aangehou en saamgeneem na hulle kantoor.

Buitekant die kantoor van die Veiligheidstak in die Saambougebou het die studente bymekaar gekom en gedreun-sing: "We are the saboteurs down from Varsity, let the student go, let the student go."[119]

Hoewel mnr. Ntanga kort daarna vrygelaat is, het dit die gemoedere van die nie-blanke kampus sõ opgesweep dat die wetsontwerp op 'n onstuimige massavergadering daarna eenparig verwerp is, en die veiligheidspolisie gevra is om die vergadering te verlaat.[120]

Op 12 Junie het prof. A. Geyser wat kort vantevore uit die Hervormde Kerk geban is oor kettery, 'n vergadering op uit-

117. Sunday Times, 27.5.'62.

118. Ibid.

119. Ibid.

120. A3-62, Report of President's and Vice-President's Department, p. 73.

nodiging van NUSAS in die Kaap toegespreek oor die tema "Academic Freedom and Christian Nationalism" nadat mnr. Govan Mbeki die uitnodiging van die hand gewys het.

Dit was terselfdertyd 'n geleentheid waarby die Vaste Komitee van NUSAS byeengekom het om hul veldtog in oënskou te neem en om 'n petisie van 4 200 handtekeninge van vier kampusse aan mnr. Vorster te oorhandig. Dit is interessant om daarop te let hoe die mosie geformuleer is om op die akademiese vryheid van die universiteite te sinspeel:

"We the students and staff of ... (al die Engelse universiteite) .... wish to state our unequivocal opposition to the General Law Amendment Bill which inter alia,

(a) Will further curtail the inherent freedom of student expression and legitimate student activities aimed at furthering the establishment of a democratic society,

(b) is contrary to the Universal Declaration of Human Rights,

(c) undermines the principles of the rule of law,

(d) seeks to destroy the democratic right of opposition to the government,

(e) is further proof that South Africa is moving in the direction of a police state. Therefore, we respectfully request in the interests of human freedom and our country, the withdrawal of the Bill in toto."[121]

Die Vaste Komitee het besluit om die yster te smee terwyl dit warm is en terselfdertyd 'n nagtelike fakkeloptog deur Kaapstad se strate te hou. Die stadsraad het egter te kenne gegee dat hulle op aanbeveling van die polisie nie toestemming daartoe kon verleen nie. NUSAS het onmiddellik

---

121. Ibid., p. 72.

met advokaat Ernie Wentzel in verbinding getree om die mees effektiewe metode te verneem hoe hulle wettiglik kon protesteer.

Die volgende aand, nl. 13 Junie, het 300 studente by die Hiddingh-saal, eiendom van die universiteit in die stad, vergader en is hulle deur mnr. Leftwich ingelig dat hulle elke twintig treë aan weerskante van die straat moes gaan staan met hul brandende fakkels. In hierdie stadium het polisie hulle reeds by die hekke ingewag en verklaar dat elke student wat daar uitbeweeg, gearresteer sou word.

Mnr. Leftwich en 'n paar studenteraadsvoorsitters het deur die hek gestap om die polisie se voorneme te toets. Net daarna het die polisie met 'n paar handboeie die hekke gesluit en het die studente verontwaardig in die rondte gemaal terwyl 'n koue Kaapse reën op hulle begin uitsak het.

Twee van die studente verdien spesiale vermelding - mej. Stephanie Kemp en mnr. Spike de Keller wat probeer het om die boeie met hul fakkels af te brand is in hegtenis geneem.[122] Twee jaar later sou luitenant A.J. van Dyk van die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie hierdie twee studentevriende van mnr. Leftwich vir 'n veel ernstiger oortreding in hegtenis neem, nl. vir sabotasie wat hulle in 1963 onder die vleuels van die African Resistance Movement gepleeg het.

## 3.5 Enkele slotperspektiewe

Wat opmerklik was van die betogings van Mei/Junie 1962, is dat dit deur 'n veel militanter gees onderlê is as die betogings van 1957-1959. 'n Paar maal het kollektiewe aggressie

122. Varsity, 20.5.'62.

teen die wande van die studente se gesonde oordeelsvermoë geklots en meer danksy die polisie se lankmoedigheid, nie oorgespat in geweld nie.

'n Ander kenmerk van die betogings was dat NUSAS sy kampusse feilloos in die openbare politieke arena ingestoot het. Hoe die saak ookal omwimpel is, het dit bloedweinig, indien enigiets met akademiese vryheid te make gehad. Hier was duidelik sprake van burgerlike ongehoorsaamheid waar die wet verskeie male getrotseer is.

Die hele doel agter so 'n openbare protes is dat dit die algemene publiek se sin vir geregtigheid moet aanspreek ten einde 'n herwaardering van die ingestelde of beoogde maatreël te bewerkstellig.

Hoewel straatpolitiek essensieel nie geweldadig is nie, kan dit baie maklik in geweld ontaard. J. Rawls skrywe in 'n artikel oor "The Justification of Civil Disobedience" dat "the non-violent nature of civil disobedience refers to the fact that it is intended to address the sense of justice of the majority and as such it is a form of speech, an expression of a conviction", maar gee hy verder geredelik toe, "by taking part in civilly disobedient acts one does not foreswear indefinitely the idea of forceful resistance."[123]

Insiggewender egter is die grondslae waarop hy burgerlike ongehoorsaamheid regverdig. "Civil disobedience should be recognised, I think", beweer hy, "as a form of political action within the limits of fidelity to the rule of law, at the same time ... it should, in general, be undertaken as a last resort when standard democratic processes have failed. In this sense it is not a normal political action. When it is justified there has been a serious breakdown."[124]

123. J. Rawls, "The Justification of Civil Disobedience", in E. Kent, Revolution and the Rule of Law, pp. 37-38.

124. Ibid., p. 39.

Ook sy tweede kriterium vir burgerlike ongehoorsaamheid dien vermelding. "It should be limited to substantial and clear violations of justice, preferably to those which, if rectified, will establish a basis for doing away with remaining injustices."[125]

Dit is duidelik dat daar in die betogings teen die sogenaamde sabotasiewetsontwerp nie aan hierdie kriteria voldoen is nie, maar dat NUSAS sy kampusse op 'n kunsmatige wyse emosioneel aktiveer rondom een of ander werklike of vermeende strydpunt. Dit is 'n taktiek wat NUSAS met elke kunsmatig gestimuleerde of werklike strydpunt in die jare vorentoe, met groter finesse toegepas het.

'n Massavergadering kan ook 'n maklike manipulasiemiddel word. Waar die Engelse kampusse gedurende hierdie jare uitsluitlik NUSAS-georiënteerde studenterade gehad het, was daar nie sprake van mikrofoonbesetting deur splintergroepe nie. In 1962 was die ingeskrewe studentetal aan die Universiteit van Kaapstad 5 485.[126] Fisies was dit toe reeds onmoontlik om die hele studente-unie in die Jamesonsaal te akkommodeer.

Tydens die monstervergadering wat deur prof. Monica Wilson oor die Algemene Regswysigingswet toegespreek is, was daar 930 studente teenwoordig waarvan 913 ten gunste van die mosie gestem het,[127] d.w.s. 16.64% van die totale kampusbevolking. Hierdie mosies is op so 'n wyse en skaal deur 'n goedgesinde Engelse pers in die kalklig geplaas dat die protes heelwat indrukwekkender vertoon as wat die getalle regverdig.

Daarmee wil geensins beweer word dat dit altyd 'n geval

125. <u>Ibid.</u>

126. M. Legassick, <u>op. cit</u>., p. 52.

127. <u>Varsity</u>, 6.6.'62.

was dat NUSAS deur die verhaspeling van inligting - soos dikwels die geval was met die opstoking by Fort Hare - allerlei illusies en wanvoorstelline by die studente ingebrou het nie. Hoewel resolusies dikwels pro forma aangeneem word en kongresmosies dikwels 'n katalogus van sondes is wat die regering sg. gepleeg het, wil dit nie sê dat 'n goeie persentasie studente hierdie strydvrae nie vir hulself persoonlik aangetrek het nie. Vanuit 'n bepaalde ideologiese invalshoek en rangorde van waardevoorkeure word baie van die beslissings van die owerhede as 'n reële aantasting van hulle ideale en opvattings gesien. Die rol wat NUSAS en die geaffilieerde studenterade hierin gespeel het, was soms nie veel meer as 'n bewusmakingsproses nie en 'n poging om die strydpunt op die kampus lewendig te hou waardeur die studente al sterker aan 'n bepaalde benadering tot die Suid-Afrikaanse verhoudingsproblematiek verbind is.

In die lig hiervan, raak die Engelse kampusse se verontwaardiging oor die skending van akademiese vryheid, hul vereenselwing met die wegbly-protes en oproep vir 'n nasionale konvensie tydens die Republiekfeesvieringe van 31 Mei 1961, en hul vrese vir oorheersing deur die konsentrasie van te veel mag in die hande van kabinetsministers duideliker verklaar.

Dit is nie moontlik om op grond van die beskikbare gegewens 'n statistiese beeld van protesdeelname onder studente van die ope universiteite te ontwerp nie. Die akademiese vryheidsveldtog gedurende die vyftigerjare, waarmee NUSAS die meridiaan van sy suksesse en steun op die kampusse bereik het, kan nietemin 'n aanduiding verskaf. As die studente se ondertekening van die groot petisie van 22 Mei 1957 - waarvan die presiese getalle bekend is - as 'n redelike betroubare maatstaf aangewend word van die aantal studente wat bereid was om hulself persoonlik te kompromitteer deur hul handtekening op papier te plaas, en dit dan teen die totale studente-inskrywing van die onderskeie universiteite

gedurende die betrokke jaar te projekteer, kan 'n perspektief verkry word van mobilisasie en betrokkenheid van studente by die protesaksie. Uit 'n totale inskrywing van 4 780 en 4 674 studente by Kaapstad en Wits onderskeidelik gedurende 1957,[128] het onderskeidelik 2 489 en 2 109 studente die petisie wat deur die Ope Universitêre Skakelkomitee georganiseer is, onderteken. Omgereken in persentasies verteenwoordig dit respektiewelik 52,07% en 45,12% van die twee onderskeie studentekorpse.

Hoewel daar gesamentlik nie eens sprake van 'n gemiddelde 50%-deelname uit studentekorps van die twee kampusse is nie veroorsaak die fisiese kampus-opset nogtans dat 'n bykans 50% protesdeelname as 'n breë basis van steun vertolk kan word juis omdat die studente in die woorde van E.J. Shoben, in "critical impressive masses" op die kampus teenwoordig is.[129]

Byna alle skrywers oor studenteprotes, beklemtoon die rol wat die sametrekking van studente op die universiteitskampus te speel het in die opsweepbaarheid van studentegemeenskappe. Die fisiese omstandighede van 'n relatief homogene studentegemeenskap wat sekere sentimente met mekaar deel, vergemaklik die mobilisering van studente vir 'n versetkampanje.

Die NUSAS-georiënteerde student is gewoonlik van huis uit getoë in die ideale van die menseregteleer, soos blyk uit die groot protesoptog teen die Regswysigingswet waar 4 000 volwasse Johannesburgers die getalle van die 2 000 Wits-

---

128. Sien inskrywingstabel by universiteite in M. Legassick, <u>The National Union of South African Students: Ethnic Clearage and Ethnic Integration in the Universities</u>, p. 52.

129. E.J. Shoben, "The Climate of Protest" in J. Forster en D. Long, <u>Protest! Student Activism in America</u>, p. 556.

studente tot 'n 6 000 betogers laat swel het. Aan die Engelse universiteite met hul verknogtheid aan 'n sterk liberale Britse tradisie, beman deur geesgenootlike akademici, vind die Engelse student se ingebore sin vir gelykheid en regverdigheid 'n beliggaming in die ideale van akademiese vryheid en outonomie. Sodra dit skyn of enige van hierdie regte vertree word, is die student uiters responsief vir enige opsweping. Omdat NUSAS juis op hierdie beginsels gebaseer is, kapitaliseer hy in tye van krisis op die steun van die deursneë student wat hy weet dié beginsels onderskrywe.

# BRONNELYS EN BIBLIOGRAFIE

## 1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

### 1.1 NUSAS-ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD.

Slegs die aangeduide kategorieë van die geklassifiseerde indeks tot die NUSAS-argiefstukke is vir die periode 1950-1965 geraadpleeg. Kategorieë U - Y oor internasionale betrekkinge is nie geraadpleeg nie omdat volledige verslae tydens die uniale kongresse voorgelê is (Kategorie A).

CATEGORY A: PRESIDENTS

Die Presidentslêers handel oor korrespondensie tussen die president en ander uitvoerende lede, asook korrespondensie met organisasies en individue.

A.2. Wentzel: President 1955-1957.
A.3. Wentzel: President 1955-1957.
A.4. Coombe : President 1957-1958.
A.5. Coombe : President 1957-1958.
A.6. Rubin : President 1958-1959.
A.7. Rubin : President 1958-1959.
A.8. Shingler: President 1959 and 1960.
A.9. Shingler: President 1959 and 1960.
A.10. Leftwich: President 1961-1962.
A.11. Leftwich: President 1961-1962.
A.12. Driver : President 1963-1964.
A.13. Driver : President 1963-1964.
A.14. Osler : President September 1964-1965.
A.15. Osler : President 1964-1965.
A.16. Marshall: President 1966-1967.

CATEGORY B: EXECUTIVE

B.1. Executive Circulars 1952-1957.
B.2. Executive Circulars 1958-1965.
B.3. Executive Circulars 1951-1965.

CATEGORY C: EXECUTIVE PORTFOLIOS

C.1. Additional Executive Member 1957-1958.

C.2. Press Relations and Publicity 1958-1965.

C.3. Publications and Publicity 1955-1965.

CATEGORY D: NUSAS CIRCULARS

D.1. NUSAS Circulars 1953-1959.

D.2. NUSAS Circulars 1960-1962.

D.3. NUSAS Circulars 1963-1965.

CATEGORY G: MEETINGS OF SRC's

G.1. Standing Committee 1957-1966.
Die Staande Komitee was 'n informele beplanningsgroep wat saamgestel is uit presidente wie se kampusse by NUSAS geaffilieer was, en uit senior uitvoerende beamptes van NUSAS;

G.2. Inter-SRC Conferences.

CATEGORY I: STATE ACTIVITY AGAINST NUSAS' RESPONSE TO BANNINGS, DETENTIONS AND PASSPORT REMOVALS

CATEGORY J: ACADEMIC FREEDOM CAMPAIGN AGAINST SEGREGATION OF THE NON-RACIAL UNIVERSITIES

J.8. Academic Freedom Campaign: 1957-1958: Campus Reaction

(i) Natal
(ii) Rhodes
(iii) U.C.T.
(iv) Wits.

J.9. Academic Freedom Campaign: 1957-1958.. International Support.

J.10. Academic Freedom Campaign: S.A. Protest, 1958-1959.

(i) NUSAS.
(ii) Natal.

(iii) U.C.T.

(iv) Wits.

(v) Rhodes.

J.11. Academic Freedom Campaign: International Protest, 1958-1959.

CATEGORY L: RELATIONS WITH AFRIKAANS UNIVERSITIES AND THE ASB.

L.6. Afrikaanse Studentebond, 1955-1957.

L.7. Afrikaanse Studentebond, 1958-1959.

L.8. Afrikaanse Studentebond, 1960-1965.

CATEGORY M: RELATIONS WITH BLACK INSTITUTIONS OF HIGHER EDUCATION

M.1. Black Institutions: Tribal Colleges, 1955-1967.

M.2. Black Institutions: Fort Hare 1955-August 1958.

M.3. Black Institutions: Fort Hare August 1958-November 1960.

M.4. Black Institutions: Fort Hare November 1960-1961.

M.5. Black Institutions: Fort Hare 1962-1966.

M.8. University of Natal (Non-European Section) - later University of Natal (Black Section) 1954-1961.

M.9. University of Natal (Non-European Section - later Black Section) 1962-1965.

M.11. University College (Later University) of the North: Turfloop, 1959-1965.

CATEGORY N: BLACK STUDENT ORGANISATIONS

N.1. A.S.A. (African Student's Association), 1963-1964.

N.2. A.S.U.S.A. (African Students' Union of South Africa), 1963-1964.

N.3. C.P.S.U. and P.N.S.C. (Cape Peninsula Students' Union and Provisional National Students Committee.)

CATEGORY O: ENGLISH-SPEAKING UNIVERSITIES

O.1. Rhodes University SRC 1955-May 1960.

O.2. Rhodes University SRC May 1960-1964.

O.3. Rhodes University, NUSAS Local Committee 1955-1962.

O.5. University of Natal, Durban SRC 1955-1959.

O.6. University of Natal, Durban SRC 1960-1962.

O.7. University of Natal, Durban SRC 1963-1964.

O.8. University of Natal, Durban, NUSAS Local Committee 1955-1965.

O.9. University of Natal, Pietermaritzburg SRC 1955-1958.

O.10. University of Natal, Pietermaritzburg SRC 1959-1962.

O.11. University of Natal, Pietermaritzburg, SRC 1963-1965.

O.12. University of Natal, Pietermaritzburg, NUSAS Local Committee, 1956-1965.

O.13. University of Cape Town, SRC 1955-1959.

O.14. University of Cape Town, SRC 1960-1961.

O.15. University of Cape Town, SRC 1962.

O.16. University of Cape Town, SRC 1963.

O.17. University of Cape Town, 1964-1965.

O.18. University of Cape Town, NUSAS Local Committee 1955-1965.

O.19. University of the Witwatersrand SRC 1954-1957.

O.20. University of the Witwatersrand SRC 1958.

O.21. University of the Witwatersrand SRC 1959.

O.22. University of the Witwatersrand SRC 1960

O.23. University of the Witwatersrand SRC 1961.

O.24. University of the Witwatersrand SRC 1962.

O.26. University of the Witwatersrand SRC 1963-1965.

O.27. University of the Witwatersrand, NUSAS Local Committee 1955-1965.

1.2 STUDENTERAADSNOTULES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

Mei 1960 - Augustus 1965.

1.3 HOFVERSLAE: AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT (1964)

CC349-64, Staat vs. Joseph Daniëls, David de Keller, Anthony Trew, Alan Brooks, Stephanie Kemp.

Hooggeregshof van Suid-Afrika, Kaapse Provinsiale Afdeling (Kaapstad).

CC508-64, Staat vs. Bertram Martin Hirson, Hugh Francis Lewin, Frederick Praeger, Raymond Eisenstein, Alexander Gwillim Cox.

Hooggeregshof van Suid-Afrika. Transvaalse Provinsiale Afdeling (Pretoria).

2. GEPUBLISEERDE BRONNE

2.1 AMPTELIK: DEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD

Debatte van die Volksraad, Deel 93, 18 Jan. - 15 Maart 1957 5e sitting - 11e Parlement.

Debatte van die Volksraad, Deel 94, 18 Maart - 10 Mei 1957, 5e sitting - 11e Parlement.

Debatte van die Volksraad, Deel 95, 13 Mei - 22 Junie 1957, 5e sitting - 11e Parlement.

Debatte van die Volksraad, No. 10, 8 April - 10 April 1959, 2e sitting - 12e Parlement.

House of Assembly Debates, Vol. 100, 16 Maart - 1 Mei 1959, 2e sitting - 12e Parlement.

Debatte van die Volksraad, Deel IV, 19 Jan. - 23 Junie 1962, 1e sitting - 2e Parlement.

House of Assembly Debates, Vol. 11, 4 Mei - 5 Junie 1964, 3e sitting - 2e Parlement.

## 2.2 AMPTELIKE KOMMISSIEVERSLAE

RP25-74, Hoofverslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese. Voorsitter: J. van Wyk de Vries. (Pretoria, 1974).

RP36-74, Tweede Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese. Voorsitter J. van Wyk de Vries. (Pretoria, 1974).

UG32-58, Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Afsonderlike Universiteitsopleiding. Voorsitter: M.C. de Wet Nel. (Pretoria, 1958).

RP33-74, Vierde Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies: Voorsitter A.L. Schlebusch (Pretoria, 1974).

## 2.3 NIE-AMPTELIKE GEPUBLISEERDE BRONNEVERSAMELINGS

Kruger, D.W. (red.), South African Parties and Polities 1910-1960. (Kaapstad, 1960).

# 3. PERIODIEKE PUBLIKASIES

## 3.1 KOERANTE

Die Burger, enkele kopieë vir die periode 1957 - 1965.
Cape Argus, 1957 - 1965.
Cape Times, 1957 - 1965.
Dagbreek en Sondagnuus, enkele kopieë vir die periode 1957 - 1965.
Daily Despatch, 1957 - 1965.
Eastern Province Herald, 1957 - 1965.
Natal Mercury, 1957 - 1965.
Natal Witness, 1957 - 1965.
Rand Daily Mail, 1957 - 1965.
Star, 1957 - 1965.

_Sunday Times_, 1957 - 1965.
_Die Transvaler_, enkele kopieë vir die periode 1957 - 1965.
_Die Volksblad_, enkele kopieë vir die periode 1957 - 1965.

3.2 STUDENTEKOERANTE

Hierdie publikasies verskyn ongereëld. Verskeie nommers ontbreek en is nie beskikbaar nie.

_Dome_ (Universiteit van Natal, Durban), 1957 - 1965.
_Nux_ (Universiteit van Natal, Pietermaritzburg), 1957 - 1965.
_Rhodeo_ (Universiteit van Rhodes), 1957-1961.
_Varsity_ (Universiteit van Kaapstad), 1958-1965.
_Wits Student_ (Universiteit van die Witwatersrand), 1957-1969.

3.3 TYDSKRIFTE

_Die Afrikaanse Student_ Jg, 1, nr. 1, 1968 - Jg. 2, nr. 3, 1969.

_Contact_, Liberale Nuusblad, Vol. 1, nr. 1, 1958 - Vol. 10, nr. 1, 1967.

_Wapenskou_, Amptelike orgaan van die Afrikaans-Nasionale Studentebond.
Deel 1, nr. 1, 1940 - Deel V1, nr. 4, 1945.

3.4 GERAADPLEEGDE TYDSKRIF-ARTIKELS

Ashley, M.J. en Van der Merwe, H.W., "Research Note. Academic Contrasts in South Africa", _Sociology of Education_, XXXXII (1969) pp. 248-291.

Krige, J.D., "Nature and Significance of the Attack on University Autonomy", _University of Natal Gazette_, IV:I (1957), pp. 1-7.

"Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding". (Memorandum voorgelê deur SABRA aan die Kommissie insake Afsonderlike Universiteitsopleiding). *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* ix:3 (1958), pp. 91-102. *Rasse-Aangeleenthede: Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede.* IX:3 (1958), pp. 91-102.

Schlemmer, L., "The Afrikaners; Youth and Change", *Optima* XXIV:2 (1974), pp. 57-65.

4. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

Dalcantron, C.D., "*The Afrikaners of South Africa: A Case Study of Identity Formation and Change.*" (Doktorale Proefskrif Universiteit van Pittsburgh, VSA, 1973).

De Villiers, C.M., *Die African National Congress en sy Aktiwiteite op die Witwatersrand, 1912-1956.* (M.A.-verhandeling, U.P., 1965).

Pretorius, L., *Partyvoorkeure van Studente; Stellenbosch* (M.A.-verhandeling, U.S., 1977).

5. PAMFLETTE EN VLUGSKRIFTE

*Afrikaanse Studentebond Gedenkblad, 1945 - 1958.* (s.l., s.a.)

Albrecht, C., Mordant, I. en Herzenberg, W., *What's wrong with NUSAS?* (s.l., 1968).

Ashley, M.J., *The Education of White Elites in South Africa.* (Abe Baily Institute of Interracial Studies, Reprint no. 6, Kaapstad, 1972).

Beukes, G.J. (red.). *Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat - 'n Feesblad gepubliseer by Geleentheid van die Selfstandigwording van die Universiteit.* (Bloemfontein, 1950).

De Villiers, D.P., Die Suid-Afrikaanse Student in die Politiek. (Topical Talks, nr. 12, Johannesburg, 1968).

Gouws, S.J.L., Studente-opstande in Pedagogiese Perspektief. (Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit A58, 1973).

Horrel, M., Days of Crisis in South Africa; Events up to 15th May 1960. (Johannesburg, 1960).

Leftwich, A. en Driver, J., History of the Relations between NUSAS, the ASB and the Afrikaans University Centres covering the Period 1960 - 1963. (s.l., s.a.).

National Union of South African Students. (s.l., 1971).

National Union of South African Students. (Kaapstad, 1974).

Paton, A., Civil Rights and Present Wrongs. (Topical Talks, nr. 20, Johannesburg, 1968).

Rubin, N., History of the Relations between NUSAS, The Afrikaanse Studentebond and the Afrikaans University Centres. (Kaapstad, 1960).

Schutte, A.G., Die Studente-opstand of die Weiering om Normaal te Wees. (IBC-studiestuk nr. 53, Potchefstroom, s.a.).

Van Schoor, M.C.E. (Samest.), Sestig Jaar op die Bult. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (s.l., s.a.).

6. ONDERHOUDE

Tydens 'n besoek aan die kampusse van die Witwatersrand, Kaapstad en Rhodes, asook gedurende die 50ste Jubileumkongres van NUSAS van 6-14 Julie 1973, is gesprekke met verskillende persone gevoer wat op een of ander wyse by die geskiedenis van NUSAS betrokke was. Die getuienis was dikwels meer verkennend as spesifiek en daarom toepaslik vir hierdie studie. Waar getuienis van hierdie per-

sone in voetnote geboekstaaf is, word plek, datum en indien nodig, die aard van die onderhoud aangegee.

Carl Albrecht, lid van die Studenteraad en Konserwatiewe Klub van die Universiteit van die Witwatersrand in 1967-'68.

Geoff Budlender, Studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Kaapstad in 1972 en waarnemende President van NUSAS in 1973.

Jenny Curtis, NUSAS-argiviste en voormalige NUSAS-hoofbestuurslid.

Bill Deacon, Volksraadslid van die Verenigde Party vir Albanie wat 'n persoonlike ondersoek na NUSAS se bedrywighede in 1971-1972 geloods het.

David Herzenberg, lid van die Studenteraad en Konserwatiewe Klub van die Universiteit van die Witwatersrand gedurende 1968.

Clive Keegan, ingeperkte NUSAS-hoofbestuurslid van 1972 wat in 'n stadium besig was om 'n geskiedenis oor NUSAS saam te stel.

Dirk Kemp, Studenteraadslid van die Universiteit van Kaapstad, prominent in die Mei-betogings van 1972.

Adam Klein, Studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van die Witwatersrand, 1973.

Dr. John Shingler, besoekende Amerikaanse professor en NUSAS-president vir 1960.

Paul Sarbutt, konserwatiewe lid van die Studenteraad van die Witwatersrand, 1973.

Paddy Thorpe, NUSAS-hoofbestuurslid 1973.

Rosalyn Traub, nege-en-twintig jaar lank algemene sekretaresse van NUSAS.

Gordon Young, NUSAS-hoofbestuurslid, 1973.

Dr. David Welsh, destydse lid van die NUSAS-adviespaneel en senior lektor aan die Universiteit van Kaapstad.

## 7. GERAADPLEEGDE WERKE EN ARTIKELS UIT BOEKE

Adam, H., en Giliomee, H., The Rise and Crisis of Afrikaner Power. (Kaapstad, 1979).

Ad Destinatum; Gedenkboek van die Universiteit Pretoria, (Johannesburg, 1960).

Altbach, P.G., A Select Bibliography on Students, Politics and Higher Education. (Cambridge, 1968).

Altbach, P.G., The Student Revolution: A Global Analysis. (Bombay, 1970).

Astin, A., "Determinants of Student Activism", in Foster en Long (reds.), Protest! Student Activism in America.

Baird, L.L., "Who Protests: A Study of Student Activists", in Foster en Long (red.), Protests! Student Activism in America.

Ballinger, M., From Union to Apartheid; A Trek to Isolation. (Kaapstad, 1969).

Beard, T.V.R., "Background to Activities at Fort Hare", in Van der Merwe en Welsh, Student Perspectives on South Africa. (Kaapstad, 1972).

Benson, M., South Africa; The Struggle for a Birthright. (Londen, 1966).

Bozzoli, G.R., "The Role of the English Universities in South Africa", in Van der Merwe en Welsh, The Future of the University in South Africa.

Budlender, G., "The Conservative Bias of South African Universities", in Van der Merwe en Welsh, The Future of the University in South Africa.

Califano, J.A., The Student Revolution; A Global Confrontation. (New York, 1970).

Centlivres, A. v.d. S. en Feetham, R., The Open Universities in South Africa. (Johannesburg, 1957).

Cervenka, Z., The Organization of African Unity. (London, 1968).

Chadwick, O., The Reformation. (2e hersiene uitgawe, Harmondsworth, 1978).

Craig, G.A., Europe Since 1914. (3de Uitgawe, Hinsdale, 1972).

Cronje, G., 'n Tuiste vir die Nageslag. Die Blywende Oplossing van Suid-Afrika se Rassevraagstukke. (Johannesburg, 1946).

Curtis, N. en Keegan, C., "The Aspirations to a Just Society", in Van der Merwe en Welsh, Student Perspectives in South Africa.

Degenaar, J., "The Concept of a 'Volksuniversiteit'", in Van der Merwe en Welsh, The Future of the University in South Africa. (Kaapstad, 1977).

Duvenage, S.C.W., Die Opstandige Student. 'n Analise en evaluering van Studenteaktivisme in die VSA. (Potchefstroom, 1973).

Duvenage, S.C.W., "Universiteit, Student en Revolusie", in Smith, E.J. (e.a.), Reformasie en Revolusie. (Potchefstroom, 1974).

Feuer, L.S., The Conflict of Generations. The Character and significance of Student Movements. (New York, 1969).

Flacks, R., "Who Protests; The Social Bases of the Student Movement", in Foster en Long (reds.), Protest! Student Activism in America.

Foster, J., "Student Protest; Aims and Strategies", in Foster en Long, (reds.), Protest! Student Activism in America.

Foster, J., "Student Protest; What is Known, What is Said", in Foster en Long (reds.), Protest! Student Activism in America.

Foster, J. en Long, D., "The Dynamics of Institutional Response", in Foster en Long (reds.), Protest! Student Activism in America.

Foster, J. en Long, D. (reds.), Protest! Student Activism in America. (New York, 1970).

Giliomee, H., "The Development of the Afrikaners' self-concept", in Van der Merwe, H.W., Looking at the Afrikaner Today. (Kaapstad, 1975).

Glazer, N., "Individual Rights against Group Rights", in Van der Merwe, H.W. en Schrire, R. (reds.), Race and Ethnicity; South African and International Perspectives. (Kaapstad, 1980).

Hoernlé, R.F.A., South African Native Policy and the Liberal Spirit. (Johannesburg, 1945).

Horrel, M., A Decade of Bantu Education. (Johannesburg, 1964).

Horrel, M., Legislation and Race Relations. (Johannesburg, 1971).

Kerr, C., "Student Dissent and Confrontation Politics", in Foster en Long, Protest! Student Activism and America. (New York, 1970).

Kieser, A., President Steyn in the Krisisjare, 1869-1899. (Kaapstad, 1939).

Koenigsberger, H.G. en Mosse, G.L., Europe in the Sixteenth Century. (London, 1978).

Krüger, D.W., South African Parties and Policies, 1910-1960. A Select Source Book. (Kaapstad, 1960).

Krüger, D.W., The Making of a Nation. (Johannesburg, 1969).

Krüger, P., "My dood kry is min"; Studentehandboek vir die Jaar 1976. (Potchefstroom, 1976).

Legassick, M., The National Union of South African Students; Ethnic Cleavage and Ethnic Integration in the Universities. (Occasional Paper 4, African Studies Centre, Los Angeles, 1967).

Lipset, S.M., Student Politics. (New York, 1967).

Lipset, S.M. en Altbach, P.G. (reds.), Students in Revolt. (Boston, 1969).

Muller, C.F.J. (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. (Eerste Uitgawe, Pretoria, 1968).

Muriel, H., Action, Reaction and Counter-action. (Johannesburg, 1971).

Nienaber, G.S. en Nienaber, P.J., Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging. (Pretoria, 1941).

Pelzer, A.N., Die Afrikaner-Broederbond; Eerste Vyftig Jaar. (Kaapstad, 1975).

Perry, W.G., Forms of Intellectual and Ethical Development in the College Years. (New York, 1968).

Peterson, R.E., "The Scope of Organised Student Protest", in Foster en Long (reds.), Protest! Student Activism in America.

Posner, C. (red.), Reflections on the Revolution in France; 1968. (Middlesex, 1970).

Rhoodie, N.J., Apartheid en Partnership. (2de Hers. uitgawe, Pretoria, 1968).

Robertson, J., Liberalism in South Africa, 1948-1963. (Oxford, 1971).

Sampson, A., Old Fallacies with a New Look; Ignoring the Africans. (Londen, 1960).

Schoeman, B.M., Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976. (Pretoria, 1977).

Schoeman, B.M., Vorster se 1000 Dae. (Kaapstad, 1974).

Scholtz, G.D., Die Bedreiging van die Liberalisme. (Johannesburg,1965).

Scholtz, G.D., Dr. Hendrik French Verwoerd, 1901-1960, Deel I en II. (Johannesburg, 1974).

Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940. (Johannesburg, 1944).

Scholtz, G.D., Het die Suid-Afrikaanse Volk 'n Toekoms? (Johannesburg, 1955).

Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel III 1854-1881. (Johannesburg, 1974).

Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel V 1881-1899. (Johannesburg, 1977).

Scholtz, G.D., Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel VII 1924-1939. (Johannesburg, 1979).

Schwartz, E., "On Demonstration", in Foster en Long (reds.), Protest! Student Activism in America.

Scranton, W.W., (Voors.), The Report of the Presidents' Commission on Campus Unrest. (New York, 1970).

Serfontein, J.H.P., Die Verkrampte Aanslag. (Kaapstad, 1970).

Shoben, E.J., "The Climate of Protest", in Foster en Long (reds.), Protest! Student Activism in America.

Slabbert, F. van Z., "Afrikaner Nationalism, White Politics and Political Change in South Africa", in Thompson, L. en Butler, J. (reds.), Change in Contemporary South Africa. (Berkeley, 1975).

Soref, P., The Rise of African Nationalism in South Africa. (Londen, 1970).

Stoker, H.G. (Hoofred.), Agter Tralies en Doringdraad. (Stellenbosch, 1953).

Strangwayes-Booth, J., A Cricket in the Thorn Tree; Helen Suzman and the Progressive Party. (Londen, 1976).

Stultz, N.M., The Nationalists in Opposition, 1934-1948. (Kaapstad, 1974).

Swart, M.J. en Geyser, O., Vyftig Jaar Volksdiens. (Pretoria, 1979).

Van der Merwe, H.W. en Welsh, D., (reds.), The Future of the University in South Africa. (Kaapstad, 1977).

Van der Merwe, H.W. en Welsh, D. (reds.), Student Perspectives on South Africa. (Kaapstad, 1979).

Viljoen, G. van N., "The Afrikaans Universities and Particularism", in Van der Merwe en Welsh, The Future of the University in South Africa.

Walshe, P., The Rise of African Nationalism in South Africa. (Londen, 1970).

Weaver, G.R. en Weaver, J.H. (reds.), The University and Revolution. (Londen, 1969).

Welsh, D. en Savage, M., "The University in Divided Societies: The Case of South Africa", in Van der Merwe en Welsh, The Future of the University in South Africa.

Wilkins, I. en Strydom, H., The Super-Afrikaners. (Johannesburg, 1978).

Wolin, S.S. en Schaar, J.H., The Berkeley Rebellion and Beyond. (New York, 1970).

Young, N., An Infantile Disorder? The Crisis and Decline of the New Left. (Londen, 1977).

OPSOMMING

Die patroon van studenteverset aan die Engelstalige kampusse van Suid-Afrika is in die eerste instansie 'n weerspieëling van die ideologiese tweespalt in die breër blanke samelewing oor die volkereverhoudingsvraagstuk. Die blanke studente het weens faktore eie aan die studentegemeenskappe, die taal en kultuurskeidslyne oorgeaksentueer. Na 1948 het die Engelstalige universiteite die rol van die aktiewe teenstanders van die regering beklee, terwyl die Afrikaanse kampusse die ondersteuners van die politieke status quo geword het. Hierdie gesindheidskontraste is dikwels terug te vind in die ontwikkelingsgeskiedenis van die universiteite self en die interuniversitêre liggame soos die Afrikaanse Studentebond (ASB) en die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS).

Die eerste duidelike manifestasie van studenteverset aan die Engelstalige kampusse staan in verband met die regering se vestiging van aparte universiteite vir Blank en Swart kragtens die Wet op die Uitbreiding van Universiteitsopleiding, (1959). Deur die instelling van akademiese vryheidswydingsgeloftes het die Engelstalige universiteite hulself verbind aan 'n beskouing dat die gemeenskap van dosente en studente rasseskeiding aan die universiteite teenstaan, en akademiese meriete en die strewe na waarheid as die enigste maatstawwe vir toelating aanvaar. Omdat die politieke bestel van die Suid-Afrikaanse samelewing waarbinne hierdie universiteite genestel is, in hoofsaak op 'n beleid van rasseskeiding gegrondves is, het dit hierdie universiteite op 'n konflikpad met die Suid-Afrikaaanse regering geplaas.

In hierdie opset het NUSAS homself in die rol van 'n ideale kernorganisasie gegiet wat die studente-aksie van 'n oorkoepelende strategie voorsien het. Omdat NUSAS 'n tussenuniversitêre organisasie is, is die universiteitsowerhede nie by magte om die organisasie aan hulle gesag te onderwerp nie. Daarby het NUSAS deur middel van sy geaffilieerde stu-

denterade en die plaaslike NUSAS-komitees 'n tasbare skakeling met al die betrokke kampusse gehad. Deur sy organisatoriese bande met die kampus kon NUSAS 'n landswye versetbeweging op tou sit deur plaaslike versetaksies te koördineer en gemeenskaplike deelname bewerkstellig.

Die achilleshiel van NUSAS is egter dat hy moeilik sy karakter as 'n nasionale unie van studente kan handhaaf in 'n landsopset waar die kultuurgebonde Afrikanerstudent en die vryheidsbewuste swart student telkens weg geneig het. Om die swart student binne die NUSAS-vangkamp te hou, het NUSAS hom al hoe meer met die swart studente se politieke aspirasies vereenselwig, terwyl dit aan die anderkant ook die kampvegter vir die liberale lewenshouding en opvatting is.